



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE VERNEDERLANDSING VAN AFRIKAANS

deur

MARIETTE DELEEN UYS
B.A. (HONS.), M.A., T.H.O.D.

VOORGELE[^] TER GEDEELTELIKE VERVULLING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR LITTERARUM

IN DIE
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

MEI 1983



DANKBETUIGINGS

- . Hiermee my dank aan my Skepper en Sy onmisbare seën deur wie se begenadiging hierdie denkarbeid moontlik gemaak is.

Dit is ook 'n besondere voorreg om langs hierdie weg my opregte dank teenoor die volgende persone en instansies wat onmisbare hulp tydens hierdie studie aan my verleen het, uit te spreek:

- . My promotor, prof. dr. L.C. Eksteen wat kosbare tyd afgestaan het om na die vertrek van prof. M.C.J. van Rensburg na die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die reëlins vlot te laat verloop.
- . My mede-promotor, prof. dr. M.C.J. van Rensburg wie se heldere insig, diepgaande kennis, vriendelike hulpvaardigheid, ware menslikheid en simpatieke hantering van tekortkominge vir my van onskatbare waarde was. Hierdie kwaliteite het nie alleen tot aanmoediging, besieling en volharding gedien nie, maar my ook tot werkywer gestimuleer. Vir sy bekwame leiding en die moeite wat hy hom getroos het om my nog as sy student te behou ten spyte van 'n nuwe aanstelling te UOVS en vele verpligtinge kan ek hom nie genoeg dank nie.
- . Mev. Berna van Rensburg vir haar gasvryheid en opregte vriendelikheid waarmee sy my telkens by haar aan huis ontvang het.
- . Wyle prof. dr. M.J. Posthumus wie se besielende gesprekke en hulp my tot groter daadkrag aangespoor het.
- . Mev. L. Fletcher, departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria vir die hulp ten opsigte van die statistiek.
- . Mev. S van der Vyver wat vir die tikwerk verantwoordelik was.
- . Die TOD vir finansiële steun.



- . Mevv. Venter en Toerien van die Mediasentrum van die Onderwyskollege van Pretoria vir hulle vriendelike hulp.
- . Graag wil ek ook my eggenoot, Ockert, wat dikwels moes help en wat so veel moes opoffer, van my innigste waardering verseker. Sonder sy onderskraging en liefde sou hierdie studie nooit die lig gesien het nie.
- . My ouers aan wie ek hierdie werkstuk in eerbied opdra as blyk van dank vir hul selfopofferende liefde, be=moediging en hulp oor al die jare heen.

M.D. UYS

PRETORIA

MEI 1983



I N H O U D S O P G A W E

	BLADSY
HOOFSTUK 1 - ORIËNTERENDE INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
HOOFSTUK 2 - TAALVERANDERING	2
2.1 INLEIDING	3
2.2 SOSIALE VERANDERING	7
2.3 GRAMMATIKALE VERANDERING	9
2.3.1 VERANDERINGE IN TWEETALIGE KONTAK= SITUASIES	10
2.3.1.1 ONTLENING AS REËLUITBREIDING	10
2.3.1.2 LEENVERTALINGS	11
2.3.1.3 SEMANTIESE UITBREIDING/ SEMANTIESE CALQUE	11
2.3.2 VERANDERINGE IN MEERTALIGE KONTAK= SITUASIES	12
2.3.2.1 TAALVERSTEURING	12
2.3.3 SOORTE REELVERANDERING	15
2.3.4 GRAMMATIKALE VERANDERING VOLGENS DIE TRADISIONELE SIENING DAARVAN	16
2.3.4.1 ORTOGRAFIESE BEWYSE	17
2.3.4.2 LITERÊRE BEWYSE	17
2.3.4.3 ORTOËPIESE BEWYSE	18
2.3.4.4 SITUASIEGEBONDE BEWYSE	18
2.3.4.5 VERGELYKENDE STUDIE	19
2.4 TAALTIPOLOGIE	24
2.4.1 FONOLOGIESE TIPOLOGIEË	24
2.4.2 SINTAKTIESE TIPOLOGIEË	24
2.4.3 MORFOLOGIESE TIPOLOGIEË	25



	BLADSY
2.4.4 EVALUERING : VROEË TIPOLOË	25
2.4.5 EVALUERING : HEDENDAAGSE TIPOLOË	28
HOOFSTUK 3 - KONTAKTALE	35
3.1 INLEIDING EN DOELWITFORMULERING	35
3.2 TAALKONTAKSITUASIE	36
3.2.1 SOSIALE ASPEKTE	36
3.2.2 DIE NORM OF STANDAARDTAALVORM	37
3.2.3 TAALMODIFIKASIEPROSESSE IN DIE TAALKONTAKSITUASIE	38
3.2.4 NIE-STANDAARDTAALVORME	40
3.2.4.1 GEÏDEALISEERDE REGISTERS ...	41
3.2.4.2 GEBROKE TALE	42
3.2.4.3 PIDGIN	43
3.3 DIE TAALKONTAKSITUASIE IN SUID-AFRIKA	45
3.3.1 DIE KONTAKSITUASIE TEEN ± 1670	45
3.3.2 DIE 1925-KONTAKSITUASIE	48
3.4 LINGUISTIESE MENINGS OOR KONTAKTAALVARIANTE.	49
3.4.1 PROBLEME TEN OPSIGTE VAN PIDGINTALE .	51
3.4.2 DIE TERM: PIDGIN	53
3.4.3 ONTSTAAN	53
3.4.3.1 VREEMDETAALOPBOU IN OOREEN= STEMMING MET MOEDERTAAL	54
3.4.3.2 KORTTERMYNKONTAK (IN HANDEL EN SEEVAART)	55
3.4.3.3 "BABY TALK" EN VREEMDE= LINGETAAL	57
3.4.3.4 ONAFHANKLIKE PARALLELE ONTWIKKELING	59
3.4.3.5 RELEKSIFIKASIE/MONOGENE= TIESE TEORIE	60



3.4.3.6	'N VERDERE BESKOUING: 'N SINTESE	62
3.4.4	KENMERKE	62
3.4.4.1	NIE-MOEDERTAAL	62
3.4.4.2	VEREENVOUDIGING	64
3.4.4.2.1	Vereenvoudiging in die geïdealiseerde registers	65
3.4.4.2.2	Vereenvoudiging in die gebroke tale .	66
3.4.4.2.3	Vereenvoudiging in die pidgintaal ...	68
3.4.4.2.4	Samevatting: ver= eenvoudiging en kompensasie	68
3.4.4.3	PORTUGESE WOORDE	70
3.4.4.4	WERKWOORDREEKSSTRUKTURE	70
3.4.4.5	REDUPLIKASIE	71
3.4.4.6	KULTURELE VERSKILLE TUSSEN GROEPE	72
3.4.4.7	PRESTIGE VAN DIE DOELWITTAAL	72
3.4.4.8	GESLAG VAN DIE SPREKERS BETROKKE	73
3.4.4.9	RASSEVERHOUDINGS	73
3.4.4.10	GROEPSOLIDARITEIT	73
3.4.4.11	FONOLOGIE	74
3.4.4.12	MORFOLOGIE	78
3.4.4.13	WOORDESKAT EN IDIOOM	81
3.4.4.14	ORTOGRAFIE	83
3.5	VAN PIDGIN TOT KREOOLSE TAAL	85
3.5.1	SAMEVATTING	88



	BLADSY
3.6 LINGUISTIESE BETEKENIS VAN KONTAK- EN KREOLSE TALE	89
3.7 SOSIALE BETEKENIS VAN KONTAK- EN KREOLSE TALE	90
HOOFSTUK 4 - AFRIKAANS EN DIE TAALVARIANTE (GEÏDEALISEERDE REGISTERS, GEBROKE TALE, PIDGIN- EN KREOLSE TALE) ...	92
4.1 INLEIDING	92
4.2 VERSKILLENDE SOORTE NEDERLANDS IN DIE KAAPSE SITUASIE	93
4.2.1 HISTORIESE AGTERGROND	93
4.2.2 SEWENTIENDE-EEUSE SEEMANS- EN HANDELSTAAL	95
4.2.2.1 STANDAARDTAAL VERSUS SEEMANSTAAL EN VOLKSTAAL ..	95
4.2.3 IMMIGRANTE-KREOLSE TAAL	98
4.2.4 HOLLANDS EN DIE VERSKILLENDE EURO= PESE TALE WAT NA DIE KAAP GEBRING IS	100
4.2.5 HOLLANDS EN DIE BOESMAN-, HOTTENTOT- EN BANTOETALE	105
4.2.5.1 NIE-STANDAARDNEDERLANDS: MALEIERAFRIKAANS, GRIEKWA- AFRIKAANS EN VOORTREKKER- OF BOERE-AFRIKAANS	111
4.2.6 SAMEVATTING	115
4.3 LINGUISTIESE MENINGSOPNAME	116
4.3.1 D.C. HESSELING	117
4.3.2 F.C. SOUTHWORTH	119
4.3.3 M.F. VALKHOFF	120
4.3.4 D.B. BOSMAN	123
4.3.5 S.P.E. BOSHOFF	125
4.3.6 J.J. LE ROUX	125



	BLADSY
4.3.7 G.S. NIENABER	126
4.3.8 J.J. SMITH, C.J. VAN RYN, W. POSTMA, E. KRUISINGA	126
4.3.9 S.A. LOUW	127
4.3.10 G.G. KLOEKE	128
4.3.11 H.J.J.M. VAN DER MERWE, J. COMBRINK, J. DU P. SCHOLTZ EN F.F. ODENDAL	129
HOOFSTUK 5 - DIE SITUASIE MET BETREKKING TOT NEDERLANDS EN AFRIKAANS	132
5.1 INLEIDING	132
5.2 WAT WORD ONDER 'N DIGLOSSIESITUASIE VERSTAAN?	133
5.3 'N DIGLOSSIETAALGEMEENSKAP IN SUID-AFRIKA ..	136
5.3.1 DIE STATUS VAN AFRIKAANS AS 'N NIE- STANDAARDVORM VAN NEDERLANDS	139
HOOFSTUK 6 - VERAFRIKAANSING	149
HOOFSTUK 7 - VERAFRIKAANSING → VERNEDERLANDSING	154
7.1 INLEIDING	154
7.2 DIE EERSTE VERNEDERLANDSING	158
7.3 DIE TWEDE VERNEDERLANDSING	166
7.3.1 WOORDESKAT	170
7.3.2 SPREEKWOORDE	171
7.3.3 SINSBOU EN WOORDORDE	171
7.3.4 DIE BYBEL	171
7.3.5 SPELLING EN SPELREËLS	172
7.3.6 WETENSKAP EN TEGNOLOGIE	173
7.4 SAMEVATTING	175



HOOFSTUK 8 - BEWYSVOERINGE VIR DIE VERNEDER= LANDSING VAN AFRIKAANS	177
8.1 INLEIDING	177
8.2 WERKWYSE	179
8.3 BEWYSE UIT DIE KORRESPONDENSIEKOLOMME VAN DIE TRANSVAALSE KOERANTE VANAF 1866 - 1900 .	181
8.3.1 DOEN, GAAN, SIEN, SLAAN, STAAN	181
8.3.2 IDIOMATIESE UITDRUKKINGE	183
8.3.3 KLANKWEGGLATING	183
8.3.3.1 -d-WEGGLATING	183
8.3.3.2 -r-WEGGLATING	184
8.3.3.3 VOKAALWEGGLATINGS	185
8.3.4 KLANKWISSELING	187
8.3.4.1 VOKAALVARIANTE	187
8.3.4.1.1 [ə] > [i] > [ɛ̃] .	187
8.3.4.1.2 [ə] > [ɛ] > [ɛ̃] .	187
8.3.4.1.3 [ɛ] > [ɑ] > [ɛ̃] .	188
8.3.4.1.4 [u] > [ɔ] > [ũ] .	190
8.3.4.1.5 [œ] > [ø:] > [œ̃] .	191
8.3.4.1.6 [ɛ] > [u] > [ɛ̃] .	191
8.3.4.1.7 [y] > [u] > [ỹ] .	191
8.3.4.1.8 [y:] > [ø:] > [ỹ:] .	192
8.3.4.1.9 [ɔ] > [u] > [ɔ̃] .	192
8.3.4.1.10 [ə] > [œ] > [ə̃] .	192
8.3.4.1.11 Neutralisasie ...	193



8.3.4.1.11.1	[α] > [ə] > [α]	.	193
8.3.4.1.11.2	[ε] > [ə] > [ε]	.	194
8.3.4.1.11.3	[o] > [ə] > [o]	.	195
8.3.4.1.12	Vokaalverhogings	196
8.3.4.1.12.1	e-verhoging	196
8.3.4.1.12.2	o-verhoging	196
8.3.4.2	AFWISSELING VAN VORME MET OF SONDER DIE HALFVOKAAL	197
8.3.4.3	KONSONANTVARIANTE	199
8.3.4.3.1	[p] > [b] > [p]	199
8.3.4.3.2	[b] > [p] > [b]	200
8.3.4.3.3	[d] > [l] > [d]	200
8.3.5	METATESIS	201
8.3.6	DIE OORGANG VAN [n] TOT [ŋ] IN DIE OMGEWING VAN [r] + VOKAAL	202
8.3.7	RONDING	203
8.3.8	SEMANTIESE AFWYKINGS	205
8.3.9	DIE VOORKOMS VAN [a] IN PLAAS VAN ANDER KLINKERS	206
8.3.10	VOORNAAMWOORDPATRONE	209
8.3.11	VOORSETSELWYSIGINGE	210
8.3.12	WOORDESKAT	210
8.3.13	WEGLATINGS: VOORWERP-, WEDERKERENDE VOORNAAM= WOORD-, VOORSETSEL-	211
8.3.14	WOORDORDE IN PREDIKAAT	211
8.3.14.1	ONTKENNING	211
8.3.14.2	PLASING VAN HULPWERKWOORD (MODALE)	.	212
8.3.14.3	PLASING VAN HULPWERKWOORDE VAN TYD (HET) EN DIE VERLEDE TYD	213



	BLADSY	
8.3.14.4	PLASING VAN SKAKELWERK= WOORD	213
8.3.14.5	PLASING VAN ANDER ELEMENTE.	213
8.3.14.6	ANDER GESEGDE IN PLAAS VAN VERWAGTE	214
8.3.15	STATISTIEK	214
8.4	SPELLING EN SPELREËLS SE AANLEUNING BY NEDERLANDS	217
8.4.1	SPELLING AS VOORBEELD VAN VERNEDER= LANDSING	217
8.4.2	DIE SPELREËLS AS VOORBEELD VAN VER= NEDERLANDSING	219
8.4.2.1	INLEIDING	219
8.4.2.2	BEHOUDENDE AARD VAN SPELLING.	219
8.4.2.3	NASIONALE AARD VAN SPELLING .	220
8.4.2.4	NIE-STANDAARDNEDERLANDS (AFRIKAANS) AS SKRYFTAAL	221
8.4.2.4.1	Die Patriot= sisteem	222
8.4.2.4.2	Die sisteem van die ATV	227
8.4.2.4.3	Die Akademie= periode	230
8.4.2.5	SAMEVATTING	236
8.5	DIE TAAL VAN DIE BYBEL (EN GODSDIENSTIGE SANGBUNDELS) AS VOORBEELD VAN VERNEDERLAND= SING	238 238
8.5.1	INLEIDING	238
8.5.2	DIE INVLOED VAN DIE AMPTELIKE ERKEN= NING VAN AFRIKAANS, 1925	242
8.5.3	DIE EERSTE DRUK VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS, 1933	244
8.5.3.1	DIE VERNEDERLANDSING IN DIE WOORDKEUSE	245



	BLADSY
8.5.3.2 DIE VERNEDERLANDSING IN DIE PUNKTUASIE	249
8.5.3.3 DIE VERNEDERLANDSING IN DIE SINSKONSTRUKSIES	249
8.5.4 DIE PSALM- EN GESANGEBOEK	250
BYLAE	255
GERAADPLEEGDE WERKE	296
OPSOMMING	325
SUMMARY	327



OPSOMMING

DIE VERNEDERLANDSING VAN AFRIKAANS

KANDIDAAT : Mariette Deleen Uys
DEPARTEMENT : Afrikaans
PROMOTOR : Prof. dr. L.C. Eksteen
MEDE-PROMOTOR : Prof. dr. M.C.J. van Rensburg (UOVS)
GRAAD : Doctor Litterarum

In die vroeë Transvaalse koerante se korrespondensie-kolomme, sowel as in die eerste Afrikaanse Bybel en die spelreëls vanaf 1875, is 'n verskynsel bemerk waarvoor daar in dié studie rekenskap gegee word, naamlik dat daar 'n tydstip was waarin daar 'n tipe Afrikaans (ATA) bestaan het wat van sowel huidige AB-Afrikaans as AB-Nederlands van die begin van die eeu verskil het. Hierdie Afrikaans bewys dus dat daar iewers in die ontwikkelingsgang van Afrikaans 'n proses van vernederlandsing moes plaasgevind het, want ABA en ABN vertoon tans groot ooreenkomste, terwyl die vroeë Transvaalse Afrikaans 'n karakteristieke eiesoortigheid weerspieël.

Vernederlandsing impliseer taalverandering en taalverandering geskied op verskeie wyses: deur middel van natuurlike ontwikkeling, taalkontak, taalversteuring, ensovoorts. In hierdie studie word veral gelet op die produktiewe prosesse van taalverandering wat in Afrikaans werkzaam was, te wete sosiale verandering en grammatikale verandering/reëluitbreiding. Laasgenoemde begin in die vorm van variante/wisselvorme — heel moontlik as gevolg van botsende lae, naamlik tussen 'n standaardnorm en nie-standaardnorm. Die variante vertoon 'n kenmerkende verspreiding wat in die formule *Informeel taalgebruik gaan formele taalgebruik vooraf* uitgedruk kan word. In die meertalige



situasie aan die Kaap het daar verskeie nie-standaardvorme van die doelwittaal, Nederlands, bestaan. Omdat taalverandering vanuit die nie-standaardlaag (hierdie informele vlak) van 'n taal plaasvind, het een van die nie-standaardvorme van Nederlands sekere veranderinge as gesproke taal begin vertoon en sodoende is die proses van die verafri-kaansing van die nie-Standaardnederlands voltrek.

Tydens die Engelse periode in Suid-Afrika moes Nederlands en Afrikaans hul kragte saamsnoer om teen die magtige kultuurtaal, Engels, te bly voortbestaan. Die aanslag is inderdaad afgeweer en hierna het Afrikaans Nederlands geleidelik as hoëfunksietaal begin vervang. Afrikaans is in 1925 as amptelike taal naas Engels erken — 'n taal wat in daardie stadium nog nie volle wasdom bereik het nie, maar volgens Regeringsordonnansie sy plek as volwaardige taal naas Engels móés inneem. Die eie Afrikaanshede wat diensbaar was aan die nuwe omstandighede van die bestaan is behou, maar verder is daar in hierdie wordingstryd na Nederlands teruggegryp ten opsigte van die woordeskat, spreekwoorde, sinsbou, woordorde, spelling en spelreëls, die wetenskaplike en tegnologiese terminologie, selfs in die daarstelling van 'n eie Afrikaanse Bybel — die proses van vernederlandsing waaroor hierdie studie dit het.



SUMMARY

THE DUTCHIFICATION OF AFRIKAANS

CANDIDATE : Mariette Deleen Uys
DEPARTMENT : Afrikaans
PROMOTER : Prof. dr. L.C. Eksteen
CO-PROMOTER : Prof. dr. M.C.J. van Rensburg (UOFS)
DEGREE : Doctor Litterarum

In this study an account is given of a phenomenon which becomes apparent when studying correspondence columns of the earliest Transvaal papers, the first Afrikaans Bible as well as Afrikaans spelling rules (as from 1875), viz. that there is a distinguishable difference between early written Afrikaans as used in the Transvaal, and modern Afrikaans, and even between this early Afrikaans and Dutch. This clearly proves that there was a time when Afrikaans did not resemble presentday Afrikaans. Why the change? Change in a language is a natural phenomenon. If change takes place in a multilinguistic situation, it may result in the development of so-called non-standard varieties of the dominant language.

From 1652 onwards there existed a multilinguistic speech community in South Africa in which different non-standard varieties of the dominant language, Dutch, were found. One of these non-standard varieties developed into Afrikaans (the process of change always originates at a stage of non-standard usage). In this way the process of Afrikaansification ("verafrikaansing") became complete.

When English became the dominant language in South Africa, Dutch as the formal "high" language and Afrikaans as the



so-called "low" variety had to combine forces in order to survive the onslaught of Anglicising influences.

Afrikaans eventually replaced Dutch as the "high" language and even became one of the official languages of South Africa in 1925. This meant that Afrikaans had to hold its own in opposition to English, but it was a question of whether Afrikaans was vigorous enough to do so. As it obviously was not, it had to borrow from the Dutch lexicon, spelling system, word order and syntactic patterns, as well as from Dutch scientific definition and technical terminology. It even took Dutch as a model for the translation of the first Bible in Afrikaans. Thus, the process of the Dutchification of Afrikaans became a reality. This process may be illustrated as follows:

Dutch —————> Afrikaansification —————> Back to Dutch
(Thus: Dutchification).

staan(en) —————> staat —————> staan



HOOFSTUK 1

ORIËNTERENDE INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die tema wat hier behandel word, naamlik die vernederlandsing van Afrikaans, bring die vraagstuk van taalverandering of "taalbeweeglikheid"¹⁾ op die voorgrond. Om die problematiek verbode aan hierdie beweeglikheid van taal te illustreer sal daar eerstens by vroeëre studies van hierdie faset van taal stilgestaan word. Om die komplekse aard van die onloënbare realiteit van taalverandering (wat vir die doel van hierdie studie gelykgestel word aan "beweeglikheid") bloot te lê sal daar nie net na die benaderingswyses van verskeie linguïste gekyk word nie, maar uiteraard sal die soorte taalverandering en die redes daarvoor onder die soeklig geplaas word. Aansluitend hierby sal die doel van die studie voorts daarin lê om op dié beskrywings van taalverandering te wys waardeur die prosesse wat in Afrikaans aan die werk was, die maklikste geïllustreer kan word, terwyl die tekortkominge in vroeëre sienings wanneer die Afrikaanse situasie benader word, ook aangetoon word.

So 'n benadering van die nedersettingstaalsituasie²⁾ van Afrikaans put dus uit vroeëre en resente studies oor die implikasies van taalkontak en taalversteuring en uit studies oor die resultate daarvan, waardeur veral die versteurings- en kontaktale, pidgin en kreools, aandag sal geniet (Hoofstukke 2-3).

Teen die agtergrond van die genoemde gegewens sal die taalverandering met betrekking tot die Kaapse meertalige

-
- 1) Vgl. Martinet, A. 1961. *A Functional View of Language*, Oxford vir die gebruik van dié term.
 - 2) Nedersettingstaal: 'n Taal wat hoofsaaklik in die nie-standaardvorm oorgedra word. Dit word nie net op een plek/gebied gepraat nie, maar ook in die ander kolonies van daardie bepaalde moederland.



kontaktsituasie verken word. Die ontwikkeling van Afrikaans sal gesien word in die lig van die verskillende soorte Nederlands wat in die Kaapse situasie aan die orde van die dag was. Die diglossiesituasie in Suid-Afrika gekoppel aan die verkryging van ampstatus vir Afrikaans lei tot 'n noodwendige verloop in hierdie taalveranderingsproses: Nederlandse dialekte en ander tale → verafrikaansing → vernederlandsing van Afrikaans (Hoofstuk 7). Nodige bewyse vir die vernederlandsing van Afrikaans word voorts aangebied (Hoofstuk 8). Hierdie bewyse is gevind in die korrespondensiestukke van die vroeë Transvaalse koerante waarin die algemene taalgebruiker sy menings kon lug.¹⁾ Die aanname wat hier geld, is dat daarin 'n redelik getroue beeld van die destydse taalgebruik aangetref word. Verdere bewyse vir die vernederlandsing is in die daarstelling van 'n Afrikaanse spellingsisteam en die Afrikaanse Bybelvertaling gevind.

-
- 1) - Erkenning aan NALN (Bloemfontein) vir die beskikbaarstelling van die materiaal.
- Mnr J.H. Combrink, navorser verbonde aan die UOVS vir die projek *Gesproke Afrikaans*, het die data oor die Transvaalse Afrikaans ontsluit.



HOOFSTUK 2

TAALVERANDERING

2.1 INLEIDING

Die sentrale proses wat in 'n studie oor die vernederlandsing van Afrikaans ter sprake is, voortvloeiend uit die hipotese soos uiteengesit in die eerste hoofstuk, is die proses van taalverandering.

Sedert Darwin sy natuurteorieë daargestel het, het dit as afspringplek vir soortgelyke teorieë in die linguistiek gedien. Vandat bevind is dat die natuurwette geen uitsonderings inhou nie, is daar aangeneem dat dieselfde vir die wette van die taal moet geld. Sodoende is taal toe beskou as 'n feitlik lewende, voortdurend veranderende organisme wat onderworpe is aan wette wat geen uitsonderings toelaat nie. Taalverandering kan hiervolgens verklaar word:

"Change is a general phenomenon in the sense that every language ... has an infinite ancestry of earlier and earlier stages ... After considerable time there is always a noticeable degree of change, however measured, on the other hand, language will not change overnight. It is reasonable to suspect the interplay of two forces at work: one which holds back change in the interest of mutual intelligibility at any given time; and another force, much more obscure in its working, which makes for change, even intense change."

(Hoenigswald, p. 33 in Greenberg 1961).

Taal en dialekte, so beweer Spitzer (1961), is maniere van selfuitdrukking wat 'n bepaalde gemeenskap in staat stel om homself te onderskei net soos hy dit op die gebied van die letterkunde, kuns, regte of ander soortgelyke instellings doen. 'n Taal kan nie staties wees as hy hierdie uitdrukkingsvermoë wil behou nie. 'n



Statiiese taal is immers 'n dooie taal,¹⁾ soos Latyn.

Met verloop van tyd is talle verklarings al voorgestel waarom tale verander, onder andere dialekontlening en -vermenging, analogie, homonimievermyding, die gevolge van taboe, ensovoorts (Lubbe 1980 : 9). Al sulke pogings is egter onbevredigend, omdat hulle ad hoc-verklarings is en in die meeste gevalle slegs enkele veranderinge kon verklaar. Lubbe (1980 : 9) meld dat daar in die Taalkunde, soos in enige ander empiriese wetenskap, ook met hipoteses gewerk word, met ander woorde van 'n bepaalde teoretiese standpunt uitgegaan moet word. Hiervolgens is al vier belangrike teorieë onderskei om taalverandering te probeer verklaar, naamlik die Neogrammatiese beginsel van die uitsonderingloosheid van die klankwette (Hockett 1965 : 186-191, Labov 1981 : 27), ook die "regularity hypothesis" genoem, en voortaan deur ons die tradisionele metode genoem; die transformasionele teorie van reëlverandering; die sosiolinguistiese teorie van variabele reëls soos veral voorgestaan deur Labov; en die teorie van die tydsvariabele en leksikale diffusie soos voorgestel deur Wang, Chen en Hsieh, 'n poging om veral uitsonderinge te verklaar (Lubbe 1980 : 9). (Vergelyk p. 15 in hierdie hoofstuk.)

Taalverandering is egter 'n komplekse gebeurtenis met komplekse oorsake (Wang, soos aangehaal deur Lubbe 1980 : 39). Hierin lê dus die tekortkominge van al bogenoemde benaderingswyses, naamlik dat die voorstanders daarvan alle gevalle van taalverandering tot een allesoorheersende grondoorsaak wil herlei (Lubbe 1980 : 40). Hierdie simplistiese benaderingswyse moet liever deur 'n geïntegreerde of komplekse benaderingswyse, soos deur Martinet (1961)

1) Vergelyk in dié verband: Dorian, N.C. 1978. *The fate of morphological complexity in language death: evidence from east Sutherland Gaelic* (pp. 590-609) in *Language*, Vol. 54, No. 3. Ook: Gray, L.H. 1939. *Foundations of Language*, The Macmillan Company, New York (p. 33).



voorgestaan, vervang word. Hy beweer dat daar nie nêr 'n enkele rede vir taalverandering of "taalbeweging" is nie; dit moet liewers gesien word as 'n "beweging" waarvan die somtotaal die resultaat is van al die dele wat 'n rol speel.

Juis as gevolg van hierdie "beweeglikheid" van die taal moet daar by die bespreking van 'n onderwerp soos die vernederlandsing van Afrikaans kennis geneem word van taalveranderingsprosesse, -veranderingsoorte, en dies meer. Grüner (1980 : 3) meld onder andere:

"Soos alle gebruike¹⁾ egter — en nou praat ons oor taalverandering — is ook sodanige taalgebruike nie absoluut konstant nie, en wel (1) deurdat 'n gebruik in die loop van die tyd prysgegee kan word en daardeur verdwyn (dan praat ons van reduksietipe) of (2) deurdat 'n gebruik vervang kan word deur 'n nuwe (dit noem ons die substitusietipe). Aan die ander kant bestaan daar egter ook die moontlikheid dat nuwe taalgebruike kan bykom (dan praat ons van addisietipe)."

Met twee van dié genoemde drie tipes van taalverandering, sluit Grüner by die T.G-konsep van verandering aan. Die meeste Transformasionaliste, onder andere Kiparsky, Postal (1968) en King (1969), huldig die teorie dat alle grammatikas aan twee tipes verandering onderworpe is, te wete reëluitbreiding en reëlsimplifikasie en -generalisasie (of reëlverandering)²⁾. Grüner maak egter ook melding van 'n reëlvervangingstipe.

Hierdie derde meganisme van taalverandering kan egter kultureel mineer in 'n groot krag en daartoe lei dat een taal deur 'n ander taal vervang word.

-
- 1) Gebruike wat deur tradisie bepaal is. Sodanige elementêre gebruike is byvoorbeeld die klankbeeld of die betekenis van woorde of sinsbouplanne (Grüner 1980 : 3).
 - 2) Vir volledige bespreking en kritiek, vergelyk Lubbe (1980 : 14).



So, gesien, is dit dan ook die doelwit van hierdie studie om inleidend oor taalvervanging (of taalverplasing) te praat. Dit is 'n bekende feit dat elke mens in mondelinge en skriftelike kommunikasie, selfs in die eie moedertaal partymaal taalelemente gebruik wat in die bepaalde standaardtaal nie gebruiklik en daarom dikwels nie in die betrokke woorde- en grammatikaboeke opgeteken is nie. In hierdie ondersoek word die aandag juis bepaal by sulke uitdrukkingswyses wat toegeskryf kan word aan die wedywering tussen standaardtaal- (Nederlands) en nie-standaardtaalvorme (Afrikaans) en waardeur eersgenoemde dan uiteindelik, as gevolg van sosiale opheffing deur laasgenoemde, vervang of verplaas is. So is dan ook die sprekers van die vroeë Nederlandse standaardvorm vervang deur die sprekers van die nuwe Afrikaanse standaardvorm.

In Afrikaans was die produktiewe prosesse in taalverandering (of dan taalvervanging of -verplasing): (a) sosiale verandering¹⁾ en (b) grammatikale verandering. Laasgenoemde kan as reëluitbreiding beskou word.

1) Onder sosiale verandering verstaan ons in die geval van Afrikaans: sosiale opheffing. Met die verkryging van politieke mag kon 'n groep nie-standaardtaalsprekers hul taal op ander afdwing: Afrikaans het baie jare lank bestaan as die een of ander nie-standaardvorm van Nederlands, waarvoor daar geen skryftaalvorm bekend was nie. Gevolglik het die taal geen amptelike bevestigingsmag besit nie. Toe die Afrikaanssprekende teen ongeveer 1925 bepaalde politieke magte bekom, het dit die kampvegters vir Afrikaans gehelp om dié taal in die parlement deur wetgewing verskans te kry. Hulle kon dus meehelp dat Afrikaans een van die amptelike landstale word. Hierdeur het die taal 'n sosiale opheffing belewe: vanaf 'n nie-standaardvorm tot 'n standaardtaalvorm.



2.2 SOSIALE VERANDERING

By hierdie soort verandering speel die verhouding tussen taal en maatskappy, tussen elemente van die taalsisteem en elemente van die maatskaplike gedragskodes, 'n belangrike rol. Hieronder word dan hoofsaaklik bedoel die norme wat deur die taalgemeenskap as korrek aanvaar word, én die oordrag daarvan aan die kind. Die algemene vermoë van taalverwerwing word geneties gedetermineer; behalwe in gevalle van ernstige gestremdheid, sal alle kinders daarin slaag om die taal waaraan hulle blootgestel is, aan te leer. Daar is egter geen genetiese grondslag vir die aanleer van een taal in plaas van 'n ander nie. Enige normale kind kan enige taal aanleer, maar die taal wat rondom hom gepraat word - eerder as 'n ander taal - aktiveer hierdie proses van taalverwerwing¹⁾.

Labov (1966, 1972), Wolfram (1969), Shuy (1968) en Trudgill (1974), wie se navorsing en bevindinge as verteenwoordigend van die belangrikste sociolinguistiese studies van die afgelope dekade geneem kan word, onderstreep die feit dat 'n taal en sy sprekers en hul gemeenskap in al sy skakerings, onlosmaaklik aan mekaar verbonde is (Klopper 1981 : 7).

Labov benadruk dié standpunt soos volg:

".... one cannot understand the development of a language change apart from the social life of the community in which it occurs. Or to put it another way, social pressures are continually

1) Vergelyk in dié verband: Vorster, J. 1982. *Verlag oor besoek aan Kanada en die V.S.A. (Aug.-Des.1981)*, R.G.N., Pretoria. ("Second International Congress for the Study of Child Language", Vancouver, Canada; "Sixth Annual Boston University Conference on Language Development" (pp. 1-18)).



operating upon language, not from some remote point in the past, but as an immanent social force acting in the living present" (1963 : 275)¹⁾.

Kachru sluit hierby aan wanneer hy die 15 linguistiese vlakke waarmee Firth werk, aanhaal en beklemtoon dat Firth beweer dat die

"... social and sociological are crucial for linguistic description" (1981 : 76).

Linguistiese probleme en dus ook taalverandering moet in die lig van genoemde aspek gesien word. Lehmann (1981 : 16) bevestig dit:

"The nineteenth century was the age of history, and the progress which linguistics achieved in espousing the historical point of view was indeed admirable, but the social sciences have established themselves in the meantime, and linguistics must take its place among them as its nature has determined for it. The moment has come to indicate the setting of linguistic problems in accordance with the social point of view".

Lubbe glo ook dat Labov, wat taalverandering en variasie tussen sinchroniese sisteme met mekaar in verband gebring en aangetoon het dat veranderinge ingebed is in die sosiale konteks, bygedra het tot 'n verandering in benaderingswyse. Andere wat ook besef het taal is 'n sosiale fenomeen wat verskeidenheid toon, was Whitney, Meillet en Vendryes, Weinreich, Herzog (vergelyk Weinreich et. al., (1968), Weijnen (1967) en Bailey (1973)) (Lubbe 1980 : 29). Behalwe dat die genoemde linguïste die belangrikheid van sosiale faktore by taalverandering besef het, het hulle ook reeds deur middel van empiries kontroleerbare navorsing 'n positiewe korrelasie tussen sosiale struktuurvariasie en taalstruktuurvariasie aangetoon. Hierdie

1) Vergelyk ook: Labov, W. 1980. *Locating Language in Time and Space*, Academic Press, New York.



aspek word later ten opsigte van Afrikaans vollediger bespreek.

2.3 GRAMMATIKALE VERANDERING (REËLUITBREIDING)¹⁾

Grammatikale verandering begin in die vorm van wissel= vorme/variante - heel moontlik as gevolg van botsende sosiale lae, naamlik tussen 'n standaardnorm en 'n nie-standaardnorm. Die wisselvorme/variante vertoon 'n KEN= MERKENDE VERSPREIDING wat heel eenvoudig weergegee kan word in die formule:

Informele taalgebruik gaan formele spraak vooraf.

Hierdie beginsel impliseer die volgende:

- (i) Taalverandering neem 'n aanvang in alledaagse omgangstaal dit is die volkstaal, en brei geleidelik uit na meer formele, gestandaardiseerde vorm(e) wat byvoorbeeld oor die radio of televisie gebruik word. Met ander woorde: taalverandering vind van onder af plaas - dit wil sê substandaardword standaardtaal.
- (ii) Ponelise~~en~~^{es} (1977 : 147-157) verklaar dat veranderinge in die taalgebruik van 'n spesifieke individu meer geredelik voorkom in die informele as in die formele register, waar verandering(e) gestrem word en ouer, selfs argaïese vorms behoue bly.

Taalverandering begin as veranderlik, maar eindig as KATEGORIES (Ponelise~~en~~^{es} 1977 : 148). Om dit eenvoudiger en meer konkreet te stel, verwys ons na die -g- tussen vokale:

1) Veral ten opsigte van vernederlandsing. Ander reël= uitbreidings bestaan ook, maar is nie hier ter sake nie. (Vergelyk p. 5 vir 'n bespreking.)



In 17de-eeuse dialektiese Nederlands, die taal waaruit Afrikaans hoofsaaklik ontwikkel het, word die -g- soms tussen vokale aangetref. In Suid-Afrika (en die Nederlande) het die tendens egter ontstaan om die -g- te laat wegval. Vir 'n geruime tyd het die twee spraakvorme, die *mēt* en die *sōnder -g-* in woorde soos *oë* (*oge*), *hoë* (*hoge*), *mae* (*mage*), *sae* (*sage*), *vlieë* (*vliege*) mekaar afgewissel. Vandag is die proses egter afgeloop en word net die g-lose vorme in Afrikaans aangetref. Die volgende voorbeelde sluit aan by die onderwerp van vernederlandsing: Aanvanklik word *gaan*, *slaan*, *doen*, *staan* in Nederlands (aan die Kaap) aangetref. Hierna was daar 'n tydperk waarin die vorme *gaat*, *slaat*, *doet*, *staat* bestaan het (Boere-Afrikaans). Vandag hoor ons hoofsaaklik *doen*, *gaan*, *slaan*, *staan* (met ander woorde daar is na die Nederlandse voorbeeld teruggegryp); hoewel *gaat*, *slaat*, *staat* ook nog voorkom, maar dan as 'n substandaard-tipe van Afrikaans.

2.3.1 VERANDERINGE IN TWEETALIGE KONTAKSITUASIES

2.3.1.1 ONTLEENING AS REELUITBREIDING

Wanneer volke met mekaar in aanraking kom, is dit onvermydelik dat woorde onderling uitgeruil word. 'n Volk en sy kultuur is onlosmaaklike entiteite. Vir elke saak wat deel is van 'n volk se kultuur, is daar 'n bruikbare woord. As 'n bepaalde volk met 'n ander kontak maak, kry hy te doen met bruikbare woorde vir dinge wat vir hom vreemd is. Dit is dus vir hom makliker om die woord *sāām* met die saak oor te neem, veel makliker as om eers 'n eie woord te gaan uitdink. So byvoorbeeld is dit

".... a well documented fact of recent language history that the names of such objects of international trade as tea, coffee or tobacco readily travel with them and become part of the consumer's language" (Weinreich 1953 : 216).



Daar word voorts gereken dat die spoed en graad van die integrasie van geleende items net soveel van sosiolin=guistiese as strukturele faktore afhanklik is, en dat so=danige woorde vanuit 'n semantiese oogpunt beskou, òf by=voegings tot die leksikon van die ontvangertaal mag wees, òf die eie mag verdring, òf 'n semantiese herinterpretasie van spesifieke leksikale velde mag veroorsaak.

Die genoemde soort ontlening - waar die vorm en betekenis as geheel oorgeneem word - is seker die eenvoudigste vorm van ontlening.

2.3.1.2 LEENVERTALINGS (calque - letterlik: 'tracing, copy')

'n Meer subtiele vorm van ontlening vind ons in die soge=naamde leenvertalings en die aspek wat hierna bespreek sal word, semantiese uitbreidings.

Die vorm en betekenis van die vreemde woord, in plaas daar=van om dit as 'n eenheid in die ontvangertaal op te neem, word net as 'n model gebruik vir 'n eieskepping. 'n Voor=beeld hiervan vind ons in die klassieke tale: die Latynse *con-scientia* wat weergegee word in die Griekse *syn-eidesis* (letterlik: 'together' + 'knowledge') dien as model vir die Duitse *Ge-wissen*, Nederlandse *ge-weten*, Sweedse *sam-vete* en die Russiese *so-vest* (Weinreich 1953 : 234). 'n Meer moderne voorbeeld vind ons in die Engels-Amerikaanse *sky-scrapers* wat aanleiding gegee het tot die feitlik parallelle Duitse *Wolken-kratzer* ('cloud-scrapers') en ons eie Afri=kaanse *wolkekrabber*.

2.3.1.3 SEMANTIESE UITBREIDING/SEMANTIESE CALQUE

'n Derde wyse waarop 'n vreemde konsep in 'n taal opgeneem word, is deur die semantiese omvang van 'n bepaalde item



in 'n parallelle betekenis te modifiseer of deur die semantiese veld s6 uit te brei dat die nuwe betekenis langs die oue kan voortbestaan. So, byvoorbeeld, vind ons dat die Engelse *impression* via Frans van die Latynse *impressio* kom. Laasgenoemde het 'n konkrete betekenis gehad wat verband gehou het met die druk van 'n seël in sagte was, maar hierdie semantiese verband is later uitgebrei om die abstrakte idee van '*impression of the mind*' te akkommodeer. Plekname in Afrikaans wat vertaalde Hottentots is, is hier ter sprake, vergelyk byvoorbeeld *Hardapdam*, *Swakopmund*, *Erosberge*, *Keiskammarrivier* (Raper 1980 : 7).

By bogenoemde leksikale leenprosesse is veronderstel dat die grammatika van die basis- en leentale deur die tussenkoms van 'n klein aantal tweetalige sprekers in kontak gebring is, deurdad hul as "draers" in die oordra van die leksikale materiaal werksaam was.

2.3.2 VERANDERINGE IN MEERTALIGE KONTAKSITUASIES

2.3.2.1 TAALVERSTEURING

Vervolgens word daar nou gelet wat die uitwerking van kontak op tale in 'n meertalige gemeenskap is. Weinreich (1953) glo dan dat sy "linguistic interferences" 'n rol in taalverandering speel. Hieronder word taalversteuring in 'n meertalige gemeenskap verstaan:

"Those instances of deviation from the norms of either language which occur in the speech of bilinguals as a result of their familiarity with more than one language, that is as a result of language contact, will be referred to as interference phenomena" (Weinreich 1953 : 1).

Waar taalversteuring in 'n hoë mate voorkom, word daar dan - veral in die volksmond - ook van 'n "gebroke taal" gepraat. Hier is onstabiliteit en onpatroonmatigheid van die versteuringsverskynsels 'n opvallende kenmerk (Pheiffer 1976 : 273-275; Grüner 1980). Die kontak-situasie word dus gesien as bestaande tussen 'n spreker en 'n hoorder. ('n Aanpassing van Ferguson en De Bose (1977) se uiteensetting.)



Spreker

Hoorder

1

→
Afgradering. Sogenaamde "foreigner talk" - nie 'n "taal" nie, 'n register. Die spreker dink die hoorder verstaan hom beter. Vergelyk die Blanke se gebruik van Afrikaans met Swart mense.

←

2

'n Gebroke taal. Die Afrikaans van Swart mense, immigrante, ensovoorts - 'n Taal. Die vreemdelinggroep "probeer" 'n ander taal praat.

3

→

←

3

Pidgins en kreoolse tale. Het iets van beide.

Sodoende word daar gevind dat sprekers in 'n bepaalde meertalige gemeenskap in staat is om hul taal te wysig soos omstandighede dit vereis; hul gebruik heel moontlik die heersende lokale dialek wanneer hulle met mekaar kommunikeer, maar 'n meer en wyer aanvaarbare vorm van die taal as hul met vreemdelinge praat of die taal vir 'n meer of fisiële doel aanwend (soos die geval was in die vroeë Afrikaanse situasie):

"Such linguistic differences are often institutionalized, a 'high' variety of the language being used for more formal occasions and a 'low' variety used locally and in the home" (Ferguson 1959, soos aangehaal deur Weinreich 1953 : 197).

Dié feit is onder andere deur Gumperz (1971 : 251-273, soos aangehaal deur Weinreich 1953 : 241-242) gemeld. Dit is bevestig deur sy ondersoek in die Indiese dorpie Kupwar waar die tale Urdu, Marathi en Kannada gepraat word:

"The community is divided into social groups by a rigorous caste system and, although family life is generally conducted in monolingual terms, almost all the men are at least bilingual and



most frequently use Marathi for intergroup communication" (Weinreich 1953 : 241).

Die vraag kan nou gevra word waarom een van die tale wat in kontak met ander is, sý eienskappe op die ander afdwing en nie omgekeerd nie.

"This is a matter which does not depend in any way on the internal structures of the languages concerned and we must turn for an answer to factors external to language itself, namely that for socio-cultural reasons the speech of one group had greater prestige than that of the other" (Weinreich 1953 : 196).

Labov (1966) het in dié verband bevind dat

- (i) daar 'n sistematiese korrelasie tussen die linguistiese gedrag van 'n spreker en sy sosiale status is (dit wil sê gemeet in terme van sosio-ekonomiese terme),
- (ii) en dat die onstabiliteit/onpatroonmatigheid in die taal van een individu afhanklik is van die taalstyl van die formele register wat gebruik word. Hy het ook verder bevind dat ten spyte van substansiële verskille in die taal van verskillende sosiale groepe daar 'n uniforme sisteem van waardes/norme bestaan wat vir die gemeenskap as 'n geheel geld (en miskien die rede vir 'n soort algemene nie-standaard is).

Die invloed van vreemdtaliges en hul onderskeie moedertale, saam met die gebrekkige aanleer van Nederlands by heelwat vreemdelinge (Franse, Duitsers, Dene, Hottentotte, slawe uit verskeie gebiede, matrose) het die grootste rol gespeel by die veranderingsprosesse aan die Kaap - laasgenoemde feit blyk duidelik uit interessante datanavorsing deur onder andere Nienaber, Scholtz, Raidt en andere. (Dit dien net gemeld te word dat dié taalkundiges nie bewys het dat Afrikaans hier in Nederlands verander het nie.)

Van Rensburg (1981 : 85) wys daarop dat daar onthou moet

word dat daar in die reël nie 'n algemene skryftaalvorm vir die nie-standaardvorme van 'n taal bestaan nie. Hy meld voorts dat taalverandering vanuit die nie-standaard= laag geskied. Dus, indien daar 'n veranderingsproses in Nederlands plaasgevind het (veral as gevolg van die ge= brekkige aanleer van die taal), moes dié proses gerugsteun word deur ooreenstemmende substandaardvorme. Dit was dan ook met Afrikaans die geval : baie jare lank het Afri= kaans bestaan as die een of ander nie-standaardvorm van Nederlands, waarvoor daar nie 'n skryftaalvorm bekend was nie en wat gaandeweg, met die verkryging van politieke mag deur sy sprekers, tot die hedendaagse standaardvorm ontwikkel het. Nederlands het dus nie verander in Afri= kaans nie, maar is vervang deur Afrikaans.

2.3.3 SOORTE REËLVERANDERING (VERGELYK OOK p. 4)

Linguïste het ook dié aspek van reëlverandering in hul werk betrek. King (1969 : 39, e.v.) behandel vier soor= te reëlverandering, naamlik toevoeging, weglating, her= ordening en vereenvoudiging. Lubbe (1980 : 9) maak van vier "teorieë" melding waarvolgens taalverandering ver= klaar kan word: "die Neo-grammatiese beginsel van die uit= sonderingloosheid van die klankwette, die transformasio= nele teorie van reëlverandering, die sosiolinguïstiese teorie van variabele reëls soos deur Labov voorgestaan en die teorie van die tydsvariabele en leksikale diffusie soos voorgestel deur die Sjinese linguïste Wang, Chen en Hsieh." Bynon (1977 : 17-170) behandel drie "modelle" van taalverandering : die neogrammatiese model, die struk= turalistiese model en die T.G.-model. Chambers en Trudgill (1980 : 174-180) gaan egter van die veronderstelling uit dat ook nie die laasgenoemde twee "modelle" (struktu= ralisties en T.G.) die antwoorde op die vraag van taalverandering en die reëls wat daaraan ten grondslag lê, kan verskaf nie.

Hierdie laasgenoemde feit bring dus mee dat linguïste al meer die rol van sowel die sosiale as die grammatikale



prosesse in taalverandering begin erken. So maak onder andere Chambers en Trudgill (1980 : 174) van beide die sosiale en grammatikale verandering in hul taalbeskrywing gebruik.

Voorts dui getuienis¹⁾ uit die Afrikaanse taalgeskiedenis daarop dat taalvervanging en reëluitbreiding die sentrale proses was waardeur Afrikaans Nederlands as standaardtaalvorm in Suid-Afrika vervang het, eerder as wat 'n gekompliseerde proses van taalinterne reëlverandering hier aan die werk was (Claassen en Van Rensburg 1983 : 139).

2.3.4 GRAMMATIKALE VERANDERING VOLGENS DIE TRADISIONELE SIENING DAARVAN

Die tradisionele siening van grammatikale verandering vertoon verskeie tekortkominge, onder andere:

- (i) omdat die rol van sosiale faktore buite rekening gelaat word en,
- (ii) omdat daar te veel klem op die historiese aspek van taalverandering gelê word.

Hoe sien die tradisionele benadering van taalverandering dan daar uit? Dit is hoofsaaklik 'n diachroniese²⁾ benadering waarin bevestiging van die feit dat 'n taal nie staties is nie gesoek word in ortografiese, literêre, ortografie, situasiegebonde en interne bewyse. Hierby aansluitend kom die vergelykende taalkunde. Die historiese taalkunde is in der waarheid nie los te maak van

1) Ook die onvoltooide verhandeling : L.T. du Plessis (U.O.V.S.).

2) "*The Junggrammatiker had proclaimed that the sole means of studying language scientifically is to examine it historically, that is, diachronically, through time*" (Dinneen 1967 : 199).



die vergelykende taalkunde nie (histories-vergelykende taalbeskrywing)¹⁾. Dit dui alreeds die weg aan vir 'n panchroniese²⁾ siening.

2.3.4.1 ORTOGRAFIESE BEWYSE

Die basiese navorsingsmateriaal vir die historiese linguïes is die ortografie of geskrewe vorm van taal. Historiese inskripsies en manuskripte is hier ter sprake. Baie probleme en onopgeloste vrae ten opsigte van die interpretasie van ortografiese bewyse bemoeilik die taak van die linguïes. In dié verband moet met Robinson en Van Coetsem se bewering rekening gehou word:

"... any single theory about how all scribes write, or tend to write, is doomed to failure. In interpreting written records of the past one must be wary of the spelling. Only in conjunction with comparative and current synchronic evidence, luck and inspiration can these records lead us to a true idea of the structure of the language in question" (Goyvaerts 1975 : 71).

2.3.4.2 LITERÊRE BEWYSE

Die "beweeglikheid" van taal word voorts gevind in oorblywende literêre tegnieke soos rym, alliterasie, assonansie,

-
- 1) *"In order to pursue the historical development of a language we require a precise description of an earlier and later stage of a language. For comparative work we must have two equally precise accounts of the languages to be compared"* (Dinneen 1967 : 3). *"The comparative method assumes that extended similarities between languages can be studied as a consequence of genetic relation and that pervasive resemblances between contemporaneous languages are best explained by assuming that they are both developed forms of a single parent language"* (op.cit., p.280). *"The comparative method thus shows us the ancestry of languages in the form of a family tree, with successive branchings accepted the uniform parent languages and their sudden and clear-cut splitting, as historical realities"* (Bloomfield 1933 : 311).
 - 2) Gray (1939 : 24) – Die saamgaan van die twee gesigspunte (diachronies en sinchronies).



metriese patrone, ensovoorts. Hoe sommige gegewens egter verklaar moet word, bly soms nog duister. Vergelyk byvoorbeeld die probleem verbonde aan rymwoorde: sommige woorde wat vir Shakespeare, Pope, Keats, ensovoorts gerym het, rym nie vandag meer nie.

2.3.4.3 ORTOËPIESE

In die geval van geskrewe taal word dikwels tussen al die oorblyfsels uit 'n vroeër periode, belangrike beskrywings van die bepaalde taal gevind. Vergelyk in dié verband byvoorbeeld die Indiese grammatikus, Panini, se ongelooflik volledig en elegante beskrywing van Sanskrit - bloot gemotiveer deur 'n behoefte om bepaalde leeswerk vir heilige tekste te bewaar. Sulke bewyse van vroeëre vorme van Afrikaans (in vergelyking met ABA) word gevind in die Veldwagterbrieweversameling van Van Oordt (November 1947 en Februarie 1948, Die Kaapse Taalargief, no.1 tot 4). (Later ook uitgegee in die Akademie se *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*. Later: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: Deel 10 (no.1), 11(1), 12(1), 13(1), 14(1), 16(1). Ook in Ross, P.H. 1950, M.A. te U.K. en De Villiers, A.J. 1942, M.A., U.K. Ook Griessel 1981, M.A., UNISA.)

2.3.4.4 SITUASIEGEBONDE BEWYSE

'n Vierde bewys dat taal nie staties is nie, word gevind in die kontak tussen spraakgemeenskappe. Een gevolg van sodanige kontak is die voortdurende verslae oor tale waarmee in aanraking gekom is. Dieselfde geld vir die talle reisbeskrywings as 'n bron van inligting oor Afrikaans: dié van Sparrman, Thunberg, die Fransman F. le Vaillant, die Engelsman George Thompson, Paravicini di Capelli en andere (Raidt 1971: 102-107). Sommige reisbeskrywings het selfs grammatikas geword: Van Reijn, C.J. (1914) *Het zeer nieuwe verband tussen het Afrikaansch en het Hollands*. Maskew



Miller, Kaapstad; Snell, A.L. 1906. *Handbook of Boer Dutch*. C.N.A., Johannesburg en S.J. du Toit se *Patriot=grammatika*.

2.3.4.5 VERGELYKENDE STUDIE

'n Ideale situasie vir vergelykende studie sou byvoorbeeld wees wanneer 'n linguistiese gemeenskap as gevolg van bepaalde redes (byvoorbeeld die inval van 'n vreemde groep en die vorming van 'n effektiewe skeiding in die gemeenskap) in verskillende dele verdeel word. Indien dié toestand etlike eeue sou voortduur, sou die linguïste in staat wees om 'n bepaalde soort studie, naamlik 'n studie oor die vergelyking van grammatikas, uit te voer. In 'n vergelykende studie word gepoog om die bepaalde trekke of eienskappe van die gesproke taal van die (vermeende) oorspronklike onverdeelde gemeenskap op die basis van ooreenstemmende trekke by die afstammelingstale te rekonstrueer (vergelyk p. 17). Dit is 'n feit dat die verwantskap tussen sekere tale sodanig is dat dit slegs deur historiese verbande verklaar kan word (byvoorbeeld ABN/Nederlandse dialekte of Kleurling-, Maleier- en Griekwa-Afrikaans).

"In some cases it can be verified by history that languages which resemble each other are genetically related , but in other cases the task is more difficult. When there are adequate written records relations can be established fairly easily. There are resemblances among the Germanic languages that are just as evident as those found among the Romance group, but since we do not have comparable literary sources, their historical development cannot be traced as completely. When we lack such written records, the comparative method explains relations among languages by making inferences similar to those obtained by tracing the attested historical development. The comparative method assumes that both the resemblances and the differences among related languages are an indication of the structure of the parent language" (Dinneen 1967 : 280).

As beweer word dat 'n ooreenkoms tussen tale as gevolg van



verwantskap bestaan, word inderwaarheid bedoel dat hier= die tale latere variasies van 'n enkele, vroeë taal sou wees. In die geval van die Romaanse tale is daar geskrewe bewyse van die oorsprongtaal, naamlik Latyn. Aangesien die taal oor 'n groot gebied versprei het, en verskeie linguistiese veranderinge in bepaalde streke ondergaan het, vind ons dat die tale van die streke grootliks van mekaar verskil. Hierdie verskillende taalvorme staan vandag byvoorbeeld as Italiaans, Frans, Spaans, ensovoorts bekend (Van der Merwe 1966 : 36-37, 50).


Die probleem met dié tipe studie lê grootliks in die feit dat daar nie altyd geskrewe oorblyfsels en dokumente van die uniforme oorsprongtaal bestaan nie. Dié probleem word dan dikwels opgelos deur die aanvaarding van 'n sodanige oorsprongtaal of van gegewens verkry uit ongewante tale wat op een of ander tydstip woorde geleen het uit 'n oerfase van 'n bepaalde Germaanse/Romaanse taal. So 'n historiese verbinding lei tot verklarings oor Oer-Germaans, Oer-Bantoe en selfs "Oer-Afrikaans"¹⁾ (De Groot 1968 : 7).

Daar moet egter kennis geneem word van die feit dat spekulasie oor die oorsprong en verwantskap van tale van vroeg af onder taalkundiges bestaan het. Dit is egter eers vanaf die Renaissance dat werklike materiaal in dié verband versamel is om sodanige ondersoek uit te voer. Werk wat in dié verband voor die 19e eeu gedoen is, was inderdaad maar sporadies - nie as gevolg van die gebrek aan insig nie, maar grootliks as gevolg van die isolasie waarin voorstelle gedoen is en ondersoek deurgevoer is. Dié werk is ook nooit opgeneem en ontwikkel deur 'n volgehoue opvolging van belangstellendes nie. Dit was eers aan die einde van die 19e eeu dat dié ondersoekmetode begin bloei het (De Groot 1968 : 380).

1) of "verkeerde Nederlands" - Van der Merwe (1970 : 33). (Nie-Standaardnederlands, in terme van die uiteensetting, p. 15.)

Een van die invloedrykste en mees kontroversiële beoefenaars van hierdie rigting was A. Schleicher (1821-1868) wat veral met sy *Stammbaumtheorie* verwantskappe verklaar het. Hierdie stamboom-/familieboomteorie het 'n metode daargestel om 'n geheelbeeld van die linguistiese familie - sy geskiedenis en historiese verwantskap van individuele tale - te kry.

Van Coetsem (1972 : 78) stel dié teorie soos volg voor:



- a. Goties
- b. Duits
- c. Noors
- d. Hoogduits
- e. Nederduits in wyer sin
- f. Fries
- g. Saksies
- h. Angel-Saksies
- i. Oud-Saksies
- j. Platduits
- k. Nederlands

As gevolg van die tekortkominge van dié teorie ("no speech community is ever quite uniform ... it does not allow for varieties within the parent language or for common changes in related languages" - Bloomfield 1955 : 311; 314) het Schmidt sy golfslagteorie daargestel wat die verwantskap van veral taaltakke wat geografies naby mekaar lê, verklaar.

"The comparative method, then - our only method for the reconstruction of prehistoric language, - would work accurately for absolutely uniform speech communities and sudden, sharp cleavages. Since these pre-suppositions are never fully realized, the comparative

1972



method cannot claim to picture the historical process" (Bloomfield 1955 : 318).

"During the first part of the nineteenth century, historical linguistics was far removed from any concern with sociological aspects of language Language was conceived as autonomous, analogous to an organism" (Currie 1981 : 5).

Teen ongeveer 1870 het 'n groep linguïste bekend as die *Junggrammatiker* (*Neo-Grammatici*) in Leipzig op die toneel verskyn.

"... who were critical of their predecessors. They offered numerous observations on the social nature of language but, unfortunately, remained significantly under the influence of the early period of historical linguistics".
(Currie 1981 : 6).

Die kern van hul teorie kan soos volg uiteengesit word:

"... all sound changes take place according to laws that admit no exceptions within the same dialect and no exception operates without a rule; at the same time one has to take into account the fact that analogical creations and reformations of specific words are equally a universal component of linguistic change"
(Goyvaerts 1975 : 43).

Hieruit blyk onder andere 'n uitbreiding van historiese studies, naamlik

"... the concept of markedness and its implications, ... the principle of compensations, and the so-called 'laws of analogy'" (Kahr 1976 : 225).

Goyvaerts (1975 : 19) stel as kritiek teen bogenoemde:

"... we have to support the neogrammarians for having replaced the arbitrary and accidental by the necessary and the regular but we have to condemn them for having entirely eliminated the accidental from the factors promoting the evolution of language (that is for having elevated the accidental to the rank of the necessary)".



Labov voeg aan dié kritiek van Goyvaerts ook nog die be= swaar toe dat die Neo-Grammatici nie die hiërargie van abstraktheid in hulle werk betrek het nie:

"A review of the literature on completed changes and other changes in progress tends to support the relevance of a hierarchy of abstractness in determining the nature of the transition from one stage to the other". (Labov 1981 : 267).

Afgesien van die neogrammatiese skool het die 20ste eeu ook die opkoms van die sogenoemde strukturele linguïste beleef (vergelyk p.28). Hulle was algemeen bekend met die feit dat bepaalde tale ooreenkomste vertoon en hul studies - vergelyk veral dié van Greenberg (p.28, (i) - (iv)) - het dan ook bewys probeer lewer van die "bewe= ging" wat in taal plaasvind. Dit dien voorts gemeld te word dat die meeste studies oor vroeë Afrikaans en die ontwikkeling daarvan in die lig van die 20ste-eeuse (en eind 19de-eeuse) taalstudie staan.

Een siening gemeenskaplik aan alle strukturele benaderings is die outonomie van sinchroniese strukture, naamlik die veronderstelling dat die geskiedenis nie betrek hoef te word nie.

Al vyf genoemde bewysvoeringe maak dit vir die historiese linguïstiek moontlik om elke faset wat volgens 'n histories- vergelykende uitgangspunt 'n rol kan speel by die ondersoek en interpretasie van taalverandering, te betrek.

Dit dien ook daarop gelet te word dat die uitgangspunt in die onderhawige studie nie volgens die onderskeiding dia= chronies/sinchronies uiteengesit sal word nie, maar dat daar vanaf 'n panchroniese uitgangspunt gewerk sal word (Bailey 1973).



2.4 TAALTIPOLOGIE

Die prominente plek wat vergelykende studie inneem, bring die belangrikheid van tipologiese studies, tot vandag toe, na vore. Die oogmerk, om taalverandering te verklaar, word egter nie uit die oog verloor nie. Die ooreenkomste uit 'n vergelykende studie lei daartoe om in 'n poging om die komplekse aard van taalverandering te verklaar, taal in homogene groepe te klassifiseer. Die belangrikste twee benaderingswyses in dié verband is die genetiese en die tipologiese. Eersgenoemde poog om tale op grond van hul voorafgaande historiese ontwikkeling te klassifiseer - 'n praktyk wat ongeveer die hele 19de eeu gedomineer het en waardeur byvoorbeeld die indeling van die Indo-Europese tale in verskillende families die resultaat is. Hierteenoor staan die tipologiese benaderingswyse waardeur tale in isolasie beskou word. Hierdie benaderingswyse neem kennis van waarneembare feite/verskynsels en klassifiseer tale dan op grond van die aan- of afwesigheid van sodanige verskynsels. As gevolg van die ryke voorkoms van allerlei verskynsels bestaan daar tipologieë vir omtrent elke vlak van taalorganisasie - die belangrikste blyk egter die fonologiese, die morfologiese - wat in die begin (vergelyk p.25) oorwegend was - en die sintaktiese te wees.

2.4.1 FONOLOGIESE TIPOLOGIEË

Só 'n tipologie kan 'n taal byvoorbeeld klassifiseer op grond van 'n enkele klankvoorkoms (kliktaal X nie-kliktaal), of 'n indeling van die Indo-Europese tale in Kentum- en Satem-tale. Voorts kan 'n taal geklassifiseer word na aanleiding van die wyse waarop sy vokale en konsonante kombineer, ensovoorts.

2.4.2 SINTAKTIESE TIPOLOGIEË

Laasgenoemde was aanvanklik redelik skaars, maar dié afdeling bied 'n geweldige ryke verskeidenheid moontlikhede.



Vergelyk in dié verband die aspek van plasing¹⁾ in 'n sin. Ten opsigte van Afrikaans behels dié aspek byvoorbeeld die volgende, volgens Muysken (1980 : 146) se siening:

"Afrikaans is a language with an underlying S.O.V. word order that makes use of the rule of a Verb Second",

met ander woorde 'n taal waarin 'n werkwoord in onafhanklike sinne in die tweede sinsposisie staan, byvoorbeeld

(Posisie 1)	(Posisie 2)	(Res)
Die gebou	steek	altyd sleg af

(Ponelis 1979 : 495).

Ponelis sien Afrikaans hiervolgens (in teenstelling met Muysken) as 'n V2-taal (oftewel 'n SVO-taal).

2.4.3 MORFOLOGIESE TIPOLOGIEË

Dit is seker die gewildste soort tipologie en die rede daarvoor kan moontlik gevind word in die veronderstelling van veral die 19de-eeuse linguïste dat die woord, bestaande uit woorddele en morfeme, die bousteen van taal is. So= danige tipologieë is veral geskik om die historiese aspek van ontwikkeling te illustreer - vergelyk in dié verband byvoorbeeld genus: sommige tale besit selfstandige naam= woorde wat twee, drie of geen genusvorm het nie.

2.4.4 EVALUERING : VROEË TIPOLOË

Een van die eerste tipoloë wat sy klassifikasie ('n morfo= logiese) daargestel het, was *August von Schlegel* (1767 - 1845), maar dié indeling is later duideliker geformuleer

1) Vir 'n volledige bespreking, vergelyk: Ponelis, F.A., 1979 (hoofstuk 21).



deur een van die belangrikste 19de-eeuse bydraers, *August Schleicher* (1821-1868). Hulle verdeel die tale in drie soorte:

- (a) *Isolerende tale* (Eenlettergripige/worteltale).
Alle wortels kom monosillabies voor. Geen grammatiese vorme en vervoeging kom voor nie. Elke woord kan enige funksie hê en die betekenis word bepaal deur die plek van die woord in die sin en deur intonasie. Hierdie tale bevat dus net materiële bestanddele, dit wil sê stof (inhoud) of klanke met betekenis.
- (b) *Agglutinerende tale*: Hierdie tale bevat materiële en formele bestanddele. Die formele bestanddele word egter lossies aan die stam/wortel geheg, sodat dit nog duidelik herkenbaar is. Vergelyk byvoorbeeld Hongaars en Turks.
- (c) *Flekterende/verbuigende tale*: By dié tale smelt die formele en materiële bestanddele sō saam dat hulle 'n hegte eenheid vorm. Hier word die verhouding tussen die begrippe dan deur vormverandering uitgedruk (Latyn, Sanskrit).

Volgens Currie (1981 : 5-6) en Andersen (1978 : 37-42) het Schleicher hierdie indeling van hom dan ook gebruik vir 'n algemene verklaring vir taalevolusie. Tot dusver het die verklaring nog nie die toets van algemene aanvaarding geslaag nie — juis omdat dit ook die gebreke van ander studies uit sy tyd dra, naamlik die eensydige betrekking van die historiese en die feit dat dit nie die sosiale aspekte van taalverandering in berekening bring nie.

W. von Humboldt (1767-1835) sluit in hooftrekke by Von Schlegel en Schleicher se indeling aan, maar voeg egter 'n vierde klas daarby, die sogenaamde geïnkorporeerde klas.



Tiperend van dié klas is die feit dat affikse dít oordra wat in ander tale deur 'n aparte vorm wat afhanklik is van 'n werkwoordelike deel, oorgedra word. Voorbeelde hiervan is die taal van die Eskimo's en van die Amerikaanse Indiane.

Leroy (1967 : 21) wys egter daarop dat géén taal alleenlik en eksklusief aan dié vereistes wat deur klassifikasies gestel word, voldoen nie. Deur die sosiale aspek van taal te betrek word daar nog meer ruimte vir moontlike verklarings gelaat.

Franz Franck (1867-1910), die voorloper van die 20ste eeu, het 'n tipologiese klassifikasie daargestel wat weinig verskil van die pogings van die 19de-eeuse tipoloë. Sy poging omvat egter net agt tipes wat gebaseer word op die wyse waarop konsepte in woorde verenig word.

Die persoon wat eerste van die tradisionele morfologiese tipologie weggebreek het, was *E. Sapir* (1884-1939). Hy het 'n klassifikasie daargestel wat gebaseer is op die wetersydse verwantskap van drie stelle onderskeidings:

grammatikale konsepte, grammatikale prosesse en die *"relative firmness with which the affixed elements are united with the core of the word"* (Sapir 1921 : 127).

Eersgenoemde behels die verwantskap tussen een woord in 'n sin met die ander woorde. Grammatikale prosesse omvat geïsoleerde ("isolating") tale wat die woord en wortel as dieselfde beskou; "affixing"-tale (affiks + wortel) en simboliese (of "inflective") tale wat interne wysings aan vokale en konsonante aanbring.

Op grond van Sapir se indeling kan tale geklassifiseer en ingedeel word as analities, sinteties en polisinteties.



2.4.5 EVALUERING : HEDENDAAGSE TIPOLOË

"The decisive factor in the development of 20th century structural linguistics was the shift from a predominantly historical viewpoint to the recognition of a non-historical functional relationship of coexisting linguistic¹⁾ elements"
(Goyvaerts 1975 : 47).

Taalvergelyking vind dus nog steeds neerslag in hierdie tipologiese studies, maar dit dien daarop gelet te word dat die nie-historiese siening beklemtoon word en die ondersoek van die verbande tussen taalelemente voorrang geniet.

Een van die mees beduidende bydraes op die gebied van die taaltipologie kom van *J.H. Greenberg*. Hy gee byvoorbeeld vier verklarings vir die ooreenkoms tussen tale:

- " (i) *they may be reflections of certain language universals;*
- (ii) *they may be analytic artifacts (for example that both Latin and English are considered to have a present tense may be due to the fact that Latin provided the model for English grammar, that is, though they may have no inherent linguistic interest, they do have a very great deal of methodological interest);*
- (iii) *resemblances may be the result of mere chance and*
- (iv) *similarities may result from historic connections between the languages"*
(Greenberg 1953 : 268).

In sy strukturele tipologiese studies ten opsigte van die basiese volgorde van leksikale items stel hy universele kenmerke daar. Wat die keuse wat hy uitgeoefen het, betref, meld hy:

1) Die bestaan daarvan in sosiale lae is die belangrikste.



"The reason for this choice was that previous experience suggested a considerable measure of orderliness in this particular aspect of grammar" (Greenberg 1963 : 73).

Ten opsigte van die daargestelde universele kenmerke, meld Sol Saporta:

"It is clear that the problem of language universals and that of linguistic typology are closely related. Indeed, the two are merely different sides of the same coin Universal definitions are, then, a prerequisite for typology, universal in this sense meaning 'universally available', that is, belonging to some metatheory of linguistics" (in Greenberg, (ed.) 1963 : 61 - *Phoneme Distribution and Language Universals*).

Sommige van Greenberg se idees toon ooreenkoms met die algemene idee in R. Lepsius se inleiding tot sy *Nubische Grammatik* (Berlyn, 1880) en met W. Schmidt se *Der Sprachfamilien und Sprachenreise der Erde* (Heidelberg, 1926). Ook het Greenberg in 'n groot mate dieselfde benadering as Sapir gehandhaaf, maar tog ook sy individuele stempel op die moderne tipologiestudies afgedruk.

Greenberg het drie stelle kriteria betrek:

- (i) Die bestaan/voorkoms van voor- en agterplasing in tale.
- (ii) Die relatiewe orde van onderwerp/subjek, werkwoord (verbum) en voorwerp/objek in stelsinne met nominale objek en subjek.
- (iii) Die posisie van kwalifiserende adjektiewe in verhouding met die selfstandige naamwoord.

Uit hierdie kriteria volg 45 stellings, wat oorsigtelik soos volg uiteenval: In stelsinne met nominale subjek en objek is die dominante orde dié een waarin die subjek die objek voorafgaan. Dit laat die linguis dus met drie



algemene taaltipes, naamlik VSO, SVO en SOV. In tale met voorvoeging het die genitief ongeveer altyd die regerende selfstandige naamwoord gevolg, terwyl dit in tale met agtervoeging die selfstandige naamwoord voorafgegaan het. Dié genoemde kenmerk lei na die derde, naamlik: tale met dominante VSO-orde is gewoonlik voorvoegend (*prepositional*). As gevolg van onstabiliteit in tale, het hy die vierde en vyfde universele kenmerke soos volg geformuleer:

4. *"With overwhelmingly greater than chance frequency, languages with normal SOV order are postpositional"*.
5. *"If a language has dominant SOV order and the genitive follows the governing noun, then the adjective likewise follows the noun"* (Greenberg 1963 : 79).

Greenberg het belangrike verskille tussen die VSO en SOV-tale bemerk en voortvloeiend hieruit sy sesde en sewende kenmerke daargestel: Alle tale wat die dominante VSO-orde gebruik, het as alternatief SVO-orde. Määr, indien 'n taal met dominante SOV-orde, geen basiese orde as alternatief het nie, òf slegs OSV dan as plaasvervanger, sal al die bywoordelike bepalers die werkwoord voorafgaan.

Deur hierdie metode toe te pas, het Greenberg belangrike inligting ten opsigte van taalverandering daargestel:

"A small sampling indicates that the indices for particular IE languages have changed in the course of time. The older Germanic languages for example have considerably higher synthetic indices than do those spoken today" (Goyvaerts 1975 : 25-26).

Dit help verder ook om gevolgtrekkings soos byvoorbeeld die volgende met betrekking tot Engels te maak:

- (i) Die sintetiese kompleksiteit van Oud-Engels is nader aan Latyn as aan Moderne Engels.
- (ii) Gemeet aan die sintaktiese kompleksiteit het die



grootse grammatikale verandering in Engels tussen Oud- en Middel-Engels en *nie* tussen Middel- en Moderne Engels plaasgevind nie.

Gesien in dié lig kan tipologiese klassifikasie 'n belangrike rol by die verklaring van taalverandering speel.

Tot 'n kort rukkie gelede is geglo dat die tipologiese studie die grammatikas kan klassifiseer uit die voorkoms van opeenvolgende reëls wat op verskillende tye in werking tree (vergelyk onder andere Greenberg). 'n Verandering in 'n grammatika sou dan die gevolg van die toepassing van 'n bepaalde reël op 'n bepaalde tydstip wees. Dat dit nie die geval is nie, is deur 'n onlangse studie van onder andere die T.G.-linguïste - soos Robin Lakoff - aan die lig gebring. Sy doen aan die hand dat daar na die grammatika as 'n geheel gekyk moet word om die redes vir verandering en gevolglike klassifikasie waar te neem. (Raidt sluit haar in haar siening van taalverandering ook by Lakoff aan - vergelyk M. de Villiers-bundel: Snyman (red.) 1978 : 104; vergelyk ook Vennemann se kritiek, p. 33.)

Robin Lakoff noem hierdie veranderinge wat in tale waarneembaar is, die sogenaamde taaldoelwitte (of "*targets*") van taalverandering:

"The language changes toward a certain direction, not haphazardly, so that at the end the shape of the language is quite different from its earlier form. One can point to individual rule changes, of course, just as, synchronically, one might point to the application of specific rules to account for the facts. But if one does, one misses a generalization. In all these cases something is happening to the language as a whole; it is not just that the rules change, but rather, there is some principle, outside our present concept of grammar, governing the forms the rules are to take. If we do not interpret at least some syntactic changes this way, we must assume that there were a set of truly staggering coincidences within and between the histories of all the Indo-European



languages ... The responsible linguist cannot believe in such a set of coincidences"
(1969 : 173).

Sy karakteriseer van die veranderinge wat in 'n taal aangedui kan word, met die term "drift" — 'n term oorgeneem van Sapir. Laasgenoemde het verduidelik:

"Language is not merely something that is spread out in space, as it were - a series of reflections in individual minds of one and the same timeless picture. Language moves down time in a current of its own making. It has a drift" (Language 1949 : 150 soos aangehaal deur Lakoff 1969 : 176).

Die kenmerke van taalverandering (Sapir se "drift") volgens Kahr (1976 : 220) blyk te wees:

- (i) dat dit 'n "special direction" het,
- (ii) "unconscious" is, deurdat dit nie deur sinchroniese studie blootgelê (ontdek) kan word nie, en
- (iii) "retrospective" van aard is.

R. Lakoff lewer ook kritiek hierop. Sy glo dat Sapir in gebreke bly om bepaalde veralgemenings ten opsigte van die rede waarom, en die tydstip waarop die verandering gebeur, daar te stel. Hy slaag ook nie daarin om te verklaar waarom hierdie geheimsinnige "drifts" telkemale in die verwante Indo-Europese tale voorkom nie. Lakoff poog nou om taalverandering te verklaar en grammatikas te klassifiseer, *nie* op grond van individuele verandering in transformasionele reëls, in die sinsdeelkomponent, in die leksikon, of selfs in enige deel van die grammatika nie, maar karakteriseer die algemene trek in die ses onderskeie "drifts" as:

"..... a metacondition on the way the grammar of a language as a whole will change" (Lakoff 1969 : 178).

Wanneer verskillende tale vergelyk word en die veranderinge bestudeer word, val dit op dat 'n verandering nie



bevredigend beskryf kan word deur net na die toepassing van individuele reëls te kyk nie. Sulke veranderinge, waarvan die beskrywing wentel om die beskrywing van reëlverandering, kan wél waargeneem word, maar hulle is bloot *resultate* van die genoemde proses:

"A good theory, one which captures generalizations and tries to show why things change as well as the fact that they do change, must note that the change in lexicon or rule is motivated from outside the grammar as a whole" (Lakoff 1969 : 188).

So 'n verandering kan plaasvind deur middel van beïnvloeding deur taalkontak tussen gemeenskappe, of bevolkingslae van wisselende sosiale standaarde. Daarom dien dit hier gemeld te word dat die "special direction" waarvan hier sprake is, wel sosiolinguisties bepaalbaar is, terwyl die sinchroniese en retrospektiewe aspekte deur 'n panchroniese siening vermy kan word.

Lakoff se siening is egter waardevol en beweeg reeds verder as dié van Sapir in dié sin dat sy daarop wys dat sekere "drifts" deur verskillende tale gedeel word - ten minste dan tale behorende tot 'n bepaalde taalfamilie (al bly talle besonderhede van die "drifts" onduidelik).

Vennemann is egter redelik kras in sy kritiek op Lakoff se siening:

"In all other respects it represents a regression from Sapir's advanced position. Where Sapir strives for and offers sober scientific explanations, Lakoff merely restates the problem relating them to an unexplained 'metacondition'" (Vennemann 1975 : 22).

Hierdie kritiek van Vennemann blyk nie ongegrond te wees nie, veral as R. Lakoff haar siening ten opsigte van 'n omskrywing van dié "metacondition" soos volg formuleer:



"... in order to understand syntactic change we must come to a fuller understanding of synchronically oriented syntactic theory" (1969:192).

en *"... the complete understanding of the questions ... will not be possible until a great deal of progress has been made in the field of synchronic transformational theory" (1969 : 195).*

Lakoff se "metacondition" en Vennemann se onvermoë "to motivate the word order change itself" wys op gebreke wat volg, omdat die sosiolinguistiese faktore buite rekening gelaat word (Kahr 1976 : 221).

Al die genoemde tipologieteorieë sal sekerlik daartoe bydra om meer en meer duidelikheid oor fasette van die historiese aspek van die verandering van taal te bring. Miskien lê die oplossing om taalverandering te verklaar in die aard van sy sprekers of in die aanname van 'n deeltjie van alle aspekte van natuurlike taal:

"..... just to accept linguistic change as an inherent factor of natural language" (Goyvaerts 1975 : 78).



HOOFSTUK 3

KONTAKTALE

3.1 INLEIDING EN DOELWITFORMULERING

Meertalige kontaktsituasies en die taalversteuring in sodanige situasies is in hoofstuk 2 onder die soeklig geplaas. Wanneer taalversteuring in hoë mate in sulke situasies voorkom, gee dit tot die ontstaan van die sogenaamde kontaktaale aanleiding.

Wanneer kontaktaale ter sprake is, is dit logies om van die veronderstelling uit te gaan dat hulle binne 'n sfeer van talekontak moes ontstaan het. Aangesien dit die doel met hierdie hoofstuk is om 'n oorsig te gee van die ontstaan en aard van kontaktaale en daar in der waarheid 'n taalkontak-situasie in Suid-Afrika bestaan het, sal die vroeë kontak-situasie van ongeveer die jaar 1670, asook die 1925-situasie, nader toegelig word.

Uit die bespreking van die genoemde kontaktsituasies kom die besef na vore dat kontaktaale: (a) binne 'n sosiaal-gedifferentieerde raamwerk gesien moet word, (b) binne 'n meertalige gemeenskap ontstaan (vgl. ook hoofstuk 2) en (c) dat daar by uitstek verskillende taalvariante en taallae onderskei kan word. Vervolgens sal daar besin word oor taalvariante wat verband hou met vereenvoudigde registers, gebroke tale en pidgintale.

Die bespreking word verder gewy aan pidginvariante, aangesien die meeste linguïste dit as 'n oorkoepelende term vir 'n bepaalde drieërleiverdeling sien (vgl. die skema op p. 50). Om dié kontaktaalvariant beter te verstaan, word pidgintale in meer besonderhede beskryf. Daar word dan aandag gegee aan aspekte soos 'n definisie daarvan, ontstaansteorieë, karakteristieke kenmerke, fonologiese en



fonetiese patrone, morfologie, woordeskat en ortografie. Daar word telkens gewys op verbande met Afrikaans.

Voortvloeiend hieruit word kreoolse tale van nader beskou, aangesien linguïste hulle heel dikwels as 'n voortsetting van die pidginvariant beskou.

Ten slotte sal gepoog word om die linguïstiese en sosiale betekenis van kontaktaal nader toe te lig.

3.2 TAALKONTAKSITUASIE

Omdat dit die spesifieke doelstelling van hierdie studie is om die Nederlandse aard van Afrikaans te bepaal en die prosesse van grammatikale verandering in Afrikaans – nader aan AB-Nederlands of verder daarvandaan – aan te toon, moet die sfeer waarin dit geskied, naamlik die taal-kontaksituasie, allereers bespreek word.

3.2.1 SOSIALE ASPEKTE

Wanneer taalverandering ter sprake is (soos blyk uit die titel van dié studie) en die spektrum van taalgedrag in 'n kontaksituasie beskryf moet word, moet daar noodwendig aan sosiale aspekte aandag gegee word. Soos reeds in hoofstuk 2 uiteengesit, kan geen taalverandering buite die sosiale lewe van die gemeenskap waarin dit plaasvind, verstaan of na behore begryp word nie:

"... one cannot understand the development of a language change apart from the social life of the community in which it occurs. Or to put it another way, social pressures are continually operating upon language, not from some remote point in the past, but as an immanent social force acting in the living present" (Labov 1966 : 275).

Daarom sal kontaktaalvariante – watter vorm hul ook al mag aanneem – binne 'n sosiolinguïstiese gebruiksfleer



beoordeel moet word. Platt en Platt (1975 : 52) stem hiermee saam as hulle beweer dat sosiale aspekte in die reël onlosmaaklik verbonde is aan bepaalde houdings van sprekers.¹⁾

Van Marle (1978 : 61) raak dié aspek ten opsigte van die Suid-Afrikaanse taalsituasie aan as hy meld:

"One of the striking aspects of social life in South Africa in former times was the close contact between blacks and whites. As for the language, this led to a situation in which a 'contact' variety of Dutch is reported to be frequently used by both blacks and whites. This means that the children during their language acquisition process were continually confronted both with the 'unreduced' language and with the 'contact' variety." (Eie beklemtoning.)

Alhoewel Van Marle se siening slegs waar is van een pool van die taalkontakspektrum in Suid-Afrika, blyk dit egter duidelik dat die sosiale aspekte in 'n kontaksituasie in Suid-Afrika gewig dra.

3.2.2 DIE NORM OF STANDAARDTAALVORM

Dit is egter ook waar dat variante in die taalgedrag en veral dan in die kontaksituasie nie bestudeer kan word sonder verwysing na die norm waarvan hul variante sou wees nie. Nie-standaardtaalvorme (ook genoem substandaardtaalvorme) word as variante van 'n standaardtaalvorm beskou.

"Dit impliseer geen waarde-oordeel oor die afwykende vorm nie — slegs dat daar afgewyk word van die standaardvorm, die AB-vorm, die geïnstitusionaliseerde vorm" (Van Rensburg 1983 : 15).

1) Vergelyk in dié verband ook: Labov, W., 1972. *Sociolinguistic Patterns*, Univ. of Penn. Press; Labov, W., (red.), 1980. *Locating language in time and space*, Academic Press, N.Y.; Bailey, C-J.N., 1973. *Variation and Linguistic Theory*. Arlington Centre for Applied Linguistics.



Daar is nie eenstemmigheid onder linguiste oor die benaming vir hierdie norm of standaardtaal nie. Vir Ferguson en De Bose (1977 : 105) is dit "the usual conversational speech of a community". Goosens (1977 : 79) stel standaardtaal gelyk aan die offisiële taal. Ferguson (1971, 1977) praat van "normal talk" en "adult talk (AT)", Labov (1972 : 298) gebruik "vernacular" en Freed (1978) noem die standaardtaalvorm "native talk (NT)". Vir Coetzee (1982 : 274) is die standaardtaal die Algemeen-Gebruikte taal of die oorkoepelende taalvorm. Dit is 'n taal met inherente variasie wat dinamies is, omdat dit voortdurend onderhewig is aan verandering in samehang met normveranderinge (a.w. : 277). (Vgl. in dié verband ook Van Wyk 1978 : 101.) Vir die doel van dié studie sal volstaan word met die AB-vorm as die standaardvorm van 'n taal. Afwykings daarvan kan volgens Ferguson en De Bose (1977 : 105) dan beskryf word "in terms of modifying processes of various kinds."

"In terme van die standaardvorm van 'n taal word die vorme wat daarvan afwyk in die reël gesien as behorende tot 'n vereenvoudigde vorm van die standaardtaal" (Van Rensburg 1983 : 15).

3.2.3 TAALMODIFIKASIEPROSESSE IN DIE TAALKONTAKSITUASIE

Die prosesse wat in taalkontaksituasies werksaam is, kan tweërlei van aard wees, naamlik (a) die gewone vereenvoudiging¹⁾ van normale spraak (of die standaard- en AB-vorm) en (b) kompensasiëprosesse wat "clarifying, upgrading and expressive" (Valdman 1977 : 105) van aard is.

Van Rensburg (1983 : 15-16) waarsku egter dat 'n te veralgemenende siening van die begrip vereenvoudiging 'n belangrike soort reël wat saam met die verskynsel van variasie in taal

1) Vereenvoudiging word later in die hoofstuk as 'n karakteristieke kenmerk van die pidginvariant bespreek.



na vore kom, versluier, te wete: kompensasiereëls. As X die standaardvorm voorstel, en Y die variant is, en hierdie variant bestaan uit minder elemente as X, volg dit nie noodwendig daaruit dat die taalsisteem waartoe Y behoort 'n eenvoudiger taalsisteem as X is nie. Die verlies van 'n element by Y kan in die taalsisteem waartoe hy behoort op 'n ander vlak opduik. Op die een vlak word daar dan gekompenseer vir die verlies op 'n ander vlak. Indien dít die geval is, kan daar nie sprake van vereenvoudiging wees nie. Vergelyk byvoorbeeld die kompensasierverskynsel in die onderstaande sinne:

- (i) Dié variant het die kompleksste taalstruktuur.
- (ii) Dié variant het die mees komplekse taalstruktuur.

Die verandering vanaf (i) na (ii) toe, wat met defleksie gepaard gaan, is nie 'n vereenvoudiging nie — mees in die tweede sin kompenseer vir die fleksieverlies in die eerste sin. 'n Meer komplekse struktuur as (i) of (ii) kom ook in nie-standaardtaalvorme van Afrikaans voor:

- (iii) Dié variant het die mees kompleksste taalstruktuur.

Dit is nodig om daarop te let dat die kompensasierverskynsel nie met die voorkoms van elke variant gepaard gaan nie — sommige gevalle is gevalle van werklike vereenvoudiging.

Met betrekking tot die kompensasieprosesse moet daar op die volgende gelet word:

Sekere modifikasies in die taal wat op die oog af pogings blyk te wees van vereenvoudiging, is in die eerste plek die spreker se poging tot 'n verduideliking of 'n poging tot meer helderheid ten opsigte van die gegewens deurdat bykomende materiaal verskaf word. Dit kan op verskeie wyses geskied: herhalings òf 'n sillabe-uitspraak kan voorkom (Valdman 1977 : 105). 'n Ander soort modifikasie kan wees om die taal meer "korrek" of "standaard" te maak as wat dit in gewone daaglikse volwassenekonwersasies



voorkom. Dit staan as opgradering¹⁾ bekend. (Vergelyk in dié verband ook Labov 1966 : 300.) Hieronder val die tegnieke waarvolgens die spreker se houding teenoor die aangesprokene weergegee word (byvoorbeeld u/jy : meer korrek X gemeensaam, ensovoorts).

3.2.4 NIE-STANDAARDTAALVORME

Die verskynsel van variante kan aan die bestaan van 'n meertalige taaltoestand toegeskryf word. (Meertalige taaltoestande is reeds in hoofstuk 2 in meer besonderhede beskryf.) In dié verband dink ons byvoorbeeld aan die meertalige situasie wat tussen seelui van verskillende nasionaliteite aan boord van 'n skip gevind word òf die kontak tussen bemanningslede en die bepaalde inheemse bevolkings op die groot seeroetes (Warner 1971). In sulke situasies is dit feitlik logies om aan te neem dat talle "brabbeltaal"-woorde — in wese maar van redelik verbygaande aard en van korte duur — ontstaan het. Sekeres hiervan het egter, wat vorm betref, gestabiliseer en 'n wyer verspreiding beleef. Sulke kontaktaalvariante of "tale" wat nie onder standaardtale ressorteer nie, staan dan as die sogenaamde nie-standaardtale (of substandaardtale) bekend.

Hierdie nie-standaardtale kom in verskeie gedaantes voor. Ferguson en De Bose (1977 : 99-125) onderskei na aanleiding van die sprekers en hul doelwitte (in 'n meertalige situasie) drie kategorieë waarin nie-standaardvorme voorkom, naamlik (geïdealiseerde) vereenvoudigde registers, gebroke tale en pidgintale. Gesien teen die agtergrond van meertaligheid, verduidelik Naro (1979 : 888) dié onderskeiding soos volg:

1) Ferguson en De Bose (1977 : 105-106) se vereenvoudigde register se kenmerk "upgrading" is waar van die situasie Afrikaans/Nederlands in 1925. (Dié Afrikaans is nie te beskou as 'n reduksie van Nederlands nie — Afrikaans was nooit Nederlands nie! (i) Om hierdie rede, en (ii) omdat die proses vereenvoudiging aanvegbaar is, word dié kontaktaaltipe liewers 'n *geïdealiseerde register* genoem.) Dié 1925-situasie word in hierdie hoofstuk in meer besonderhede bespreek (vergelyk p. 48).



"... one language can usually be singled out as the basic source of linguistic elements. This in turn determines a subdivision of speakers into those who have the source as their native language, and those who do not. The former typically modify their natural speech ... when dealing with other interlocuters who have limited knowledge of the source; ... the latter are effectively in the same position as any adult second-language learner, and thus typically exhibit variation and deviations from the source ... Since these two must be similar in form and content for communication to occur, they will converge in the Pidgin."

3.2.4.1 GEÏDEALISEERDE REGISTERS¹⁾

Geïdealiseerde registers is die taalvorm wat konvensioneel in 'n spraakgemeenskap gebruik word om met diegene wie se kennis van die bepaalde taal swakker as normaal is, te kommunikeer. Dit is met ander woorde 'n taal waarin die moedertaalspreker die wysigings aanbring.

1) Register X Geïdealiseerde register X Taal

Chin (1973 : 54) definieer register so: "Language varies as its function varies; it differs in different situations. The label given to a variety of language according to use is 'register'."

Geïdealiseerde register

Volgens Appel e.a. (1976 : 102) is die geïdealiseerde taalregister: "... de naam voor de vorm van taalgebruik die sprekers hanteren teenoewer hoorders waarvan de sprekers aannemen dat ze de taal niet volledig beheersen. Dat kunnen kinderen zijn, zwakzinnigen, demente bejaarden of vreemdelingen. Het vereenvoudigde-taalregister, dat dus evenals registers in specifieke situasies wordt gebruikt, heeft zowel leksikale als syntaktiese kenmerke." (Vergelyk in dié verband ook: Meisel (1975 : 9) en Stoltz (1982 : 35-37.))

Taal

'n Persoon probeer 'n ander taal aanleer. Dis dikwels egter 'n gebrekkige navolging van die besondere taalmodel as gevolg van die versteuring deur sy eie moedertaal (die bepaalde register wat die spreker aan die leerder voorgedien het). (Vergelyk Van Rensburg (1983 : 18-20) vir besonderhede.)



Meisel (1975 : 9 in Stoltz 1982 : 27) beskryf die aard van dié register meer spesifiek:

"Mit Adressaten dieser Art kommuniziert man in simplifizierenden Registern. Das heisst, ein wesentlicher Teil ihrer linguistischen Merkmale lässt sich als Vereinfachungen ... erklären wobei die jeweilige Standardsprache als Ausgangsmodell dient. Die Beschreibung der Kompetenz der Sprecher, die ein solches Register verwenden, kann daher so aussehen, dass eine Menge zusätzlicher Regeln aufgeführt wird, beziehungsweise, dass fehlende Regeln angegeben werden. Da die Regelmenge der doch Aktiven Standardsprache eine Schnittmenge ist aus den Regeln der verschiedenen Varietäten, ist die Darstellung der Register im Vergleich zur Standardsprache ein legitimes Verfahren."

3.2.4.2 GEBROKE TALE

Gebroke tale is die "onvolmaakte" weergawe van 'n bepaalde taal deur andertalige sprekers en diegene wat nog in die proses is om 'n bepaalde taal aan te leer.¹⁾ Dit is met ander woorde 'n taal waarin die aanleerder die leeu-aandeel het en verantwoordelik is vir die gebrekkige navolging van die bepaalde taalmodel. Sō 'n gebroke taal is 'n nie-standaardvariant van die doelwittaal (Ferguson en De Bose 1977 : 100-107) en die kenmerke van hierdie variante is onder andere afhanklik van die sosiale konteks waarbinne die taal gebruik word. Indien 'n persoon leer om 'n ander taal te praat, vind die verwerwing daarvan baie geleidelik plaas. Die verwerwing word geopenbaar in opeenvolgende prosesse in die persoon se kennis van die vreemde taal, met ander woorde vanaf zero-kennis, totdat hy die taal onder die knie mag hê. Die sukses waarmee

1) Vir Van Wyk (in De Klerk en Ponelis 1976 : 146) is dit "... die ongrammatikale gebruik van 'n taal T1 deurdat aspekte van die grammatika van 'n ander taal T2, of ander tale T2 - Tn, daarop oorgedra word as gevolg van 'n onvolledig geïnternaliseerde grammatika van T1 en/of ontoereikend ontwikkelde vaardigheid in die gebruik van T1."



die ander taal uiteindelik aangeleer word, wissel van persoon tot persoon. Dit is dus aanvaarbaar om van die veronderstelling uit te gaan dat die spreker in enige stadium van die leerproses oor 'n bepaalde "grammatika" beskik — in der waarheid dus 'n linguistiese sisteem wat 'n onvolledige, en 'n gedeeltelik foutiewe weergawe van die grammatika van die doelwittaal is.

In die Afrikaans van vandag is daar talle gebroke taalvorme volgens hierdie siening te onderskei. Daar is al ondersoek gedoen na die Afrikaans wat gepraat word deur groepe sogenaamde Swart sprekers (Kotzé 1977; Klopper 1981; Van Dyk 1982). Die gebroketaal-variant (sogenaamd Swart=afrikaans) is hier ter sprake, omdat 'n bepaalde vorm van Afrikaans die doelwittaal was. Vroeëre voorbeelde van gebroke tale in Suid-Afrika is byvoorbeeld die Nederlands van die Franse Hugenote aan die Kaap, en die Nederlands wat deur Hottentotte wat Nederlands aangeleer het, gepraat is (Van Rensburg 1983 : 17). Hierdie substandaardtaalvorme word ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie in dié hoofstuk nader toegelig.

3.2.4.3 PIDGIN

Pidgin is die tipiese resultaat afkomstig van die gebruik van geïdealiseerde registers en gebroke tale in dieselfde kommunikasiesituasie. Hierdie substandaardvorm is die resultaat van sowel die pogings van vreemdetaalsprekers om 'n ander taal te praat, as die pogings van die moedertaalsprekers van hierdie bepaalde taal om dié taal meer verstaanbaar te wil maak. Samevattend: geïdealiseerde registers is 'n "vermindering" of redusering deur die sprekers van die sogenaamde oorsprongtaal; gebroke tale is 'n "vermindering" of redusering in die doelwittaal; pidgin is albei: dit is 'n "vermindering" van die sogenaamde basistaal wat terselfdertyd die oorsprongtaal van sy sprekers is as die doelwittaal van die nie-sprekers (Valdman 1977 : 100).



Pidginisering is dus die proses wat die AB-taal as invoer het en waaruit h gereduseerde, verbasterde en onstabiele weergawe van die taal geproduseer word. Laasgenoemde word as gebroke taal geïdentifiseer as dit deur h nie-boorling gepraat word en as h vreemdelingetaal as dit deur h boorling/moedertaalspreker gebruik word,

"... and identified as a pidgin when viewed as the linguistic output of verbal interaction between native speakers and foreigners in some particular contact situation" (Valdman 1977 : 117).

Ferguson en De Bose (1977 : 118) aanvaar dat h meertalige kontaksituasie h voorwaarde vir pidginisering kan wees. Dit is egter ook waar dat nie alle kontaksituasies dieselfde mate van verandering teweeg sal bring nie. So byvoorbeeld sal tweetaligheid – en nie pidginisering nie – die produk van die kontak wees, indien die tale teen h simmetriese verhouding in die onderskeie moedertaalgemeenskappe versprei het.

Ferguson en De Bose (1977 : 119-120) veronderstel dat, indien h asimmetriese verspreiding van die dominante taal egter met die sprekers van een of ander ondergeskikte taal plaasvind, sōnder dat h wederkerige proses die gevolg is, pidginisering kan plaasvind. Die pidginiseringsproses kan voorts nog baat, indien daar ōk h bepaalde positiewe of negatiewe houding by h betekenisvolle gedeelte van die sprekers teenoor die kontaktaal te bespeur is. Onder geskikte omstandighede mag die pidgin stabiliseer en verdere kenmerke ontwikkel wat nie tipies van die oorsprongtaal is nie. Gedurende dié stadium dat stabiliseringsprosesse en strukturele uitbreiding voorkom, bevind die pidgin hom inder waarheid op die vlak van elementêre kreolisering en onder die nodige gunstige omstandighede kan dit verder tot h volwaardige kreoolse taal ontwikkel.

Nie-standaardtale, soos byvoorbeeld geïdealiseerde registers, gebroke tale en pidgintale, erken in mindere of meerdere



mate die norm van die standaardtaal (Odendal 1978). Máár, die nie-standaardtaalsprekers

"... klassifiseer hulle taalgebruik in die reël as 'nie soos ... nie', waarmee hul dan 'n afwyking van die standaardvorm bedoel. Hulle beoordeel hulle manier van praat ook dikwels as 'nie reg nie'" (Van Rensburg 1983 : 17).

Soos reeds genoem, is daar etlike sulke nie-standaardtale in Suid-Afrika. Hulle ontstaan kan toegeskryf word aan die feit dat die sprekers daarvan graag die standaardtaal sou wou praat, omdat dit hulle kwansuis in 'n hoër sosiale milieu sou plaas. Vroeër was Kaapse Afrikaans so 'n nie-standaardvorm van Nederlands; tans kan die Afrikaans van die Griekwas en die Kleurlinge en selfs die Afrikaans van baie Bolanders as voorbeelde dien van nie-standaardvorme van Afrikaans. In die hieropvolgende bespreking word die kontaktaalsituasie en die substandaardvorme/-tale wat daarin onderskei is (en nog onderskei word) ten opsigte van die 1670- en 1925-periodes in Suid-Afrika nader belig.

3.3 DIE TAALKONTAKSITUASIE IN SUID-AFRIKA

3.3.1 DIE KONTAKSITUASIE TEEN + 1670

Gesien in die lig van die voorafgaande bespreking kan die vroeë situasie aan die Kaap wat betref die aanleer van een van die vorme van Nederlands, wel as 'n gebroketaal-/pidginsituasie¹⁾ geklassifiseer word. Dié kontaksituasie


1) Gebroketaal-situasie: 'n Situasie wat gekenmerk word deurdat andertalige sprekers 'n gebrekkige weergawe van die bepaalde taalmodel daarstel.

Pidginsituasie: 'n Situasie waarin die vreemdetaal-sprekers pogings aanwend om 'n ander taal te praat, terwyl die moedertaalsprekers van hierdie bepaalde taal poog om dié taal meer verstaanbaar te wil maak.



kan skematies soos volg voorgestel word:

Diagram 1 - Die Taalkontaksituasie teen \pm 1670



In die Kaapse taalmilieu het 'n vergelykbare situasie bestaan as wat tans met Swartafrikaans (SwA)¹⁾ en 'n aangepaste register van Afrikaans — in Van Wyk 1983 se terminologie,²⁾ Gepidginiseerde Afrikaans (GpA)³⁾ — die geval is. Teen \pm 1670 was die kontak egter tussen Nederlanders en Hottentotte. Aangesien die Nederlanders in 'n gedegeneerde Nederlands met die Hottentotte gepraat het, het hulle haas geen ander vorm van Nederlands as 'n aangepaste register van Nederlands gehoor nie. Die Hottentotte wat

- 1) SwA — "... 'n tipiese vorm van Afrikaans wat deur Swartes gepraat word en sodanig van Standaard-Afrikaans (StA) afwyk dat dit moeilik verstaanbaar is vir diegene wat nie daarmee vertroud is nie" (Van Wyk 1983 : 163).
- 2) Vergelyk in dié verband ook: Van Wyk, E.B. 1966. "Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes" in *Taalfasette*, Deel II, Van Schaik, Pretoria.
- 3) GpA — "... is trouens niks anders nie as SwA soos Blankes dit probeer praat" (Van Wyk 1983 : 163).




hoofsaaklik met 'n gedegenerereerde taalaanbod te doen gekry het, het gevolglik geantwoord in 'n soort Hottentot-Nederlands. Dié situasie het hulle verhinder om Standaardnederlands onder die knie te kry. Nienaber, G.S. (1949 : 105) meld:

"Hierdie Hollands het in vorm en sfeer baie verskil van die norm soos dit onder die Blankes in gebruik was. Dit was 'n soort krom-Hollands met 'n grammatika minima en ons noem dit Hottentot-Hollands."

Aangesien daar in der waarheid drie aanpassingsmoontlikhede in dié vroeë kontaksituasie tussen Hottentots en Nederlands was (vgl. Diagram 2), geld die taal waarvan Nienaber hier melding maak slegs vir die derde moontlikheid, naamlik dié waarin die moedertaalspreker se registeraanpassings (geïdealiseerde register) en die vreemdetalssprekers se aanpassings aan die Nederlandse taalvorm nie uit mekaar te hou is nie. Vergelyk die volgende:

Diagram 2 - Aanduiding van die wisselwerking tussen Hottentotsprekers en sprekers van skakerings van Nederlands






3.3.2 DIE 1925-KONTAKSITUASIE

Wanneer die nie-standaardvorm aan die vereistes van outonomie, stabiliteit en gestandaardiseerdheid ("autonomy; stability and fullness" : Ferguson en De Bose 1977 : 111) voldoen, word dit 'n standaardvorm. Dit was die geval met nie-Standaardnederlands aan die Kaap wat onder andere deur opgradering (vgl. p. 40) die standaardtaal, Afrikaans, geword het. Toe dié stadium bereik is, het 'n andersoortige kontaksituasie hom voorgedoen.

Die 1925-situasie was egter nie 'n pidgin- of gebroketaal-situasie nie. Dié situasie het uiteengeval in 'n direkte en indirekte taalkontak, soos in die volgende diagram uiteengesit word:

Diagram 3 - Direkte en Indirekte Taalkontak :
1925 - Afrikaans



Daar was teen + 1925 'n kontaksituasie waarby Afrikaans en Nederlands direk betrokke was. Hierdie kontak is egter kunsmatig veroorsaak deurdat Afrikaans Nederlands se aansien gebruik het om hom van sy ondergeskikte status te verlos, om hom in sy "verandering" aan te help. Hierdie kontak is dus in der waarheid kunsmatig veroorsaak deur onder andere die politieke druk wat op Afrikaans deur die Afrikaanssprekende



self, uitgeoefen is om sy volwaardige plek naas Engels in te neem. Afrikaans kon nie as standaardtaal sy plek volstaannie, indien hy nie in die proses kunsmatig (gedwonge) met Nederlands in kontak gekom het nie — met ander woorde deur terug te gryp na Nederlands ten opsigte van woordeskat, spelling, terminologie, ensovoorts.

Hierteenoor was Engels die ander pool. Die kontak was egter indirek en op 'n afstand, aangesien die "bedreiging" wat van Engels uitgegaan het, slegs meegewerk het aan die naderbeweging van Afrikaans na Nederlands. In die ywer om die nuwe status van standaardtaal gestand te doen (of te handhaaf) is talle vorme wat die ou status gekenmerk het, vervang. Die gevolg was 'n hiperkorrekte reaksie teenoor Engels, 'n bepaalde onverdraagsaamheid — alles wat na Engels gelyk het, moes uit en dit het die naderbeweging aan Nederlands en die uiteindelijke vernederlandsing gestimuleer. (Hierdie aspek word in hoofstuk 7 in meer besonderhede beskryf.)

3.4 LINGUISTIESE MENINGS OOR KONTAKTAALVARIANTE

In die voorafgaande bespreking oor kontaktaalvariante is die drieërleiverdeling van Ferguson en De Bose gehandhaaf. Wanneer ander linguistiese menings egter in ag geneem word, is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid ten opsigte van die kontaktaalvariante bestaan nie. Ter bevestiging van dié feit word 'n skema voorgehou wat nie op volledigheid wil aanspraak maak nie, maar slegs die linguistiese beeld oorsigtelik wil skets. Hieruit blyk dit duidelik dat die meeste linguiste die drieërleiverdeling van Ferguson en De Bose eintlik as een proses (met verskeie kenmerke), naamlik pidginisering, sien.



Tabel 1 - Linguistiese menings oor aspekte rakende kontaktale

A	B			C	
	Kenmerke	Geïdealiseerde registers	Gebroke taal		Pidgin
1. <u>Ontstaan</u>					
(a) Vreendetaalopbou in ooreenstemming met moedertaal	Hall	Hall	Hall, Bickerton, Givon		
(b) Babataal	Todd, Bloomfield, Valdman, Hall, Hjelmslev	Jooste	Freed, Jooste		
(c) Herstrukturering			Sebba, Todd, Platt	+ ¹⁾	
(d) "Business"	Reinecke		Reinecke, Platt, Heine		
(e) Pidians	Hall		Hall, Heine	+	
(f) Seevaart			Todd, Hall		
(g) Releksifikasie		Heine, Fishman	Hall, Todd, Chaudenson, Valdman, Whinnom		
(h) Parallele ontwikkeling			Hall		
2. Sociolinguisties	+	+	+	+	
3. Korttermynkontak			Platt, Hall, Mühlhäusler, Tonkin		-
4. Nie moedertaal van sprekers nie		Hall, Bickerton, Givon, De Bose	Hall, Bickerton, Givon, De Bose, Platt, Traugott, Weinreich, Southworth, Naro, Heine		
5. Vereenvoudiging ook: (PT en BT)	Ferguson & De Bose, Todd, Bloomfield, Valdman, Hall, Southworth, Walters, Snow, Van Eeden, Mynsken, Freed, Platt, Van Wyk, Jooste, Van Rensburg	Ferguson, De Bose, Hall, Platt, Raidt, Van Rensburg	Ferguson, De Bose, Hall, Bickerton, Traugott, Kay, Sankoff, Mühlhäusler, Whinnom, Givon, Weinreich, Hymes, Platt, Van Rensburg		++
6. Verduideliking, beskrywing, opgradering teenoor Foutiwe weergawe	Ferguson, De Bose	Ferguson, De Bose, Todd, Bloomfield	Ferguson, De Bose, Grimshaw, Valdman		++ (word moedertaal)
7. Verarming Onverstaanbaarheid			Mühlhäusler, Whinnom		
8. Multifunksionaliteit		Hall	Voorhoeve		+
9. Portugese woorde			Todd		+
10. Werkwoordreeks=strukture			Todd, Rademeyer		+
11. Reduplikasie	Todd	Todd	Todd, Thompson		+
12. Minderwaardigheid/Slawe-kolonies	Hall, Raidt, Todd, Bloomfield, Valdman		Hall, Mühlhäusler, Goodman		+ ook -
13. <u>Fonologie</u>					
(a) Onderskeid: vokale en konsonantfoneme			Ponelis		
(b) Vokaalfoneme saamgetrek na kardinale stande		Ponelis	Hall		
(c) Geronde voorvokale + ongerond/agter		Ponelis	Hall		
(d) Vereenvoudiging van kombinasies/invoegings		Van Selms	Hall, Ponelis		
(e) Intonasie, klem			Hall		+
(f) Vreemde aksent		Hall	Hall		+
14. <u>Morfologie</u>					
(a) Gemeenskaplike trekke: begin van grammatika			Hall		+
(b) Afwesigheid van morfologiese komplikasies			Hall, Weinreich		+
15. <u>Ortografie</u>					
(a) Mondelinge kommunikasie			Hall		+ (word skryftaal)

1) ++ drasties/baie

+ kom voor

- kom nie voor nie



Die genoemde skema/tabel omvat onder andere die volgende:

A. Die kenmerke/eienaardighede van kontaktaalvariante soos deur verskillende linguïste geïdentifiseer.

Hierdie deel val uiteen in:

(1) Ontstaan: Die moontlike verklarings vir die ontstaan van kontaktaalvariante word hieronder saamgevat, byvoorbeeld Seevaart, ensovoorts.

(2) - (12) Algemene geïdentifiseerde kenmerke.

(13) Fonologiese kenmerke/eienaardighede.

(14) Morfologiese kenmerke/eienaardighede.

(15) Ortografiese kenmerke/eienaardighede.

B. Die drieërleiverdeling van kontaktaalvariante, naam= geïdealiseerde registers, gebroke tale en pidgins.

C. Om die kenmerke van 'n kreoolse taal in vergelyking met dié van die genoemde variante te sien, is die voorkoms/afwesigheid van 'n besondere kenmerk deur die simbole: ++ (drasties/baie), + (kom voor) en - (kom nie voor nie) aangedui.

(Dié tabel word in die res van die hoofstuk in meer besonderhede beskryf.)

3.4.1 PROBLEME TEN OPSIGTE VAN PIDGINTALE

Een van die probleme wat met die bestudering van pidgintale ondervind word, is die volgende: Pidginisering is 'n duidelike *proses*, maar bestudeerders daarvan kan dit kwalik *direk* bestudeer. In die meeste gevalle is die proses van pidginisering reeds voltooi wanneer dit onder die aandag van linguïste kom en dan kan daar slegs met die eindproduk, die pidgintaal, gewerk word. Sodoende word die karakteristieke eienskappe van die pidgintaal en nie die karakteristieke eienskappe van pidginisering beskryf nie. Dit is ook nie duidelik in watter mate daar



veralgemenings gemaak kan word ten opsigte van alle pidginsituasies uit die studie van slegs enkele gevalle nie.

Dieselfde geld vir die pidginvorme aan die Kaap en die feit dat hulle vandag slegs skriftelik oorgelewer is. (Vergelyk byvoorbeeld hofverslae in verband met slawebedrywigheede, ensovoorts.) (Raidt 1971 : 110.)

Om pidginisering ten volle te begryp behoort 'n mens 'n gebied te vind waar 'n pidgintaal nog aan die ontwikkel is. Dit is egter te betwyfel of ons ooit weer in die geskiedenis van die mensdom 'n "klassieke" pidginsituasie sal vind. Dié klassieke situasie het gedurende en as 'n direkte gevolg van die Europese koloniale uitbreiding ontstaan: dit het bestaan uit 'n klein groepie sprekers van 'n Europese taal wat 'n groot spraakgemeenskap wat uit vele nie-Europese tale bestaan het, gedomineer het. Dié situasie het voorts binne 'n sosio-ekonomiese sisteem plaasgevind waar aktiewe pogings aangewend is om die algemene handhawing/beheersing van die dominante nie-Europese taal te verhoed of dan in elke geval te ontmoedig. 'n Feitlik identiese situasie het in die Kaapse nedersettingsgebied geheers en met die Engelse ekspansionisme aan die orde van die dag het die idealisering en uitbreiding van die aanvanklike dominante taal (Nederlands) geweldig onder skoot gekom.

Teenoor hierdie klassieke situasie van pidginisering, staan die Ferguson en De Bose-pidginsituasie wat in die onderhawige studie voorgestaan word:

"Whenever speakers of one language acquire another, they produce broken language, and every speech community has simplified registers in its repertoire ... The term pidginization, however, seems best limited to those situations in which the structural change is relatively rapid and results from the communicative interaction of native and non-native speakers of the common source/target language"
(Ferguson en De Bose 1977 : 111 - Eie beklemtoning).



3.4.2 DIE TERM: PIDGIN

"Die Herkunft des Begriffs 'Pidgin' is nich mit Sicherheit festzustellen. Unter den Versuchen, die Etymologie dieses Wortes zu bestimmen, verdienen zwei besondere Aufmerksamkeit. Einerseits soll 'Pidgin' einer weitverbreiteten Ansicht zufolge dem chinesischen Pidgin-Englischen entstammen und von dem englischen Wort business, 'Geschäft' abgeleitet sein. In der Tat wurde das Wort [pidʒin] nachweislich im chinesischen Pidgin-Englischen in der Bedeutung 'Geschäft' gebraucht" (Heine 1973 : 15).

Reinecke (1964) maak ook van dié etimologie melding en John en Heidi Platt (1975 : 101) ondersteun hom, maar meld tog dat daar nie eenstemmigheid oor dié aspek heers nie.

"Einer anderen Ansicht zufolge, die nach Robert A. Hall historisch glaubwürdiger erscheint, hat das Wort seinen Ursprung in Südamerika" (Heine 1973 : 15).

"... we do have in its records the attestation of the term Pidian, referring to the local Indians and probably taken from an indigenous word meaning 'people'. In the popular English pronunciation of the time, Pidian would have become Pidgin, just as Indian became Injun, etc. If this etymology is valid, the term 'pidgin' would have originated in one of the very first English colonies, with some such meaning as 'native who is willing to trade', and 'pidgin English' would have been 'the English used by and in contacts with the Pidiens or Pidgins'" (Hall 1966 : 7).

Die ontstaan van die term "pidgin" vir 'n bepaalde kontak=taalvariant is nie verder ter sake nie. Wat wél nou aandag vereis, is hoe hierdie sosiolinguistiese soort kontak verder gedefinieer kan word.

3.4.3 ONTSTAAN

"Pidgin and creole linguistics is a field of so much current ideological upheaval and debate that there is virtually no core area of agreement among specialists. To illustrate the extent and



fundamental nature of current uncertainty, we need only note that leading specialists do not even agree on what constitutes a PIDGIN" (Naro 1978 : 887).

Vervolgens word enkele ontstaansteorieë (vir pidgins) wat deur linguïste gehuldig word, voorgehou. Die meeste linguïste gaan van die standpunt uit dat dié kontaktaal=variant in die eerste plek sosiolinguïsties gedefinieer word as kodes wat werkzaam is *tussen* die lede van verskillende taalgemeenskappe, eerder as binne 'n enkele gemeenskap, met ander woorde hulle (die linguïste) veronderstel dat kontaktaale in tipiese meertalige kontaktsituasies ontstaan. Die teorieë word nou in meer besonderhede toegelig.

3.4.3.1 VREEMDETAALOPBOU IN OOREENSTEMMING MET MOEDERTAAL

In spontane taalverandering blyk daar geen vreemdetaalmikpunt te wees waarna of waarop die beoogde veranderinge hul moet skoei nie — verandering, word veronderstel, ontstaan deur die interne beweeglikheid van die taal self. In kontaktaale en veral in die geval van pidgintale, is daar 'n taal wat as doeltaal/mikpunt voorgehou word. Die verskille in vergelyking met die doeltaal kenmerk juis die spreker as 'n vreemdetaalspreker. Die vreemdetaal=aanleerder glo dat daardie doeltaal se woorde (en strukture) reeds ingebed is in die gunstigste woordvolgorde.

"The acquirer of a pidgin would seem to be quite insensitive to what the basic word order of the target language is ... and begins with the hypothesis that his target has the same order as his own language" (Hall 1966 : 24).

Bickerton en Givón (1976) en Hall (1966 : 12) sluit hierby aan:



"It would appear that, in the classic contact situation, the average speaker begins by gradually relexifying his original grammar ... slotting newly-acquired vocabulary into surface structures characteristic of his own language. However, as the non-native lexicon grows, this has repercussions on both his phonology and syntax. In his syntax, ... it leads to the gradual re-placement of native by non-native structures."

Dié feit bring dus mee dat die vreemdetaalaanleerder bepaalde veranderinge inisier wat 'n reeks verreikende sintaktiese veranderinge tot gevolg kan hê.

3.4.3.2 KORTTERMYNKONTAK (IN HANDEL EN SEEVAART)

Mühlhäusler (1975) en Tonkin (1971) wys daarop dat 'n kontak- of versteuringstaal se ontstaan eintlik toe te skryf is aan redelik informele, korttermynkontak tussen groepe wat nie oor 'n gemeenskaplike taal beskik nie. Daarom kan in der waarheid beweer word dat 'n kontaktaal nie 'n spraakgemeenskap van sy eie het nie. As gevolg van die lae sosiale status en die stigma van minderwaardigheid van kontaktale, word hul gebruikswaarde en noodsaaklikheid dikwels onderskat. Selfs in die mees informele, kortstondige kontak, vervul 'n kontaktaal 'n funksie wat deur geen ander wyse van kommunikasie gedupliseer kan word nie, naamlik dié van die vorming van wedersydse verstandhouding of verstaan van 'n bepaalde aantal onderwerpe. (Vergelyk in dié verband "Koreaanse Bamboespiggin": Todd 1974 : 5.) Wanneer die kontaktaal egter op 'n wyer basis gebesig word, word dit later onvervangbaar as die lingua franca in gebiede waar daar baie verskillende, wedersyds onverstaanbare tale is.

Hoewel 'n korttermynkontak in die eerste fases van die kontaktaal veronderstel word, is dit egter nie 'n vereiste nie, met ander woorde die totstandkoming van die kontaktaal is redelik onbeïnvloed deur die duur van die kontak, terwyl die duur van die kontak by die kreolisering van



die kontaktaal wel 'n beïnvloedende rol uitoefen.

"The life-cycle of a pidgin ... seems to be dependent on presence or absence of maintained contact, whereas a creole will continue to exist even when the contact with the original target language has ceased" (Tonkin 1971 : 135; Mühlhäusler 1975 : 34).

Linguïste koppel heel dikwels dié korttermynkontaktsituasie met 'n handelsituasie waarin

"... detailed exchange of information or minute co-ordination of activity is not required" (Hall 1966 : xii).

Hall (1966 : 4) meld onder andere dat selfs voor die Blankes Amerika betrek het, die Indiane in die Noordweste 'n gepidginiseerde vorm van Chinook in die handel gebruik het. 'n Soortgelyke situasie het in Suid-Amerika geheers met die Pidgin Tupí-Guarant wat die Portugese setlaars van Brasilië die algemene taal (Lingua Gêral) genoem het.

Hierteenoor en gedeeltelik aansluitend by die handelsituasie en die gevolglike ontstaansteorie wat daaruit voortspruit, staan die sogenaamde seevaartjargonteorie. So beweer Reinecke (1964) byvoorbeeld dat kontaktaal dus grootliks as grenstale ("marginal") beskou kan word, omdat hulle kommunikasieveld dikwels beperk is tot sekere dele van sosiale interaksie en veral dan tot seevaart en handel. Hall (1966, I : 3-14) en Todd (1974 : 33) glo dat skeepsbemanning 'n algemene kommunikasiemiddel daarstel, aangesien so 'n bemanning gewoonlik uit manne wat elkeen 'n ander taal/dialek praat, saamgestel word. Die situasie op 'n skip weerspieël dus in der waarheid 'n mikrobeeld van wat in 'n nedersettingsgebied plaasvind. (Vergelyk byvoorbeeld Nelson se skip Victory waarop 14 nasionaliteite verteenwoordig was.) (Hart 1973 : 30.) Hierdie teorie kan as kern van die ontstaan van kontaktaal gedien het waarvandaan dit weer op grond van die voorbeeld van die



betrokke moedertaal van die sprekers verder sou ontwikkel het. Dit is 'n baie aanvaarbare teorie, aangesien daar feitlik in alle kontaktaale met Europese leksikons seevaartkundige elemente voorkom.

"But it also fails to explain the many structural affinities that exist between pidgin and creole Englishes and their French, Portuguese, Spanish and Dutch counterparts" (Todd 1974 : 33).

3.4.3.3 "BABY TALK" EN VREEMDELINGETAAL¹⁾

Volgens die "Baby Talk"-teorie het elke pidgin- en kreoolse taal as 'n soort kindertaal begin wat deur plantasië-eienaars en handelaars gebruik is om met hulle slawe, klante en bediendes te kommunikeer (Stoltz 1982 : 10). Sō 'n situasie waarin die moedertaalspreker hom gedwonge voel om diē variante te gebruik, word deur Bloomfield (1933 : 472) en Todd (1974 : 29) onderskei:

"Speakers of a lower language may make so little progress in learning the dominant speech, that the masters, in communicating with them resort to 'baby-talk'. This 'baby-talk' is the masters' imitation of the subjects' incorrect speech ... The subjects, in turn, deprived of the correct model, can do no better now to acquire the simplified 'baby-talk' version of the upper language. The result may be a conventionalized jargon."

Vreemdelingetaal (FT = Foreigner Talk), hierteenoor, verwys volgens Ferguson (1981 : 10) na:

"... the particular register used primarily to address foreigners, i.e., people who do not have full native competence (or possibly any competence at all) in one's language."

Ferguson vat die geringe verskil tussen diē twee variante (BT en FT) saam en konstateer:

1) Vergelyk in diē verband ook pp. 65 en 66.



"BT (Baby Talk) and FT (Foreianer Talk) ... are two of a family of simplified registers which are used with various kinds of addressees who, for one reason or another, lack full competence in the language" (1981 : 10).

Freed (1981 : 19) identifiseer karakteristieke eienskappe van die sogenaamde baba-/vreemdelingetaal:

"... characterized by frequent pauses, often at constituent boundaries, limited vocabulary and brevity. Repetition is a frequent discourse feature and imitations may appear ..."

Jooste (1981 : 30) sluit by Freed aan en meld verder:

"Wanneer die kenmerke van kindertaal in oënskou geneem word, kom dit duidelik aan die lig dat kindertaal 'n groot ooreenkoms toon met nie-standaard Afrikaans en waarskynlik met ander Germaanse nie-standaard vorme ook. Verskynsels soos metatesis, invoeging, weglating, ontronding, hiperkorreksie, palatalisasie, foutiewe sinskonstruksie, ensovoorts kan duidelik waargeneem word."

Die boorling wat nie van beter geweet het nie, het maar aangeneem dat dít (FT of BT) die moedertaalspreker se werklike taal is en het gepoog om dit te gebruik. Hy sou selfs in dié gebroketaal-vorm elemente van sy eie taal invoeg – nie slegs uitspraakvorme nie, maar ook grammatikale en sintaktiese vorme en natuurlik woordeskatbousels. Die gebroketaal-vorm

"... thus becomes institutionalized, with its grammatical structure crystallized at this initial stage of language-learning" (Hall 1966 : 5).

Dié teorie bied 'n baie aanneemlike verklaring vir die vraag oor die ontstaan van kontaktale, maar tog bly dié teorie in gebreke om te verduidelik waarom pidgins (en gebroke tale):



"... are not often mutually intelligible with the languages of which they are, supposedly, baby-talk versions; more important, it fails to explain why pidgins and creoles which are related to different European languages are, in many ways, syntactically more similar to each other than they are to the language from which their lexicons derive" (Todd 1974 : 29).

3.4.3.4 ONAFHANKLIKE PARALLELE ONTWIKKELING/POLIGENE-TIESE TEORIE

Ten spyte van wat Hall tevore al as ontstaansteorieë voor= gehou het, glo hy ook nog dat baie van die kontak- en kreoolse tale langs parallelle weë ontwikkel het. Met ander woorde, Hall beskou die ontstaan van 'n pidgin of 'n kreoolse taal as 'n aparte "skeppingsgebeure", wat op verskeie plekke en tye herhaal is. Elke pidgin en kreoolse taal is dus verwant aan 'n korresponderende standaardtaal waarvan dit afgewyk het (Stoltz 1982 : 12).

Die grootste beswaar teen dié poligenetiese teorie wat die onafhanklike ontstaan van pidgins as basis het, is dat daar ooreenkomste tussen kreoolse tale is wat te groot is om toevallig te wees. Todd (1974 : 32) stel die tekortkoming om 'n verklaring vir die genoemde situasie te gee soos volg:

"... Structurally as well as lexically, the Atlantic and Pacific pidgin Englishes have common features which do not occur in standard English. Secondly, although it would be folly to deny the west African contribution to the Atlantic pidgins and creoles, one must not forget that the African slaves came from widely separated areas of West Africa and to overstress the similarity of their linguistic background is to oversimplify."

Dié aspek is ook waar van die Kaapse Afrikaans, wat die Oosterlinge sowel as die slawe uit Afrika betref.



3.4.3.5 RELEKSIFIKASIE/MONOGENETIESE TEORIE

Die beswaar wat hierbo teen die onafhanklike parallelle ontwikkelingsteorie geopper is, word deur 'n ander teorie, naamlik die monogenetiese of releksifikasieteorie (die woordeskatverplasing van een taal deur 'n ander) ondersteun. Volgens hierdie teorie is alle Europees-gebaseerde kontak- en kreoolse tale van 'n 15de-eeuse Portugese pidgin afkomstig (naamlik Sabir of Lingua Franca). Laasgenoemde was 'n algemene taal van die veeltalige kruisvaarders en Middellandse See-handelaars. Van hierdie gebruik is die term geleidelik uitgebrei om enige taal wat as kommunikasiemiddel tussen mense van verskillende taalagtergronde gebruik word, in te sluit. B. Heine definieer Lingua Franca soos volg:

"... Sprachen, die gewohnheitsgemäß als Kommunikationsmittel zwischen Gruppen von Menschen verwendet werden, deren Muttersprachen verschieden sind" (1973 : 16).

Die UNESCO-definisie (1953 : 46) gee dieselfde weer:

"A language which is used habitually by people whose mother tongues are different in order to facilitate communication between them" (soos aangehaal deur Fishman 1972 : 661).

Hierdie Lingua Franca verskil, wat die woordeskat betref, van gebied tot gebied, maar dit lyk of sy struktuur staties is en toon ooreenkoms met moderne pidgins (kontak-tale) en kreoolse tale. Diegene wat dié teorie ondersteun, glo dat die Portugese die Weskus van Afrika gedurende die 15de eeu bevaar het. Hulle gebruik hul Portugese vorm van Sabir en dra dit as die eerste Europese taal op die mense van Afrika oor. Gedurende die 16de en 17de eeu het die Portugese invloed in Afrika verminder en is die dominante taal van die bepaalde gebied ter wille van woordeskatuitbreiding gebruik.




(Terloops, die Portugese was ook die eerste Europese handelaars in Indië en die Verre Ooste en kán dus die inisiators van dié tipe kontaktaal wees.)

"The monogenetic theory, envisaging a Portuguese pidgin, as the originator of both Atlantic and Pacific pidgins and creoles through a process of relexification, has many attractions, most notably its comprehensiveness; but the case for this theory, as for the other considered, calls for a verdict of 'not proven'. What is clear is that pidgins, by shedding linguistic redundancies, by adopting greater syntactic regularity, by jettisoning linguistic inessentials, have very successfully eradicated the very features which would allow linguists to link them, unequivocally, with a particular language or family of languages" (Todd 1974 : 39).

Todd (1974 : 46) en Valdman (1977 : 77) se indeling van pidgins met bogenoemde teorie voor oë, sien dan veral ten opsigte van Indo-Suidsee Portugese Pidgin sō daar uit:

Diagram 4 - Ontstaan van pidgintale soos blyk uit die Monogenetiese- of Releksifikasieteorie





3.4.3.6 'N VERDERE BESKOUING: 'N SINTESE

Die oorsprong van kontaktale sal dalk eerder gevind word in 'n meer "algemene" teorie, naamlik deur die moontlikheid te bestudeer dat daar universele patrone van linguistiese gedrag in kontaktsituasies voorkom. Met ander woorde: die menslike taal word as spesie-spesifiek gedefinieer, dit wil sê die mens alleen beskik oor die vermoë om taal geneties oor te erf. As die mens dan die beginsel van kindertaal in ag neem waardeur die taal vereenvoudig word, kan kontaktsituasies tot dieselfde vergestalt: die mens sal die taal verander om 'n bepaalde linguistiese situasie te kan hanteer. Hierdie teorie is miskien die eenvoudigste, maar omvat al die ander, soos Todd dan ook konstateer:

"I have no doubt that in certain places at certain times English speakers did talk to the people they came into contact with as if they were children, and as if they would understand the full language; that sailors were not averse to sharing their nautical jargon with the people whose way of life they shared, often for months at a time; that relexification did occur and that, at the same time, a universal process of simplification was at work. The exact details of origin and development of pidgins can be guessed at but never known with absolute certainty" (1974 : 49).

3.4.4 KENMERKE

'n Pidgintaal is 'n nie-standaardvorm van 'n volwaardige taal en voldoen nie aan die norme wat sommige ondersoekers vir volwaardige tale stel nie: outonomie, stabiliteit en standaardisasie (Ferguson en De Bose 1977 : 111). Ander kenmerke val ook op, en word vervolgens kortliks bespreek:

3.4.4.1 NIE-MOEDERTAAL

Daar heers redelik algemene eensgesindheid onder linguiste ten opsigte van dié aspek. So glo Mühlhäusler (1975)



en Tonkin (1971) byvoorbeeld dat 'n kontaktaalvariant ontstaan tussen groepe wat nie oor 'n gemeenskaplike taal beskik nie en in 'n kontaktsituasie teenoor mekaar te staan kom. Hierdie kontaktaal,

"... a rule-governed system of verbal communication ... neither is nor pretends to be the native linguistic competence of any speaker or group" (Naro 1978 : 314).

"... jener Sprachen, die gewohnheitsgemäß als Kommunikationsmittel zwischen Gruppen von Menschen verwendet werden, deren Muttersprachen verschieden sind" (Heine 1973 : 16).

Hall sluit by bogenoemde aan deur te verklaar:

"To communicate with each other, two or more people use a language in a variety whose grammar and vocabulary are very much reduced in extent and which is native to neither side" (1966 : xii).

Hall verduidelik sy definisie deur 'n voorbeeld van pidgin-Italiaans voor te hou: *"Questo èssere molto bello pittura Michelangelo: This is very beautiful picture (by) Michelangelo."* As slegs een van die groepe wat betrokke is sō sou praat, terwyl die ander groep gewone Italiaans sou besig, sou die verdigte spraak *nie* 'n pidgin genoem kan word nie, maar slegs "gebroke" Italiaans (vgl. p. 42). Op Suid-Afrikaanse bodem kan die vertellings van Kaatje Kekkelbek dalk in dieselfde kader val, te wete, gebroke Afrikaans.

"For a language to be a true pidgin, two conditions must be met: its grammatical structure and its vocabulary must be sharply reduced, and also the resultant language must be native to none of those who use it" (Hall 1966 : xii).

Met hierdie definisie en verduideliking sluit Hall dan ook by Ferguson en De Bose se drieledige indeling van kontaktale aan en bevestig hy die feit dat die veronderstelling *"... native to neither side"* nie 'n voorwaarde



vir 'n kontaktaal is nie.

Southworth (1971 : 255-273) merk ook op dat pidginisering 'n skerp breuk in taaloordrag insluit en dat die skepping van 'n nuwe kode wat as kommunikasiemiddel tussen twee (of meer) groepe sprekers wat voorheen geen gemeenskaplike taal gehad het nie, veronderstel word. Ook uit Weinreich en ander se werke blyk dit dat noue kontak tussen sprekers van verskillende tale tot allerlei grammatikale versteurings by die sprekers kan lei, asook tot die uitkristallisering van nuwe tale (1953 : 69).

3.4.4.2 VEREENVOUDIGING¹⁾

Uit sommige van die reeds aangehaalde gedeeltes skemer 'n ander aspek van kontak- of versteuringstale deur, naamlik dié van vereenvoudiging.

"Whatever its precise motivation may be, however, there appears to be fairly general agreement among linguists that an essential element in the pidginization process consists in the simplification of the grammatical structure of the target language" (Hymes 1971 : 84).

Tradisioneel is 'n kontaktaal beskou as

"... being the simplification of a 'language of culture', in part by unlettered learners of that language, but with considerable assistance from its native speakers" (Bickerton 1975 : 10).

'n Meer moderne benadering voer die kontaktaal terug na:

"... simplifying, not a language but Language itself ... peeling off layers of superficial structure in order to produce something much closer to the universal base than their own native languages" (Kay en Sankoff (1974); Traugott (1976) - aangehaal deur Bickerton, 1975 : 10).

1) Vergelyk in dié verband ook: kompensasie, p. 39.



Die skema (p. 50) laat blyk dat linguïste juis ten opsigte van die aspek van vereenvoudiging geredelik 'n drieledige verdeling van kontaktaal daarstel.

3.4.4.2.1 Vereenvoudiging in die geïdealiseerde registers

'n Geïdealiseerde register verteenwoordig dan dié tipe taal waarin die moedertaalspreker die vereenvoudiging aanbring.

Van Wyk (1983 : 162) meld dat hoe swakker die aangesprokene se beheersing van die spreker se taal, hoe groter is laasgenoemde se aanpassings. As dit só swak is dat hy 'n gewone gesprek nouliks of glad nie kan volg nie, gaan die moedertaalspreker se aanpassings soms so ver dat hy sy taal op 'n drasties vereenvoudigde en afwykende manier aanbied. In Suid-Afrika word Afrikaans vandag deur baie moedertaalsprekers op 'n patroonmatige wyse vereenvoudig wanneer hulle met Swart mense praat. In die vroeë Kaapse situasie sou dieselfde plaasgevind het as tans met betrekking tot Swartafrikaans. Dié tendens het hom voorgedoen in 'n poging tot kommunikasie tussen die Nederlander en die Hottentot. Jooste (1981) sluit by Van Wyk (1983) aan as hy beweer dat die Hottentot nouliks Nederlands kon verstaan. Die Nederlander het gevolglik 'n vereenvoudigde Nederlands teenoor die Hottentot gebesig en die boorling wat nie van beter geweet het nie, het maar aangeneem dat dit die moedertaalspreker se werklike taal is en het gepoog om dit te gebruik.

Snow, Van Eeden en Muysken (1981) het in 'n projek gebaseer op "... native speakers' introspections about how they would address foreigners", bevind dat:



"every sentence produced contains some of the familiar FT (Foreigner Talk)¹⁾ characteristics — deletions, grammatical simplification lexical analysis, etc." (1981 : 81).

Hulle bevindinge het voorts daarop gedui dat indien die vreemdelinge beskou word as relatief hoog in aansien, intelligent of sosiaal gelyk aan die moedertaalsprekers hulle nie aangespreek word met die uiterste FT-karakteristieke nie; laasgenoemde is gereserveer vir laerstatusvreemdelinge. (Vergelyk in dié verband Van Wyk 1983.)

3.4.4.2.2 Vereenvoudiging in die gebroke tale

Teenoor die kontaktaalvariant, geïdealiseerde registers, waarin die moedertaalspreker die vereenvoudiging aanbring, staan gebroke tale — hier lê die vereenvoudigingstendens in die andertalige se taalweergawe.²⁾ Hiérdie vereenvoudiging was in der waarheid 'n voortsetting van die moedertaalspreker se aanvanklike pogings tot kommunikasie met vreemdelinge. Hall (1966) maak melding van die feit dat orals waar die Wes-Europeër hom bevind het, hy dieselfde linguistiese gedrag teenoor die inboorlinge van die bepaalde gebiede gehandhaaf het. Die Europeër was gewoonlik té seker van die superioriteit van sy eie kultuur om enigsins belang te stel in "minderwaardige" tale; so doende móés die boorling sy bes doen om homself aan die nuweling verstaanbaar te maak deur woorde van eersgenoemde se taal in sy eie op te neem.

1) Freed (1981 : 19) en Ferguson (1981 : 10) meld dat "Baby Talk" en "Foreigner Talk" feitlik identies is: *"... two of a family of simplified registers ... Both are characterized by frequent pauses ... limited vocabulary and brevity. Repetition ... and imitations may appear in either of their corpora ..."* — Vergelyk in dié verband ook p. 57 (3.4.3.3).

2) Vergelyk Klopper (1981) vir voorbeelde by Sotho-sprekers.



Hierdie aspek word onderskryf deur die Kaapse taalsituasie. Talle reisbeskrywings onder andere dié van Van Rhee de, die botaniste Sparrman en Thunberg, die Fransman F. le Vaillant, die Engelsman G. Thompson, W.B. Paravicini di Capelli en sovoorts. (Raidt 1971 : 103-104) maak van gegewens melding wat hieronder tuisgebring kan word. Ook in justisiële attestasies en kriminele prosesstukke wat bewaar gebly het, word die soort verbasterde Nederlands wat deur slawe, Hottentotte en "ander heidense volkstamme" gepraat is, vermeld (Raidt 1971 : 152).

Verstaanbaar is die feit dat die boorling se eerste probeerslae om Portugees, Spaans, Frans, Engels of Nederlands te praat, maar power was. In hierdie stadium het die Europeërs geglo dat die boorling se powere pogings om sy (Europese) taal te praat nie aan onvoldoende oefening en ander faktore nie, maar aan geestelike minderwaardigheid toegeskryf moet word. Dit is juis dié stigma wat maklik aan nie-standaardtale toegevoeg word. Die Europeër het dus tot die gevolgtrekking gekom dat dit nodeloos was om "goeie taal" met die boorling te praat en het hom volgens die model van die boorling se onvoldoende taalbeheersing geantwoord. Selfs vorme van babataal/vreemdelingetaal is bygevoeg (Todd 1974 : 29; Bloomfield 1933 : 472; Valdman 1977 : 105). Die boorling wat nie van beter geweet het nie, het maar aangeneem dat dít die blanke se werklike taal is en het gepoog om hierdie (vereenvoudigde) vorm te gebruik. Hy sou selfs in hierdie onvolmaakte weergawe vorme van sy eie taal invoeg. Dié gebroketaal-
vorm

"... thus becomes institutionalized, with its grammatical structure crystallized at this initial stage of language-learning" (Hall 1966 : 5).



3.4.4.2.3 Vereenvoudiging in die pidgintaal

Die gelyktydige vereenvoudiging of reduksie van geïdealiseerde registers en gebroke tale word in die pidginvariant vergestalt. Oor die algemeen vind dié vereenvoudiging/reduksie plaas in die rigting van dié eienskappe wat algemeen is in die tale van diegene wat die pidgin gebruik

"... for mutual ease in use and comprehensibility, thus arriving at a kind of greatest common denominator" (Hall 1966 : 25).

Todd (1974 : 10) sê verder dat die Europese taal sō beïnvloed word deur die ander taal dat die grammatika van die pidgin wat ontstaan, nie net 'n vereenvoudigde weergawe van die Europese taal of van die ander taal is nie,

"... it is not even a common denominator grammar of the contact languages. Rather, the grammars of creoles and extended pidgins are a restructuring of the grammars that interacted — A grapefruit has much in common with both oranges and lemons but its taste is uniquely its own."

3.4.4.2.4 Samevatting: vereenvoudiging en kompensasie

In terme van die standaardvorm van 'n taal word die vorme wat daarvan afwyk, in die reël gesien as behorende tot 'n vereenvoudigde vorm (Van Rensburg 1983 : 15). Soos reeds vroeër vermeld (pp.38 e.v.) is nie alle afwykings vereenvoudigde vorme nie — daar is in der waarheid ook afwykings wat binne die kader van die sogenaamde kompensasieprosesse val.

Oor die algemeen hou die sogenaamde vereenvoudigingsprosesse van die betrokke kontaktale vir heelwat linguïste in dat:

- (a) daar 'n vermindering in die getal grammatikale kategorieë is wat gebruik word, byvoorbeeld ten opsigte



van meervoude: "bees", "skaap". Dit is egter duidelik dat hier nie net sprake van vereenvoudiging is nie, want daar kan in sinne waarin die genoemde woorde voorkom, dalk gekompenseer word met woorde soos: "trop", "tien", "baie", ensovoorts;

- (b) die aantal voornaamwoorde aansienlik verminder word. Voornaamwoorde word in analitiese tale in die plek van naamvalle gebruik. In 'n taal met 'n vaste woordvolgorde (byvoorbeeld Afrikaans) is naamvalle nie nodig nie en vind daar reeds kompensاسie plaas die oomblik as 'n voornaamwoord gebruik word (Latyn: *pupa puellae* x die meisie *se* pop);
- (c) 'n reduksie van die woordeskat plaasvind, maar dat die aantal betekenismoontlikhede wat 'n woord kan hê, vergroot word, byvoorbeeld "grass" (Eng.) > gebruik vir enige lemvormige voorwerp: "hare"=gras van die kop; "baard"=gras van die gesig (Hall 1966 : 91);
- (d) van die selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde by genustoepassing verminder of geëlimineer word, byvoorbeeld die bal van die meisie x die meisie se bal;
- (e) daar geen ooreenstemmende ooreenkoms tussen onderwerp en predikaat is nie. Die werkwoordvorm is byvoorbeeld onveranderlik en daarom word tydsaanduiding uit die konteks afgelei óf van 'n stel vry morfeme wat die werkwoord voorafgaan, verkry. Dit is weer eens nie suiwer vereenvoudiging nie, want daar is sprake van kompensاسie by die tydsaanduiding;
- (f) die fonemiese sisteem vereenvoudig;
- (g) morfologiese ingewikkeldhede verdwyn en multifunksionaliteit¹⁾ 'n rol speel. Hieroor meld Voorhoeve:

1) Vergelyk in dié verband ook: Kempen, W. 1969. *Samestelling, afleiding en woordsoortlike meerfunksionaliteit in Afrikaans*. Nasou, Kaapstad.



"... multifunctionality seems to be more frequent and regular in pidgins and creoles than in the model language (*the ability of a single word to function [without any morphological change] as two or more of noun, verb, adjective, adverb and preposition) (In Sebba 1981 : 162).*

Vir Mühlhäusler (1975) en Whinnom (1971 : 106) bestaan die genoemde vereenvoudigingsproses onder andere uit die kriteria verarming ("impoverishment") en onverstaanbaarheid ("unintelligibility"). Onder eersgenoemde word 'n werklike verlies van 'n bepaalde deel van die taal verstaan. Die mees algemene plek waar verarming voorkom, is in die leksikon. Daar sal letterlik duisende konsepte wees wat nie in die eerste fases van pidginisering uitgedruk kan word nie. Laasgenoemde word veroorsaak deur veral twee faktore, naamlik 'n verskuiwing van die betekenis van leksikale items en 'n herkonstruksie van die grammatika.

3.4.4.3 PORTUGESE WOORDE

Die meeste kontaktale (en hier word dan spesifiek die pidgintaal bedoel) maak volgens Todd (1974 : 10) van etlike Portugese woorde gebruik. Hierdie element wissel vanaf 'n paar persent in die meeste gevalle tot soveel as 30% (in Saramaccan). Ook in die Afrikaanse milieu was Portugees (of gebroke Portugees) in sy Wes- en Oos-Afrikaanse, maar ook Oosterse skakering 'n taal wat direk of indirek 'n invloed op die ontwikkeling van Hollands kon gehad het (Scholtz 1980 : 38). (Dié aspek word in meer besonderhede in die volgende hoofstuk behandel.)

3.4.4.4 WERKWOORDREEKSSTRUKTURE

Hierdie strukture kom volgens linguïste meer dikwels in pidgin en kreools voor as in nie-gepidginiseerde tale:

"Such structures are considered useful indications of whether a language has been pidginized and their existence in Afrikaans lends weight to



the theory that Afrikaans is a creolized Dutch" (Cameroon pidgin: "that chief he woman he go start begin teach he"; Afrikaans: die kinders sit speel ("... are sitting and playing") (Todd 1974 : 19 en 89). Vergelyk Rademeyer (1938) vir skakelwerkwoordkonstruksies in Griekwa-Afrikaans, byvoorbeeld sit, kyk, lê slaap, ensovoorts.

3.4.4.5 REDUPLIKASIE

Reduplikasie (en in der waarheid ook die meeste ander pidginmerke) word dikwels te veel beklemtoon as dat dit 'n eienskap van pidgin en kreoolse tale sou wees. Die meeste tale, indien nie almal nie, gebruik reduplikasie vir beklemtoning. 'n Pidgin en kreoolse taal verskil van die Europese taal ten opsigte van reduplikasie in graad eerder as dat dit 'n hele nuwe konsep van versterking van betekenis daarstel. In pidgins word dié aspek dikwels gebruik as 'n metode van woordeskatuitbreiding, byvoorbeeld

Pitcairnese: "ile" > "hilly" (Eng.)
"ileile" > "choppy sea" (Eng.).

Reduplikasie dien voorts in alle pidgins en kreoolse tale om tussen woorde waarvan die uitspraak ooreenkom, te onderskei, byvoorbeeld:

Krio: "sun" en "sand" - uitgespreek "san"
dus: san = "sun" (Eng.); sansan = "sand" (Eng.)
was = "wash" (Eng.); waswas = "wasp" (Eng.)
(Todd 1974 : 19).

Mark Sebba voeg hieraan toe:

"Reduplication has been something of a favourite among Creolists, and some have gone so far as to consider it a salient feature of Creolization" (1981 : 103).

Thompson (1961 : 111), soos deur Sebba aangehaal, meld ook die voorkoms van reduplikasie, maar hy rig terselfdertyd die waarskuwing dat dié aspek te veel aandag mag



kry,

"... because ... not everybody who says 'si, si, senor', or 'oh, la, la' is a Creole speaker. Iteration is common to many languages and the part it plays in the formation of pidgins could, alone, explain its vigorous presence in the Creoles."

Ten slotte: daar moet voortdurend in gedagte gehou word dat geen enkele verskynsel in isolasie deurslaggewend kan wees in die bepaling van 'n pidgintaal nie.

3.4.4.6 KULTURELE VERSKILLE TUSSEN GROEPE

Hoe meer kulturele verskille tussen groepe bestaan, hoe minder gemeenskaplike situasies word gedeel en raak die onderwerpe van algemene belang baie minder. As sprekers van verskillende tale byvoorbeeld tot dieselfde algemene kultuur (byvoorbeeld Christelik-Europees) behoort, is die ontwikkeling van 'n stabiele pidgin uit hul kontak, redelik skraal. Hulle mag egter 'n lingua franca gebruik. 'n Pidgin ontstaan gewoonlik:

"... in situations where the cultural differences are considerable" (Mühlhäusler 1975 : 35),

met ander woorde, in 'n situasie van standaardtaal versus nie-standaardtaal.

3.4.4.7 PRESTIGE VAN DIE DOELWITTAAL

In samehang met kulturele verskille staan die aspek van die prestige van die doelwittaal. Enige gebroke taal (in Ferguson en De Bose se terme en soos uiteengesit in hierdie studie) moet 'n doelwittaal voorhou. Indien hierdie doelwittaal nie 'n bepaalde prestigewaarde het nie, sal hy nie nagevolg word nie. In baie gevalle is die Europese taal 'n prestigetaal en dié neiging het sterker geword met die ontwikkeling van die moderne



tegnologie en kommunikasie. As die Europese taal bemeester kon word, het dit baie voordele ingehou — kulturele besit, geskrewe materiaal, ensovoorts. Laasgenoemde motiewe het eers onlangs belangrik geword, aangesien daar vroeër 'n beleid ten opsigte van die minderwaardigheid van nie-Europese tale was en almal wat nie tot die Europese klas behoort het nie, uitgeskakel het.

3.4.4.8 GESLAG VAN DIE SPREKERS BETROKKE

Daar is min navorsing oor dié onderwerp, maar dit is tog 'n aspek van belang vir taalkontaksituasies. 'n Pidgin wat slegs deur mans gepraat word, sal moeilik tot 'n kreoolse taal ontwikkel, aangesien dit gewoonlik die vrou is wat die taal aan die kind oordra. Hierteenoor is die vroue se pidgin heel dikwels 'n gepidginiseerde vorm van die mans se pidgin — dít bring bykomende vereenvoudiging mee. Dit is dikwels die geval dat die vroue glad nie óf baie swak die mans se pidgin kan besig. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle nie in dieselfde kontaksituasies kom nie óf omdat vroue dikwels die eksponente van kulturele en taalkonserwatisme blyk te wees en dusdoende sal hul taal dit ook laat blyk.

3.4.4.9 RASSEVERHOUDINGS

"In general it can be said that in most European based pidgins and creoles racial prejudice and inequality was one of the major causes for pidgins to come into being, be perpetuated and be creolized. But one gets pidgins and creoles in other areas where no racial tension exists or existed and racial prejudices are certainly not a sine qua non" (Mühlhäusler 1975 : 26).

3.4.4.10 GROEPSOLIDARITEIT

Hierdie aspek is veral by kreolisering van belang: die sprekers van verskillende tale gee hul eie taal prys ten gunste van 'n nuwe algemene taal wat dan eindelik die taal



van die kinders word:

"Whereas in pidgins one has much less solidarity with other speakers of pidgins and remains rooted in one's own culture; creoles are the languages of a group which share culture and country" (Mühlhäusler 1975 : 44).

3.4.4.11 FONOLOGIE

In die fonologie van enige gegewe taal word normaalweg tussen die fonemiese en fonetiese patrone onderskei: eersgenoemde is die patroon van besondere klankkontraste, terwyl laasgenoemde die werklike klanke is soos dit deur die sprekers van die bepaalde taal uitgespreek word. As ons van fone na foneme beweeg, word daar gepraat van een/meer klanke wat veronderstel word onder 'n gegewe foneem of wat allofone van daardie foneem is. As daar in die teenoorgestelde rigting beweeg word, word gesê dat 'n foneem deur 'n bepaalde klank gerealiseer word of dat daardie klank die realisasie van die foneem onder sekere omstandighede kan wees (Hall 1966 : 26).

Die fonemiese sisteem van kontaktaal kan oor die algemeen gereduseer word tot die aantal kontraste wat hul bewerkstellig (Hall 1966 : 27). Sover bekend, beskik alle tale oor twee verskillende soorte foneme: vokale en konsonante. Elke bestudeerde kontaktaal (en veral dan 'n pidgintaal) het die onderskeid tussen vokaal- en konsonantfoneme getoon. Die vokaalfoneme van kontaktaal word normaalweg saamgetrek na die kardinale vokale van die vokaalkaart. Dit is relatief skaars om 'n kontaktaal met ander tipe vokale as die geronde voorvokale te vind. Laasgenoemde word gewoonlik op een van twee wyses vereenvoudig: ðf die lipronding verdwyn, terwyl die vorming steeds voor in die mond is: /y/+/i/;/oe/+/e/; ðf die artikulasie voor in die mond verander na artikulasie agter in die mond. Sodoende sal /y/ deur /u/ en /oe/ deur /o/ vervang word (Hall 1966 : 27-28).



Die redusering in die fonemiese sisteem word ook opvallend as die vroeë Maleierafrikaans aan die Kaap bestudeer word. *Die uiteensetting van die godsdiens* deur Abu Bakr,¹⁾ (Van Selms, A. 1979) is een van die omvangrykste Arabies-Afrikaanse tekste. Die *Bayaan* is 'n gevokaliseerde teks met 'n gevokaliseerde Afrikaanse vertaling en verklaring. Die taal van die *Bayaan* gee 'n beeld van die Slamse dialek van meer as 'n eeu gelede en die *Bayaan* laat voorts blyk wat die taalgebruik binne 'n bepaalde gebruiksfere was, naamlik die Islam, wat heeltemal buite die gebruiksfere van ander vroeë Afrikaanse tekste lê. Dit is ook nie deur die Nederlandse normaliserende ortografie beïnvloed nie. Ponelis (1981 : 74) merk ten opsigte hiervan op:

"'n Mens kan nie anders as om die taal van die Bayaan ud-diyn as gebroke te bestempel nie, waar onder gebroke taal verstaan word taalgebruik wat in hoë mate die uitwerking toon van 'n taalkontaksituasie, sowel indirek (versteuring) as direk (vreemde invloed)."

Hierdie opmerking wat as't ware die stempel van kontaktaal op dié vroeë Maleierafrikaans plaas, word verder verstewig deur na die verskynsels van verlaging, verhoging, verlenging, ontronding, frikatiefvorming, r-verlies ensovoorts te kyk wat in die *Bayaan* aangetref word: "tapait" - tapyt; "ghasie" - gesê; "rient" - reent; "koop" - koop; "pierie" - pure; "pent" - punt; "haals" - hals; "saawel" - sabel; "paatai" - party; ensovoorts (Ponelis 1981 : 77).

Hall het verder bevind dat:

"... if a given phonemic feature is common to both sides in the formation of a pidgin, it can be preserved even if it is not an essential feature of the most widespread contrasts in human language" (Hall 1966 : 29).

1) Abu Bakr, uit Koerdistan, tree vanaf 1862 as godsdiensleraar in die Moslemgemeenskap in die Kaap op, leer aldaar die 'Kaaps-Hollandse' taal en skrywe verskillende godsdiensboeke in hierdie taalvorm.



Sō is byvoorbeeld bevind (*op. cit.*: 29) dat nasalering nie normaalweg in Nieu-Melanesies of in die meeste ander pidgin-tale (of kreoolse tale), wat op Engels gebaseer is, voorkom nie. Pidgins en kreoolse tale wat op Frans gebaseer is, veral dié waarvan die substraattaal 'n taal van Afrika was, bevat wel weer genasaleerde vorme. In baie Afrika-tale is nasalering 'n algemene verskynsel — sodanig dat dit nie net vokaalfoneme en sy nabygeleë konsonantfoneem betrek nie, maar ook uitbrei vanaf byvoorbeeld nasale na die vokale in die volgende sillabe. Dieselfde geskied in die konsonantsisteem. Fonemiese verskille wat nie 'n algemene verskynsel in beide kontaktale in die vorming van 'n pidgin is nie, raak verlore. Die Engelse dentale frikatiewe /θ/ en /ð/ — skaars klanksoorte in wêreldtale — word deur /t/ en /d/ vervang (Hall 1966 : 30). Ook /f/ en /v/ is op grond van dieselfde rede in die aanvanklike vormingsfases deur /p/ en /b/ vervang: "finger" > /pingə(r)/ (Nieu-Melanesies); "very" > /beli/ (Sjinese Pidgin-Engels). Vandag kry ons egter die gebruik van bo genoemde klanke in bepaalde pidgins, maar hulle word net in sekere woorde gebruik — en is dus gedeeltelik geleksikaliseer. Dikwels blyk konsonantkombinasies 'n onbekende faktor in 'n bepaalde taal te wees. Die kombinasie word dan vereenvoudig deur ðf die weglating van een of meer van die konsonante: Haïtiese Kreools /zot/ - "you" (mv.) < Frans: "vous autres". Vokaalinvoging is ook algemeen: Marshallese: "inik" < Engels "ink"; Trukese: "Sepetember" < Engels "September"; vroeë Maleierafrikaans: "bajaang" - baie, "daaraagh" - dra; "ghuloef" - glo, ensovoorts. (Vir laasgenoemde voorbeelde vergelyk Ponelis 1981 : 77.)

Kombinasies met s + konsonant of konsonant + s lewer heelwat probleme op. Soms word 'n vokaal ingevoeg, byvoorbeeld $[\bar{s}^i'pi\bar{a}]$ = "spear", of die -s- word weggelaat: /kwiiz/ = "squeeze" of /kaj/ = "sky" (Hall 1966 : 32).



Hall (1966 : 32-33) meld dat dit onvermydelik is dat daar as gevolg van die verskillende soorte alternasies wat in die verskillende pidgins bestaan, 'n tipe oorkorreksie kan plaasvind. Dit vind byvoorbeeld in woorde met 'n aanvangs -/h/ plaas. Soms word hy nie uitgespreek nie (uus/huus) maar nou voeg sprekers by sodanige woorde, asook by andere waar geen /h/ voorkom nie, ook 'n /h/ in, byvoorbeeld /hai/ = "eye"; /haešis/ = "ashes". Hierdie vorme wat verskil van die standaardtaal (soos byvoorbeeld Vlaams as 'n vorm van Kusnederlands), as gevolg van hul vereenvoudiging of oorkorreksie, word dikwels nuttig gebruik deur sendelinge en ander wat in verleentheid gestel word deur betekenis wat ontoelaatbaar in die standaardtaal sou wees, byvoorbeeld Engels: "arse" = "hindquarters/buttocks" het /a(r)s/ in Melanesiese Pidgin geword en die gebruikers daarvan het geen beswaar daarteen, soos byvoorbeeld die Engelssprekende, gehad nie. Vergelyk ook die voorkoms van hierdie verskynsel in Afrikaans (Nienaber, G.S. 1949 : 89).

Sover vasgestel kan word deur studies weerspieël die intonasie- en klempatrone van pidgin (en kreoolse tale) dié van die taal van oorsprong. So byvoorbeeld sal Haïtiese en ander Fransgebaseerde kreoolse tale (1949 : 34) die klem op die laaste deel van die woord gebruik soos die geval met Frans is; ook op dié wyse verskil Afrikaans van Nederlands — 'n aanduiding daarvan dat Afrikaans nié uit AB-Nederlands ontwikkel het nie. 'n Spesifieke probleem gekoppel aan pidgins (en kreoolse tale) waarin Afrikatale 'n rol by vorming gespeel het, is die faktore van toonhoogte by individuele sillabes. (Vergelyk Kahr (1976) se kompensasiemerk.) Laasgenoemde is veral in bepaalde tale net so belangrik soos vokale en konsonante in die bepaling van betekenis. Aanvanklik is gemeen dat tonemiese trekke nie in pidgins (kreoolse tale) oorgedra is nie, maar na studies oor die Saramaccá-Bosnegers se taal moet dié stelling in heroeweging geneem word, aangesien tonemiese trekke in



laasgenoemde gevind is (Hall 1966 : 35).

Tot dusver in die bespreking van die fonologiese patrone van pidgins (en kreoolse tale) is veral klem gelê op die rol van die Europese en die boorlingtale in die vorming daarvan. In die fonetiese realisasie van fonemiese patrone egter, word die balans sterk oorgedra op die substraattaal(e). Dit is verstaanbaar:

"... a pidgin has, by definition, no native speakers whose pronunciation might act as a guide or norm for those who learn it, and hence all who use it will pronounce it with whatever articulatory habits, or 'accent', they have in their native speech" (Hall 1966 : 37).

In die normale proses van taalaanleer word 'n vreemde aksent tot 'n mindere of meerdere mate geëlimineer na mate die aanleerder meer vertrouwd raak met die nuwe taal, maar in die gebruik van 'n pidgintaal is dié neiging afwesig:

"Hence the accent of a substratum language can remain in a pidgin and then, when the pidgin is creolized, be transmitted to later generations who learn it as their mother tongue" (Hall 1966 : 37).

Normaalweg beïnvloed die substraattaalinvloede gewoonlik net die "aksent", oftewel die

"... nonsignificant aspects of the way the pidgin ... is spoken (Hall 1966.: 37).

3.4.4.12 MORFOLOGIE


Aanvanklik is gemeen dat die "grammatika" van 'n taal slegs die morfologie behels. Latyn se morfologie is dikwels as norm gebruik waaraan ander tale se morfologie getoets is. Vanaf die 16de eeu is daar algemeen aanvaar dat, indien 'n taal nie bepaalde Latynse morfologiese patrone vertoon nie, so 'n taal geen grammatika het nie. Sodoende het dit algemeen geword om pidgin (en kreoolse

tale) as "sonder grammatika" te verklaar (Hall 1966 : 49). Afrikaans is ook dikwels daarvan beskuldig dat hy geen grammatika het nie. 'n Wyer siening van grammatika wat nie slegs morfologie behels nie, vereis egter dat dit ook die sintaksis betrek. Nie alleen die variasies in die linguistiese vorme nie, maar ook die volgorde van en die tipe kombinasies waarin die vorme verskyn (dit wil sê die sintaksis) is ook deel van die grammatika.

"... the reanalysis by adult speakers with a different linguistic background of the grammatical structures of the target language ... may to some extent be characterized as a process of simplification leading to a reduction of the grammatical complexity of the target language, especially in the area of inflectional morphology" (Weinreich 1968 : 257).

So gesien, kan geargumenteer word dat die bron van heelwat van die grammatika en ook van die woordeskat van 'n pidgintaal te vinde is in daardie trekke wat die twee "voorvaderlike" tale gemeen het. Diagrammaties sal dit sô lyk:

Diagram 5 - Gemeenskaplike elemente wat as bron dien vir die grammatika en woordeskat van pidgintale




(Hall 1966 : 61).



Toegepas op die Kaapse situasie kan die diagram s6 voor-
gestel word:

Diagram 6 - Gemeenskaplike elemente wat as bron dien vir
die grammatika en woordeskat van pidgintale
(Kaapse situasie)



"By and large, as contrasted with the 'major' languages of Western Europe, pidgins and creoles have relatively little morphological variations in their structure; and many grammatical concepts that, in our familiar languages are expressed by morphological features, find their expression in syntactical combinations. This absence of morphological complications is one of the main reasons why those who do not like pidgins and creoles cry 'No grammar!' and call them 'formless' and say that they obey only 'Rafferty's rules of grammar'" (Hall 1966 : 66).

"There is no correlation between type of linguistic structure and level of cultural development. In the range of possibilities of morphological variation, the simplified inflectional and derivational structures of pidgins and creoles are on that end of the spectrum that tends towards simplification, but are far from having gone to the extreme of 'abolishing' all morphology" (Hall 1966 : 67).

Dit is opvallend dat die morfologiese eienskappe van dié soort pidgin- en kreoolse tale nie net 'n onderlinge ooreenkoms toon nie, maar ook met Nederlandse nie-standaard-vorme ooreenkom.



3.4.4.13 WOORDESKAT EN IDIOOM

Die gemiddelde persoon is meer geïnteresseerd in die woordeskat van 'n taal as in die strukturele patrone (morfologie, fonologie en sintaksis). In die eerste kontak met 'n pidgintaal, val dit die waarnemers op dat daar so 'n verskeidenheid woorde uit verskillende bronne afkomstig is. Op grond hiervan word 'n pidgin dikwels gekarakteriseer as 'n "mongrel jargon" of 'n "weird mixture of tongues" (Hall 1966 : 89). Pidgintale het, as deel van hul essensiële aard, beslis 'n gereduseerde woordeskat. Máár, alhoewel die aantal woorde min mag wees, is die betekenismoontlikhede wat hulle kan dra, geweldig wyd: elke woord beskik oor 'n deeglik omskrewe betekenis; deur nou sodanige woorde in frases te kombineer wat weer oor hul eie betekenismoontlikhede beskik, kan 'n persoon enigiets sê in die kulturele konteks en situasie waarin die taal gebruik word. Indien dit nog onvoldoende blyk te wees, word die raad van die Florentynse taalfilosoof G.B. Gelli ("Capricci di Gusto bottaio; whimsical thoughts of Giusto the cobbler") aanbeveel:

"All languages are fit to express the concepts of those who use them; and if they should chance not to be the (those who use them) make them so" (Hall 1966 : 89).

Miskien is 'n pidgin dalk nie in dié sin 'n "egte taal"¹⁾ nie. Dit is dalk eerder 'n baie handige gebruiksmiddel en dan veral in handelsituasies.

Daar word in pidgintale gevind dat baie van die woorde van Europese oorsprong hul oorspronklike betekenis behou (byvoorbeeld Sjinese Pidgin-Engels: /tɔki/ = "talk"; "say". Sranan: /djɔmpo/ = "jump", ensovoorts). Máár, dikwels egter, vertoon pidgintale (en kreoolse tale) uitbreidings op 'n betekenisvlak wat met die eerste oogopslag vreemd

1) Vergelyk Ferguson en De Bose (1977) vir kenmerke van 'n taal.



mag voorkom, maar noukeurig bekyk, tog baie logies is. Vergelyk byvoorbeeld "grass" (=Engels) wat ook gebruik word vir byvoorbeeld enige lemvormige voorwerp: hare = gras van die kop; baard = gras van die gesig, ensovoorts (Hall 1966 : 91). Die belangrikste proses wat by so= danige betekenisuitbreiding betrokke is, verloop ongeveer soos volg: Die boorling hoor 'n bepaalde woord wat sekere konnotasies vir die Europeër het. Hy sien dan primêr in die situasie 'n bepaalde verband wat vir die Europeër sekondêr sou wees. Vergelyk byvoorbeeld die Nieu-Melanesiese /wajrləs/ = Engelse "wireless". Aangesien die boorling dié woord koppel aan die oordra van spraak sonder enige sigbare faktore, gebruik hy nou dié woord in situasies soos skinder, laster, kwaadsprek, enso= voorts wat "geheime" behels. Selfs 'n persoon wat as tussenganger optree (en dan veral geheime van een na 'n ander moet oordra), sal as 'n /wajrləs/ bekend staan. (Hall 1966 : 91).

Die persentasie woorde wat van ander tale behalwe die oorsprongtaal afkomstig is, verskil van een pidgin (of kreoolse taal) na die volgende. Hall het vasgestel dat die hoogste persentasie wat hy al teëgekom het, die + 20% in Nieu-Melanesies is. In ander pidgin- en kreoolse tale is die persentasie heelwat minder (Hall 1966 : 99).

Alhoewel woordeskattoorname¹⁾ by gebroke tale en geïdeali= seerde registers nooit heeltemal afwesig is nie, kan dit in mindere of meerdere mate, afhangende van die om= standighede, voorkom. So, byvoorbeeld, kan daar leen= woorde afkomstig van die superstratum van die offisiële taal wat dominant in die gebied waarin die pidgin (of

1) Sommige linguïste definieer dit as ontlenuing of leenwoorde: Dit pas by die Ferguson en De Bose= patroon vir pidgins. Dis beide 'n register en 'n gebroke taal. 'n Gebroke taal het 'n ander taal as doelwit — vandaar die leenwoorde.



kreoolse taal) gepraat word, wees. Vergelyk Melanesiese Pidgin van 1880 - 1914: laasgenoemde taal het verskeie Duitse woorde geleen gedurende die tydperk toe Nieu-Guineë onder Duitse heerskappy was.

"Even though a language may have a high percentage of its vocabulary derived from foreign sources ... it is nevertheless not changed thereby in its fundamental genetic affiliation. English is still a Germanic language, despite all its loan-words. Chamorro, the language of Guam and the Marianas, derives perhaps 90 to 95 per cent of its vocabulary from Spanish; yet it is basically a Malayo-Polynesian language" (Hall 1966 : 99).

Die woordeskat in bepaalde pidgintale aangetref, het sover dit vasgestel kan word, deur normale prosesse die taal binnegekom. By geleentheid was daar wel doelbewuste pogings om bepaalde woorde aan die taal voor te hou (veral met betrekking tot Rooms-Katolieke sendingwerk). Soms was hierdie nuwe woordoordrag geslaagd (soos dit onder andere uit soortgelyke pogings met betrekking tot die vernederlandsing van Afrikaans blyk) en soms nie — juis as gevolg van die feit dat die sprekers van 'n bepaalde taal die nuwe woord gebruik het in ooreenstemming met sý bepaalde gedragspatrone en lewensuitkyk.

3.4.4.14 ORTOGRAFIE

Tot dusver is kontaktale (en kreoolse tale) as sodanig bespreek, sonder om die geskrewe vorm in ag te neem. Ons kultuur lê soveel klem op die geskrewe vorm dat die feite van die spreektaal dikwels uit die oog verloor word en daarom vra sovele mense vrae soos: Word hierdie tale geskryf? Bestaan daar 'n ortografie vir sulke tale? Word daar werk van literêre aard daarin gelewer? ensovoorts. Hierdie vrae kan onmiddellik beantwoord word deur 'n positiewe "Ja". Daar kan selfs — as daar nie 'n ortografie bestaan nie — een ontwikkel word wat die feite van die taal sal weergee. Dieselfde kan met



die letterkunde gebeur: letterkunde kan bestaan sonder dat dit skriftelik neergepen word òf 'n letterkunde kan soos in enige taal ontwikkel word. Maar, as gevolg van historiese gebeure met betrekking tot nie-linguistiese faktore, is die situasie 'n bietjie anders.

Soos feitlik alle tale het kontaktale (en kreoolse tale) in gebruik gekom sonder ortografieë.¹⁾ Kontaktale is ontwikkel om aan elementêre vereistes te voldoen en het in redelik ontspanne omstandighede ontwikkel; daarom het hulle aanvanklik as mondelinge kommunikasiemedie diens gedoen. (Dieselfde het met kreoolse tale gebeur: dit het ontstaan in die laagste klasse – wat feitlik deurgaans ongeletterd was.) In dié opsig kom kontaktale (en die kreoolse vorm daarvan) ooreen met die meerderheid van menslike tale waarvoor daar maar redelik onlangs ortografieë en spellingsisteme ontwikkel is (vergelyk die Boesmantaal in Suid-Afrika). 'n Voorgeskrewe skryfvorm is 'n hoër funksie van taal, en kom net by tale voor wat 'n bepaalde kultuurfunksie het.

Histories gesien, was die eerste persone wat 'n behoefte gehad het om kontak- (en kreoolse) tale neer te skryf, die 19de- en 20ste-eeuse reisigers, skrywers, ensovoorts en diegene afkomstig van die Europese taalgemeenskappe op wie se tale moderne kontaktale en veral pidgin (en kreools) gebaseer is. Sodanige skrywers het kontaktale maar net gebruik om kleur aan hul beskrywing of geloofwaardigheid aan hul uitgebeelde tonele, ensovoorts te bied. Die skrywers en publiek het maar bloot na kontaktale (en kreoolse tale) gekyk as "korrupsies" van die "kultuurtaal" wat as invoer gedien het. Daarom het hierdie eerste weergawes bloot die Wes-Europese taal met hier en daar 'n "afwyking" in uitspraak/grammatika weergegee.

1) Van Dyk (1982 : 68) verklaar dat die ortografie remmend inwerk omdat dit die moedertaalspreker daarvan weerhou om die doelwittaal vlot te beheers.



3.5 VAN PIDGIN TOT KREOLSE TAAL

"Under special conditions, a mixed language may become more than a mere means of communication between traders, sailors, etc. and may be adopted as the normal mode of speech when persons originally using mutually unintelligible languages remain, unlike traders and sailors, in permanent contact with each other. In such cases the languages are termed creolised ... and, in great measure ... the Afrikaans of South Africa, (is) a mixture of African vocabulary with an extremely simplified Dutch grammar" (Gray 1939 : 37).

In hoofstuk 4 word die aspek Afrikaans, pidginisering en kreolisering volledig bespreek. Nōū is die doel egter net om die aspek kreoolse taal te belig.

Die term "kreools" kom heel waarskynlik van die benaming vir die taal van die slawe van Frans Wes-Indië en Louisiana, naamlik "créole". Dié term is die Franse woord vir die Engelse "indigenous" of die Spaanse "criollo" wat "inheems" beteken.

"The term 'creole' is now mainly used in English to refer to languages which derive from pidgins and which, in many instances, share most of their vocabulary with a European language, usually English, French, Portuguese, Dutch and Spanish" (Todd 1974 : 25).

Kritzinger, en ander (1959 : 459) definieer 'n kreoolse taal soos volg:

- "(1) tale wat in oorsese geweste uit Europese tale in die mond van Afrikaanse, Asiatiese e.a. inboorlinge ontstaan het;*
- (2) proses van kreools maak; taalproseses gekenmerk deur verval van buigings- en vervoegingsuitgange, saamval van funksie, saamval van geslag, fonetiese assimilasië."*


Aanvullend hierby, meld Ferguson en De Bose (1977 : 120) dat



"... the greater stability of normal language in contrast to pidgins is a matter of degree, and ... the instability of pidgins represents a component of the total instability of the normal languages of which they are extensions"
(Eie beklemtoning).

Hiervolgens kan 'n pidgin en 'n kreoolse taal dan gesien word as slegs verskillende grade/manifestasies van dieselfde taalvorm. Vergelyk byvoorbeeld:

Diagram 7 - Pidgin en kreoolse tale: Manifestasies van dieselfde taalvorm



Vir Ferguson en De Bose is 'n kontaktaal (soos 'n pidgin) 'n nie-standaardvorm van 'n volwaardige taal en voldoen dit nie aan die norme van outonomie, stabiliteit en standaardisasie (Ferguson en De Bose 1977 : 111) nie. Namate daar meer en meer aan hierdie vereistes voldoen word,¹⁾ word

1) "At the point that processes of stabilization and structural elaboration ... begin to appear, we would consider the pidgin to have embarked upon the stage of incipient creolization, and given the proper conditions, it might continue along the path toward a full creole" (Ferguson en De Bose 1977 : 121).



daar tussen pidgintale en nie-standaardtale onderskei, en kan daar van tipiese nie-standaardmoedertaalgemeenskappe gepraat word. Dit pas by die siening dat pidgintale en kreoolse tale onderskei kan word, deurdat die pidgintaal deur die eerste geslag sprekers gepraat word, terwyl die kreoolse en na-kreoolse vorme deur die kinders van die pidginsprekers gepraat word (Van Rensburg 1983 : 21).¹⁾

Stewart (1968) onderskei tussen pidgintale en kreoolse tale volgens die aan- of afwesigheid van die kenmerk vitaliteit, waar vitaliteit "the use of the linguistic system by an unisolated community of native speakers" beteken (Platt en Platt 1975 : 104).

Hall sluit by die genoemde linguïste aan as hy kreolisering beskou as een manifestasie van 'n wyer proses wat hy "nativization" noem:

"A language is nativized when it is taken over by a group of speakers who have previously used some other language, so that the new language becomes the native language of a group ... (1966 : xiii). Not all nativization implies creolization, although, say, Indian or Philippine English is different from both British and American English, and involves carry-over of features from native Indian or Philippine languages; there has nevertheless been no violent reduction or restructuring of English in the process. On the other hand, all creolization implies, by our definition, the nativization of a pidgin" (1966 : xiv).

Kreolisering word dus beskou as 'n verdere ontwikkeling of uitbreidingsproses met die kenmerke van "normale verandering". Kreoolse tale is dus "gewone tale" wat outonomie as taalvorm bereik het.

By die ontwikkeling van 'n kreoolse taal is die heruitbreiding van beide struktuur en woordeskat opvallend.

1) Vergelyk ook: Bickerton (1975); Platt en Platt (1975 : 106-107).



"The source of the new material for re-expansion is, in some part, the inner structural resources of the erstwhile pidgin itself; in considerably greater part, however, the enrichment of the creole comes from outside sources, usually one or more languages with greater cultural prestige" (Hall 1966 : 26).

Die meeste kreoolse tale het ontstaan in gebiede wat hoofsaaklik onder 'n koloniale regering is/was en waar die een of ander Europese taal die standaardvorm was vir die regeeringsadministrasie, hawens, skole, kerklike instellings en families van die regerende klas. Lecoutere meld in dié verband:

"... gecreoliseerd heet men een Europeesche, flecteerende taal die, gesproken of liever geradbraakt door de inboorlingen van overzeese gewesten: Negers in Afrika en Amerika, Chineezes, Maleiers, enz. onder den invloed van de idiomen dier vreemdelingen haar flexievormen bijna heelemaal verliest en voornamelijk in de syntaxis eigenaardige constructies krijgt, in overstemming met die van de 'creoliseerende' talen. Aldus werd het Nederlandsch in West-Indië en in Zuid-Africa gecreoliseerd" (soos aangehaal: Rademeyer 1938 : par. 4 : 30).

3.5.1 SAMEVATTING

Indien 'n mens 'n pidgin in sy vroeë stadia sou ontleed, sal heel waarskynlik vasgestel word dat so 'n taal 'n relatiewe klein leksikon het, van min sintaktiese reëls gebruik maak, slegs 'n bepaalde aantal onderwerpe kan behandel en slegs die eenvoudigste verduideliking kan uitdruk, ensovoorts. Vanaf hierdie beperkte moontlikhede het hulle òf as uitgebreide pidgins òf as kreoolse tale ontwikkel — tale wat die menings en sienings van hul gebruikers kon oordra, wat intergroeplike kommunikasie toegelaat het in gebiede waar dit voorheen nie bestaan het nie, wat in staat was om 'n redelike letterkunde daar te stel. Hoe het dit gebeur? Vier hoof fases word onderskei:



- (a) (i) Gemoedelike en spontane kontak tussen die dominantetaal-gebruikers (byvoorbeeld Engels, Nederlands, Portugees) en die plaaslike inwoners.
- (ii) Uit sodanige kontak kon 'n begrensde pidgin ontwikkel het.
- (b) Die tweede fase kan begin sodra die pidgin-Engels/Nederlands/Portugees deur en onderling tussen die plaaslike inwoners gebruik is. (In hierdie stadium sou die moedertaal 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die pidgin. Dit is ook die rede vir bepaalde leksikale items en direkte vertalings wat in pidgins gevind word.) Dit is ook dié fase waarin die pidgin die moedertaal van 'n bepaalde groep kan word — dit wil sê 'n kreoolse taal.
- (c) Sodra interrassige kontak vergroot, begin die derde fase: as die dominante taal onttrek, kan die pidgin- of kreoolse taal net so bly voortbestaan, mits die kontak stewig was, of
- (d) indien die oorheersing van die offisiële dominante taal bly voortduur (byvoorbeeld Engels), ontstaan 'n proses van dekreolisering — 'n fase waarin die kreoolse taal weer nader na die aanvanklike dominante taal beweeg. (Vergelyk Todd (1974 : 63) : "post-creole continuum".)

3.6 LINGUISTIESE BETEKENIS VAN KONTAK- EN KREOLSE TALE

Met al die bewyse sover beskikbaar, blyk dit dat die tipe of wyse van linguistiese verandering en die meganismes wat betrek word (klankverandering, analogie, ontlening, ensovoorts) dieselfde vir kontaktale en kreoolse tale is as vir enige ander taal. Die enigste verskil lê in die spoed waarmee verandering plaasvind — baie vinniger vir kontak- en kreoolse tale as vir ander tale.



Sodra 'n pidgintaal die moedertaal van 'n gemeenskap word, is die geskiedenis van die kreoolse taal wat ontwikkel het, in essensie, dieselfde as dié van enige ander taal. Daarom, waar 'n pidgin op enige gegewe tydstip onderskei word deur beide linguistiese en sosiale kriteria, kan 'n kreoolse taal slegs deur historiese kriteria (en volgens 'n bepaalde siening van wat Kreools is) onderskei word — en dan ook net as ons weet dat dit uit 'n bepaalde pidgin ontwikkel het. Daar is geen strukturele kriteria as sodanig — in die afwesigheid van historiese bewyse — wat sal help om 'n kreoolse taal te identifiseer nie. Tale soos Sranan, Gullah, Papiamentu en die Fransgebaseerde kreools is deur die historiese gegewens bewys as tale wat uit 'n bepaalde pidgin ontwikkel het. In sommige ander tale, soos byvoorbeeld Afrikaans, is die beskikbare inligting en bewyse van so 'n aard dat daar nie tot 'n besliste gevolgtrekking geraak kan word nie. Tog, terwyl die wetenskaplike studie van pidgin- en kreoolse tale nog in hul beginstadia is, is dit duidelik dat dit belangrike bydraes tot die verstaan van taalprosesse in die algemeen kan lewer (Hall 1966 : 105 - 125).

3.7 SOSIALE BETEKENIS VAN KONTAK- EN KREOOLSE TALE

Gesien uit die gesigspunt van sosiale funksie, is die grootste verskil tussen pidgin- en kreoolse tale te vinde in die tipe spraakgemeenskap aan wie se vereiste hul moet voldoen. Anders as "normale" tale, ontstaan 'n pidgintaal gewoonlik om 'n spesifieke rede en bly die taal net voortbestaan so lank as die situasie dit vereis. "Normale" tale het nie lewensiklusse nie; 'n taal is nie 'n organisme nie, maar 'n stel "gewoontes" wat van een generasie se sprekers na die volgende oorgelewer word. Die kinders leer dit dan as hul eerste taal aan en die taal se lewenspan is gebaseer op die voortbestaan van die bepaalde gemeenskap.

'n Pidgin, daarenteen, verkry 'n langer lewenspan, sodra dit die boorlingtaal van 'n groep sprekers word (dit wil sê



kreolisering het plaasgevind). Deur die gevolglike uitbreiding van sy woordeskat en struktuur, die feit dat dit een van die sielkundige pilare van die individu se persoonlikheid word, vervul die kreoolse taal dieselfde taak as enige ander taal, deurdat dit verweef raak met die ego's van die bepaalde sprekers. Hierdeur verwerf dié taal die status van 'n "normale" taal. (Vergelyk byvoorbeeld die Afrikaans van die Griekwas en Kleurlinge in Suid-Afrika.)

"From this point of view, we can speak of pidgins as having 'life cycles', and of their being 'inherently weak' in that, not their linguistic structure, but their social standing is normally not hardly enough to enable them to be used outside of their original context" (Hall 1966 : 126).

Wanneer klasse-onderskeid (iets wat dikwels plaasvind) afwesig is of nie streng toegepas word in die lokale sosiale struktuur nie, word 'n pidgin- of kreoolse taal baie minder aan snobisme of gevolglike onderdrukking blootgestel:

"In the last analysis, the social standing and hence the cultural usefulness of any given language, be it a pidgin or a creole or a language of some other type, depends on the attitudes of those who use it. Pidgins and creoles are perhaps somewhat more 'behind the eight-ball' than are other vernaculars, because it is so easy for upperclass speakers of European languages, enjoying cultural prestige, to direct especially strong condemnation and vituperation against languages that can be called 'corruptions', 'degradations', etc. of the very European languages with which they are in competition. Even this disadvantage can eventually be overcome, ... provided the speakers of the language have enough faith in it to develop it and utilize the natural resources for cultural expression that are present in every human linguistic system" (Hall 1966 : 137).



HOOFSTUK 4

AFRIKAANS EN DIE TAALVARIANTE (GEÏDEALISEERDE REGISTERS, GEBROKE TALE, PIDGIN- EN KREOLSE TALE)

4.1 INLEIDING

"... was Afrikaans born of an immaculate conception, or was it a dirty trick some language played on Dutch?" (Lanham 1978 : 70).

Die vraag na die ontstaan van Afrikaans blyk 'n redelik geliefkoosde debatspunt te wees. Om hierdie vraag te beantwoord, sowel as die vraag waar Afrikaans dan nou inpas in die kader van taalverandering¹⁾ (gesien in die lig van die voorkoms van die taalvariante geïdealiseerde registers, gebroke tale en pidgin en kreoolse tale), word die vroeë taalsituasie aan die Kaap bespreek.

Die bestaan van Standaardnederlands naas verskeie nie-standaardvorme en vorme van nie-Standaardnederlands (Afrikaans) word nader toegelig.

Die menings van verskeie linguïste en teoretici oor die genoemde vraagstukke word ook uiteengesit. Hierdie menings wissel vanaf die verklaring dat Afrikaans deur 'n spontane ontwikkeling van 17de-eeuse Nederlands ontstaan het tot die verklaring dat die ontstaan in die rigting van vreemde invloede, dit wil sê kreolisering, dui. 'n Derde groep grondves hul menings op die veronderstelling dat spontane ontwikkeling plus vreemde invloede tot die ontstaan van Afrikaans aanleiding gegee het. Hierdie menings word saamgevat onder die twee hoofgroepe, naamlik die "spontaneïste" en die "heteroglossiste" (Combrink 1978 : 70). Aangesien die

1) Dit sluit vernederlandsing in.



"heteroglossiste" die ontstaan van Afrikaans teen die agtergrond van meertaligheid sien, sal dié aspek noue aansluiting vind by 'n siening wat steun op die verskillende soorte Nederlands wat in die Kaapse milieu aangetref is.

4.2 VERSKILLENDE SOORTE NEDERLANDS IN DIE KAAPSE SITUASIE

4.2.1 HISTORIESE AGTERGROND

'n Gebrek aan grondstowwe het die Hollanders al voor die jare 1652 gedwing om 'n handelsmoonheid te word. Hollandse skepe het veral na Lissabon en terug gevaar om ware te gaan koop wat die Portugese uit die Ooste saamgebring het. Máár, in 1580 het Filips II van Spanje Portugal verower en die hawe van Lissabon vir Hollandse skepe gesluit, omdat hy in 'n oorlog met Holland gewikkel was. Hierdie hawesluiting het die Hollanders onder andere gedwing om self die Oosteroete aan te pak. Die beherende maatskappy oor die handel met die Ooste was die Verenigde Oostindische Compagnie (VO(I)C) met die Here XVII as uitvoerende bestuur (Steyn 1980 : 103).

Tydens hierdie handel met die Ooste het skepe af en toe Tafelbaai aangedoen om vars water en vee in die hande te probeer kry. Talle skepe het egter aan die suidpunt van Afrika gestrand sodat dit later gebruik geword het om bemanning en vrag van gestrande skepe op te pik. Een van die bemanningslede van 'n skip, ene Leendert Janszen van die Nieuw-Haarlem, het na 'n verblyf van byna 'n jaar aan die Kaap 'n verslag aan die Here XVII gelewer. Hierin het hy onder andere aanbeveel dat dit tot voordeel en profyt van die VOC sou wees om 'n verversingspos aan die Kaap te stig:

"As with any commercial firm, the object of the VOC was to make profit" (Schutte 1979 : 175).



n Gemeenskap van vryburgers is daarna aan die Kaap gestig:

"It is clear that the community of freeburghers at the Cape was created for the Company's benefit. They could produce, more efficiently and more cheaply than the personnel of the Company, the commodities needed by the Cape settlement and by passing ships. It is true that there was a second motive as well, namely to provide a livelihood for the poor" (Schutte 1979 : 175).

Die Kaap was egter nie die enigste van die VOC-gebiede wat van vryburgers gebruik gemaak het nie. Batavia, Ceylon, die Molukse eilande en Banda was ook sulke gebiede en die direkteure het gehoop:

"... that the freeburghers would form a core of reliable subjects among the native populations and thus permit a retrenchment of the Company's garrisons. They also thought that the burghers ... would regularly supply certain products needed by the Company" (Schutte 1979 : 179).

Die hele VOC-beleid en die uitvoering daarvan het dikwels heftige kritiek verduur van vryburgers teenoor die VOC en die Here XVII en andersom. Die gevolg was dus dat:

"The Dutch were not willing to enter the service of the VOC — ... Those who did join often did so out of need. The large percentage of foreigners in the Company's personnel ... (57 per cent in 1700; 80 per cent in 1779), is explicable in terms of the poverty and over-population of their countries of origin (Germany, Scandinavia, Switzerland, etc.) (Schutte 1979 : 183-184).

Hierdie kort, inleidende gedeelte bevestig dus slegs die bestaan van mense van verskillende nasionaliteite aan die Kaap — almal in diens van Holland en die VOC.

Hierdie verversingsposamptenare, vryburgers en bemanningslede was ook met die boorlinge van Suid-Afrika, te wete, die Boesman, Hottentot en Swart nasies in aanraking. Mettertyd het die slawebevolking aangegroei en n bepaalde invloed uitgeoefen. Hierdie genoemde situasie kon



dus tot die ontstaan van verskillende vorme of soorte Nederlands, naamlik Standaardnederlands en verskeie nie-standaardvorme daarvan, aanleiding gee, want soos Steyn (1980 : 117) verklaar:

"Kontak lei altyd ... tot taalvermenging of taalversteurings."

4.2.2 SEWENTIENDE-EEUSE SEEMANS- EN HANDELSTAAL

Von Wielligh (1925 : 29) meld dat die seereis van Amsterdam na Oos-Indië ruim ses maande in beslag geneem het. Die voortgesette reis na die Kaap het nog 'n verdere drie maande geduur. Dit het die situasie meegebring dat seemanne en passasiers + nege maande in mekaar se geselskap verwyd het. Soos die geval met talle ander nasies is, het die Hollandse seelui se taal in baie opsigte verskil van dié wat op land in swang was (hier, veral die 17de-eeuse skryftaal). Von Wielligh (t.a.p.) glo dat sulke eienaardighede dadelik die aandag trek en daartoe aanleiding sou gee dat passasiers dié sonderlinge woorde en uitdrukkinge ook sou gebruik. Daar moet ook in gedagte gehou word dat feitlik die meeste mense wat met hierdie skepe gereis het, jare lank in diens van die VOC gestaan het en bes moontlik baie met seelui in aanraking gekom het en enigsins op die hoogte van hul taal was. Ter bevestiging van dié feit staan die ooreenkoms tussen die 17de-eeuse seemanstaal en die 17de-eeuse volkstaal en die feit dat hul gesamentlik van die norm — Standaardnederlands — afgewyk het.

4.2.2.1 STANDAARDTAAL VERSUS SEEMANSTAAL EN VOLKSTAAL

As dié onderwerp aangeraak word, moet daar allereers na die norm of standaardvorm gekyk word. In hoofstuk 3 is dié aspek redelik volledig bespreek. Hier word met die volgende volstaan: die standaardvorm van 'n taal (in dié geval Nederlands) is in der waarheid 'n idealisering van hoe dié taal deur sy toonaangewende sprekers gepraat behoort



te word; 'n taal wat die teken van taalstatus in hom huisves (Van Rensburg 1983 : 135).

"Dit is eweneens 'n feit dat hierdie ideaal nie deur ... die sprekers van enige taal ... bereik word nie" (Op. cit.).

Dit is die taal wat aan geïnstitusionele inrigtings, soos die kerk en skool, gekoppel word, wat van verhoë af gehoor word, wat in staatsdienskantore, kultuurliggame, koerante en boeke, ensovoorts behoort te staan — 'n taalvorm waarvolgens behoort gepraat en geskryf te word. So 'n ideaal was ook AB-Nederlands van die 17de eeu. Die "taal" wat in die Nederlande tot hierdie posisie (AB) "verhef" is, was die dialek Hollands. Die rede hiervoor lê opgesluit in die feit dat die brandpunt van bedrywighede na die Tagtigjarige Oorlog na veral die provinsies Noord- en Suid-Holland verskuif het. Hulle het gevolglik die leiding op ekonomiese, kulturele, literêre en ander gebiede geneem (Odendal 1979 : 44-46). Hollands het dus sy AB-posisie nie om 'n taalkundige rede verwerf nie; nog minder omdat hy kwansuis "beter" of meer voortreflik as die ander dialekte was.

Teen dié agtergrond gesien, sou die 17de-eeuse Nederlandse seemanstaal en die 17de-eeuse volkstaal¹⁾ as nie-standaardvorme beskou kon word, omdat hulle albei van die norm/standaardvorm of die skryftaal van die 17de eeu afwyk. Nie-standaardvorme is volgens Van Rensburg (1983 : 135) in die reël ook nie geskrewe vorme nie en word daarom ook nie as verteenwoordigend en algemeen beskou nie.

Die vraag is egter: hoe verskil die genoemde twee nie-standaardvorme van die 17de-eeuse skryftaal (ABN)?

1) Vir Kok (1964 : 175 in Lubbe 1982 : 52) is volkstaal: *"die ongedwonge, natuurlike en frisse omgangstaal soos dit orals in ons land in spontane en sprankelende gesprekke tot uiting kom."* 'n Mens kan vandag 'volks-taal' as 'n ander benaming vir 'omgangstaal' beskou.



Ten eerste: die 17de-eeuse Hollandse seemanstaal het baie min van die 17de-eeuse volkstaal verskil (Bosman 1962 : 103).

Tweedens:

- (i) Dié twee variantevorme het *die* en *dat* (=seemanstaal) in plaas van die AB-Nederlandse bepaalde lidwoorde *de* en *het* gebruik (Bosman 1962 : 104).
- (ii) Daar was nie 'n konsekwente aanduiding van woord=geslag nie.
- (iii) Dieselfde vorm van die werkwoord is saam met al die naamwoorde gebruik. So byvoorbeeld het die werkwoord in die enkelvoud gestaan, terwyl die onderwerp meervoudig was: "de felle pynen quam..."
- (iv) *Hebben* of selfs *het* is as hulpwerkwoorde gebruik in plaas van die ABN *zijn*: "waar ik heb gheweest" (Bosman 1962 : 105).
- (v) Konstruksies wat groot ooreenkoms met huidige Afrikaans toon, is gevind. Vergelyk "hij leyt en denckt" in plaas van "hij ligt te denken" (op. cit.).
- (vi) Die onverboë en verboë vorme van die byvoeglike naamwoorde het afwisselend voorgekom (Bosman 1962 : 105).

Scholtz (1965 : 248) sluit hierby aan:

"By die studie van Afrikaans word ons vanselfsprekend die meeste getref deur die verskille tussen Afrikaans en die hedendaagse beskaafde Nederlands. ... Dit is opmerklik dat die kenmerke van Afrikaans ... juis dié is waarby op moontlike aansluiting by die 17de-eeuse volkstaal gewys is."

(Vergelyk ook Van Rensburg en Combrink 1982 : 70.)

Ook Van der Merwe (1970 : 93) meld:



"Daar is enkele kere deur teoretici aangevoer dat Afrikaans sy ontstaan het in die 17de-eeuse see-manstaal."

Hy voeg hieraan toe:

"... tot dusver is só 'n taal nog nooit behoorlik beskryf nie, en ons aanvaar nie dat daar so 'n taal bestaan het met 'n eie grammatika nie."

Dit is wel waar in die sin dat seemanstaal een van die nie-Standaardnederlandse taalvorme was, want daar bestaan in die reël nie 'n algemene skryftaalvorm vir 'n nie-standaardvorm van taal nie. Dit is dan ook die vlak waaruit taalverandering plaasvind en waarin die verskil met AB-Nederlands en die latere Afrikaans dan ook gesoek moet word. Van der Merwe en Von Wielligh (1970 : 29-31) noem woorde soos: kombers, kooi, kombuis, katel, kaiing, hangmat, bottel, brak, anker, bulsak, maswerk, kajuitraad, ensovoorts en verklaar:

"... met watter pad hul ookal gekom het, dit neem nog nie weg dat die woorde seemanstaal is en in Afrikaans bestaan nie" (op. cit. : 29).

4.2.3 IMMIGRANTE KREOLSE TAAL¹⁾

Reeds vroeg het Jan van Riebeeck in sy klein nedersetting 'n nypende arbeidstekort ondervind en daarom is daar al sedert 1654 slawe ingevoer. Die eerste besending was 228 uit Guineë.

"The volume of the Cape-based slave trade was affected by many factors, only one of which was the immediate labor needs of the Company" (Armstrong 1979 : 79).

In die loop van die 17de en 18de eeu is nog slawe, hoofsaaklik uit die Ooste, ingevoer, sodat daar in die jaar

1) Vergelyk in dié verband ook: Nienaber (1949 : 67-101).



1791 'n getal van 17 396, in 1798 \pm 25 000 en in 1806 ongeveer 30 000 aan die Kaap was.

"Slavery was an essential feature of Cape Society ..., slaves forming the largest sector of the population" (Freund 1979 : 222-223).

Hierdie slawe het, naas hul moedertale, veral twee ander tale geken: sommige gebroke Portugees en die meeste Maleis. Die slawe wat krom Portugees gebruik het en dié wat Maleis gepraat het, het onder mekaar moontlik 'n mengsel van albei gepraat — 'n taal wat gewoonlik Maleis-Portugees genoem word (Steyn 1980 : 114).

Dat die slawe hulle ook met Hollands sou moes behelp, is 'n onomstootlike feit: Die Kompanjie was daarop gesteld dat hierdie nie-standaardvorm, Maleis-Portugees, nie vaste voet aan die Kaap moes kry nie en daarom is bepaalde voorsorgmaatreëls daarteen getref. Daar was ook ander redes vir die aanleer van Hollands: dit was die taal van die werkgewer (Kompanjie en vryburger); slawe was as huisbediendes gereeld in noue kontak met hul base. Die aard van die kontak was van so 'n aard dat die Nederlandse baron Van Rheede ná 'n besoek aan 'n slawelosie meld dat hy

"vondt al daar veel kleyne kinderen, soo wit als swart, sprekende de Nederduydse Tale sonder eenigh onderscheyt" (soos aangehaal deur Steyn 1980 : 114; ook Franken 1953 : 19).

Die slaaf het sy vryheid hoog geag. Die prys van sy vryheid is reeds in 1642 in Batavia vasgestel: geen slaaf mag 'n hoed dra as hy nie Hollands kon praat of verstaan nie. Sodoende was die kennis van Hollands 'n statussimbool en 'n vereiste om te kan vry word (Steyn 1980 : 114). Daarom dat Scholtz (1965 : 39) kan sê:

"Die konklusie dat 'n vorm van Nederlands as verkeerstaal onder slawe, en tussen slawe en blankes, in die 17de eeu baie verbreid was, word gesteun deur Franken se bevindinge ..."



Die bestaan van hierdie nie-Standaardnederlands is onder andere ook deur Armstrong (1979 : 83) bevestig:

"The ethnic diversity of the Cape slaves meant linguistic diversity as well. Slaves from Angola, Dahomey, Madagascar, various Indonesian islands, South India and the East African coast and its hinterland, would bring their own languages with them, consequently having difficulty communicating among themselves and their masters. Not surprisingly a lingua franca emerged; in fact there were two. Some slaves used a form of creolized Portuguese, which persisted throughout the Company period; ... But it is clear that most masters and slaves conversed in an evolving form of Dutch which developed into Afrikaans."

Soos vroeër opgemerk, is enige nie-standaardvorm van 'n taal dié vorm waarin die verskil met die AB-vorm opgemerk word. Dit is dan juis hierdie gebroke taal, hierdie nie-Standaardnederlands van die slawe wat saam met die ander nie-standaardvorme, 17de-eeuse seemanstaal en volkstaal, 'n belangrike rol in die Kaapse situasie gespeel het.

4.2.4 HOLLANDS EN DIE VERSKILLENDE EUROPESE TALE WAT NA DIE KAAP GEBRING IS

Dit is 'n feit dat 'n unieke en dinamiese taalsituasie gedurende die eerste eeu na die stigting van die versingspos bestaan het. Talle faktore was werksaam by die totstandkoming van hierdie taalpatroon aan die Kaap. Dit is ook algemeen bekend dat een van die komponente van hierdie situasie die Nederlands was wat deur vreemdetaalsprekers gebruik is.

As gevolg van die ongewildheid van die VOC-beleid en die uitvoering daarvan — soos reeds genoem — het talle mense van ander nasionaliteite tot die Kompanjie toegetree. Onder hulle was Duitsers, Franse, Skandinawiërs en die reeds genoemde slawebevolking.



"... the VOC provided not only an escape from unpleasant circumstances and the pleasure of adventure, but real opportunities for financial gain and social advancement. ... The large percentage of foreigners in the Company's personnel ... is explicable in terms of the poverty and over-population of their countries of origin ..." (Elphick en Giliomee 1979 : 183-184).

Hulle het voorts 'n vorm van Nederlands gebesig wat van die standaardtaal afgewyk het

"... omdat hulle¹⁾ dié standaardtaal nog maar ten dele beheers het en dit nog nie volmaak aangeleer het nie. Vir hierdie gebrekkige Nederlands ... is die aanduiding 'gebroke taal' gebruik" (Pheiffer 1980 : 1).

So het baie Duitsers wat aan die ellende en verwoesting van die Dertigjarige Oorlog wou ontsnap, as soldate, matrose, ambagsmanne, amptenare, geneeshere, ensovoorts in die diens van die Kompanjie Kaap toe gekom en het hulle hul later as vryburgers alhier gevestig (+ 4 000). Teen die einde van die 17de eeu was ongeveer een sesde van die koloniste van Duitse afkoms en in die 18de eeu was hulle die meeste (Grüner 1982 : 35 en Steyn 1980 : 113). Die presiese omvang van die Duitsers se invloed is moeilik agterhaalbaar, want

"... hulle is gou en volkome deur die Nederlandse koloniste geassimileer aangesien hulle as enkelinge, nie as groep nie, Kaap toe gekom het" (Raidt 1971 : 83).

Voeg hierby die feit dat die meeste Duitse immigrante mans was wat met Hollandssprekende vroue getrou het, en die maklike assimilasiëproses word verduidelik.

Die taalverwantskap tussen nie-Standaardduits en nie-Standaardnederlands het assimilasië ook vergemaklik.

1) Hier word spesifiek na die Franse verwys, maar die lyn word deurgetrek na ál die vreemdetaalsprekers.



In die 17de eeu — die tyd van die volksplanting aan die Kaap — was daar in die gebiede van die Maas en die Ryn nog nie so iets soos 'n standaardtaalvorm nie. Die Statebybel van 1635 het 'n groot rol gespeel om so 'n ampsvorm tot stand te bring. Die invloed wat van dié vorm uitgegaan het, was oor die algemeen tot 'n klein kringetjie beperk: dié van die fynbeskaafdes, die hoër sosiale laag (Grüner 1982 : 39). Daarom het eintlik net die hoër kringe van die maatskappy, naamlik die amptenare, hierdie Nederlands aktief aan die suidelike punt van Afrika gebruik (Grüner op. cit.). Die res van die Nederlandse nedersetters het hul besondere vroeë vorm van Afrikaans al in Europa geleer — as streektale, seemans taal of volkstaal — 'n vorm van nie-Standaardnederlands. In die gevalle waar nedersetters uit die Duitse Ryk afkomstig was, kan hul besondere volkstaal as nie-Standaardduits geklassifiseer word (Grüner 1982 : 39). In al die gevalle vertoon die nedersettingsdialekte vorme wat onderling ooreenkom, maar wat van die standaardvorm in die herkomsgebied verskil.¹⁾

Die Nederlandse kultuur was aan die Kaap die toonaangewende, want

"In die Kaapkolonie self was Hollands die taal van die beleidmakers, die werkgewers, die regeerders. Hollands was die taal van 'n volk wat aansien gehad het. Die Duitsers was afkomstig uit 'n verarmde land wat geteister was deur die oorlog" (Steyn 1980 : 113).

As gevolg van die oorwegend Nederlandse elemente in die nedersettingsbevolking staan dit vas dat dialekstandaardisasie in die rigting van Nederlands sou ontwikkel

1) Dieselfde geld as 'n mens Afrikaans vergelyk met die taalvorm van Duitse en Vlaamse nedersettingsgebiede in Amerika: *"Some of the characteristic features of Afrikaans ... are in striking agreement with the Texas German I am acquainted with ..."* (Wilson 1980 (?) : 1).



(Grüner 1982 : 40) — 'n situasie waarin al die ander aanwesige dialekte ook 'n rol te speel gehad het.

Die koms van die Franse Hugenote was 'n groot aanwinst vir die Kaapse bevolking, alhoewel die meeste van hulle een-talig Frans was (Nienaber 1942 : 103). In 1703 het die meeste nog met Hollands gesukkel (Steyn 1982 : 111), en tog, teen 1750 was die Hugenote feitlik volledig vernederlands, waar onder Nederlands verstaan word nie-Standaardnederlands.

"Die Hugenote se gebroke Nederlands was inderdaad die taal-in-aanleer van 'n groep sprekers wat in 'n situasie van talekontak die Nederlands van die Kaap moes baasraak en deur hul taalgebruik 'n insiggewende voorbeeld oplewer van taalversteuring en gebrekkige aanleer ..." (Pheiffer 1978 : 86).

Ponelis (1982 : 75) ondersteun dié standpunt:

"Die taalgebruik van die Franssprekendes vertoon die tekens van die kontaksituasie: beïnvloeding (deur Frans) en versteuring of gebrokenheid (weens gebrekkige aanleer)."

Die situasie ten opsigte van dié Europese tale was dus sodanig dat dié immigrante aan die einde van die Hollandse tyd

"... 'n taal gepraat (het) wat meer Hollands was as wat dit Duits of Frans was" (Steyn 1982 : 111)

— 'n taal wat tot stand gekom het deurdat nie net die afsonderlike dialekte onderling groot ooreenkoms getoon het nie, maar ook ooreenkoms vertoon het met die Nederlandse substandaardvorme wat aan die Kaap voorgekom het en wat later tot Afrikaans ontwikkel het. Raidt (1971 : 114) bevestig dit deur onder andere na die Franse geskrifte te verwys:



"In geskryfte van Franse Hugenote kry ons dikwels afwykings van korrekte Nederlands. In die meeste gevalle het ons slegs met gebroke taal te make ... dit val egter op dat hulle foute soms met Afrikaanse vorme ooreenstem."

Dit is ook bekend dat taalkundiges sekere kenmerke in gekreoliseerde tale opgemerk het, soos reduksieverskynsels, onsekerheid oor ablaut, verlies van generaverskille, kwantitatiewe agteruitgang van imperfektumvorme en 'n neiging tot 'n genormaliseerde woordorde (Samarin 1971 : 124 - 130; Southworth 1971 : 260). Pfeiffer (1982 : 271-277) wys ook daarop dat sommige van hierdie kenmerke van 'n gebroke taal oënskynlik verwant is aan bogenoemde kenmerke. Hy tipeer die kenmerke van gebroke tale soos volg:

- (a) Op geen punt is daar 'n totale afwyking van die Nederlandse norm nie.
- (b) By die aanleer van 'n tweede taal (die sogenaamde doeltaal) toon laasgenoemde relatief min versteuring op die vlak van klankverskynsels en woordeskat, meer op sintaktiese vlak en die meeste op morfologiese vlak.
- (c) 'n Derde kenmerk van 'n gebroke taal is dat afwykinge nooit eweredig oor 'n bepaalde gebied versprei lê nie. Dit skakeer van byna AB tot byna kreools/pidgin.

As bogenoemde in ag geneem word, beseft 'n mens dat ons hier met 'n situasie te doen het

"... waar vreemdelinge (onder andere Franse, ensovoorts) in aanraking gekom het met 'n taalsituasie waarin 'n ander Europese taal die toonaangewende taal was, naamlik koloniale Nederlands, wat net



*in 'n geringe mate*¹⁾ *van die standaardtaal (ABN) afgewyk het en welke Nederlands hulle, vanweë die heersende taalpolitiek, moes aanleer"* (Pheiffer 1980 : 276).

In der waarheid was dit die situasie deur die hele Kaap, behalwe dan vir die amptenary — 'n situasie wat volgens Pheiffer hom kon leen tot 'n moontlike kreoliseringsproses of dan "rudimentary creolization" (Hymes 1971 : 519) — dieselfde gedagte dus wat deur die heteroglossiste aangevoer word.

4.2.5 HOLLANDS EN DIE BOESMAN-, HOTTENTOT- EN BANTOETALE

"Jan van Riebeeck did not find the Cape Colony in an empty land. In 1652, when he set foot on the shores of Table Bay, the territories to the north and east had been occupied for centuries by the Khoikhoi ('Hottentots') and for millenia by hunter-gatherers ('Bushmen')" (Elphick 1979 : 3).

Vanaf die stigting van die verversingspos aan die Kaap het die Kompanjie-amptenare voortdurend in aanraking gekom met die Hottentotte en Boesmans — hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die amptenare verleë was oor die ruilmiddele (vee) van dié groepe.

1) Pheiffer (1980 : 276) meld dat koloniale Nederlands net in 'n geringe mate van die standaardtaal (ABN) afgewyk het. As in aanmerking geneem word dat hierdie koloniale Nederlands alreeds 'n nie-standaardvorm was wat homself in 'n meertalige milieu, verwyderd en afgesonder van die moederland, moes handhaaf, kan dié stelling van Pheiffer enigsins bevraagteken word. Die mate waarin dié twee tale van mekaar afgewyk het, val egter op 'n ander studie-terrein wat beslis in die toekoms nader ondersoek behoort te word.



Later is sommige as veewagters en enkele selfs as huisbediendes gebruik. Dit was veral die jong Hottentotkinders wat verhuur is en dit lyk asof die nouste aanraking juis hier plaasgevind het, dit wil sê tussen die kinders van die twee rassegroepe (Steyn 1982 : 107).

Scholtz (1980 : 38) meld dat daar reeds in Junie 1656 berig is dat Hottentotte hul al met 'n gebroke vorm van Nederlands behelp het. Hiermee stem Rademeyer (1938 : par. 60 : 33) saam:

"Wat vasstaan is dat, hoewel die Hottentotte in die onmiddellike nabyheid van die Kasteel reeds in 1666 Hollands so goed kon verstaan dat 'n tolk nie langer nodig was nie, hulle self maar 'n baie gebroke Hollands gepraat het."

Ook Jooste (1981 : 19) meld:

"Dit kom neer op 'n vermenging — Nederlands en Hottentots (met ander woorde 'n krom-Hollands) deur die Hottentotte, en gepidginiseerde Nederlands deur die Blankes, wat die wyse van kommunikasie, hetsy volwasse Blankes teenoor volwasse Hottentotte, of die volwasse Hottentot teenoor die Hollandse kind, of die Hottentotkind teenoor die volwasse Hollander of hul kinders, nie-standaard van aard maak."

Die kennis van Nederlands het ál meer onder hulle versprei, sodat na 1710 (Rademeyer 1938 : 38) baie Hottentotte selfs anderkant die Hottentots-Hollandberge hulle in gebroke Nederlands verstaanbaar kon maak. Lichtenstein sê in dié verband:

"Wenig Hottentotten die in der Colonie geboren sind, wissen von ihr (hulle oorspronklike taal) mehr, als ein Paar hängen gebliebene Idiotismen. Alle sprechen Holländisch. Nur gegen die Gränzen der Colonie findet man noch hin und wieder einen Hottentotten, der zu den seinigen in eigner Mundart redet, aber auch diese ist lange nicht mehr das ächte Hottentottische ..."
(soos aangehaal: Nienaber 1955 : 40).



Dié van hulle wat in gereelde aanraking met die burgers was, het mettertyd redelik goed Hollands gebesig, terwyl diegene wat nie so dikwels in kontaksituasies was nie, tot diep in die 18de eeu nog 'n gebroke vorm behou het.

"These Khoikhoi ... learned various forms of pidgin Dutch (one of which was also spoken by slaves) and which in some respects resembled modern Afrikaans" (Elphick en Shell 1979 : 157).

Ter bevestiging van dié opmerking van Elphick en Shell moet genoem word dat die Hottentotvorm van Afrikaans vandag nog geïdentifiseer word en 'n spektrum bied van hoe Afrikaans (in sy substandaardvorm) gepraat is. Hierdie vorm van Afrikaans is vandag oorgelewer as Griekwa-Afrikaans.¹⁾ Sedert die begin van die 19de eeu was die Hottentotstam, Chariguriqua of Grigriqua, algemeen bekend onder die naam Griekwa (Rademeyer 1938 : 18-19; Boshoff 1921 : 73 in Jooste 1981 : 9). Uit Hottentots het wel vroeg name van plante en diere en begrippe ten opsigte van die bodemgesteldheid in die blanke taal oorgegaan, party egter so vervorm vandag dat 'n mens nouliks 'n Hottentotisme sal vermoed. Op die rekening van Hottentotse taalgewoontes kom ook sintaktiese eienaardighede van moderne Afrikaans soos pa-hulle. Wat egter buite alle twyfel lê, is die feit dat

"... Die Hotnots het hul eie laat ons dit noem, plat Afrikaans ..." (Nienaber 1934 : 13).

Hendrik Jacob Wikar — "a native of Sweden" — (Nienaber 1934 : 14) was 'n soldaat in diens van die Kompanjie. Hy het gedros en sewe jaar lank onder die wilde Hottentotte rondgeswerf. Sy taalgebruik volgens sy verhaal van 1779 is ...

1) Du Plessis (1982 : 49): *"Griekwa-Afrikaans as 'n taalvorm is die naspel van 'n gebroke taal in die sin van Ferguson en De Bose (1977)."*



"... beslis geen Nederlands, nog Afrikaans nie, d.i. in formele opsig. Maar die gees daarvan, baie wendinge, die onbeholpenheid met die korrekte Nederlandse taalvorm, doen so kragtig Afrikaans aan" (Nienaber 1934 : 14).

Of 'n mens méér hierin moet lees, is te betwyfel. Wat egter waar is, is dat die bestaan van 'n gebroke taal nie weggeredeneer kan word nie. Nienaber (1955 : 40) meld:

"Sy (die Hottentotse) Afrikaans is met ander woorde inderdaad Hottentot-Afrikaans, te wete in party eienskappe daarvan; of ook: Hottentot-Afrikaans is Afrikaans met afwykende, eiendomlike kenmerke."

So het D.H. van Zyl byvoorbeeld in 1933 by 'n debatsverenigingsbyeenkoms te Daniëlskuil hom oor dié gebroke vorm, oftewel Griekwa-Afrikaans, uitgelaat. Een van die destydse leerlinge (nou 'n mev. Uys) onthou nog 'n tipiese Griekwa-uitdrukking wat ter sprake gekom het, naamlik [di ve:r h̄i ma:k uijər] — die weer maak uier/steek op. So is die uitroep: soe! byvoorbeeld volgens D.B. Bosman "kenmerkend" van Hottentotafrikaans wat as 'n oorspronklike Hottentotse tussenwerpsel voorkom (Scholtz 1955 : 51). Ook kenmerkend van die taal van die Griekwa/Hottentot is die vorm van *-ag* vir *-ig* ("alleenag", "danag", "vyftag"), die *-a-* vir *-e-* in "allagaar", "bataal", "gebakkelyd" en in mindere mate ook die uitspraak van "aspres" vir "ekspres" (op. cit.). (In 'n AB-taal kry ons die *-ag-*vorm nog dikwels in kragwoorde; ook in talle ander nie-standaardvorme.)

Waar het ook meermale die voornaamwoorde en byvoeglike naamwoord verbuig — in stryd met Nederlands en Afrikaans — onze gezelschap, onze vertrek, een groote eyland. Volgens Rademeyer (1983 par. 150 : 65) gebruik die Griekwas en Rehobothbasters teen 1938 nog baie meer verboë byvoeglike naamwoorde as wat in beskaafde Afrikaans gehoor word.



Die wegval van die meervoudsuitgang en die gebruik van die enkelvoudige werkwoord by 'n meervoudige onderwerp word telkens in die staaltjies van Slawe- en Hottentot=nederlands aangetref. Rademeyer (1938 : par. 83 : 42) wys daarop dat die vorm "hat" vir "het" en "dat" vir "dit" sedert die 1930's algemeen onder die Griekwas gebruik word. Stilisties is die taal van die Griekwas/Hottentotte die duidelikste gekenmerk deur 'n oorfloedige gebruik van allerlei woorde en uitdrukkings om aan die onbeteuelde gevoel uiting te gee (byvoorbeeld "regt jong"; "ja, jong"; "rasnavel", ensovoorts). Uitroepe, ruwe woorde, plat uitdrukkinge, kragtige bevestigingsformules en gemeedelike modale woordjies is redelik kenmerkend van dié gebroke vorm (Scholtz 1965 : 102). Ook die uitskeiding en agterplasing van voorwerpe en bepalings is kenmerkend van die substandaardvorm van taalgebruik. Scholtz (1955 : 102) voeg hieraan toe:

"Meer bepaald 'Hottentots'¹⁾ is ... die afwerping van die slotkonsonant in han, pon, en wan vir hand, pond en want, en 'n radikale verkorting soos risdaal uit riksdaalder ...

Die volt. dve. sonder uitgang maar met vokaal=wisseling in die stam: gedronk, genoom, gestool, gezeet vir gedrink, geneem, ens., is ongeveer al in die vormleer wat as tipies 'Hottentots' voorkom."

In die sinsbou word 'n mens veral getref deur die oormatige gebruik van die voorsetsel *vir* voor 'n persoonlike voorwerp (Scholtz 1955 : 102).

Om saam te vat: Na allerlei terugslae wat feitlik tot die ondergang en assimilasie van die Westelike Kaapse Hottentotgroepe gelei het, het die Hottentotte binne die volksplanting meestal verspreid op die veeplase, hoofsaaklik in die binneland, gewoon. Teen die einde van

1) Ook kenmerkend van vroeë Afrikaans.



die eeu het die Hottentotte so ver as wat die volksplanting gestrek het, hul eie taal vir die Hollands van die burgers prysgegee, al het baie van hulle dit selfs toe nog nie suiwer gepraat nie. Dít is dan juis hierdie gebroke taal van die Hottentotte waarmee rekening gehou moet word en waarna die heteroglossiste ook verwys.

Parallel met hierdie eie vorm van Griekwa-Afrikaans, staan nog 'n taal wat op grond van sy kenmerk as nie-standaardvorm by eersgenoemde aansluit, naamlik Maleierafrikaans.

'n Duidelike beeld van hierdie vorm van taal word in die *Bayaan-ud-diyn* (Abu Bakr Effendi se *Uiteensetting van die godsdienst*) gevind. Abu Bakr Effendi van Koerdistan het as godsdiensteraar vir die Moslemgemeenskap in die Kaap opgetree, en sy teks is dus nie deur die Nederlandse normaliserende en historiserende ortografie beïnvloed nie. Die taal van die *Bayaan* gee dus 'n beeld van die Slamse dialek van meer as 'n eeu gelede – met ander woorde 'n beeld van die nie-Standaardnederlands (Afrikaans) – Abu Bakr het doelbewus Afrikaans geskryf – wat in die Slamse buurt gepraat is. As sodanig is dié werk selfs ouer as die eerste Afrikaanse boek – die *Zamenspraak* van Meurant – van 1861 (Ponelis 1981 : 73-74).

Van Jaarsveld (1981 : 80) meld:

"... Vir enigeen wat belangstel in vorme van vroeë Afrikaans en in nie-standaard Afrikaans is die werk van Van Selms van onskatbare waarde."

Ponelis (1981 : 74) sluit hierby aan en verklaar ten opsigte van die taal:

"'n Mens kan nie anders as om die taal van die Bayaan-ud-diyn as gebroke te bestempel nie, waar onder gebroke taal verstaan word taalgebruik wat in hoë mate die uitwerking toon van 'n taalkontaksituasie, sowel indirek (versteuring) as direk (vreemde invloed)."



4.2.5.1 NIE-STANDAARDNEDERLANDS: MALEIERAFRIKAANS,
GRIEKWA-AFRIKAANS EN VOORTREKKER- OF
BOERE-AFRIKAANS

Dit is ook belangrik om die gebroke Nederlands (dit is Afrikaans) van die Hottentotte en dié van die Slamse buurt te vergelyk met ander nie-standaardvorme uit daardie tyd. Voortrekkerafrikaans (uit ongeveer dieselfde tydperk as dié waaruit die taal van Abu Bakr (van die Slamse gemeenskap) en die Hottentotte dateer) vertoon 'n aantal ooreenkomste met Maleier- en Griekwa-Afrikaans. Terloops, die Afrikaans waarvan daar in hierdie studie sprake is, is juis hiérdie genoemde Voortrekker- of Boere-Afrikaans (dit wil sê van die Transvaal en die Vrystaat — in dié studie word slegs gekonsentreer op Transvaalafrikaans). In teenstelling met hierdie Boere-Afrikaans staan 'n ander nie-standaardvorm van Nederlands, te wete: die GRA-(Patriot-)Afrikaans van die Paarlvallei.

Hierdie genoemde drie vorme van gebroke Nederlands het dus verafrikaans (na Griekwa-Afrikaans, Maleierafrikaans en Boere-Afrikaans). Die eersgenoemde twee vorme het egter *nie* saam met Boere-Afrikaans vernederlands *nie*. Dié feit blyk duidelik indien die genoemde vorme met hedendaagse Afrikaans vergelyk word en die opvallende gemeenskaplike kenmerke van Griekwa-Afrikaans, Maleierafrikaans en Boere-Afrikaans van die 19de eeu beskou word:

- (a) *Die* in plaas van *het* kenmerk betreklik suiwer Afrikaanse stukke. "Met hoeveel trots spreek zij, zelve toch ... in Kaapsche accent, meestal 'die' zeggend voor 'de'..." (Spies 1955 : 119) — gesê van mev. Koopmans. In Kaatje Kekkelbek se Hottentotafrikaans (?) verskyn *die* sewe maal, *de* drie-en-twintig maal, maar *het* word nooit gebruik *nie*; Maleierafrikaans: "*die* sarts es *die* iets boeiten hoeaile salaat es niet riegh" (50/15, Ponelis 1981 : 76); "ien *die* tait het ien *die* lugh woelkie"



- (166/9, *op. cit.* : 76); "*die* imaan ... moet setaan oeap" (50/7, *op. cit.* : 75).
- (b) Die relatiefvorm *wat* is die reël in 19de-eeuse Afrikaans; Maleierafrikaans: "die siek meisie *wat* baang es sain siektie saal woeart mier" (172/12, Ponelis 1981 : 75); Uit die Griekwa- of Hottentotafrikaans (?) van Kaatje Kekkelbek blyk "*volk wat ...*," "*kop wat ...*" (Scholtz 1965 : 62).
- (c) Die gebruik van *dit* (in plaas van die Nederlandse *het*, *'t*, *dat*). In die Hottentotafrikaans in *De Temperantisten* van Boniface "tref ons dit altans ook ... naas *het* aan" (Scholtz 1965 : 10). Rademeyer (1938 : 42) meld dat die uitspraak van *dat* vir *dit* vandag algemeen onder die Griekwa in gebruik is.
- (d) Die gebruik van die selfstandige besittlike voornaamwoord *syne* is ook eg Afrikaans. Vergelyk Maleierafrikaans: "die man *wat* siet *sain* adaan" (50/4; Ponelis 1981 : 78); "*hoeaile sain daliyl*". Die besittkonstruksie met *se* toon ook 'n opvallende afwyking van ABA. Maleierafrikaans: "*julle se hele gesig*", "*'n boek wat se naam is*" (Van Rensburg 1981 : 90). Die *met-saam*-konstruksie kom vandag wydverspreid in nie-Standaardafrikaans voor, terwyl die *se*-konstruksie ook kenmerkend van die Afrikaans van die Griekwas is, byvoorbeeld "Adam hy *se* keners is daar gebêre"/"ons had *mit* mandjies *sa(a)m* skerm gemaak" (*op. cit.* : 80; Rademeyer 1938 : 66-68). (Vergelyk in dié verband ook A. Coetzee 1975 : 179-180.)
- (e) Die gebruik van die verboë vorm van die adjektief. Volgens Rademeyer (1938 : 65) gebruik die Griekwas en Rehobothbasters nog baie meer verboë byvoeglike naamwoorde as wat in beskaafde Afrikaans gehoor word, byvoorbeeld "*oense kaptein, 'n stille plek, 'n baie mooie hoeis*". Ook Maleierafrikaans: "*fer pierie*



(pure) furoeans sain 'amaa' at" (48/6; Ponelis 1981 : 77).

- (f) Die gebruik van enkelvoudsvorme van die werkwoord (in plaas van meervoudsvorme) waar die getalsaan=duiding verdwyn. Hierdie verskynsel vind ons reeds van baie vroeg af telkens in die staaltjies van slawe- en Hottentotnederlands, byvoorbeeld "ons sel", "ons wil", "ons het" (in plaas van "wij zullen, willen, hebben") (Raidt 1971 : 113-114; Scholtz 1965 : 83). Hierby vind ons by Maleierafrikaans en soms by die Afrikaans van die Griekwas dat die *s*-meervoud oorweeg, byvoorbeeld "boekes" (bokke), "daghs" (dae), "sekaaps" (skape) (Van Rensburg 1981 : 90; Du Plessis 1982 : 43-49).
- (g) In aansluiting by (f), kry ons die gebruik van die werkwoordvorm *het*. Volgens Rademeyer (1938) kom dié vorm by die Afrikaans van die Griekwas voor — hier dikwels egter as *hat* uitgespreek. Tydsaanduiding geskied ook deur die gebruik van dié *het* + *verlede deelwoord*. Die voorbeelde uit Maleierafrikaans het die *het*-ellips, maar toon die verlede deelwoord baie duidelik: "oeans ghasie keriewie (128/19; Ponelis 1981 : 77) — ons het geskrywe; "wie ghafarai" (40/22; op. cit. : 77) — wie gevryf het. Griekwa-Afrikaans: Scholtz (1965 : 102) meld die gebruik van die voltooide deelwoord sonder uitgang, maar met vokaalwisseling in die stam: "gedronk, genoom, gestool, gezeet".
- (h) Die dubbele negatief val op ten opsigte van die plasing van die *nie*, die paradigmaledes van die *nie* en die oortollige gebruik van *nie*. Maleierafrikaans: "daan moenie feraagh zakaatnie fer diesie daghnie" (158/11; Ponelis 1981 : 77); "es niet ghoet" (128/8; op. cit. : 75); Griekwa-Afrikaans: "Ons wil dat *niet* doen. Ons het jouw tabak *niet* van



doen ..." (1707; Raidt 1971 : 112); "neeks kan ek *nie* doen *nie*" (=niks kan ek doen *nie*) (Rademeyer 1938 : 74).

- (i) Die gebruik van *vir* kom ook voor waar dit *nie* in ABA verwag word *nie*. Maleierafrikaans: "aal wat maak *fir* miesie duroeang" (212/13); "an doeat ghamaak *fer* die ghadiertie" (216/20; Ponelis 1981 : 78). Griekwa-Afrikaans: "Sieur behoef *voor* mij niet te vreesen" (1764; Raidt 1971 : 195). Raidt (1971 : 195) konstateer ook:

"In 19de-eeuse Afrikaans was die vir voor 'n direkte persoonsobjek in die taal van die hele bevolking, blank en nie-blank, baie verbreid ..."

- (j) -a- vir [ə] in sekere woorde. Hierdie verskynsel is kenmerkend van nie-Standaardafrikaans dwarsoor die land. Vergelyk: "baghent, ghaferkoop, ghaferloear" (Van Rensburg 1981 : 90) in Maleierafrikaans, en Scholtz se uitspraak:

"Meer bepaald, 'Hottentots' is in die uitspraak veral die a in woorde soos bataal, gebakkelyd, vyftag ..."

- (k) Die voorkoms van die woorde *gaat*, *staat*, *doet*, *slaat*, *ziet* teenoor ABA *gaan*, *staan*, *doen*, *slaan*, *sien*.
- (l) Breking kom oor die hele Afrikaanse spraakgebied voor, byvoorbeeld [lo:əp], [e:ət]. Uit briewe in verskeie van die vroeë Transvaalse koerante blyk dit dat verhoging van e en o vry algemeen voorgekom het, en *nie* soos dit vandag die geval is, hoofsaaklik tot die Afrikaanssprekendes van die Westelike Provinsie beperk is *nie*. Dié verskynsel van verhoging gaan dikwels gepaard met breking. Vergelyk byvoorbeeld die voorbeelde van Abu Bakr: "waijar" (weier), "mijar" (meer), "fijal" (veel) (Van Rensburg 1981 : 89); "an tijal" (aanteel), "loeap" (loop) (Ponelis 1981 : 77).




4.2.6 SAMEVATTING

Dit blyk dus dat daar verskillende vorme van Nederlands aan die Kaap gepraat is. Afgesien van die "suiwer" Nederlands (dit is Standaardnederlands, vir sover 'n mens toe al vanso iets kon praat) soos dié van genl. Janssens, het verskillende gebroke of nie-standaardvorme ook opgeval: die Burgerafrikaans of Kaapsnederlands soos gebruik in die aristokratiese burgerkringe van die Kaap en wat nog as Nederlands wil deurgaan; Boere-Afrikaans, die algemene taal van die platteland (en later van die Vrystaat en Transvaal); Hottentot- of Griekwa-Afrikaans; Slawe-Afrikaans (Maleierafrikaans) — die taal wat veral deur die slawe en "common people" (Lichtenstein) gepraat is en Vreemdelinge-Afrikaans (Nienaber 1934 : 1-58; Smuts 1975 : 24).

Afgesien van die eersgenoemde twee vorme van Nederlands (=Standaardnederlands of baie nã daaraan) kan al die ander vorme as gebroke Nederlands/nie-Standaardnederlands/Afrikaans gedefinieer word. Sõ het Afrikaans dan baie jare lank as die een of ander nie-standaardvorm van Nederlands bestaan; 'n vorm waarvoor daar voor 1925 nooit 'n algemene skryftaalvorm bekend was nie en wat gaandeweg tot die hedendaagse standaardvorm verhef is. Vergelyk in dié verband:

Diagram 8 - 'n Voorstelling van Van Rensburg (1983 : 139) van die verhoudings tussen Nederlands en die nie-standaardvorme van Nederlands aan die Kaap en die onderlinge verband tussen hulle





4.3 LINGUISTIESE MENINGSOPNAME

As die reeds bespreekte gegewens (4.1, 4.2) gebruik sou word en die tweeledige indeling van die spontaneïste en heteroglossiste betrek word, moet linguïste se menings van waar Afrikaans dan nou in die kader van taalverandering, gesien in die lig van die voorkoms van taalvariante, inpas, herwaardeer en aangepas word.

Taalverandering is reeds in hoofstuk 2 bespreek. Wanneer Afrikaans in dié verband betrek word, word opgemerk dat die meeste linguïste die mening uitspreek dat Afrikaans ontstaan het deurdat Nederlands na Afrikaans "verander" het. Vergelyk Lubbe (1980 : 53-63), en Raidt (1971 : 180 en 1978 : 119). Raidt stel dit onomwonde: "... die vereenvoudiging van die Kaapse taal" (op. cit.). Kloeke noem die veranderings wat Afrikaans ten opsigte van Nederlands vertoon: "de eigenaardige 'draai' in het Afrikaans" (Kloeke 1950 : xi in Van Rensburg 1983 : 138).

Ook ander linguïste se menings word betrek. Almal het dit egter oor 'n "verandering", hetsy spontaan ("spontaneïste") òf as 'n verandering onder vreemde invloede òf albei ("heteroglossiste") (Combrink 1978 : 70).

In hoofstuk 5 word die situasie ten opsigte van Afrikaans in meer besonderhede bespreek. Dit is nou veral van belang om te meld dat die stelling dat Standaardnederlands nie tot Afrikaans verander het nie, met 'n groot mate van sekerheid gemaak kan word. Die nie-standaardvorme van Nederlands wat reeds in die Kaapse situasie aanwesig was, het die standaardvorm van Nederlands in Suid-Afrika met die verloop van tyd vervang. Die proses waardeur Afrikaans die standaardvorm van Nederlands in Suid-Afrika geword het, het dus te make met die opkoms van Afrikaans ten koste van AB-Nederlands en nie met taalveranderings in AB-Nederlands nie (Van Rensburg 1983 : 139; Du Plessis 1983).



Teen dié agtergrond moet die onderstaande linguïste se menings gesien word.

4.3.1 D.C. HESSELING

Een van die vernaamste teoretici wat die ontstaan van Afrikaans probeer verklaar het deur kreolisering, was D.C. Hesseling (*Het Afrikaansch*, 1899/1923). Die hiperanalitiese karakter van Afrikaans het hom daaraan laat twyfel dat hierdie geweldige ontwikkeling binne 200 jaar spontaan kon ontstaan het. Hy konstateer:

"Wij worden genoopt tot de overtuiging dat niet een langzaam, zelfstandig taalverloop maar aanraking of vermenging met een andere taal, of met andere talen, de hoofd-factor moet geweest zijn van de ingrijpende veranderingen die't Hollands in Zuid-Afrika onderging; duidelijk is het, naar ik meen, dat het Afrikaans naar zijn oorsprong een mengeltaal is" (Hesseling 1923 : 155; Scholtz 1970 : 80-81; Van der Merwe 1964 : 8).

Vir hom lê die belangrikste faktor by taalvermenging in botsing en ongelyksoortigheid en dus nie in taalverwantskap en -gelykheid nie. Hy glo dus dat ons in Afrikaans moet let op die bepaalde volk wat die taal wat die Nederlanders in Suid-Afrika gepraat het, beïnvloed het. Dit sal dan die taal wees wat veral aanleiding gegee het tot die vervorming van Nederlands in Suid-Afrika. Die ander tale waarmee Afrikaans in aanraking gekom het, sou dan wel die woordeskat verryk het, maar hul invloed op die ontstaan van die nuwe idioom sou gering gewees het. Hesseling gaan foutiewelik van die standpunt uit dat Afrikaans hier "begin" is. Verder moet in gedagte gehou word dat wat hy sê, wel waar kan wees van een van die variante van Afrikaans (vergelyk die vorige gedeelte), wat deur hom as "Afrikaans" geïdealiseer is.

As gevolg van die besondere aard van die Kaapse halfweghuis, was daar 'n redelik druk handelsverkeer om die Kaap. Die meeste van diegene wat uit Indië teruggekeer het, het



die lingua franca geken. Laasgenoemde, die internasionale verkeerstaal baie bekend in die Indiese Argipel, is uit verskillende bestanddele opgebou en was die sogenaamde Maleis-Portugees — 'n taal met baie nie-Standaardnederlandse elemente waarvan huidige reste nog in Afrikaans gevind kan word. Wanneer Hesseling aan die geweldige krag van Maleis-Portugees in die Ooste dink, word dit vir hom 'n uitgemaakte saak dat bogenoemde taal reeds onder Van Riebeeck se bestuur tot in die Kaap deurgedring het, veral aangesien die meeste Hollandse seelui dié taal magtig was. Die invloed van Maleis-Portugees het egter eers van egte belang geword toe die slawebevolking begin toeneem het. Teen 1658 was daar 166 Blankes in die Kolonie teenoor die 194 slawe, sodat die vreemde element plotseling in die meerderheid was. Daar was dus volgens Hesseling geen sprake van langsame inwerking nie, maar 'n plotselinge botsing en "... botsing van talen bewerk vereenvoudiging van vorme" (in Van der Merwe 1964 : 58). Terblanche en Odendaal verstaan juis onder kreolisering: "die verskynsel wat voorkom by plotselinge kontak van 'n Europese met 'n inlandse taal" (1966 : 515). Hesseling bied voorts in sy boek (1923 : 69-71) 'n lys van die sogenaamde Maleis-Portugese woorde aan. Hierbenewens noem hy woorde van Oosterse herkoms wat 'n veelsydiger en intiemer karakter as andere het (byvoorbeeld baie, aia, miskie, rooi, tamaai, ensovoorts) — woorde wat parallel met soortgelyke Hollandse uitdrukkinge opgekom en hul heeltemaal of gedeeltelik verdring het. Dit getuig van 'n intieme en diepgaande vreemde invloed, sodat hy selfs sy betoog afsluit met:


"Verskillende omstandighede hebben veroorzaakt dat het in de 17de eeuw naar Afrika overgebrachte Nederlands zich op andere wijze heeft ontwikkeld dan de taal van het moederland. Het Afrikaans is te beschouwen als een Nederlands dat halfverwege is blijven staan op de weg om Kreools te worden ..." (in Van der Merwe 1964 : 142-143).



4.3.2 F.C. SOUTHWORTH

Nog een van die taalkundiges wat hom ten opsigte van pidginisering en kreolisering uitgelaat het, was Southworth. Edith Raidt (1978 : 114) pas sy model van Indo-Aries op die Kaapse situasie toe en verkry die volgende resultaat:

Diagram 9 - Indo-Ariese taalmodel op Afrikaans toegepas



Hier beteken pidginisering en kreolisering 'n reeks vereenvoudigingsprosesse as gevolg van vreemde tale en sprekers, met ander woorde as gevolg van taalversteuring:

"Those instances of deviation from the norms of either language which occur in the speech of bilinguals as a result of their familiarity with more than one language, i.e. as a result of language contact, will be referred to as interference phenomena" (Weinreich 1953 : 1).

Laasgenoemde blyk 'n belangrike rol te speel, veral dan in die Kaapse situasie van die 18de eeu (Southworth 1971 : 108). Dié voorstelling klop egter nie met die werklikheid nie. 17de-eeuse Nederlands moet eintlik in drie verdeel. Die derde deel is nie-Standaardnederlands wat later Afrikaans geword het.



4.3.3 M.F. VALKHOFF

Aansluitend by die genoemde sienings staan dié van Marius F. Valkhoff:

"Afrikaans is the outcome of Dutch transplanted onto a substratum of Creole Portuguese and various Khoi languages" (Combrink 1978 : 86).

Kritzinger en ander (1970 : 360) definieer kreoolse tale (I) en kreolisering (II)¹⁾ soos volg:

- "I. Tale wat in oorsese geweste uit Europese tale in die mond van Afrikaanse, Asiatiese e.a. inboorlinge ontstaan het.*
- II. Proses van kreools maak/word; linguistiese proses gekarakteriseer deur verval van buigings- en vervoegingsuitgange, saamval van funksie, saamval van geslag, fonetiese assimilasië onder invloed van Oosterse, Afrikaanse en Amerikaanse inboorlingtale."*

Hy is van mening dat al vyf bogenoemde karakteristieke eienskappe van 'n kreoolse taal in Afrikaans voorkom as dit met Hollands vergelyk word:

- "(a) Decay of declension: e.g. in the personal pronoun, the replacement of the subject pronoun wij by the object pronoun ons (wij eten/ons eet); the other Dutch pronominal declensions have also been enormously simplified. (Vergelyk Substandaard=engels: "Us won't go begin for it.")*
- (b) Decay of conjugation: e.g. all the Dutch personal endings have disappeared (ik ben, jij bent, hij is, wij zijn/ek, jy, hy, ons, julle, hulle is). Also, except for a few auxiliary verbs which have remained strong all the others have become weak (ik kwam, I came, ek kom; ik viel, ek val etc.) and the whole pluperfect: ik was gekomen, etc. have disappeared.*
- (c) Unification of function — The examples of change of function of a given word are very frequent:*

1) Vergelyk in dié verband ook die inligting by 3.5, p. 85.



'n reguitpad (Dutch: een pad dat rechthout loopt), knipmes ry (Dutch: zo rijden dat de ruiter en de nek van het paard er als een knipmes uitzien). This phenomenon gives a great malleability to Afrikaans poetry, which does not exist in Dutch.

- (d) Unification of gender. The neutral definite article of Dutch has been replaced by die: die vrou, die kind (D: de vrouw, het kind).
- (e) Phonetical assimilation. Kinders, perde, sonde, etc. which have still partly kept their Dutch spelling (kinderen, paarden, sonde) are considered as assimilating the fall of t after Dutch ch, f, k, p, s: mag, skof, naak, stip, kuns (D: macht, schoft, naakt, stipt, kunst). Instead of 'assimilation' it would have been more appropriate to speak about phonological 'wearing off' (or simplification), and this is one of the main characteristics of Afrikaans as opposed to Dutch" (Valkhoff 1972 : 35-36).

Valkhoff (1966) poog om in sy *Studies* (onder andere p. 185) 'n sosiolinguistiese agtergrond te gee van die proses van vernederlandising deur slawe en Hottentotte. (Verge=lyk in dié verband ook Van der Merwe 1966/67 : 385-394.) Hierdie proses sou uiteindelik uitloop op die kreolisering van die Amptenarenederlands. Hy gee in die genoemde werk (p. 66) 'n skema weer waarin die moontlike fases van die bogenoemde prosesse aangedui word:

- "(a) Master and slave resort to Portuguese Creole, the lingua franca.
- (b) The master speaks Dutch, the slave answers in Portuguese (Creole).
- (c) They both employ a sort of Dutch."

Hierdie prosesse sluit nou aan by die mening oor pidgin=tale wat in hierdie studie gehandhaaf word, naamlik dat die nie-standaardvorm ("a sort of Dutch") waarvan hier sprake is, die resultaat is van sowel die pogings van vreemdetaalsprekers (slawe) om 'n ander taal te praat, as die pogings van die moedertaalsprekers (Nederlanders) om hul taal meer verstaanbaar te wil maak.



Marius Valkhoff maak linguistiese sienings soos dié van Bosman, Boshoff, selfs H.J.J.M. van der Merwe en Raidt (word later bespreek) af deur dit te "betitel" as *diachroniese purisme*. Hulle beweer dat Maleis-Portugees baie min aan die Kaap gepraat is òf dat die feite onder bespreking na Hollands, Vlaams of Laagduitse dialekte teruggevoer kan word òf dat hul wel sporadies in 17de-eeuse Nederlandse woordeboeke en skeepsjoernale opgeduik het. Hulle verwerp volgens Valkhoff die verwantskap met Hottentots (of Hottentothollands) of gekreoliseerde Portugees (of Hollands wat deur die slawe gekreoliseer is), omdat:

"... the 'soul' of Afrikaans is white (in spite of the more than 1½ million Afrikaans-speaking 'Coloureds')" (Valkhoff 1966 : 81).

Samevattend verklaar Valkhoff dat die twee gebeurtenisse waarvan Hesseling melding maak (naamlik die plotselinge botsing en die gevolglike vermenging), aan die Kaap en in die Kaapkolonie ook nog van toepassing is in die 17de eeu. Hieruit moet dit dus volg dat:

- (a) Die gemeenskap aldaar (tot en met die eerste helfte van die 18de eeu) só geïntegreer was dat daar 'n baie noue band (veral dan 'n taalband soos uit die gegewens duidelik blyk) tussen die Blankes aan die een kant en die slawe, vrymanne, baster-Hottentotte en ander "gekleurdes" aan die ander kant was.
- (b) Die tale van die nie-Blanke inwoners (die sogenaamde boorlinge, slawe en gekleurdes ("Kleurlinge")) was aan die Blankes bekend en hulle het dit selfs gepraat. (Die tale hier ter sprake is veral Portugees en Maleis.) Sodoende het 'n situasie van tweetaligheid of selfs meertaligheid ontstaan, indien die volgens hom gekreoliseerde Hollands van die slawe en Hottentotte bygevoeg word. (Hy maak egter nie melding van die onderskeie nie-standaardgroepe se taal nie. Vergelyk p. 115 vir die siening wat hier



gehuldig word.)

- (c) Valkhoff (1972 : 84) voeg hieraan toe dat sogenaamde gekreoliseerde uitdrukkings of kreolismes, met ander woorde eienskappe wat na die meeste kreoolse tale teruggevoer kan word, voorgekom het:

"If they can also be found in Dutch, Flemish or Low German dialects, this curious coincidence has to be explained, and we must establish whether the linguistic phenomena in question are Dutch or Creole or both."

Sy oordele oor Afrikaans neig dus om aan te sluit by die onderskeiding standaard/nie-standaard wat in hierdie studie voorgestaan word. Hy wend egter nie 'n poging aan om hierdie onderskeiding sistematies te ondersoek nie. As 'n mens Afrikaans (as 'n nie-standaardvorm van Nederlands) met ander nedersettingstale waarvan hier sprake is (Vlaams en Duits) vergelyk, word 'n mens deur allerlei ooreenkomste verras. Wilson (1980(?) : 1) sê byvoorbeeld:

"Some of the characteristic features of Afrikaans ... are in striking agreement with the Texas German I am acquainted with."

Kyk 'n mens na 'n studie oor Vlaams in die Chicagogebied (Ostyn 1970 in Van Rensburg 1983 : 157) kom jy tot dieselfde gevolgtrekking. In al die gevalle vertoon die nedersettingstale bepaalde vorme wat onderling ooreenkom, maar wat van die standaardvorm in die herkomsgebied verskil.

4.3.4 D.B. BOSMAN

D.B. Bosman probeer om in sy boek *Oor die Ontstaan van Afrikaans* (1928/1962) die bewysvoeringe van Hesseling te weerlê. Sy eie standpunt is dat Afrikaans — hy stipuleer egter nie met watter vorm hy werk nie — geen mengeltaal genoem kan word nie, maar ook nie as 'n spontane ontwikkeling uit Hollands beskou kan word nie. Bosman



konstateer verder dat dit die groot beswaar is teen alle teorieë wat die invloed van een of ander vreemde idioom aanneem om die ontwikkeling van Afrikaans te verklaar. Dit word uit die oog verloor dat Nederlands die prestige-taal was en dat die vreemdelinge nie-Standaardnederlands gepraat het en nie andersom nie. Alle nasies met wie daar noue aanraking was, het die taal wat hul gepraat het, prysgegee en 'n vorm van Nederlands aangeneem. Waarom sou die Nederlanders nou Maleis-Portugees gaan aanneem? Voorts voeg hy daaraan toe:

"Om te bewys dat Afrikaans 'n mengeltaal geword het onder Maleis-Portugese invloed moet, volgens prof. Hesseling se eie definisie van 'n mengeltaal, aangetoon word dat die Koloniste aan die Kaap nie alleen Maleis-Portugees verstaan het nie, maar ook gepraat het; dat hulle dit gedoen het, in 'grooten getalle', 'en dat niet slechts soms maar, in het dagelijksch gebruik'" (Bosman 1928 : 58).

Dit is slegs waar van die sogenaamde Hottentotnederlands ('n nie-standaardvorm), die Slawenederlands, die Fransnederlands, ensovoorts. Bosman (1928 : 40) volstaan met die volgende formulering:

"In sover nou as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge."

(Vergelyk in dié verband ook Pheiffer 1980). Hier is dus sprake van nie-Standaardnederlands, maar ook hý (Bosman) het dit nog oor 'n *verandering* wat in die "geadapteteerde Nederlands van vreemdelinge" sou moes plaasgevind het.

Bosman laat hom ook uit oor Hesseling se "zeer ingrypende invloed" wat kwansuis van Maleis-Portugees op die sintaksis en vormleer van Afrikaans moes uitgegaan het en meld dat daar hiervoor geen oortuigende bewyse is nie. Waar kreoliserende invloed op die Afrikaanse klankleer en sintaksis moontlik of waarskynlik gemaak is,



"... het ons te doen met lokale verskynsels, wat in hoofsaak beperk is tot wat rasdialektiese Afrikaans genoem kan word ... Die lokale spore van Maleise invloed, tesame met die historiese gegewens wat ons besit, dui aan dat dié invloed nie algemeen werksaam was nie, en dus nie as verklaring van die ontstaan van Afrikaans kan dien nie" (Bosman 1928 : 98),

tensy spore daarvan in ABA gevind kan word, wat wél die geval is.

4.3.5 S.P.E. BOSHOFF

Nog 'n taalkundige wat by Bosman aansluit teen Hesseling (en Valkhoff) se teorieë, is prof. S.P.E. Boshoff. Hy glo dat navorsers te veel klem op taalsplitsing lê en te min aandag aan die kontinuiteit van taal gee, met die gevolg dat die spontane ontwikkelingsfaktore (in terme van dié studie eerder voortsettingsfaktore) buite rekening gelaat word. Hy konkludeer:

"Persoonlik vind ek die ontwikkeling nie so snel nie, wanneer daar rekening gehou word met die voorgeskiedenis van Afrikaans, en die tempo nie abnormaal nie, wanneer daar rekening gehou word met al die omstandighede en vervormingsfaktore" (Boshoff 1917 : 17-18). *"... 'n Spontane ontwikkeling vir Afrikaans is dus helemal nie uit te sluit nie, en is selfs heel waarskynlik"* (op. cit.).

Ek sou graag hierby wil aansluit: 'n Spontane ontwikkeling vir Afrikaans is nie uit te sluit nie en selfs heel waarskynlik **UIT-NIE-STANDAARDNEDERLANDS!** Dit moet ook in gedagte gehou word dat dit nie elke nie-standaardgroep was wat 'n sê gehad het in die vorming van latere Standaardafrikaans nie.

4.3.6 J.J. LE ROUX

Le Roux kom in sy *Praatjies oor Ons Taal* (1939) tot die slotsom dat die ontstaan van Afrikaans in alle faktore



gesoek moet word:

"... dat juis die neiging om wat bymekaar hoort te skei in die verlede verantwoordelik was vir baie skewe voorstellings. Die verstandige beoordelaar sien in dat die veranderinge wat tot stand gekom het, die gesamentlike uitwerking was van al die omstandighede" (1939 : 25).

Hiermee kan ons nie akkoord gaan nie. (Vergelyk opmerking voor 4.3.6.)

4.3.7 G.S. NIENABER

Dit blyk asof G.S. Nienaber in *Oor die Afrikaanse Taal* (1934) tog gedeeltelik glo aan spontane ontwikkeling, maar dat die ontwikkelingstempo hom hinder:

"... die faktore wat die Nederlands van die blanke koloniste omgevorm het tot Afrikaans het eers in hulle taal tussen 1750 en 1800 so 'n groot definitiewe neerslag gehad dat ons van 'n Kaaps-Hollandse variant kan praat, en na 1800 moet praat ..." (1934 : 20).

Die feit is egter dat daar al voor dié eersgenoemde tye sprake van allerlei variante was (Raidt 1971 : 111).

4.3.8 J.J. SMITH, C.J. VAN RYN, W. POSTMA, E. KRUISINGA

In aansluiting by Nienaber was daar 'n groep taalkundiges wat spontane ontwikkeling van Afrikaans as die belangrikste en selfs enigste faktor gesien het, en dit onomwonde verklaar het: J.J. Smith (1952 : 9):

"I myself believe in the so-called 'spontaneous' or internal development theory, i.e. the theory which considers present-day Afrikaans as a modification or evolution due to internal causes in the language itself, and not to any sudden clash with any outside idiom."

"... Spontaneous or internal development means that the language grew as it were out of its own natural resources, as a result of its own internal tendencies ... A seed which grows to a tree is to me an example of spontaneous development, though



this does not exclude the influence of all sorts of circumstances, like rain, sunshine, water, soil, manuring, pruning, etc." (Smith 1952 : 10-11).

C.J. van Ryn:

"Afrikaans is Hollands in hart en nieren",

W. Postma:

"Hollands van die 17de eeu soos dit geleef het in die volksmond, daaruit is Afrikaans die natuurlike ontwikkeling",

E. Kruisinga:

"... het Afrikaans (is) de zuivere ontwikkeling van een Nederlands dialekt"

(In Van der Merwe 1964 : 146).

Ten spyte van wat Smith, Kruisinga en Postma as spontane ontwikkeling beskou, vind ons tog 'n onderstroom van die faktore wat in hierdie studie ter sprake kom by 'n verklaring oor die vernederlandsing van Afrikaans, te wete: nie-Standaardnederlands, substandaardvorm (volkstaal) en "ander" invloede.

4.3.9 S.A. LOUW

S.A. Louw het met 'n geografiese ondersoek as uitgangspunt in sy boek *Dialekvermenging en Taalontwikkeling* (1948), 'n belangrike bydrae gelewer ter ondersteuning van die spontane ontwikkelingstandpunt. Hy meld byvoorbeeld die volgende ten opsigte van taalgeografie en die studie van Afrikaans:

"Maar Afrikaans is in veel groter mate aangewese op dialektiese materiaal van minstens twee ander tale; behalwe op die Afrikaanse Taalatlas ook op dié van Nederlands, waaruit Afrikaans nog so betreklik onlangs ontstaan het" (1976 : 53).



Ook hý onderskei in sy oordele ook nie tussen standaard en nie-standaard nie, en praat ook van "ontstaan" in teenstelling met "voortsetting".

4.3.10 G.G. KLOEKE

Nog 'n dialekgeografiese navorsingswerk was die boek van G.G. Kloeke: *Herkomst en Groei van het Afrikaans* (1950). Die aandeel van die Nederlandse dialekstudie by die studie van die geskiedenis van Afrikaans kom deeglik tot sy reg in genoemde boek. Die boek handel egter nie in hoofsaak oor dialekstudie in Suid-Afrika self nie, maar hy maak tog die stelling dat Afrikaans 'n Germaanse taal is en

"... dat het Afrikaans stoelt op het Nederlands is nooit bestreden" (1950 : 12).

Hy heg dus geen geloof aan die opvatting van taalvermenging en vreemde invloed nie, maar gee tog toe dat Afrikaans nie sonder meer

"de zuivere ontwikkeling van een Nederlands dialect" is nie. "Taalvermenging heeft nl. wel plaats gevonden in die zin, dat 'oer-Afrikaans'... een compromis heeft aangegaan met het Hooghollands, waarmee het immers steeds intiem verbonden is geweest ..." (1950 : 333).

Kloeke se vernaamste doel met hierdie werk was om aan die hand van dialekgeografiese gegewens aan te voer dat Afrikaans wat die formele vorm betref, na 'n Suid-Hollandse vorm teruggevoer kan word; dat hierdie tradisie deur Van Riebeeck geskep is en dat 'Oer-Afrikaans' vroeg reeds in wese 'n 'draai' gekry het (dit wil sê voor 1664), deurdat Nederlands Afrikaans geword het (Kloeke 1950 : xi). Net soos die meeste ander linguïste se menings oor Afrikaans, sien ook Kloeke die standaardvorm van Afrikaans as die gevolg van 'n "verandering". Kloeke noem die verandering wat Afrikaans ten opsigte van Nederlands vertoon "... de eigenaardige 'draai' in het Afrikaans..."



(1950 : xi). Die proses waardeur Afrikaans die standaard-vorm van Nederlands in Suid-Afrika geword het, het in werklikheid te make met 'n statusverheffing van Afrikaans ten koste van Nederlands, en nie met taalveranderinge in AB-Nederlands nie. Kloeke mis hierdie insig.

4.3.11 H.J.J.M. VAN DER MERWE, J. COMBRINK,
J. DU P. SCHOLTZ EN F.F. ODENDAL

Dit blyk asof Afrikaanse taalgeleerdes, as bogenoemde gegewens in ag geneem word, grootliks weggebreek het van die (uitlandse) idee dat Afrikaans sy ontstaan te danke het aan 'n taalsplitsing as gevolg van 'n vreemdetaalbotsing of -invloede. 'n Antwoord kan gevind word in die data van ondersoekers wat hulle al hoe meer besig hou met bronne-studie uit die oudste en ouer tydperke van sowel die Nederlandse as die Afrikaanse taalgeskiedenis.

Nou word al hoe meer bewyse gelewer vir

"spontane ontwikkeling as die logiese uitvloeisel van taalkontinuitet. Dit kom dus daarop neer dat Afrikaans die uitkristallisering onder bepaalde omstandighede is van koersgerigte neigings in die Nederlandse volkstaal wat soms al selfs voor 1700 opvallend geword het" (Van der Merwe 1970 : 31).

H.J.J.M. van der Merwe sluit voorts hierby aan deur te konstateer dat die Afrikaanse verkleinwoorde, diftongering by die intervokalisering -t en -d, ensovoorts, met ander woorde alle verskynsels wat vandag deel uitmaak van Afrikaans hulle reeds tussen 1656-1658 in Afrikaans voltrek het. Hy meld verder:

"Terselfdertyd is dit glashelder dat hierdie taalneiging hom nie in Afrikaans kon voltrek het nie as dit nie reeds in wese aanwesig was in 17de-eeuse Nederlands van 1650 nie. As Afrikaans dus 'n gekreoliseerde taal was, sou dit nie juis 'n koersgerigtheid getoon het wat setel in die 17de-eeuse Volksnederlands en verder terug in Wes-Germaans nie. Die mooie daarvan is verder dat dit in hoofsaak dieselfde patroon gevolg het as dié in Nederland self; die oorsprong van die



twee tale was dus dieselfde, anders kon die ooreenkoms in verloop nie gelyk gewees het nie"
(Van der Merwe 1969 : 80; 1964 : 153; 1970 : 31-32).

Na oorweging uit verskeie bronne kom Van der Merwe (1969 : 88; 1970 : 33) tot die slotsom:

"Afrikaans het nie eensklaps aan die Kaap ontstaan nie, maar die ontstaan moet gesien word as 'n voortsetting van 'n taalneiging van die 16de en 17de eeu — die ontstaan is voorafgegaan deur 'n baie lang aanloop. Afrikaans het dus reeds in die 16de eeu sy begin gehad, maar sy eintlike beslag wat die huidige vorm betref, het tussen 1656 en 1658 plaasgevind, dus lank voordat vreemde nie-Nederlandse invloed daarop kon inwerk. In oorsprong en ontwikkeling is Afrikaans dus net so suiwer as Nederlands en dit gaan terug op dieselfde stam."

Combrink (1978 : 75) verwys in sy werk onder andere na die werk van Wayne A. O'Neil oor die geskiedenis van die Germaanse tale, en hy konstateer:

"If O'Neil is correct in his claims, we must, I think, accord the factor of creolization considerably less weight than the factor of Germanic inter-dialectal noise deletion."

J. du P. Scholtz (1970 : 80-113) merk tereg op:

"Fifty years after Hesseling propounded his Malay-Portuguese theory there was still no unanimity about the question of the origin of Afrikaans. The purely linguistic data and preparatory studies, both Cape and Dutch, necessary for a more or less satisfactory reconstruction of the development of even one aspect of the Afrikaans linguistic system, under or without foreign influence, were still lacking when all kinds of theories seeking to explain the origin of Afrikaans, were propounded, disputed, and defended."

Maar, sedert 1950 het die situasie drasties en radikaal begin verander. Sekere aspekte van die Afrikaanse



grammatikasisteen is diachronies en sinchronies bestuur, vry en losgemaak van die bande van die verskillende teorieë. Daar sal nog baie werk gedoen moet word en ander fasette sal uit die aard van die tekort aan historiese gegewens nooit opgelos word nie. Combrink (1978 : 70) verklaar verder:

"But mainly because of research done on the evolution of various aspects of Afrikaans, and on specific topics related to Afrikaans and Dutch dialects as pursued during the years since World War II, we are now in a position to declare that Afrikaans was born of a polygamous shotgun marriage involving several Dutch dialects, albeit under pressure of various foreign influences."

Wat dan van die studie van Afrikaanse nie-standaardvorme? Transvaalafrikaans, Griekwa- en Maleierafrikaans, ensovoorts? Of praat Combrink juis van Afrikaanse nie-standaardvorme?

Combrink kwalifiseer hom egter enigsins as hy hieraan toevoeg dat teorie bewys moet word en net omdat een bepaalde element van Afrikaans op 'n bepaalde wyse ontstaan het (die invloed van die Nederlandse dialek, Hollands), dit nie bewys is dat alle strukturele aspekte van Afrikaans na Hollands teruggevoer kan word nie.

F.F. Odendal (1979 : 48) vat heelwat taalkundige menings saam in sy opmerking:

"Ten spyte daarvan dat die jongste oorsese publikasies oor Kreools Afrikaans nog as 'n Kreoolse taal aangee, is van die sogenaamde kreolisering van Nederlands aan die Kaap taalkundig so goed as niks bewys nie."

Net soos die meeste ander linguïste lê ook Odendal net klem op Standaardafrikaans en word die kader van die nie-standaardvorme — wat juis in hierdie studie van belang is — buite rekening gelaat.



HOOFSTUK 5

DIE SITUASIE MET BETREKKING TOT NEDERLANDS EN AFRIKAANS

5.1 INLEIDING

Valkhoff het in sy oordele ten opsigte van Afrikaans (vergelyk p. 120) 'n opmerking gemaak oor die twee- of meertaligheid in Suid-Afrika:

"The languages of the non-white inhabitants ... were known and spoken by the whites, ... so that a situation of bilingualism, or multilingualism originated, if we add the creolized Dutch of the Hottentots and the slaves"
(Valkhoff 1972 : 83).

Die tale waarvan in hierdie multilinguistiese situasie aan die Kaap sprake was, is reeds in hoofstuk 4 bespreek. Die tale van die nedersetters het bepaalde ooreenkomste geopenbaar wat verskil het van die amptelike taal van die bewindhebbers en amptenary. Die verskil word met behulp van die onderskeiding standaard/nie-standaard beskryf. Vir die doel van hierdie hoofstuk sal daar spesifiek by die standaardvorm van Nederlands ("Hoog-Hollands"/Amptenarehollands) en nie-Standaardnederlands (dit is Afrikaans) stilgestaan word.

Hierdie toestand van multilinguisme, die voortdurende interaksie tussen Standaardnederlands en nie-Standaardnederlands¹⁾ asook die opkoms van 'n nuwe koloniale taal (Engels) wat terselfdertyd reeds al 'n handelstaal was (Steyn 1980 : 119), het 'n situasie bekend as diglossie in Suid-Afrika laat ontstaan. Dié aspek word in hierdie hoofstuk nader toegelig.

1) Vergelyk in dié verband ook: Hattingh en Rautenbach (1942 : XIII).



Diglossie en status is nouverweefde aspekte. Die aanvanklik ondergeskikte status van Afrikaans as 'n nie-standaardvorm van Nederlands sal in dié hoofstuk ook ter sprake kom. De Vries (1980 : 111) het aangetoon dat verandering ook "van onder af", van 'n nie-standaard-laag/variantevorm af moontlik is. Een eis bly net, en dit is dat die variant status moes verwerf het. Dit hou dus die moontlikheid in dat 'n groep/persoon wat status verwerf het, die norm kan dikteer. Aangesien hierdie faset van status ook in die geval van Afrikaans van toepassing is en in die hieropvolgende hoofstukke in meer besonderhede bespreek sal word, word die belangrikheid daarvan vir die onderwerp, die vernederlandsing van Afrikaans, onderstreep.

5.2 WAT WORD ONDER 'N DIGLOSSIESITUASIE VERSTAAN?

"Societies characterized by diglossia separate languages, dialects, registers or differentiated language varieties (Ferguson 1964) to communicate two existing classes of complementary values, attitudes and behaviors. There are L-related values of intimacy, solidarity, spontaneity and informality that are related to the home and friendship domains. The complement of L-related values are H-related values which emphasize status differences, ritual and formality related to religion, education and government" (Straker 1980 : 103).

(Vergelyk in dié verband ook Ferguson 1959 en 1964 in Hymes, D. (red.), 1959 en 1964; Fishman 1972.)

Ter aanvulling van die genoemde definisies kan die ondersoek van Greenfield en Fishman (Straker 1980 : 103-104) ten opsigte van Puerto Rico genoem word:

"... Spanish was associated with values of solidarity and intimacy and was used in such domains as family and friendship, while English was associated with the values of status differentiation and was used in such domains as religion, education and employment."

Hieraan voeg sy toe:

"In diglossia speech communities the choice of a language variety is made based on its appropriateness to the social situation" (Straker 1980 : 101).

Ook Occitania (die suidelike deel van Frankryk) kan as 'n voorbeeld van 'n diglossiesituasie voorgelê word. Hier is Frans as "hoë" taal ingebring in 'n gemeenskap waar 'n Romaanse taalverskeidenheid (ook bekend as die dialekte van Langue d'Oc) geheers het. Hierdie verskeidenheid is selfs vandag nog onder die stigma van "peasant dialects" (Hall 1974 : 118 en Eckert 1980 : 1057).

In 'n ander Occitaniese gemeenskap — geleë in die Ariège-Pireneëgebergtes — het dieselfde situasie geheers, hier egter tussen Gascon en Frans.

"The stigmatization of the dialect of this area (Gascon) ..."

het gegroei namate Frans as "hoër" taal oorgeneem het en

"... Gascon ceased to be adequate for all situations within the village. It became 'inappropriate' in the school ... Punishments for speaking the low language in school ... to tie a wooden shoe around the offender's neck, ... whipping ... mouths washed out with soap ... heads flushed in the toilet ... The low is in actuality the 'trespasser', and this notion of linguistic trespassing puts the low always in the wrong" (Eckert 1980 : 1060).

Sy voeg hieraan toe:

"The elimination of Gascon was part of the elimination of the peasant economy; thus very directly, French has long been the means to economic mobility and Gascon has been stigmatized as both a barrier to mobility and a symbol of peasant poverty" (Eckert 1980 : 1059).



Uit die bogenoemde blyk 'n bykomende karakteristieke eienskap wat in 'n diglossiespraakgemeenskap na vore tree, naamlik die onderskeid wat tussen 'n standaard- en 'n substandaardvorm van 'n taal gemaak word en met verskillende oogmerke gebruik word. Penelope Eckert (1980 : 1054) meld in dié verband:

"Diglossia refers to the use in one community of two languages: a superposed variety, referred to as the 'high' language, which is reserved for use in more public, formal and learned domains, and a vernacular, or 'low' language, used in more popular and intimate domains"

waar

"the high (is) being opposed to low as powerful to powerless" (Eckert 1980 : 1061; vergelyk ook Shaffer 1978 : 57).

Straker het in 'n bepaalde ondersoek dié karakteristieke eienskap probeer deurvors en het gepoog om vas te stel:

"... whether standard English (S.E.) — proper speech or good English (Straker 1980 : 106) ... or black English (B.E.) is chosen as a means of communication within a black-speaking community ..." (Straker 1980 : 101).

Die interessante resultaat word soos volg saamgevat:

"Inherent in the age-graded use of BE is the idea that who one is and one's whole style of being hinges on how one verbally presents oneself to and establishes oneself among his peers" (Straker 1980 : 105-106).

'n Baie belangrike faktor word verder toegevoeg:

"To speak SE when the norm of appropriateness summons BE is felt to mark one as unduly proper, unfriendly, distant and phony. To speak BE when the norm of appropriateness summons SE is felt to mark the speaker as ignorant" (Straker 1980 : 106).



Uit die voorafgaande kan twee eienskappe van diglossie geformuleer word:

- (a) Dit gaan hier om die onderskeiding standaard-/nie-standaardvorm:

"Diglossia does not arise; it is imposed from above in the form of an administrative, ritual or standard language. By virtue of its political and economic status, this language becomes requisite for access to power and mobility within the society" (Eckert 1980 : 1056).

Teenoor die standaardvorm staan die "lae" variant, die nie-standaardvorm. Dit is die taal wat weinig aansien beleef en gebrandmerk word as ongeskik vir kultuurdoeleindes. (Vergelyk ook Labov 1972 : 213.)

"Afrikaans is 'n lelike dialek van Nederlands, goed genoeg om te gebruik teenoor die bediendes en in die alledaagse omgang, maar sekerlik nie vir beskaafde doeleindes soos in toesprake en preke nie, en nog minder as geskrewe taal" (Nienaber 1982 : 16 — oor die vroeë Afrikaans van die vorige eeu).

- (b) Sekere funksietoepassings vind plaas. Die "hoë" taal dra die stempel van status en prestige, "the means to economic mobility", terwyl die nie-standaardvorm as 'n hindernis op die pad na mobiliteit en mag geklassifiseer word — 'n simbool van "peasant poverty".

5.3 'N DIGLOSSIETAALGEMEENSKAP IN SUID-AFRIKA

Die patroon van taalalternasie tussen Hollands en Afrikaans laat 'n mens toe om na 'n diglossiesituasie te verwys. Van die begin van die 19de eeu af het Afrikaans 'n mededingende posisie teenoor Hollands ingeneem. Maar, Afrikaans was egter nie net getalsgewys swak daaraan toe



nie, maar het ook 'n geringe aansien beleef. Nederlands was die "hoë" taalvariant, die kultuurtaal — geskik vir briefskrywery, die Bybel, onderwys en administrasie. Afrikaans as 'n nie-standaardvorm van Nederlands is beskou as ongeskik vir kultuurdoeleindes. Ponelis (1982 : 75) meld:

*"Feit is dat redelik vroeë diglossie van die Kaap vermoed kan word, waarin Nederlands (Hoog=hollands) die hoë taal (amptelike taal, kerk=taal, skryftaal) was, terwyl die omgangstaal in die laer gebruiksfere gedeeltelik in ander bane en uit ander dialektiese bodem ontwikkel het, maar blykbaar sonder dat die band met Nederlands ooit heeltemal losgesny is."*¹⁾

Steyn (1980 : 120) sê die feit dat Afrikaans ook die taal van die Khoen (Hottentotte), slawe, vryswartes, "bas=taards" en hul afstammeling was ('n feit wat in der waarheid een van Afrikaans se kragte was, maar destyds as 'n swakheid gevoel is), het bygedra tot die lae waardering daarvan deur sowel die nuwe bewindhebbers as sy eie wit sprekers. Die Kapenaars het neergesien op 'n taal wat net geskik was vir "lae" funksies soos gesprekke in die gesin en met vriende, vir grappe maak en vloek, en beslis nie geskik vir godsdiens of briefskrywery nie. Raidt (1971 : 104-171) merk tereg in hierdie verband op dat die bewoners aan die Kaap daarom die tipiese Afrikaanshede (soos die dubbele negatief, die gebruik van *ons* ensovoorts) konsekwent in skryfwerk vermy het. Die rede kan òf gesoek word in die sterk skryftaaltradisie wat aan hul bekend was (hulle wou met ander woorde Nederlands skryf), òf in die laer status van dergelike vorme. Almal wou korrekte en deftige Nederlands skryf, daarom het hul vorme en konstruksies wat as onbeskaaf of tē gemeensaam beskou is, in die geskrewe taal vermy.

1) Vergelyk ook: Shaffer (1978 : 51-64).



Samevattend en ter ondersteuning van die genoemde stellings oor diglossie voeg Van Wyk (1978 : 47) toe:

"... all the typical features of diglossia ... developed in South Africa soon after the arrival of the earliest Dutch settlers in 1652. It is now fairly well established that the Dutch spoken by the settlers began to acquire a distinctive character at the beginning of the 18th century and that it had become a stable spoken language by the 19th century. This language, which was later to be called Afrikaans became a typical L form used in informal situations, whereas Dutch, or what was intended to be Dutch, was used as an H form in formal situations. This diglossic relationship existed for more than a century, but during the last quarter of the 19th century Afrikaans became the rallying point of an awakening national consciousness."

Die stigting van die Afrikanerbond in 1880 illustreer die laaste opmerking. (Vergelyk Du Plessis 1983.)

Van Wyk (1978 : 47) gaan voort:

"... and began to acquire a higher status when the Union of South Africa came into being in 1910. English and Dutch were enshrined in the Constitution as the two official languages of the country. Afrikaans rapidly overtook Dutch and finally replaced it as an official language in 1925. With that, the last vestiges of the diglossic relationship disappeared."

Die vraag kan gevra word: hoe Afrikaans die gaping tussen 'n nie-standaardtaal en standaardtaal oorbrug het. Klopper (1981 : 393) stel dit dat taal verband hou met sosiale norme en deur die sosiale gaping te verklein, sal die taalgebruik vanself verbeter.

Nienaber (1955 : 43-44) sluit hierby aan:

"Toe Afrikaans tot skryftaal verhef is, het dit geskied ten koste van Nederlands, en om teenstanders ... te oortuig dat Afrikaans 'n ander taal is en 'n aparte plek beklee, is juis die afwykende en kenmerklike na vore gebring ... Nou moes dit nog net geadel word ..."



— en, dít het heel moontlik geskied deur 'n teruggryp na Nederlands (vernederlandsing). Hierdie aspek word in hoofstuk 7 bespreek.

5.3.1 DIE STATUS VAN AFRIKAANS AS 'N NIE-STANDAARD-VORM VAN NEDERLANDS

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dus dat Afrikaans as een van die substandaardvorme van Nederlands beskou is — 'n situasie wat die status van Afrikaans ter sprake bring.

Vanaf 1826 het daar egter herhaalde kere Afrikaanse stukkies in koerante verskyn. Boniface, Meurant, Bain en andere het die Afrikaanse taalvorm net vermaaklikheids=halwe gekies om met iets of iemand gek te skeer of sommer net om snaaks te wees. By geeneen van die stukke was die skrywer in Afrikaans as 'n volwaardige taal geïnteresseer nie; die taalvorm was slegs 'n middel tot 'n doel. Dit is begryplik dat dergelyke tekste die status van Afrikaans beslis nie verhoog het nie (Raidt 1971 : 201). (By 'n terugblik kan gesê word dat dit die status van Afrikaans wel bevestig het.)

In die begin is Afrikaans uitsluitlik in die mond van nie-Blankes gelê. Vergelyk in dié verband 'n brief gedateer 17 Mei 1810 van C.J. Foecee van Cantebo van 'n Hottentot oor wie hy klagtes gehad het en waarin die "Hottentotse manier van praat" getipeer word (Nienaber 1955 : 38). In *De Zuid-Afrikaan* se uitgawes van 6 en 13 Augustus 1830 praat die Hottentot, Hendrik Kok, Afrikaans, terwyl daar in die uitgawe van 30 Augustus 1830 'n artikel verskyn wat sogenaamd geskrywe is deur die Hottentot Adam Slokker aan sy oom Kievedo (Cupido) (*Die Huisgenoot*: 8 Maart 1835). 'n Jaar of wat later laat Boniface net Hottentotte en Kleurlinge Afrikaans praat. Vergelyk byvoorbeeld *De Temperantisten* (1832), of dié aanhaling uit *The Cape of Good Hope Literary*



Gazette, 1 Februarie 1832 (in Scholtz 1964 : 59):

"He whose good fortune it is to know English, possesses an air of gracefulness in his deportment which is not the case in one destitute of such acquirement. There is a sheepish, clownish, uncivilized look in the man un-English ..."

A. Bain se Hottentotmeidjie "Kaatje Kekkelbek" (van "Life among the Hottentots – subtitel) se Afrikaans het die eerste keer op 4 Maart 1839 in die *South African Sentinel* verskyn. Sy gesels in 'n Afrikaans wat deurspek is met Engels.

Changuion het in 1844 verkondig dat:

"... de platte Kaapsche spraak ... in hare zuiverheid alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken wordt" (Scholtz 1964 : 169).

Reeds voor 1850 was "Hottentotstaal" dan ook een van die geliefkoosde skeldname vir Afrikaans (Scholtz 1964 : 170 – hy verwys na Maria Stucke "Reis naar en Verblijf aan de Kaap en te Natal, gedurende het jaar 1846 en 1847", p. 96).

Stadig maar seker het 'n veranderende status van Afrikaans uit bepaalde publikasies geblyk. Waar Afrikaans aanvanklik in die mond van nie-Blankes gelê is, het Meurant se briewe (1844 – 1850) laat blyk dat hier klaarblyklik al Blankes aan die woord is – al is dit net vir die grap.

Afrikaans het by Nederlandssprekendes geen aansien gehad nie; by Engelssprekendes nog minder. Dit blyk uit 'n hoofartikel in die *Cape Argus* van 19 September 1857:

"The language of the Cape! As if the miserable, bastard jargon, which is the vernacular of this country, is worthy of the name of language at all."



Dié hoofartikel wei verder uit oor die toekomststal,
Engels:

"The language of this country is destined to become English ..."

en hy voeg Afrikaans toe:

"This atrocious vernacular of the Cape has become a dead lingo ... The poverty of expression in this jargon is such, that we defy any man to express thought in it above the merest common-place. People can hardly be expected to act up sentiments which the tongue they use, fail entirely to express. There can be no literature with such a language, for poor as it is, it is hardly a written one" (in Scholtz 1964 : 91).

Die laaste sin van dié aanhaling laat dus in der waarheid een van die kenmerke van 'n substandaardtaal blyk.

Op 14 Oktober 1857 verskyn die volgende in *The Cape Monitor*:

"You neither speak Dutch, that is the pure old Holland vernacular, much less would you soil your lips with the patois of the Hottentot about us ... and ... far less is it recognised as a language of an enlightened people, for it does not provide a decent vocabulary for the lowest of the low ..." (Scholtz 1964 : 92).

In die *De Zuid-Afrikaan* van 20 Mei tot 1 Julie 1858 verskyn 'n reeks van 5 artikels omtrent die bewerings aangaande Afrikaans en Nederlands in die genoemde *The Cape Monitor*. In die derde artikel, dié van 3 Junie, lees ons:

"Het Kaapsch-Nederduits zou een bastaard-spraak en brabbeltaal wezen! Onkunde en domheid alleen kan het beweren. Onze woorden zijn en in betekenis, en in klank, en in vorm Nederduits! Vloeiend is het bijuitnemendheid ..."



Die veranderende status het weer eens 'n ander skakeling aangeneem — dié keer (1860) toe Afrikaans deur Meurant gebruik is vir 'n politieke doel, naamlik om die plattelandse bevolking van sy politieke opvattinge ten opsigte van die afskeiding van die Oos- en Westelike Provinsie, te oortuig. In sy *Zamenspraak* laat hy nou al deftige boere in Afrikaans praat. Kort hierna skryf predikante polemieke in verband met die kerkstryd in Afrikaans. Aangemoedig deur bogenoemde geskryfte lug plattelandse Afrikaners wat nóg Nederlands nóg Engels magtig was, hul griewe in hul (enigsins vernederlandste) Afrikaans. Vergelyk die Hollandse gedeelte van die brief in *The South African Commercial Advertiser* van 17 Desember 1830 - 12 Augustus 1831 waar die korrespondente eenvoudige mense van die platteland is of as sodanig voorgedoen is.

Nog steeds polities georiënteerd, skryf 'n ene "Opmerker" in *Elpis — Algemeen Tijdschrift voor Zuid-Afrika* (1857 - 1860) van sy liefde en bewondering vir suiwer Nederlands, en hy gee sy afsku te kenne van die taal soos dit aan die Kaap gepraat word. Voorts hou hy dié verbastering as verskoning voor vir sy ywer ten gunste van Engels:

"Het koloniaal Hollands wordt, sedert het Engelsch toeneemt, al ellendiger, en voor hem die de schoone en rijke Nederduitsche taal kent al verachtelijker ... En het Hollandsch? — Liever hoor ik het platte plumpe Hollandsch van den achterlijksten boer, dan het verengelschte Hollandsch van het Kaapstadsche jonge geslacht" (Scholtz 1964 : 121).

Met die stigting van die Hollandse blad *Het Cradocksche Nieuwsblad* op 8 Januarie 1861 meld die redaksie:

"We shall not attempt fine writing ... Our Blad will be a paper for the Dutch Boer. We don't care one damn what our Dutch or other contemporaries say regarding our orthography, syntax, or prosody ... nor whether we occasionally indulge ... in 'low vernacular', or good Dutch ... Our contemporaries must not, therefore, be startled



if we sometimes treat them to what is usually termed a leading article, written in the 'lowest vernacular' or the real South African patois" (Scholtz 1964 : 173).

In die begin van 1864 het die Kommissie van Direkteure waarin onder andere voorvegters van Hollands, soos dominees G.W.A. van der Lingen en J.H. Neethling, sitting gehad het, 'n besluit geneem dat daar in die toekoms meer aandag in die Kweekskool aan die studie van die Nederlandse taal en letterkunde gegee moet word. Hier= van het die *Argus* in 'n hoofartikel onder andere gesê:

"It is intended only to foster by such means a spirit of spurious nationality, calculated to produce the most mischievous results in the minds of unthinking persons ..."

en het hieraan toegevoeg dat die taal van die koloniste 'n gemene patois is en dat die Afrikaners die Hollands van die kansel nie verstaan nie (Scholtz 1964 : 127).

In die uitgawe van 28 September 1872 van *De Zuid Afrikaan* betwyfel 'Afrikaner' of dit wenslik is om

"... den Bijbel te vertalen in het platte Afrikaansche dialekt. Het komt mij voor", sê hy "... dat het noch wezenlijk noch nuttig zijn zou zoo ver af te dalen" (Scholtz 1964 : 184).

Op 8 Augustus 1873 word Afrikaans weer ondergeskik gestel toe die redaksie van *De Volkstem* in die inleidingsberig meld:

"Daar om hebben wy besloten, het grootste gedeelte van ons nieuwsblad in de Hollandsche taal uit te geven."

Die moontlike publikasie van Afrikaanse stukke word nie eers oorweeg nie (behalwe miskien briewe in die korrespondensiekolom), hoewel Engelse publikasies tog sal verskyn.



Soos duidelik blyk uit die voorgaande, was die voortbestaan van Afrikaans al jare lank in die weegskaal. In Januarie 1891 kom dit weer eens in gedrang. Op die Taalkongres wat op 31 Oktober 1890 - 1 November 1890 gehou is, is die volgende aantekening in die notule gemaak:

"Na eenige woordenwisseling werd besloten de vraag, of de voorgestelde Taalbond de eigenlijke Hollandsche taal, dan wel den eenen of anderen vorm van het Afrikaansch-Hollandsch zou voortbestaan, ter zijde te stellen, en het aan de toekomst over te laten, welchen vorm de volkstaal in Zuid-Afrika zal innemen" (Deel XXVI, no. 161 : 330, Zuid-Afrikaansche Tijdschrift).

Raidt (1971 : 201) voeg hieraan toe:

"Voordat Engels aan die Kaap 'n rol gespeel het, was Nederlands die enigste kultuurtaal. Niemand het daaraan gedink om aan die 'Kaaps-Hollands' die status van skryftaal toe te ken nie."

In Deel XXVII, no. 162 : 336 van Julie 1891 van die Zuid-Afrikaansche Tijdschrift verskyn die volgende onder die skuilnaam van "Africanus":

"In de laatsten tijd hooren wij daar (Tvl) van pogingen van zekere vereeniging die zich 'Jong Zuid-Afrika' noemt en, onder meer, zich in de eerste plaats ten doel zou stellen, aan het in Zuid-Afrika gesproken volksdialect der Hollandsche taal of het zoogenaamde Kaapsch-Hollandsch een meer invloedrijke stelling naast of liefst boven de schrijftaal, het 'Hoog-Hollandsch', wat niets anders is dan onze eigen spreek- en schrijftaal, te verschaffen."

"Africanus" gaan voort en pleit dat die Kaaps-Hollandssprekendes eerder hul steun aan die Hoog-Hollandssprekendes moet toesê in die stryd teen Engels, omdat:

"... men zou anders b.v. de vraag kunnen stellen of een dialect, dat, zoodra het zich maar eenigszins boven den alledaagsche spreektaal wil



verheffen, bijna zuiver Hoog-Hollandsch wordt, wel al de drukte verdient, die men er over maakt. Dat de Afrikaners hun volksdialekt in zoo verre als het een nationaal karakter vertoont, een goed hart toedragen, is geheel begrijpelijk en natuurlijk, maar of een dialect, dat wemelt van Anglicismen en dus de merkteekenen der Engelsche overheersching op het voorhoofd draaght wel zoo ten volle de genegenheid van vele ware patriotten verdient, mag betwijfeld worden" (Zuid-Afrikaansche Tijdschrift, 1891 : 337). Verkeerd is het zeker de eigenaardige waarde der streekspraken te loochenen en het kan een waar patriot zooals president Reitz dan zeker ook niet euvel geduld worden, dat hij het Zuid-Afrikaansche volksdialekt tot de taal eener volkspoëzie verkoos" (p. 338). "Maar de streekspraken behooren dan toch te blijven op de plaats waar zij behooren. In geen geval mag toch een dialect de bron zijn van verzwakking der nationale eenheid en kracht of de oorzaak, waardoor de band ter vereeniging van volken van hetzelfde ras, namelijk de band der gemeenschappelijke schrijftaal, verbroken worden" (p. 338).

Hy sluit sy betoog af met 'n vurige pleitrede ten gunste van Hollands — nie die "platte volkstaal" nie — teen Engels.

In dieselfde uitgawe (as bogenoemde) het die redaksie 'n berig geplaas oor die "Boefenaars der Hollandsche Taal". Hulle bied hulp aan oor studieprobleme en sal vrae oor die taal beantwoord, maar hulle stel dit uitdruklik:

"We hebben nauwelijks te zeggen dat de vragen uitsluitend de Hollandsche of liever Nederlandsche Taal (met het Kaapsch Hollandsch) moeten betreffen" (Zuid-Afrikaansche Tijdschrift 1891 : 371).

F.W.R. beantwoord of kritiseer in 'n volgende uitgawe (Deel XXVIII, no. 164, September 1891) sekere aspekte deur "Africanus" gemeld, en verwys na Kaaps-Hollands:

"Wat nu het Kaapsch-Hollandsch zooals 'Africanus' de spreektaal van Zuid-Afrika verkiest te noemen betreft, het zou als een dialect van de Hollandsche taal beschouwd kunnen worden



in Holland, doch aangezien het hier de eenige vorm van Hollandsch is, die gesproken wordt, is het in Zuid-Afrika tot eene 'Volkstaal' geworden" (p. 72).

Al wat F.W.R. hier poog om te doen is om "Africanus" reg te help in sy benaming van taal X dialek, maar sy uitspraak bly kras:

"Zou men dan niet eerder kunnen vragen of een dialect, waarmede het zoo gesteld is, als 'Africanus' beweert, wel al het verzet verdient, dat men er tegen maakt? vooral als door zulk een verzet juis de verdeeldheid gezaaid wordt, welke hij zou willen verhoeden?"

Selfs vir die slawegemeenskap was hierdie sogenaamde "hoëre" taal (Nederlands) 'n statussimbool en 'n vereiste om te kon vry word. Daar word byvoorbeeld gemeld dat die skoen 'n teken van vryheid was. Slawe moes kaalvoet loop, maar hulle kon 'n hoed dra as hulle Hollands geken het (Steyn 1980 : 114).

"In hierdie humane halfeeue voor 1800 word baie (slawe) vry verklaar, en daarvoor moes hulle Nederlands ken, maar selfs al word hulle nie vry nie, het kennis van die blanke se hooftaal status verleen, die uiterlike teken waarvan is dat so 'n slaaf 'n hoed mog dra ..." (Nienaber 1953 : 259-260).

Ten slotte stel hoofregter J.H. de Villiers die status van Afrikaans vanuit die oogpunt van die nie-Afrikaanssprekende:

"Poor in the number of its words, weak in its inflections, wanting in accuracy of meaning and incapable in expressing ideas connected with the higher spheres of thought" (Steyn 1980 : 138).

Ter verdediging voeg J.H.H. de Waal die standpunt van die Afrikaanssprekendes hieraan toe:



"Ter wille van de mode en het valse idee dat Afrikaansch maar een patois is, skijnt er een algemeene neiging onder ons volk te zijn om het kleinnood, het bezit van een eigen taal, te verkleineeren — De Afrikaansche taal is rijk in woordenschat, zuiver in afkomst, onbezwaard met moeilijke en onnodige geslachtsregels, klinkt even goed als Hoog-Hollandsch of eenige andere taal, en is, bovenal, de taal van de Afrikaander" (J.H.H. de Waal, Versamelde Werke (Deel I) : 154, in Nienaber 1963 : 14-15).

Samevattend stippel Scholtz (1964 : 169) die kwessie van status soos volg uit:

"Reeds lank voor die Kaap in Engelse hande oorgegaan het, was die spreektaal van die Kaapse koloniste nie meer Hollands nie, maar Afrikaans. Meer as gemeensame omgangstaal was Afrikaans egter nie. Hollands was die taal van die regering, die kerk en die skool; Afrikaans is beskou as 'n laer, verbasterde vorm daarvan, 'n dialek geskik om te gebruik teenoor slawe en Hottentotte en in die alledaagse omgang met mekaar ... Afrikaans was maar 'n 'verkeerde' vorm daarvan (Hollands), sonder verlede en sonder toekoms."

Met ander woorde, Afrikaans was maar 'n nie-standaardvorm wat in verskeie variasies teenoor die standaardtaal, die "hoëre" taal, Hollands, gestaan het.

* * * * *

Selfs vandag nog blyk dit dikwels dat Afrikaners nie heeltemal van hul minderwaardigheid teenoor Nederlands ontslae geraak het nie. Heimelik voel sommige "taalbewustes" nog vandag dat Nederlands tog maar die fatsoenlike taalnorm bied en eintlik nagevolg behoort te word. (Vergelyk die kontrole van Anglisismes aan Standaardnederlands, terwyl dit tog in sommige gevalle al eeue lank in nie-Standaardnederlands (en + 300 jaar in Afrikaans) voorkom.) Uit 'n historiese oogpunt gesien, glo prof. Posthumus dat dit tog positiewe resultate



opgelewer het, maar hy vra die vraag of daar nie dikwels te ver gegaan word met buitenorme nie. As toeligting hou hy die volkome Afrikaanse fonologiese bou van *glimlagte* voor. Laasgenoemde is veroordeel en vervang deur *glimlagge* wat totaal onafrikaans is –

"klaarblyklik omdat Nederlands lach het, nie lacht nie" (Posthumus 1976 : 128).



HOOFSTUK 6

VERAFRIKAANSING

Daar bestaan in die reël nie 'n algemene skryftaalkvorm vir die nie-standaardvorm van 'n taal nie. 'n Studie van die nie-standaardvorme van 'n taal bring dikwels kennis oor vroeë taalvorme aan die lig — onder meer omdat taalverandering vanuit die nie-standaardlaag geskied. Dit was ook die geval met Afrikaans. Soos blyk uit die voorafgaande bespreking het Afrikaans:

"... vir baie jare lank ... bestaan as die een of ander niestandaardvorm van Nederlands, waarvoor daar nie 'n algemene skryftaalkvorm bekend was nie, en wat gaandeweg ontwikkel het tot die hedendaagse standaardvorm" (Van Rensburg 1981 : 83-86).

Ons is dit almal grootliks met mekaar daaroor eens dat Afrikaans van 'n vorm van nie-Standaardnederlands afstam en 'n voortsetting daarvan is. Op die volledige afstammingsgeskiedenis van Afrikaans tot 'n afsonderlike AB-taal met sy eie taalwette, òf oor die vereenvoudigingsproses onder die dialekte — as daar so iets is — sal hier nie in besonderhede ingegaan word nie. Wat wel van belang is, is die feit dat die taal van die Nederlandse koloniste wat hier aan die Kaap gevestig was, tans veranderinge met betrekking tot AB-Nederlands vertoon.

Hierdie Nederlandse koloniste was nie verteenwoordigend van die hele Nederlandse volk nie — hulle het dus in der waarheid net 'n deel van die Nederlandse woordeskat weerspieël. Volgens De Villiers (1960 : 36) was hulle onbekend met baie streekwoorde, baie geleerde woorde en baie ambagswoorde. Die geleentheid om dié woorde wat hul wel geken het te gebruik, was maar skaars. So het talle terme in verband met waterbeheer en skeepvaart wat in Nederland 'n oorheersende rol gespeel het,

uitgesterf. (Vergelyk byvoorbeeld maswerkknoop - ATA (5/22) wat van die skeepsbetekenis op landbou= betekenis oorgedra is.) Ook talle woorde van die grootstadlewe het mettertyd uitgesterf.

Drie-en-dertig jaar na die koms van Van Riebeeck is die Kaapse koloniste al deur Kommissaris-generaal Van Rheede van "taalverwilderling" beskuldig — 'n afwyking van die standaardtaal is toe eers deur hom raakgesien. In 1741 het Otto F. Mentzel na 'n verblyf van 8 jaar aan die Kaap, geskryf dat die taal van die boere net so min suiwer Nederlandse spraakvorme was as wat die Duitse boere suiwer Duits praat (Van der Merwe 1970 : 37-38). Hy lê 'n goeie oordeel aan die dag deur dit met die taalvorm van die Duitse boere te vergelyk wat niks anders as nie-Standaardduits is nie. Die siening dat Afrikaans uit nie-Standaardnederlands kom, word hierdeur onderskryf.

Nog 'n vroeë bewys dat die spreektaal van die Nederlandse koloniste nie Hollands was nie, het in 1775 van die jong Christiaan Hendrik Persoon gekom. Hy is vir verdere studie terug Nederland toe en skryf daarvandaan aan sy ouers in Kaapstad dat die Amsterdammers hom oor sy "Caaps krom spreek" terg, sodat hy nou poog om goeie Hollands te leer praat (Scholtz 1963 : 230).

Heel aan die begin van die 19de eeu merk M.K. Heinrich Lichtenstein, 'n jong Duitser wat as lyfarts van generaal Janssens opgetree het, op dat die kolonistetaal selfs vir gebore Nederlanders onverstaanbaar is — sō ver het dié spreektaal al van Nederlands afgewyk (Van der Merwe 1970 : 38). Volgens getuienis van die Kaapstadse tolk van die geregshof, Swaving, in 1830, is Afrikaans wat hy 'n "soort van bastaard Hollandsch" noem, deur boere, slawe en Hottentotte gepraat, maar hy voeg daaraan toe dat dié taalvorm "zelf den meer beschaafden der christelike en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is", met uitsondering egter van diegene wat in



Nederland gebore of opgevoed is (Scholtz 1963 : 231).
(In hoeverre hy hier praatkennis bedoel, of verstaan-
kennis, is nie duidelik nie.)

Die toestand in Suid-Afrika was dus sodanig dat terwyl Afrikaans die mees algemene omgangstaal was, die beter opgevoede toplaag van die maatskappy, veral by formele geleenthede, suiwer Nederlands probeer praat het. Dié taal wat naas formele of amptenare- of AB-Nederlands gestaan het, was Kaapsch-Hollandsch/Cape-Dutch/Bastaard-Hollandsch/Kaapsch/Boere-Hollands/Boere-Kaaps (later Afrikaans) en is aan die laere sosiale lae gekoppel. Dit het tot gevolg gehad dat taalstigmatisering dit geëtiketteer het as 'n dialek van Nederlands wat slegs geskik is vir alledaagse omgang met mekaar, die slawe en die Hottentotte (Scholtz 1964 : 207). Daarom dat Changuion (1844 : 23) meld:

"... dat de beschaafde klasse overal haar best doet om het kenmerkende der Kaapsche spraak af te leggen."

Intussen is AB-Nederlands in Suid-Afrika oor 'n tydperk van enkele dekades vervang deur AB-Afrikaans, 'n volkstaal, 'n *sermo rusticus* (vergelyk die Romeinse plebs se "onsuiwer" volkstaal/Volkslatyn), wat nie die voorregte van gebruik in die kerk en skool geniet het nie, en as die 'laerfunksie-taal' bestempel is (Boshoff 1963 : 101). Die taal van ons voorouers aan die Kaap gedurende die eerste eeu van ons geskiedenis het, soos in 'n vorige hoofstuk aangetoon, as gevolg van die rasse- en volksmilieu bestaan uit 'n verskeidenheid van tale en tongvalle, maar dié verskeidenheid aan die Kaap het hom al meer en meer gerig na 'n kern, 'n standaard, 'n "eenheid-in-wording" (Boshoff 1963 : 101). Daarom dus dat die veranderinge in die Nederlandse taal (vanaf die Volks-, Statebybel- en Amptenarenederlands) gekulmineer het in 'n nuwe "taal" eenheid wat 'n "foutiewe" Nederlands of 'n stabiliseringsvorm van een van die



nie-standaardvorme van Nederlands genoem kan word, maar wat in verskillende grade of nuanses nader of verder van die taal van die amptenare uit Patria of dié van die Statebybel gestaan het (Loubser 1961 : 3).

'n Eenheid in die ware sin van die woord was hierdie nie-standaardvorm of "Kaaps-Nederlands" egter nie, want die uiteenlopende sosiale milieu, herkoms, skoling, ensovoorts van die individuele sprekers het sy stempel op die veranderde taal afgedruk:

"Die Dietsspreekende Afrikaner ... het, deur 'n verblyf van twee eeue en 'n half onder 'n Afrikaanse son en in 'n Afrikaanse omgewing, eienskappe ontwikkel wat aan die Hollander van vandag totaal vreemd is" (Smith 1953 : xiv).

Máár, wat wel waar is van hierdie "eenheid", is die feit dat dit, in al sy skakerings, 'n weggroei van Nederlands was, al hoe meer 'n "verafrikaanste" Nederlands (Smith 1926 : 34).

Die AB-Nederlands van die bewindhebbers en die amptenary het dus naas 'n ander vorm, 'n nie-standaardvorm daarvan, sy plek in die taalmilieu van die Kaap ingeneem. Hierdie nie-standaardvorm van Nederlands het 'n ander gedaante as Standaardnederlands gehad. So was daar byvoorbeeld in die standaardvorm woorde wat nog sterk aan die Hollandse vaderland herinner het. Die nie-standaardvorm daarenteen, het 'n ander inslag gehad omdat die koloniste in Suid-Afrika nie meer sterk bande met hul vaderland, die HOIK en die amptenare behou het nie. So kon woorde vanuit een of ander Europese of Oosterse taal 'n bepaalde skakering aan die nie-standaardvorm gee: die betekenis van woorde kon verander, 'n ander betekenis-skakering kon meer opvallend òf selfs op die agtergrond raak en afleidings, samevoegings en samestellende koppelingte het ontstaan (De Villiers 1960 : 36-40).



Gesien naas die amptenary se ongeveer AB-Nederlands was daar in die nie-standaardvorm ander uitsprake en uitgange van woorde as in die standaardtaal. Een van die nie-standaardtaalvorme was die afwesigheid van grammatikale geslagsonderskeidinge by selfstandige naamwoorde. Ook die verbuiging van byvoeglike naamwoorde, woordvorming en woordpatrone, uitdrukkingsvorme en woordorde het in 'n ander vorm in AB-Nederlands voorgekom as wat die geval in die nie-standaardtaal was.

In die stabilisering van die wisselvorme sonder 'n aktiewe AB-Nederlandse voorbeeld is duisende nuwe woorde en sinwendinge geskep en is die proses van die *verafrikaansing* van Nederlands voltrek.



HOOFSTUK 7

VERAFRIKAANSING → VERNEDERLANDSING¹⁾

7.1 INLEIDING

Soos uit die vorige afdeling geblyk het, was Hollands, afgesien van die "suiwer Nederlands" van die amptenary en die Hoog-Hollands van die Kaapse burgery, in werklikheid nooit die taal van die meerderheid van die kolonistene. Hulle het Afrikaans (nie-Standaardnederlands) gepraat. Laasgenoemde, as gevolg van die tipering daarvan as 'n "verkeerde" vorm van Hollands, is egter nie as 'n "hoëfunksietaal" erken nie en is dus verag. Dit was die taal wat taalmense soos S.J. du Toit nie eers durf gebruik het of die moed gehad het om in stukke aan 'n Kaapse parlamentslid te gebruik nie. Vergelyk byvoorbeeld wat J.H.H. de Waal ten opsigte van Du Toit opmerk:

"Vooroordeel teen 'Kaapsch-Hollandsch' as pen-medium was selfs by daardie taalleier, hoe onbewus ook, aanwesig ... Selfs daardie gevierde voorvegter van Afrikaans het nie die moed gehad om sy lering en voorskrif in die praktyk te beoefen nie" (De Waal 1939 (Deel VIII) : 241-242 in Steyn 1980 : 191).

'n Verdere voorbeeld van die stigma van substandaard wat aan Afrikaans gekleef het, kom van 'n sekere predikant, ds. A.A. Louw, van die N.G.-gemeente Noorder-Paarl. Hy het De Waal as redakteur van *De Goede Hoop* in 'n brief sleggesê, omdat hy

"... die verfoeilike 'Du Toit-taal' in sy blad vereer" (Steyn 1980 : 192).

1) Vergelyk ook: Den Besten (1980 : 173).



Ook ander Afrikaanssprekendes het smalend opgemerk:

"Die Afrikaansche taal is belachelijk, want zij woont in de kombuis, op de straat, in de kantienen, in de woningen van onopgevoeden" (De Waal 1939 (Deel I) : 268).

G.S. Nienaber (1933 : 61) voeg hieraan toe:

"So bring die oorheersers die Afrikanertaal in oneer, en aan die vernedering werk die Afrikaner self mee ... Hy is skaam vir die selfde ding waarop die ander man trots voel — die moedertaal, die nasionaliteit! Dit kom omdat hy moes opkyk na die ander man, en die ander persoon sy taal verag en beledig."

Hierteenoor was Hollands met sy hoëre status (vergelyk hoofstuk 5) die "hoëfunksietaal". Máár, in die normale ontwikkeling van Afrikaans, in sy sogenaamde "sosiale opheffing" tot AB-ekwivalent dus, het Engels 'n belangrike rol gespeel.

Die verengelsing van veral die Blanke bevolking in Suid-Afrika was na die tydelike besetting van 1795 - 1803 'n moontlikheid, maar na die Kaap in 1806 weer en finaal deur die Britte oorgeneem is, het die Engelse gedagte blywend sy intrede aan die suidhoek van Afrika gemaak. Gou het allerlei proklamasies die lig gesien: Engels moet in briefwisseling gebruik word; Engels die enigste taal in die howe; die Regering begunstig Engelssprekendes bo andertaliges; Engels in kerke; Engels die enigste medium op skool, ensovoorts, ensovoorts.

Tot nou toe het die nie-standaardsprekende volksdeel te staan gekom teenoor die minderbeskaafde inboorlingrasse (die Hottentotte en slawe) en hul gebroke vorm van Nederlands — met ander woorde 'n skakeling met ander substandaardvorme. Hierdie situasie is dan gebruik om 'n taalstigma aan almal wat Afrikaans (nie-Standaardnederlands) praat, te laat kleef. Maar nou? Nou het



hulle te doen met 'n ander Blanke nasie wie se taal 'n kultuurtaal, 'n wêreldtaal is. Die Engelse het die land besit en regeer en mense wat dié taal magtig was, 'n sterk gevoel van eiewaarde of selfs meerderwaardigheid laat voel. Die Nederlanders het vir die eerste keer tot die besef gekom dat hul eie geestesgoedere, soos hul godsdienste, gewoontes en bo alles — hulle taal — gevaar loop om in die nuwe taal (Engels) geabsorbeer te raak. Die Hollands van die amptenary het nou stadig maar seker die fase waarin Afrikaans was, betree, naamlik dié van 'n "laefunksietaal" — nou egter om politieke redes, nie sosiale redes nie!

Bevestiging hiervan vind ons byvoorbeeld in die kerkblad, *De Kerkbode* van 16 Februarie 1856 in 'n artikel met die volgende strekking: Die Hollandse taal raak in die Hoofstad, in die meer aansienlike dorpe en in die Oostelike Provinsie in onbruik ... Dr. T. Hahn verwys in 1882 neerhalend na Nederlands wat "weinig verstandelike boeke" gelewer het (Steyn 1980 : 167). Op 5 Junie 1851 skryf 'n korrespondent in *De Zuid-Afrikaan*:

"Although an advocate for the more general diffusion of English amongst all classes, ... still I would allow the Dutch language to slide away gently into the grave of oblivion."

Op 'n later geleentheid:

"De Kaap is Engelsch, de heele regering is Engelsch, en daarom moet het Hollandsch voor het Engelsch in de Kerk ook plaats maken" (Scholtz 1964 : 119).

"Opmerker" meld in 'n brief in *Elpis* (1860) dat die dogters in kosskole ingeprent word:

"... Hollands(e) taal en zeden niet alleen te verachten, maar ook met medelijdend schouderophalen neer te zien op 'the ignorant Dutch people'..." (Scholtz 1964 : 123).



Ten opsigte van advokate wat in Nederland gestudeer het, vertel Swaving dat hulle nou:

"... van heden af hunne welsprekendheid in eene voor hun vreemde taal moesten beproeven; want van 1 Januarij 1828 af heeft de Nederlandsche taal opgehouden door de gewelven der raadzaal dezer voormalige Hollandsche volksplanting te weergalmen." ("Zonderlinge Ontmoetingen" : 291-292 in Conradie 1934 (Deel I) : 270).

Die ebyd van Hollands in Suid-Afrika was op sy laagste in Oktober 1859 toe beweer is dat die Kolonie tog heeltemal Engels was:

"... en wij, hoe ook verkleefd aan die taal waarin wij opgevoed zijn, of welke wij onze 'moedertaal' noemen, kunnen even zoo min de eb en vloed der zee keeren, als beletten dat de Engelsche taal algemeen worde!" (Het Volksblad : 25, 27 Okt.; 3, 8 Nov. 1859 in Conradie 1934 (Deel I) : 289).

Engels het dus nou die plek van Nederlands as hoëfunksie-taal oorgeneem. Engels het in der waarheid die draer van die kulturele rewolusie geword, terwyl Afrikaans en Hollands moes veg om hul beskeie posisies te handhaaf. In 'n poging om die voortbestaan van Afrikaans te verseker in 'n tydvak waarin daar nog nie sprake van 'n eie Afrikaanse politieke substruktuur was nie, is Nederlands as skans teen verengelsing en die kulturele rewolusie ingespan. Alleen 'n gevestigde kultuurtaal, Nederlands, gerugsteun deur 'n politieke onderbou, sou in staat wees om teen 'n ander gevestigde kultuurtaal, Engels, stand te hou. Ene mnr. O. Kamerlingh Onnes (Amsterdam) verklaar op die 20ste Taal en Letterkundige kongres in Brussel:

"Dat de Afrikaner aan het Nederlands vasthoudt, is te prijzen, dat hij sterk Nederlands gezind te werk gaat, bij de wording zijner Afrikaanse taal — wie onzer zal het niet hogelijk waarderen? (Nienaber en Heyl s.j. : 79).



Hy voeg egter hieraan toe: "Maar de nationale taal voor Zuid-Afrika is het Afrikaans!" en met dié verklaring bevestig hy dat alles in die stryd gewerp moet word vir die uiteindelijke erkenning daarvan.

Claassen (1977 : 119) wys daarop dat as 'n aantal mense (voorstanders van Afrikaans *en* voorstanders van Nederlands) 'n gewig (stryd teen Engels) wou optel, hulle dit kon doen deur almal aan dieselfde tou te trek. Hulle kan dit ook vermag deur twee toue aan die gewig vas te maak, sodat die een groep (voorstanders van Nederlands) aan die een tou en voorstanders van Afrikaans aan die ander tou kon trek.

"As daar laer teen die vyand getrek word (stryd teen Engels) beteken dit nog lank nie dat almal van dieselfde wapens voorsien moet word nie"
(Claassen 1977 : 119).

In dié verband verdien die Suid-Afrikaanse Akademie vermelding, want dit was dié liggaam wat kort na die stigting in 1909 die versoening tussen die voorstanders van Nederlands en Afrikaans bewerkstellig het. Dit is die groot betekenis van die stigting van die Akademie

"... dat die voorstanders van Nederlands hulle bereid verklaar het om saam te werk en sodanig die werksaamhede van die voorstanders van Afrikaans erken as gedaan in belang van die Hollandse taal in Suid-Afrika ('Hollands' = 'de beide taalvormen gebruiklik in Zuid-Afrika')"
(Nienaber 1975 : 33).

7.2 DIE EERSTE VERNEDERLANDSING

Die voorstanders van Afrikaans en die voorstanders van Hollands het hul kragte saamgesnoer en aanvanklik aan een tou saamgetrek, met die gevolg dat Afrikaans grootliks in die proses vernederlands is. M.E.R. (1972 : 102) beskryf dié verskansingsrol van Hollands soos volg:



"Die Yslandpapawertjies blom. Elke môre het daar weer 'n paar knoppe, wat tot dusver kop na onder gestaan het, regop gekom, en die twee helftes van elkeen se vlesige groen omhulsel het 'n skrefie tussen hulle, waar jy kleur kan sien. Sodra die son hulle lekker beskyn, stoot die ontluikende papawertjies die uitgediende halfdoppies om die blom heeltemal weg, en hulle val ongemerk af. Sonder hulle omsluiting kon die blom geensins gesond en reggeskape uitkom nie — daar sou skade van buite gekom het wat hulle kon misvorm; maar as die ontplooiingstyd daar is, moet die omhulsel, wat nie meer kan beskerm nie, noodwendig afval. SO HET DIE NEDERLANDSE TAAL ONSE AFRIKAANS TEEN BESKADIGING VAN BUIITE OMHUL EN BESKERM EN LAAT GROEI, EN TOE DIE VOLLE WASDOM DAAR WAS EN DIE VOLKSGEVOEL DIE WARMTE VIR ONTPLOOIING VERLEEN, HET DIT AFGEVAL" (Eie beklemtoning).

Hierdie "verskanste" taal is dus as nie-standaardtaal in der waarheid die geleentheid gegun om te ontwikkel, want Nederlands, as die standaardvorm, moes as't ware die houe en aanslae afweer. Die feit dat Nederlands juis in dié stryd teen Engels gebruik is, moet toegeskryf word aan die versierendheid van mense soos De Waal, ander koerantredakteurs en geleerdes wat besef het dat 'n kultuurtaal, 'n standaardtaal soos AB-Nederlands, hoe waardevol ook al, nie behoue kan bly as hy nie meer 'n volkstaal is nie. S.J. du Toit (in Pienaar 1943 : 176-177) het in stelling 35 en 44 (van sy 71 theses of stellings) verklaar:

"En di Afrikaanse boompie groei intussen langs di oue Hollandse stam op, en slaat sy arme vrindelik daarom heen" ... "... want hy voel solank as hy nog swak is, het hy di steun nodig. Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen di Engelse byl; di stywe tak beskut syn jonge lote teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in ... En tog groei di boompie op. Gen byl of pik doet hom skade ni. En aan di ander kant, di oue boom sterf mar gedurig weg. Syn beskermers spit om hom, en goi mis, en lei water. Mar intussen trek di



jonge boempi al di voordeel daarvan. En teeno'er Hollans seg ons openlik: Teeno'er Engels staan en werk ons same; nou werk ons nog mé om di vorm van Hollans onse gesamentlike taal in di publike lewe en staatsbestuur erkend te kry ... Di dag sal kom, dat Afrikaans as Volkstaal sal moet erken worde; en sodra ons kans sien daartoe, sal ons dit eis oek."

Party voorstanders het selfs die absurde aangegryp en hierdie teruggryp na Nederlands gesien as 'n geleentheid om Nederlands weer 'n spreektaal te maak. So het mnr. W.J. Stucki byvoorbeeld in *De Unie* geskryf:

"In plaas van ik is, ons is, hulle is weten onze lesers dat het wezen moet: ik ben, wij zijn, ze zijn. Warum dan voortgaat met te spreken: ik is, enz. en te schrijven ik ben, enz.?" (in Steyn 1980 : 192).

Stucki het die Afrikaners dus aangeraai om die suiwer Nederlandse vorm te gebruik en selfs aan die hand gedoen dat 'n bond gestig word om "grammatikaal Hollands te spreken".

Máár, soos reeds genoem, het De Waal en ander besef dat Afrikaans die spreektaal van die mense was; dat Nederlands 'n beskermingsfunksie te verrig het — wat mettertyd onnodig sou blyk te wees, sodra die Afrikaanse "papa-wertjie" in staat is om wind en weer te trotseer. On=gelukkig is egter die feit dat bepaalde, eie Afrikaans=hede in dié proses van teruggryp na Nederlands — ver=nederlandsing van Afrikaans — in die slag moes bly. In die proses om die taalvorme so ver moontlik van Engels af in 'n vorm te kry wat enigsins nog die blyke van kultuurtaal gedra het, is die kind dikwels saam met die badwater uitgegooi.

Van hierdie laasgenoemde poging gee die vraag wat by die Eerste Afrikaanse Taalkongres van 1896 aan die orde was, blyke



"... of ons sal probeer om 'n tussentaal te maak tussen Afrikaans (soos di Patriot dit skrywe) en Hollans?" (Pienaar 1943 : 191).

Dit was juis die vergeefse taak wat die Taalbondmanne in hierdie jare begin nastreef het, deur naamlik die "vereenvoudiging der Nederlandse taal" vir gebruik in Suid-Afrika te propageer. Määr, terwyl die Taalbond hom beywer het om die taal van Holland op 'n manier te probeer "verafrikaans", het dit hier gegaan oor die moontlikheid om die taal van Suid-Afrika te probeer, 'verhollands'"¹⁾ (Pienaar 1943 : 191).

Selfs die voorgangers in die Afrikaanse stryd — die Genootskappers — het geweet

"... dat Afrikaans nog "onaf" was en dus sy voordeel kon doen met die verrykende en veredelende invloed van Nederlands. Solank Afrikaans nog nie genoeg prestige gehad het nie, was hul onvermoeide yweraars vir die erkenning van Nederlands in skool, gereg, parlement en staatsdiens en het hulle self nog gereeld in Nederlands gepubliseer en meegewerk aan Hollandse koerante en tydskrifte ... Nederlands was vir hulle die natuurlike bondgenoot in die stryd teen die verengelsing" (Antonissen 1960 : 33; Kannemeyer 1978 : 54).

Soos Antonissen dus vermeld, het hierdie eerste vernederlandsing van Afrikaans hom op verskeie vlakke voltrek. Een vlak was byvoorbeeld die suiwer taalkundige strydperk waar onder andere Nicolaas Mansvelt die eerste wesenlike teenstelling Nederlands teenoor Engels, Hollandse Afrikaner teenoor Brit ten opsigte van die taal getrek het:

"Dit was die sine qua non vir die latere ontwikkeling van Afrikaans, want waar 'n stryd gaan om volksbehoud kan geen enkele stap

1) Vergelyk in dié verband: Den Besten (1980 : 173).



oorgeslaan word nie. Eers weer terug na Nederlands om op krag te kom en dan kan die Afrikaanse vorm van Nederlands veilig aan die toekoms oorgelaat word" (Conradie 1934 (Deel II) : 143-144).

Die skole het ook 'n rol te speel gehad. Conradie (1934 (Deel II) : 276) meld in dié verband:

"... heeltemal uit eie krag kon die Afrikaner dit nooit so ver gebring het nie. Die grootste steun het gelê sowel in die Hollandse skool vir voorbereidende onderwys, die Tot Nut van 't Algemeen, wat ... 'n magtige damwal teen die Engelse stroom opgewerp het, as in die Zuid-Afrikaansche Athenaeum wat in 1829 opgerig is onder 'n Hollandse rektor, na Amsterdamse model."

Selfs die ATG het verklaar:

"Die Genootskap sal trag om sij doel te bereik ... deur die onderwijs in die Nederlandse taal ... op die skole te help bevorder" (Pienaar 1943 : 268).

Hierdie eerste proses van die vernederlandsing van Afrikaans het homself ook in die letterkunde vergestalt. Conradie (1934 (Deel I) : 336-337) merk op dat die verengelsing bygedra het tot

"... 'n opwekking van die leeslus onder die Afrikaanse volk, 'n onbewuste maar sterk propaganda vir die Hollandse taal, 'n oriëntering na Holland en die vasteland van Europa toe die volksbewussyn op sterwe gelê het in Kaapstad, en in die Noorde heelwat te wense oorgelaat het, en 'n bloei van die Hollandse joernalistiek en literatuur in Suid-Afrika toe die Engelse wedywer sy wig al diep ingeslaan het in die Hollandse boom."

Sy gaan voort:

"Die geheim van sukses van die eerste beoefenaars van Afrikaans as kunstaal lê daarin dat hul die toon van die onderste sport van die



*volkstoonladder uitnemend getref het.
'n Volk bestaan egter nie net uit een
laag nie en terwyl Afrikaans sy natuur=
like groei deur die hele toonladder moes
voltooi, moes Nederlands die toon van die
hoër sporte daarvan bly ..."* (Conradie
1934 (Deel II) : 54).

Hierdie teruggryp na Nederlands het selfs so ver gevordedat prof. dr. C. Bellaar Spruyt kiste Nederlandse letterkundige werke vanuit Nederland gestuur het vir gebruik in dié proses (Conradie 1934 (Deel II) : 144).

Die bolwerk wat Nederlands teen verengelsing moes vorm, het selfs gelei tot die sogenaamde Hollandse beweging. Kannemeyer meld dat die gevolg hiervan was dat verskeie verenigings vir die bevordering van Nederlands in die lewe geroep is en dat 'n hernude belangstelling in Nederlands aangewakker is.

"Hierdie belangstelling vir Nederlands sou ook uiteindelik vir die bevordering van Afrikaans voordelig wees" (Conradie 1934 (Deel II) : 144).

Mansvelt vat die hele proses van die eerste vernederlandsing van Afrikaans ten opsigte van taal en letterkunde uitstekend saam in 'n opmerking tydens 'n Nederlandse kongres vir taal en letterkunde in 1901:

"De Afrikaner begreep, dat het nog onontwikkeld Afrikaansch voor zijn kroost een gebrekkig wapen zijn zou in den strijd om't bestaan tegen het machtige Engelsch, en wat ook de toekomstige vorm zijn zal dien het Nederlandsch in Z.A. zal aannemen, voor het tegenwoordige begrijpen de leiders des volks, dat het niet aangaat, de Z.A. sloep van het Nederlandsche schip los te kappen" (Conradie 1934 (Deel II) : 152-153).



Hierdie eerste poging tot die vernederlandsing van Afrikaans het in 'n sekere sin 'n "heilige" doel gedien, maar as 'n volledige vernederlandsing of 'n terugkeer tot 'n Hollandse bestel, het dit misluk. Soos so dikwels al uit die verlede bewys is, is 'n politieke onderbou nodig as daar met die taal vordering gemaak wil word. (Vergelyk Du Plessis 1983 : 4-26.) Antoine Meillet kom tot die konklusie:

"Maar er is geen volk, dat niet streeft naar het bezit van een eigen taal, en een taal voert slechts een moeilijk en roemloos bestaan, dáár waar zij den steun van het nationaliteitsgevoel mist" (Steyn 1980 : 430-431).

Hierby sluit hy by C.M. van den Heever aan wat glo:

"'n Volk se taal hang ten nouste saam met die innerlike selfstandigheidsgevoel van daardie volk. Dit is 'n middel tot bevryding van geestelike kragte. Dit help om gestalte te gee aan die volk se ideale en om 'n objektiewe beeld te vorm van sy geestelike werksaamheid. Dit is daarom byna vanselfsprekend dat nasionalisme en volkstaal innige bondgenote is" (Van den Heever 1952 : 6).

So 'n politieke en nasionale onderbou was onder die Afrikaners aan 't opbou — na 1878 kry ons 'n nasionale oplewing van Afrikaners vanweë die anneksasie van Transvaal en die Vryheidsoorloë; die groei van *Die Afrikaanse Patriot*; die groei van die Afrikanerbond; 'n nog groter nasionale oplewing vanweë die Rebelle en sy nasleep; die groei van *Het Volksblad* en *Die Burger* en die groei van die Nasionale Party.

"Nasionalisme was dan die derde groot faktor wat Afrikaans gehelp het om te oorleef" (Steyn 1980 : 226).

Die Afrikanerstryders wie se spreektaal nog altyd Afrikaans was, het beseft dat die taal meer as net 'n kommunikasie-medium is. Omdat dit iets meer is, moet sy



sprekers alles in hul vermoë doen om dit te beskerm — dis die uitgangspunt van 'n taalnasionalis en dit was ook die uitgangspunt van die Afrikaanse taalnasionaliste. Die taalstryders het dus alles in die stryd gewerp: terwyl hul getrou gebly het aan hul spreektaal, het hul Nederlands as skans teen verengelsing en die totale vernietiging van Afrikaans ingespan; hulle het weer eens hoër funksies vir die Nederlandse taal verkry as taal met dieselfde regte as Engels. Määr, toe die Afrikanernasionalisme opvlam, het die mense besef:

"Taalgetrouheid alleen sou op die duur nie genoeg wees om Afrikaans te laat oorleef nie. Die taal moes ook hoër funksies verower waarsonder geen taal in 'n moderne samelewing kan floreer nie" (Steyn 1980 : 186).

Die Afrikaanse voorstanders het besef dat Nederlands funksies gewen het en dat Afrikaans op sy beurt weer daardie funksies by Nederlands moes oorneem. Op die stryd om laasgenoemde te bewerkstellig, sal hier nie in besonderhede ingegaan word nie, maar die waarheid was dat Nederlands — "die toon van die hoër sporte" — geleidelik verstom het voor die steeds sterker wordende nuwe geluid van Afrikaans in al sy toonvariasies:

"Die Nederlandse taalvorm vertoon 'n lyn wat uiteindelik in stippels verloop, terwyl Afrikaans met parallelstippels begin en hoe langer hoe dikker groei tot die vaste lyn en die Nederlandse stippels heeltemal uitvlak" (Conradie 1934 (Deel II) : xxv).

Afrikaans se funksies het uitgebrei en mettertyd kon hy sy plek naas Hollands as hoëfunksietaal inneem:

"Op 8 Mei 1925 het die Volksraad en Senaat ... goedgekeur dat Afrikaans naas Nederlands ook die medium van wette, wetsontwerpe en offisiële dokumente van die Parlement sou kon wees" (Steyn 1980 : 193).



Nog later het hy alleen sy man gestaan teen die ander amptelike landstaal, Engels.

Máár, Afrikaans sou nie die bande met Nederlands totaal en al verbreek nie. Na die amptelike erkenning van Afrikaans as offisiële landstaal het die Engelse aanslag teen hierdie "jong" taaltjie in al sy felheid losgebars en weer eens sou 'n teruggryp na Nederlands noodsaaklik wees vir oorlewing.

7.3 DIE TWEEDE VERNEDERLANDSING

Tot in die dertigerjare van hierdie eeu was daar nog verwysings na die minderwaardige status van Afrikaans: "die sogenaamde taal", "die taal wat nie regtig 'n taal is nie", "the jargon without literature, without scientific basis and without practical value outside local confines" (Steyn 1980 : 213). Die Wet het nou bepaal dat hierdie "sogenaamde taal" 'n volwaardige taal is en gerugsteun deur 'n politieke substruktuur moes dit as offisiële taal sy plek naas Engels inneem:

"... die Afrikaans wat tot 1900 ontwikkel het, (het) in 1925 teenoor Engels en die Engelse maatskaplike orde te staan gekom. Hierdie Afrikaans was inklusief sterk ontwikkel, maar het slegs die eerste botsels van 'n eksklusiewe ontwikkeling getoon, 'n ontwikkeling wat buiten= dien toe reeds 25 jaar onderbreek was."

"Afrikaans was dus glad nie die gelyke van Engels nie, maar die wetgewers het gesê dit is so. En die Afrikaners het dit beaam. Daarmee het hulle die taak op hulle geneem om die eksklusiewe woordeskat van Afrikaans tot op die peil van Engels op te voer ... in Suid-Afrika het die geskiedenis en die wet= gewers 'n eksklusiewe taalskat van Afrikaans geëis voordat die Afrikaner as Afrikaner be= hoorlik gespesialiseer en tot gildevorming oorgegaan het" (Posthumus 1965 : 195).

Soos reeds genoem, moes daar vir dié proses weer eens na Nederlands gegryp word — hierdie keer egter 'n geslaagder poging as die eerste vernederlandsing van Afrikaans, want selfs vandag in die laaste kwart van die 20ste eeu ly ons nog (onnodiglik?) onder die spore van hierdie tweede vernederlandsing van Afrikaans.

Dus, om aan die eis van 'n offisiële taal naas Engels te kon voldoen, moes taalbeplanning gedoen word, 'n AB-standaard moes daargestel word, 'n woordeskat wat in alle sfere van die moderne samelewing sy man kon staan, moes opgebou word, 'n spellingsisteen moes voorgehou word, ensovoorts, ensovoorts. Vrae soos: Wat is korrek? of: Waarom is dit of dat verkeerd? sou nou ten opsigte van die taal beantwoord moes word.

Watter maatstaf of standaard het ons vir die beantwoording van sulke vrae? In die geval van 'n jong taal soos Afrikaans wat nog nie 'n ou tradisie agter die rug het nie, was laasgenoemde 'n baie belangrike oorweging.

Afgesien van die sewe maatstawwe van Jespersen (die standaard van gesag, aardrykskundige standaard, letterkundige, aristokratiese, demokratiese, logiese en estetiese standarde) (Boshoff 1963 : 26), sou Afrikaans nog 'n ander standaard in ag moes neem, naamlik die Nederlandse standaard. Is die Patriotmanne van destyds wat sterk hiervan afgewyk het, dan nie deur Afrikaners, sowel as Nederlanders die verwyte toegevoeg dat hulle onnodiglik van Nederlands afgewyk het nie? Die taalmanne van 1925 het dus nou begryp dat hulle om praktiese redes nie al te ver van Nederlands moes afwyk nie. Hulle het dus van die standpunt uitgegaan om voorkeur aan die eie Afrikaanse woord of uitdrukking te gee. Besit ons self niks geskiks nie, of kan ons met niks bruikbaar vorendag kom nie, moet aan Nederlands ontleen word.



"Kortom, die meeste wesenselemente van Nederlands is in Afrikaans behou" (Kempen 1965 : 113).

(Daar moet net in gedagte gehou word dat dit die ABA, die skryftaal, is wat hier ter sprake is.)

Postma ondersteun dan ook hierdie werkwyse:

"Ons wil 'organies' te werk gaan. Dit wil sê ons wil die taal natuurlik laat groei soos 'n loot uit die ou stam ... Ons wil na aan Hollands hou ... Ons moet tevrede wees om een stap te gaan, en dit aan ons kinders oorlaat om 'n stap verder te gaan as hulle wil" (in Nienaber en Heyl s.j. : 87).

Dr. D.F. Malan huldig dieselfde standpunt, maar voeg egter sekere voorbehoude daaraan toe:

"Als een levend organisatie neemt een taal vreemde stof in zich op, maar het doet dit nooit zonder het tegelijk ook te assimileren ... Talen evenals de meest eksklusieve volken, stellen aan vreemde woorden de onverbiddelijke eis van naturalisatie. Zo kan het Afrikaans dan ook tot in het oneindige uit het Nederlands putten 1), en zich uit het Nederlands verrijken, zonder daarmee in een enkel opzicht op te houden Afrikaans te zijn" (Nienaber en Heyl s.j. : 96).

Hiermee stem Pienaar saam:

"Dáár (die noodsaaklikheid om met die Dietse stamland en -taal in voeling te bly) lê die bron waaruit voortdurend moet geput²⁾ word

1) Dit is juis die kern van die gevaar van vernederlandsing. Daar mag nie té veel op Nederlands (ABN) gesteun word nie. AB-Nederlands is 'n vreemde taal vir Afrikaans. In verband met Anglismes, ensovoorts moet daar na die Nederlandse nie-standaardtale gekyk word — AB-Afrikaans is geen model van hoe Afrikaans daar moet uitsien nie.

2) Vergelyk 1).



ter verryking van ons taalinhoud; dáár is die aangewese rugsteun ter bestryding van die anglisistiese gevaar wat ons dag en nag voor die deur staan; dáár vind ons die eeue-oue literatuur wat ons gemeengoed is. Dit sou dus die opperste dwaasheid wees om ons daarvan te wil isoleer, in die gevaarlike mening dat ons reeds sterk genoeg is om heeltemal op eie bene te kan staan" (in De Villiers 1936 : 268).

Prof. J.J. Smith meld dan ook in 1926:

"Dit is vir ons ongetwyfeld van die aller-grootste belang om ons skryftaal so ná moontlik aan die Nederlands te hou en nie onnodiglik verskille te gaan vergroot of te gaan invoer nie" (in Nienaber en Heyl s.j. : 128).

(Vergelyk in dié verband die siening van die Taalkommis-sie in *Die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, 1964 : 1-2):

"Daarom is dit so raadsaam om oral waar daar twee of meer spreektaalvorme van dieselfde woord of uitdrukking bestaan, altyd dié vorm te kies wat die naaste aan die teenswoordige Nederlandse skryftaal¹⁾ is; daarom is dit so uiters wenslik om by die aanvulling van ontbrekende woorde en idiome in die eerste plaas na die groot Dietse voorraadskuur te gaan; ... daarom is dit so noodsaaklik om in alle gevalle waar daar twyfel omtrent die korrektheid van 'n woordvorm of uitdrukking bestaan die Nederlandse taalgebruik die deurslag te laat gee" (in Nienaber en Heyl s.j. : 128).

Basson (1936 : 155) sluit hierby aan:

"Die Afrikaner het besef dat sy taaltjie maar nog taamliek onbeholpe is en om hom so vroeg al op eie bene te wil laat staan, sou noodlottig wees. En daar is ook geen rede daarvoor nie; want hy het die wettige geboortereg om homself te voed uit die ryke Dietse kultuur

1) Vergelyk die voetnota op p. 168.



*van sy voorsate. En dit het 'n fundamentele
noodsaaklikheid geword ..."*

'n Proses van vernederlandsing van Afrikaans is dus uitge=
spel. (Dit blyk ook duidelik uit die bogenoemde aan=
haling van prof. Smith: Afrikaans *was* nie Nederlands
nie, maar moes nader daaraan beweeg!) Om aan die eis
van offisiële taal naas Engels te voldoen, is die eie
Afrikaanshede wat diensbaar was aan die nuwe omstandig=
hede van die bestaan, behou. Dit wat nie diensbaar
was nie het verlore gegaan. Verder het ons in hierdie
wordingstryd na Nederlands teruggegryp ten opsigte van
die volgende aspekte:

7.3.1 WOORDESKAT

Preller het aan die begin van die Tweede Afrikaanse Taal=
beweging die opmerking gemaak dat Afrikaans, wat sy
woordeskat betref, gelyk is aan Nederlands plus Afrikaans
(Nienaber 1965 : 59). Dit is 'n ietwat krasse stelling,
want nie alle Nederlandse woorde (afgesien van nuievorminge
en ontlenings) wat tot die standaardtaalfase behoort het,
het deel vandie nie-standaardtaal se taalskat geword nie.
Maar, soos Kempen (1965 : 113) dit stel:

*"... ons woordeskat is in hoofsaak nog Nederlands,
met woorde soos mens, dier, plant, lug, lewe en
liefde."*

Ds. Boshoff meld in *Die Huisgenoot* van November 1922 :
229:

*"Waar die inherente vormkragte van Afrikaans
self tekortskiet, sal Afrikaners hulle in die
eerste plek moet behelp uit die oeroue Dietse
voorraadskuur."*

Daar sal dan ook in die hieropvolgende hoofstuk aangetoon
word in hoe 'n mate die Afrikaanse woordeskat verneder=
lands het.



7.3.2 SPREEKWOORDE

D.F. Malherbe se boek *Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme* (1924) wys hoeveel spreekwoorde regstreeks en onregstreeks uit Nederlands kom: iemand betrek, slag vir slag, aardjie na sy vaartjie, 'n kooltjie vuur kom haal, ensovoorts. Baie tipiese Boere-Afrikaanshede het moontlik in die slag gebly ten gunste van die Nederlandse uitdrukking. Soms egter, is die inkleding gewysig om by die nuwe bestaansomstandighede aan te pas. Die teruggryp na Nederlands — selfs nog in die sestigerjare — het 'n man soos prof. S.P.E. Boshoff laat uitroep:

"In die taal van joernaliste, radio-omroepers en vertalers ... te pas en te onpas (en dikwels sommer heeltemal dwarsweg en verkeerd) word allerlei sogenaamde idiomatiese uitdrukkings, meestal van Nederlandse herkoms, aan die hare daarby gesleep ... Ons is terug by die grammatikas en idiomaversamelings van Stucki, Elffers en Dingemans, en dit na drie-kwart eeu sedert die begin van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging!" (1963 : 99).

7.3.3 SINSBOU EN WOORDORDE

Bogenoemde is tegniese aspekte wat nie maklik verander nie, behalwe by die vermenging met 'n taal van ongelyke struktuur. Dus, hierin is Afrikaans en Nederlands in hoofsaak dieselfde. Máár,

"... op dié gebied het ons dus nie berus by wat Nederlands ons gegee het nie, maar verbeter op die goeie voorbeeld" (Kempin 1965 : 115).

7.3.4 DIE BYBEL

Die woordeskate, woordorde en sinsbou en allerlei spreekwoordelike uitdrukkings van 'n taal kulmineer seer sekerlik in een van die belangrikste boeke van die Christenmens, die Bybel.



Aangesien 'n Bybelvertaling in ander lande (Duitsland en Nederland) die maatstaf van 'n standaardvorm daar kon stel, kan die mag wat vanaf die Afrikaanse Bybelvertalers uitgegaan het, nie onderskat word nie. Dit is 'n onweerlegbare feit dat daar telkemale wanneer 'n Afrikaanse Bybelvertaling ter sprake was, gewys is op die tydsfaktor: Die tyd is nog nie ryp nie! Dít kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat baie van die vertalers nog die stigma van 'n nie-standaardtaal, van 'n laefunksietaal, aan Afrikaans gekoppel het. Toe hierdie "lelike dialek van Nederlands" (Nienaber 1982 : 16) later wel as Bybeltaal gebruik is, is dit feitlik seker dat 'n vernederlandsing, 'n teruggryp na Nederlands, in die taal te bespeur sal wees. Hiérdie aspek word in die volgende hoofstuk in meer besonderhede bespreek.

7.3.5 SPELLING EN SPELREËLS

Waar die Patriot-Afrikaners veral ten opsigte van die spelling van Nederlands afgewyk het en die gevolglike verwyting daarvoor toegewerp is, het die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie van die standpunt uitgegaan dat hy nie onnodiglik van die Nederlandse spelling wil afwyk nie.

Tussen dié twee pole (tê konserwatief X te sterk Nederlands gekleur) het die hele spellingkwessie verweef gelê. So het De Waal op 3 September 1904 in *Ons Taal* gepleit:

"Als wij toch van de Nederlandsche taal en spelregels moeten afwijken, waarom moet de afwijken net genoeg wezen om onze taal in een zeer gebrekkig Nederlandsch te veranderen? Waarom kan de afwijking niet, eens en voor altijd, zoo radikaal wezen dat ieder, die een zin in onze taal leest, dadelijk zal zeggen: Dat is geen quasi-Nederlandsch of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch — dat is het zuiver Afrikaansch!" (in Pienaar 1943 : 242).



Aan die ander kant voeg Malherbe (in Pienaar 1943 : 297) toe:

"Daar die oog van die Afrikaner eenmaal gewend is aan die Nederlandse spelsisteem, sou geen spelling by ons ingang vind wat nie daarmee rekening hou nie."

Ook hierdie aspek word in die volgende hoofstuk noukeuriger toegelig.

7.3.6 WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

Smith (in Nienaber en Heyl s.j. : 121) meld:

"Afrikaans veral sal in sy wordingstryd veel te leer hê van die meer ontwikkelde Nederlands en sal ook sy woordvoorraad vir abstrakte en tegniese begrippe uit die ou Nederlandse taalskuur moet aanvul!"

Gedurende die afgelope 100 jaar is die woordvoorraad van alle kultuurtale enorm uitgebrei deur die vooruitgang op wetenskaplike en tegnologiese gebiede:

"Die toenemende gebruik van Afrikaans as tegniese en wetenskaplike taal ... het aan sy ekspanievermoë buitengewoon hoë eise gestel. Die internasionale vakterminologie kan die Afrikaanse wetenskaplike betreklik maklik tot sy eie maak; waar die internasionale vaktaal leemtes gelaat het of minder bevredigend was, is vir aanvulling na die inheemse Nederlandse woordvoorraad gegryp" (Scholtz 1963 : 218).

Posthumus (1954 : xiv), voorsitter van die Krygstaalraad, meld die volgende ten opsigte van weermagterme:

"Uit die literatuurlys sal die leser al kan aflei hoeveel waarde die Krygstaalraad aan aansluiting by Nederlands heg. Die Raad het dan ook selde 'n woord gemaak as die Nederlandse term byderhand en geskik was."

(Vergelyk in dié verband ook Picard 1982 : 130.)



Posthumus het in 'n persoonlike onderhoud vermeld dat hy in die jare toe daar weer eens na Nederlands gegryp moes word om die braakveld op die Afrikaanse vaktaalgebied aan te vul deur die Regering na Nederland gestuur is om artillerieterme te gaan navors. Die rede: die meeste eie Afrikaanse terme het onder die angliseringsaanslag skipbreuk gely en al terme wat in Suid-Afrika nog lewend was (behalwe natuurlik die Engelse terme), was dié wat afkomstig was van die Nederlandse instrukteurs by die artilleriekorpse van die Republieke.

Afrikaans moes homself nou as amptelike taal handhaaf en het nie die "wapen" daartoe gehad nie. Dus is Afrikaans ook op dié gebied onoorsienbaar deur die teruggryp na Nederlands verryk. Die eindresultaat van prof. Posthumus se navorsing is dan eindelik vergestalt in die gesaghebbende *Weermagswoordeboek*, 'n werk waarvoor 'n voormalige Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, hom soos volg uitgelaat het:

"Dit is baanbrekerswerk wat gedoen is en daar lê 'n reusetaak voor om die toenemende rol van die Afrikaanse taal as volwaardige gebruiksmiddel in die weermag tot sy reg te laat kom"
(Krygstaalraad 1954 : v).

Die Nederlandse inslag was ook nog lewend op juridiese vlak. Bosman pleit egter dat Afrikaans "... op staande voet" in Wetboeke ingevoer moet word:

"Ek ... beweer dat dit nie alleen wenslik is nie, maar met die oog op ons hoe langer hoe gebrekkiger wordende kennis van Hoog-Hollands, binne baie korte tyd noodsaaklik en onafwendbaar sal wees. Hierdie uitbreiding ... sal beteken 'n versterking van ons taal, en hoe eerder die uitbreiding plaasvind, hoe beter" (*Die Huisgenoot*: 13 Maart 1925 (IX) : 157).



7.4 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande blyk dit dus duidelik dat die amptelike taal, Afrikaans, 'n tweede keer na Nederlands moes teruggryp.

Selvs Kloeke konstateer dat, histories beskou, die vokalisme en konsonantisme van ABA enersyds 'n gemeensame (dialektiese Hollands) en andersyds 'n deftige (Hoog-Hollandse) karakter dra. Dit kom vir hom voor of op 'n bepaalde tydstip halt geroep is aan die "Afrikanisering" en dat dit gevolg is deur 'n "terug" na 'n suiwer-Hollandssprekende jeug (1950 : 334).

Scholtz (1963 : 231) voeg hieraan toe:

"Ek meen dit sal blyk dat byna alle ontlenings wat ingang in Afrikaans gevind het, nuttigheidsontlenings was wat Afrikaans baie verryk het. Sover ek kon nagaan, het dit selde gebeur dat 'n nuwe Nederlandse ontlening 'n ou gevestigde Afrikaanse woord verdring het. Net as daar in Afrikaans twee woorde met gelyke betekenis naas mekaar bestaan, lyk dit of die woord wat die steun van Nederlands mis, gevaar loop om te verdwyn."

Dis juis hierdie laaste waarheid wat Boshoff (1963 : 89) laat vra:

"Ek kan nie insien watter diens daarmee aan Nederlands of aan Afrikaans bewys word deur die tweede altyd na die maatstaf van die eerste te wil meet nie. Wat het Nederlands daaraan? Kan ons Afrikaans op dié manier weer korrekte Nederlands maak? ... Vanwaar hierdie angsvallige konserwatisme wat Afrikaans altyd wil voorkeer en na Nederlands wil terugdryf?"

Menings soos hierdie laat onwillekeurig die vraag by 'n mens opkom of ons nie dikwels onnodiglik die Nederlandse patroon probeer insleep waar daar niks of nie veel mee gewen kan word nie veral omdat Afrikaans nooit AB-



Nederlands was nie! Behou ons nie in dié proses allerlei hiperkorrekte skryftaalvorme, vorme wat geen juiste weergawe van die Afrikaanse taal is nie? Doen ons dit net ter wille van die verband met Nederlands of word die eie vorme as "te plat" beskou, omdat hulle hul eie ontwikkelingsloop geneem het en dus te ver van Nederlands afgewyk het? Ons kan saam met Boshoff (1963 : 89-90) vra: Wat moet vir ons die swaarste weeg: die Afrikaanse of Nederlandse taalbelange? Is dit uit 'n minderwaardigheidsgevoel of 'n vreeskompleks vir die toekoms dat ons ons eie ontwikkelingsgeskiedenis van ons taal ongedaan wil maak en telkens vreesbevange wil terugloop op die paadjie waarlangs ons tot hiertoe gekom het? Gelyk gegee, die aanvanklike teruggryp na Nederlands het 'n doel gedien — 'n doel waarin Afrikaans tot volle wasdom kan kom; maar waarom moet ons vandag nog aan hierdie verskynsel toegee? Boshoff (1963 : 90) vul aan:

"As 'n woord, 'n uitdrukking of wat ook al nie in 'n Afrikaanse woordeboek of grammatika te vind is nie, dan bestaan dit nie, of as dit bestaan, maar nie in Nederlands te vind is nie, dan moet dit as die pes vermy word, want dan is dit gevaarlik. ... Afrikaans is foutiewe Nederlands — laat hom dit bly; moenie van hom iets probeer maak wat nie Nederlands en ook nie Afrikaans is nie, maar 'n karikatuurbeeld van albei ... maar trek hom om hemelsnaam nie Hollandse klompe ... aan om mee oor ons groot Afrikaanse vlaktes te loop nie. Laat hom liever kaalvoet sy pad vind soos ons Voortrekker vroue kaalvoet oor die Drakensberge hulle eie weg na die vryheid gesoek en gevind het. Dit is nie sentimentele dwepery nie: dit is gesonde taalkunde."



HOOFSTUK 8

BEWYSVOERINGE VIR DIE VERNEDERLANDSING VAN AFRIKAANS

8.1 INLEIDING

Gedurende die aanvanklike navorsingstydperk het die ondersoeker opgemerk dat die Suid-Afrikaanse linguïste (Scholtz, Nienaber, Raidt en ander) na die veelheid van vorme en onvastheid van die 19de-eeuse Afrikaans verwys. Dit is juis hiërdie Afrikaans wat sal bevestig dat die Afrikaans vanaf + 1925 na Nederlands teruggegyryp het.

Die veelheid van vorme wat die Afrikaans van die vorige eeu kenmerk en die verskille met AB-Nederlands en met huidige Afrikaans is in die voorafgaande hoofstukke toegeskryf aan die feit dat nie-standaardtale nie 'n algemene skryftaalvorm besit nie. Faktore wat vir die standaardisasie van latere Afrikaans verantwoordelik was, is ook aangeraak, naamlik (1) die verkryging van politieke mag deur die Afrikaner, (2) die invloed van die skryfvorm van die Bybel en (3) die aanleun by Nederlands na 1925, veral in gevalle waar Afrikaans nie alleen die mas kon opkom nie, (4) die invloed van voor=skriftelike werke soos die AWS¹⁾, skoolboeke, ensovoorts.

Daar sal gepoog word om in die hieropvolgende gegewens twee van die faktore, naamlik (2) en (3), met die nodige bewysvoeringe te verhelder.

Vernederlandsing het veral op die gebied van die *skryf=taal* 'n invloed uitgeoefen.

1) *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van die Suid-Afrikaanse Akademie.



"Toe Afrikaans later, en by name sedert 1916, in toenemende mate opgeroep is om as voertuig van tot nog toe verwaarloosde gebiede te dien in die plek van die onttroonde Ndl., het sy agterstand dikwels lastig aan die lig getree, gestel teenoor Ndl. Gevolglik het Afr. in hierdie tyd as 'n saak van praktiese beleid by Ndl. gaan aanklop en sy woordvoorraad waar moontlik en ooreenkomstig sy eie aard daaruit aangevul. Op die wyse is die kloof tussen die twee taalvorme in 'n sekere sin vlakker gemaak ..." (Nienaber 1953 : 90).

Bewyse vir hiërdie vernederlandsing van die vroeë Transvaalse Afrikaans wat selfs vandag in die laaste kwart van die twintigste eeu nog lewend is, is hoofsaaklik uit die briewekolomme (Korrespondensie-afdeling) van die Transvaalse koerante van 1866 - 1900 verkry. Omdat formaliteit en konvensie heel dikwels in *persoonlike* briewe oorboord gegooi word en die taal daarin dus redelik na aan die spreektaal staan, is dié briewe as geskik vir die ondersoek beskou. Nêrens kon daar blyke gevind word dat daar van redaksionele kant af aan dié briewe verander is nie. Die goedversorgde taal van die redaksionele kommentaar by 'n brief staan in skelle kontras met dié van die persoonlike brief wat spelling, styl en woordkeuse betref (Van Rensburg en Combrink 1982).

Die koerante wat geraadpleeg is, is:

1. De Lydenburger (1898).
2. De Nieuwe Republikein (1894 - 1899).
3. De Pers (1892 - 1899).
4. De Potchefstroomer (1883 - 1899).
5. De Transvaal (1877 - 1880).
6. De Transvaalsche Argus (1866 - 1869).
7. De Volksstem (1873 - 1899).
8. De Voortrekker (1898 - 1899).
9. Land en Volk (1892 - 1899).
10. Ons Volk (1895 - 1898).
11. Rand Post (1898 - 1900).
12. The Transvaal Advocate (1869 - 1874).

Aangesien die geskrewe vorm 'n aanduiding van die spelling weergee wat aansluiting by Nederlands vind, is dit goed gedink om die *spelreëls* na te gaan en op bepaalde Nederlandismes te wys.

Die derde groep bewysvoeringe vir die vernederlandsing van Afrikaans word in die *skryfvorm in die Bybel* – soos veral deur die Bybelvertalers daargestel – gevind.

8.2 WERKWYSE

By die bewysvoeringe uit die briewekolomme van die Transvaalse koerante word daar kolomsgewys van drie afdelings (A, B en C) gebruik gemaak. A verteenwoordig AB-Nederlands van die begin van die eeu, B vroeë Transvaalse Afrikaans (ATA) en C AB-Afrikaans of Afrikaans vanaf 1925. Dié drieërleiverdeling sal in der waarheid 'n aanduiding gee van die teruggryp na Nederlands en as sodanig sal afdelings A en C 'n bepaalde ooreenkoms vertoon met afdeling B wat 'n weergawe van sy eie sal lewer.

Soos in 'n vroeëre hoofstuk vermeld is, word slegs die vroeë Transvaalse Afrikaans betrek. Van die ander vorme van Afrikaans, naamlik Patriot- of Kaapse Afrikaans, Maleierafrikaans, Griekwa-Afrikaans, die Afrikaans van die Vrystaat, ensovoorts (vergelyk Nienaber 1982), is ook reeds melding gemaak. Hiërdie vorme van Afrikaans, elk met sy eie karakteristieke eienskappe, sal van die aangeduide kenmerke van vroeë Transvaalse Afrikaans kan verskil. Al hierdie vorme van Afrikaans bied 'n te wye spektrum van ondersoek en daarom word net op die genoemde vorm van Afrikaans gekonsentreer.

Waar 'n bewys uit 'n bepaalde koerant kom, word die verwysing soos volg gegee: *De Pers* : 16.2.93 - "oek". Dié gegewens kan weer gebruik word om die volledige titel van die brief, die skrywer(s) en die volledige datum vas te stel. Hierdie gegewens sal in Bylae I verskyn.



Die verskynsels wat op grond van hul herhaalde voorkoms in die persoonlike briewe gekies is en wat nader toegelig word, is:

1. Doen, Gaan, Sien, Slaan, Staan.
2. Idiomatiese uitdrukkinge.
3. Klankweglating: -d- en -r-weglating; vokaalweglating.
4. Klankwisseling: vokale en konsonante.
5. Metatesis.
6. Die oorgang van [n] tot [ŋ] in die omgewing van [r] + vokaal.
7. Ronding.
8. Semantiese afwykings.
9. Die voorkoms van [a] in plaas van ander vokale.
10. Voornaamwoordpatrone.
11. Voorsettselwysiginge.
12. Woordeskat.
13. Weglatings: voorwerp, wederkerende voornaamwoorde en voorsetsels.
14. Woordorde van/in die predikaat.

Om 'n verteenwoordigende syfer vir ATA (kolom B) te verkry, is van 'n eenvoudige ewekansige steekproef met behulp van 10 000 toevalsyfers, gegenereer op die IBM 370-rekenaar, model 148, van die Universiteit van Pretoria, gebruik gemaak. Die verskynsels wat aangewys is waaroor daar statistiek beskikbaar gestel moet word, was: 01, 04, 07, 09, 11, 14 (en 18). Indien onderafdelings by 'n bepaalde verskynsel voorkom, is dieselfde toevalsyfers gebruik om te bepaal van watter onderafdeling statistiek verkry moet word. Dit was byvoorbeeld die geval met verskynsel 4 (Klankwisseling). Deur 'n sistematiese steekproef is die korrespondensiestukke van die jare 1868, 1878, 1888, 1898 aangewys. Die voorkomsyfers van die bogenoemde verskynsels in die betrokke jare word dus ook aangetoon (vergelyk 8.3.15).



Die vernederlandsing in die spelreëls en die skryfvorm in die Bybel word vervolgens behandel.

8.3 BEWYSE UIT DIE KORRESPONDENSIEKOLOMME VAN DIE TRANSVAALSE KOERANTE VANAF 1866 - 1900

8.3.1 DOEN, GAAN, SIEN, SLAAN, STAAN

AEN-begin van die eeu	VROEE TRANSVAALSE AFRIKAANS	ABA
<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
doen	<u>doet</u>	doen
(Kruyskamp 1961 : 443) ¹⁾	<i>De Lydenburger:</i> 3.5.98 <i>De Pers:</i> 31.3.92 <i>De Potchefstroomer:</i> 22.12.92 <i>De Transvaal:</i> 6.3.78, 29.4.80 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 4.12.66, 18.12.66, 7.2.67, 11.4.67, 13.6.67, 27.6.67, 1.4.68, 1.7.68, 29.7.68, 15.12.68, 9.2.69, 16.3.69 <i>De Voortrekker:</i> 3.12.98 <i>Rand Post:</i> 10.5.95, 13.5.95, 24.5.95, 8.3.98, 14.10.98, 21.10.98 <i>The Transvaal Advocate:</i> 16.8.73, 9.8.73	
gaan (571)	<u>gaat</u> (rondgaat en variante)	gaan
	<i>De Nieuwe Republikein:</i> 18.5.94, 25.1.95, 8.2.95, 22.3.95, 5.4.95 <i>De Pers:</i> 18.8.92, 31.3.92 <i>De Potchefstroomer:</i> 12.2.92 <i>De Transvaal:</i> 3.10.77, 29.4.80	

1) In die hieropvolgende gegewens sal net die bladsyverwysing gegee word; behalwe anders vermeld, kom die inligting uit Kruyskamp, C. 1961 (8ste druk), sedert die aanvang bekend as Van Dale.



A

B

C

De Transvaalsche Argus: 14.8.66,
28.8.66, 18.9.66, 2.10.66,
4.12.66, 7.2.67, 11.4.67,
13.3.67, 27.6.67, 4.7.67,
5.2.68, 1.4.68, 6.5.68,
27.5.68, 17.6.68, 1.7.68,
29.7.68, 16.2.69, 16.3.69

De Volksstem: 26.2.84

De Voortrekker: 3.12.98, 11.3.99,
20.5.99, 22.7.99

Ons Volk: 8.9.97

Rand Post: 8.3.98, 22.3.98,
19.4.98, 9.9.98, 14.10.98,
21.10.98, 28.12.98

The Transvaal Advocate: 14.9.69,
19.7.73, 9.8.73, 16.8.73,
31.1.74

zien

siet./ziet

sien

(2441)

De Lydenburger: 28.6.98

De Nieuwe Republikein: 22.3.95

De Pers: 31.3.92 (herhaaldelik)

De Transvaal: 6.3.78

De Transvaalsche Argus: 14.8.66,
10.1.67, 6.5.68, 1.7.68,
29.7.68, 16.2.69, 16.3.69

Rand Post: 12.5.1900

slaan

slaat

slaan

(1811)

De Nieuwe Republikein: 25.4.99
(herhaaldelik)

De Potchefstroomer: 18.3.92

De Transvaal: 14.9.69, 6.3.78

De Transvaalsche Argus: 5.2.68,
1.4.68

De Voortrekker: 3.12.98, 28.6.99

staan

staat
(en variante, bv. verstaat)

staan

(1893)

Die Nieuwe Republikein: 8.2.95,
8.3.95



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
	<i>De Pers</i> : 31.3.92	
	<i>De Potchefstroomer</i> : 18.3.92, 22.12.92, 13.8.96	
	<i>De Transvaal</i> : 6.3.78 (herhaalde= lik)	
	<i>De Transvaalsche Argus</i> : 7.8.66, 14.8.66, 2.10.66, 4.12.66, 11.12.66, 18.12.66, 7.2.67, 13.6.67, 27.6.67, 4.7.67, 5.2.68, 11.3.68, 1.4.68, 6.5.68, 17.6.68, 24.11.68, 1.12.68, 16.2.69, 16.3.69	
	<i>Rand Post</i> : 9.9.98, 14.10.98	
	<i>The Transvaal Advocate</i> : 19.7.73	

8.3.2 IDIOMATIESE UITDRUKKINGE

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
een zondebok zoeken (2455)	<i>De Pers</i> : 18.8.92: "Is daar dan nie meer vaalpense op Pretoria nie, wat die muil aan zy achterbeen vat nie ..."	... die sonde= bok aankeer ...
onzin/kulle= tje (1056)	<i>De Transvaalsche Argus</i> : 27.6.67, 6.5.68, 16.3.69 (herhaaldelik): "... moet die winkeliers ons altyd die velle over die oore trek."	... kul ...
kopje onder gaan = geheel onder gaan (1017)	<i>De Voortrekker</i> : 22.7.99: "als hulle die onfatsoenlyke gasten uitschop nek en krop ..."	... kop en pootjies

8.3.3 KLANKWEGLATING

8.3.3.1 -d-WEGLATING

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
advokaat (54)	<u>avekaat/avecaat/affekate/avokaat</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 4.7.67, 1.7.68, 16.3.69	advokaat



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
	<i>The Transvaal Advocate:</i> 16.8.73, 19.7.73	
eindelijk (510)	<u>einlyk</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 11.3.68	eindelik
Frederik (564)	<u>Freerik</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 5.2.68	Frederik
hollands (802)	<u>hollans</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 7.8.66	hollands
lands- (1081)	<u>lans</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 2.10.66	lands-
landdrost (1079)	<u>lanros/lanrost/landros</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 5.2.68, 16.2.69, 16.3.69 <i>The Transvaal Advocate:</i> 19.7.73	landdros
opdragend (1389)	<u>opdraan</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 20.5.97	opdraand
predikant (1572)	<u>prekant/preekant</u> <i>De Volksstem:</i> 9.10.75 <i>Land en Volk:</i> 7.6.94, 4.4.95 <i>The Transvaal Advocate:</i> 16.8.73	predikant
8.3.3.2	-r-WEGLATING	
Barnard	<u>Barnad/Barnat</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 8.3.95 <i>Rand Post:</i> 28.12.98 <i>The Transvaal Advocate:</i> 19.7.73	Barnard
horloge (818)	<u>olosie</u> <i>Ons Volk:</i> 11.4.96	oorlosie/ horlosie
verwonderen (2245)	<u>vewonder</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 10.5.97	verwonder



8.3.3.3 VOKAALWEGGLATINGS

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
courant (1033)	<u>krant(en)/crant</u> <i>De Pers:</i> 31.3.92, 18.8.92 <i>De Transvaal:</i> 3.10.77, 29.4.80 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 17.7.66, 14.8.66, 18.9.66, 18.12.66, 10.1.67, 7.2.67, 11.4.67, 13.6.67, 27.6.67, 4.7.67, 5.2.68, 1.4.68, 6.5.68, 27.5.68, 10.6.68, 10.11.68, 1.12.68 <i>De Volksstem:</i> 11.8.88 <i>De Voortrekker:</i> 15.2.99, 18.3.99 <i>Rand Post:</i> 4.3.98, 8.3.98, 10.5.98 <i>The Transvaal Advocate:</i> 17.8.69, 16.8.73	koerant
commissaris (381)	<u>komsaris/komsaars</u> <i>De Volksstem:</i> 9.10.75, 9.9.76	kommisaris
correspondent (395)	<u>krospondent</u> <i>De Volksstem:</i> 9.10.75	korrespondent
commandant (381)	<u>komdant/commadant</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 2.10.66, 1.12.68 <i>Land en Volk:</i> 7.6.94	kommandant
krokodil (1043)	<u>krokdel</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 18.12.66, 11.4.67	krokodil
lelijk (1099)	<u>leelke/lilke</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 10.1.67	lelike
naderhand (1248)	<u>nadrant</u> <i>De Lydenburger:</i> 3.5.98	naderhand
nukvig (1285)	<u>nukrig</u> <i>De Transvaal:</i> 6.3.78 <i>Rand Post:</i> 27.9.98	nukkerig
notaris (1283)	<u>notaars</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 2.10.66	notaris



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
paragraaf (1479)	<u>pargraaf</u> <i>De Transvaalsche Argus: 11.12.66</i>	paragraaf
president (1575)	<u>president/presddent/prisident</u> <i>De Transvaalsche Argus: 2.10.66, 11.4.67, 11.3.68, 29.7.68</i> <i>De Volksstem: 31.7.75, 30.9.76</i>	president
procureur (1582)	<u>prokreur/procreur</u> <i>De Transvaalsche Argus: 1.4.68, 27.5.68, 29.7.68, 16.3.69</i>	prokureur
populier (1560)	<u>poplier (blaar)</u> <i>De Potchefstroomer: 18.3.92</i>	populier
registrator (1652)	<u>regisstreur</u> <i>De Transvaalsche Argus: 4.7.67</i>	registrateur
secretaris (1796)	<u>sakkertaars/sekertaarsse</u> <i>De Transvaalsche Argus: 29.7.68, 16.3.69</i> <i>De Volksstem: 5.2.78</i>	sekretaris
salaris (1730)	<u>salaars</u> <i>Ons Volk: 15.4.98</i>	salaris
ceremonie (368)	<u>sermonies</u> <i>De Voortrekker: 22.7.99</i>	seremonies
trippelaar (2100)	<u>triplaars</u> <i>De Nieuwe Republikein: 25.4.99</i> <i>De Transvaalsche Argus: 27.6.67</i>	trippelaars
vrijmetselaar (2317)	<u>vrymeslaar</u> <i>De Transvaalsche Argus: 16.2.69</i>	vrymesselaar



8.3.4 KLANKWISSELING

8.3.4.1 VOKAALVARIANTE

8.3.4.1.1 [ə] > [i] > [ə]

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
bijzonder (266)	<u>bizonder</u> <i>De Nieuwe Republikein</i> : 20.5.97	besonder
-riffen (1677)	<u>goudrieve</u> <i>Land en Volk</i> : 2.2.92	goudriwwe
perzik (1032)	<u>perskies</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 6.5.68 (herhaaldelik)	perskes
Pretorius	<u>Pitoors</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 13.6.67	Pretorius
Pretoria	<u>Pietoria/Pitoria/Pitoriasche</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 18.12.66, 10.1.67, 7.2.67, 18.6.67, 5.2.68, 11.3.68, 1.4.68, 6.5.68, 24.11.68, 16.2.69 <i>De Volksstem</i> : 9.10.75 <i>De Voortrekker</i> : 11.3.99	Pretoria

8.3.4.1.2 [ə] > [ɛ] > [ə]

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
ding(en) (437)	<u>deng</u> <i>The Transvaal Advocate</i> : 14.9.69	ding
dit (440)	<u>det</u> <i>Rand Post</i> : 13.5.98, 26.8.98	dit
min (1207)	<u>men of meer</u> <i>Rand Post</i> : 28.12.98	min of meer
schimp (1768)	<u>schempwoorde</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 17.7.66	skimpwoorde



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
slim (1827)	<u>slim (mens)</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 17.8.69	slim
stil (1936)	<u>(dood) stel</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 17.8.69	doodstil
zitten (2449)	<u>set/zet</u> <i>De Pers:</i> 18.8.92 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 7.8.66, 13.6.67, 27.6.67, 4.7.67	sit
voor (2292)	<u>ver</u> <i>De Lydenburger:</i> 3.5.98, 25.6.98 <i>De Nieuwe Republikein:</i> 25.1.95, 8.2.95, 22.3.95, 5.4.95, 20.5.97 <i>De Pers:</i> 18.8.92, 31.3.92 <i>De Potchefstroomer:</i> 22.12.92 <i>De Voortrekker:</i> 31.12.98, 15.2.99, 11.3.99 <i>Land en Volk:</i> Alle uitgawes - herhaaldelik <i>Ons Volk:</i> 8.9.97, 23.6.97, 1.9.97 <i>Rand Post:</i> 12.5.1900 <i>The Transvaal Advocate:</i> 31.1.74	vir

8.3.4.1.3 [ε] > [α] > [ε]

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
kennen (941)	<u>kan</u> ¹⁾ <i>De Transvaalsche Argus:</i> 1.7.68 " ... neef Jan <u>kan</u> mos voor hom" <i>De Volksstem:</i> 14.3.74 ..."Toen ik hem het leer <u>kan</u> het hullie ..." <i>Land en Volk:</i> 25.8.92 ..."Neef, ik <u>kan</u> die taal nie..."	ken

1) Vergelyk Claassen en Van Rensburg (1983).



A

B

C

Ons Volk: 23.2.98 "... die Kaalvoete
... kan mos nie sy vaderlancsche
Geschiedenis nie"

Die teenoorgestelde kom ook voor,
naamlik ken vir kan in huidige ABA

kunnen
(1057)

ken

kan

De Nieuwe Republikein: 8.3.95 ...
"Jy ken zeker wees ..., mar hoe ken
jy zoo zeg"
22.3.95 "... Neef het ken mos nooit
waar wees"; "dan ken ons mos zame ry"

De Transvaalsche Argus: 10.1.67 ...
"ons ken omers ook zien"

De Volksstem: 3.10.73 "... en nou
hulle geleer ken word"

21.3.74 "... of jy tog nie vir ons
in jou krant ken vertel ..."; "dat
ons ken plaase aantyke langs de
bovenste spruit ..."

31.7.75 "... laat (dat) ik nou nie
ken woon waar ik wil; maar ik dink
hulle ken maar laat staan"

6.3.90 "... Die dokter het ons al
laat zien wat hy ken maak; Ik ken
nog een bietje lees en skrijwe"

6.9.92 "... jy ken zeg van die begin
af was hy." "Ik zeg niet dat oom
Pauwel geen fout ken maak"; "... en
wat ken jy van hem zeg in..."

7.9.92 "... zoo dat een schaap al ken
vreet" - teenoor kan (9x)

Land en Volk: 10.11.92 "... jij zé ons
ken vir jou glo"

31.5.94 "... Oom ken my glo" (Klein
Joggum)

7.6.94 "... di Hollanders ken gerus
vir Paul koning maak" (K. Joggum)

Ons Volk: 13.5.98 "... dan ken die
dienaren hulle schoon hou"; "Heer
Editeur u ken zelf begryp dat"



8.3.4.1.4 [u] > [s] > [u]

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
bloem (-en) (283)	<u>Blomfontyn</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 7.2.67	Bloemfontein
moeten (1219)	<u>mot</u> <i>De Nieuwe Republikein</i> : 8.2.95, 22.3.95 <i>De Potchefstroomer</i> : 22.12.92 <i>De Transvaal</i> : 3.10.77, 6.3.78 <i>De Transvaalsche Argus</i> : 17.7.66, 18.9.66, 2.10.66, 4.12.66, 11.12.66, 10.1.67, 7.2.67, 4.7.67, 27.5.68, 29.7.68, 10.11.68, 15.12.68 <i>De Volksstem</i> : 3.10.73, 15.8.74, 4.9.75, 17.12.88, 6.3.90 <i>Land en Volk</i> : 13.12.94	moet
gouvernement/ goevernement (699)	<u>goffermint/goverment/goffermint/ gornent/gowernment</u> <i>De Lydenburger</i> : 28.6.98 <i>De Nieuwe Republikein</i> : 5.4.95, 25.6.96 <i>De Transvaalsche Argus</i> : 31.7.66, 14.8.66, 21.8.66, 28.8.66, 5.2.68 <i>De Volksstem</i> : 31.1.74, 14.3.74, 21.3.74, 15.8.74, 28.8.75, 15.7.76, 16.9.76, 3.3.77, 5.2.78, 1.3.82 <i>De Voortrekker</i> : 15.7.98, 23.8.99, 2.9.99 <i>Land en Volk</i> : 19.9.99	goewernment
genoeg (640)	<u>genog</u> <i>De Nieuwe Republikein</i> : 8.2.95 <i>De Transvaalsche Argus</i> : 4.12.66 <i>De Volksstem</i> : 17.1.74, 21.2.74, 31.7.75, 16.9.76, 11.8.88 <i>Land en Volk</i> : 26.1.92, 10.11.92, 13.12.94, 21.3.95, 31.8.98	genoeg



8.3.4.1.5 [œ] > [ø:] > [oe]

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
fluks (557)	<u>fleuks</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 9.7.96	fluks
spu (1891)	<u>speu </u> <i>De Potchefstroomer:</i> 18.3.92 ; <i>De Volksstem:</i> 17.1.74, 31.1.74 <i>Land en Volk:</i> 16.2.92, 24.10.92, 14.11.95 "... dan is di geheele speul mos vrot ..."	spu

8.3.4.1.6 [ε] > [u] > [e]

met (1196)	<u>moet</u> <i>De Pers:</i> 30.3.98, 1.6.98 "Hulle is te lomp moet hulle tong"; "Ek hoor jy praat moet die telegraaf klerk" <i>De Volksstem:</i> 15.7.76, 2.9.76, 9.9.76, 26.2.84, 17.12.88 "... beloon moet een eerekrans"; "... ons was nie moet die re= belle saam nie" <i>De Voortrekker:</i> 9.4.98, 19.10.98, 19.11.98, 3.12.98, 22.7.99, 30.8.99	met
---------------	---	-----

8.3.4.1.7 [y] > [u] > [y]

constitutie/ konstitutie (389)	<u>konsistoesi</u> <i>De Volksstem:</i> 17.4.75	konstitusie
studeren (1974)	<u>stoedeer</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 11.3.68	studeer



8.3.4.1.8 [y:] > [ø:] > [y:]

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
duren (492)	<u>deur</u> <i>Land en Volk:</i> 15.9.92 "... dalk deur het honder jaar"	duur
nieuwe (1274)	<u>neut</u> <i>Ons Volk:</i> 3.5.98	nuut
sturen/stuur (1979)	<u>steur</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 22.7.97 <i>Land en Volk:</i> 8.3.92 <i>Ons Volk:</i> 5.2.98	stuur

8.3.4.1.9 [ɔ] > [u] > [ɔ]

mos (1230)	<u>moes</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 4.10.97 <i>Land en Volk:</i> 22.4.97, 15.6.98 (Die variasie <u>mors</u> kom ook voor: 13.12.94, 10.1.95) <i>The Transvaal Advocate:</i> 19.7.73	mos
---------------	--	-----

8.3.4.1.10 [ə] > [œ] > [ə]

biljart (Koenen 1974:156)	<u>buljard</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 27.6.67	biljart
biltong (267)	<u>bultong</u> <i>De Voortrekker:</i> 23.8.99 <i>The Transvaal Advocate:</i> 19.7.73	biltong
denken (Koenen 1974:271)	<u>dunk</u> <i>De Volksstem:</i> 25.10.92	dink
arts/geneesheer (doctor=Akad (Koenen 1974:82, 288)	<u>doctur</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 16.8.73	dokter



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
minuut (Koenen 1974:836)	<u>muniet</u> <i>Ons Volk:</i> 29.4.98	minuut
niksnut (Koenen 1974:885)	<u>nuksnuts</u> <i>De Potchefstroomer:</i> 13.11.99	niksnuts
pit (Koenen 1974:1042)	<u>(persker) put</u> <i>Land en Volk:</i> 23.2.92	(perske)pit
schilpad (1767)	<u>schulpad</u> <i>De Pers:</i> 6.12.93, 31.3.97 <i>De Potchefstroomer:</i> 8.7.99 <i>De Volksstem:</i> 13.11.99 <i>Land en Volk:</i> 7.6.94, 23.8.94 <i>Ons Volk:</i> 15.2.96	skilpad
immers (Koenen 1974:558)	<u>ummers</u> <i>De Volksstem:</i> 3.10.73	immers
Zaterdag (Koenen 1974:1635)	<u>Zaterdag</u> <i>De Volksstem:</i> 28.11.74	Saterdag

8.3.4.1.11 Neutralisasie

8.3.4.1.11.1 [α] > [ə] > [α]

partij (1485)	<u>pertij/perty/onpertydig/pertymaal</u> <i>De Pers:</i> 23.2.93	party
partijdig (1486)	<i>De Volksstem:</i> 14.3.74, 15.8.74, 2.9.76 <i>Land en Volk:</i> 6.10.92, 24.5.94, 31.1.95, 21.3.95, 25.5.96, 26.10.98 <i>Rand Post:</i> 10.5.98	



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
parmantig parmantigheid parmanteljk (1484)	<u>permantig/permantigheid</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 18.9.66, 10.1.67, 7.2.67 <i>De Volksstem:</i> 3.10.73, 28.8.75, 17.12.88	parmantig parmantigheid
galop (576)	<u>gelop</u> <i>De Volksstem:</i> 15.7.76 <i>The Transvaal Advocate:</i> 18.3.73	galop
van morgen/ heden morgen (2166)	<u>vemorre/vermorre</u> <i>De Pers:</i> 1.6.98	vanmōre
deze jaar (276)	<u>venjaar</u> <i>Land en Volk:</i> 4.4.95	vanjaar
vanochtend/ deze ochtend (2166)	<u>veoggent</u> <i>Land en Volk:</i> 17.5.99	vanoggend
Marthinus	<u>Merthiens/Mechiel</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 5.2.68 <i>De Voortrekker:</i> 31.12.98	Marthinus Machiel
karwei (929)	<u>kerweiers</u> <i>Land en Volk:</i> 8.3.92	karweiers
zal	<u>zel/sel</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 4.12.66 <i>De Volksstem:</i> 15.8.74 <i>The Transvaal Advocate:</i> 16.8.73	sal
bakkeleien (183)	<u>beklij</u> <i>Land en Volk:</i> 26.10.98	baklei
8.3.4.1.11.2	[ε] > [ð] > [ε]	
Engels/-man (519)	<u>Ingels/Ingelsman</u> <i>De Transvaal:</i> 25.8.74	Engels/-man
mens (1191)	<u>minse</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 18.9.66	mense



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
met (1196)	<u>mit</u> <i>De Transvaal</i> : 6.3.78	met
optellen (1416)	<u>opgetil</u> <i>The Rand Post</i> : 26.8.98	opgetel
speculant speculeren (1864-5)	<u>spikeleur(s)/spikeleer</u> <i>De Pers</i> : 1.6.98 <i>Ons Volk</i> : 8.9.97	spekulant spekuleer
telegraaf (2021)	<u>tillegraaf</u> <i>De Volksstem</i> : 4.6.85	telegraaf
vent (2186)	<u>vint</u> <i>De Volksstem</i> : 14.3.74	vent
wen/win (2387)	<u>win</u> <i>De Nieuwe Republikein</i> : 22.3.95, 16.5.95	wen
8.3.4.1.11.3	□ ₀ > □ _ā > □ _o	
boeha/poeha (290)	<u>behei</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 5.2.68	bohaai
prospecteren (1589)	<u>geprespek</u> <i>De Volksstem</i> : 24.12.88	geprospek(teer)
proberen (1581)	<u>prebeer</u> <i>De Volksstem</i> : 13.12.73, 31.1.74, 28.8.75, 25.10.82, 26.2.84, 23.4.88 <i>De Voortrekker</i> : 15.2.99 <i>Land en Volk</i> : 16.2.92, 19.4.92, 7.6.92, 20.7.93	probeer
prison (1580)	<u>priseniers</u> <i>De Volksstem</i> : 28.8.75	prisoniers
ruim (1171)	<u>rejaal</u> <i>Land en Volk</i> : 29.8.95	rojaal
revolutie (1672)	<u>revelutie</u> <i>De Volksstem</i> : 16.9.76	revolusie



8.3.4.1.12 Vokaalverhogings

8.3.4.1.12.1 e-verhoging

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
beet(hebben) (207)	<u>biet, stiek, briek, komedie, wier,</u> <u>krief, tien</u>	beet, steek,
steek/steken (1913)	<i>De Pers:</i> 1.6.98	breek, komedie,
breken (333)	<i>De Volksstem:</i> 3.10.73, 17.1.74, 21.2.74	weer,
komedie (1005)	<i>Land en Volk:</i> 8.9.92, 18.4.95, 30.1.96	kreef, teen
weer/weder (2353)		
kreeft (1035)		
tegen (2013)		

8.3.4.1.12.2 o-verhoging

over (1433)	<u>oer en oek (en samestellings soos:</u>	oor, ook
ook (1379)	<u>oerdink, oervloed, oerbly, ens.)</u>	(oordink)
	<i>De Lydenburger:</i> 3.5.98, 31.5.98, 28.6.98	oervloed, oerbly)
	<i>De Nieuwe Republikein:</i> 25.1.95, 5.4.95, 23.4.96, 3.9.96, 28.6.99	
	<i>De Pers:</i> 3.3.92, 10.3.92, 31.3.92, 28.4.92, 2.6.92, 7.7.92, 18.8.92, 1.9.92, 8.12.92, 15.12.92, 29.12.92, 5.1.93, 19.1.93, 2.2.93, 9.2.93, 16.2.93, 9.1.95, 14.8.95, 6.10.95, 8.4.96, 22.4.96, 21.10.96, 17.3.97, 15.7.97, 1.9.97, 31.1.99, 28.3.99, 6.6.99, 15.8.99	
	<i>De Potchefstroomer:</i> 6.11.91, 13.11.91, 4.12.91, 24.12.91, 18.3.92	
	<i>De Volksstem:</i> 3.10.73, 17.1.74, 31.1.74, 21.2.74, 30.9.76, 11.1.82, 26.2.84, 4.6.85, 1.10.85, 22.10.85, 1.11.88, 10.12.88, 17.12.88, 24.12.88, 6.3.90, 6.11.92, 7.12.92, 21.6.93	
	<i>De Voortrekker:</i> 18.3.98, 26.3.98, 9.4.98, 30.4.98, 15.7.98, 30.7.98, 14.9.98, 24.9.98, 9.10.98, 19.10.98, 19.11.98, 3.12.98, 15.2.99, 22.4.99, 10.6.99, 28.6.99, 5.7.99, 15.7.99, 22.7.99, 26.7.99, 29.7.99, 16.8.99, 23.8.99, 30.8.99, 2.9.99	



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
	<p><i>Land en Volk:</i> 12.1.92, 19.1.92, 26.1.92, 2.2.92, 16.2.92, 1.3.92, 8.3.92, 15.3.92, 22.3.92, 29.3.92, 5.4.92, 19.4.92, 31.4.92, 4.8.92, 8.9.92, 10.11.92, 24.11.92, 12.1.93, 26.1.93, 2.2.93, 4.5.93, 1.6.93, 31.5.94, 7.6.94, 21.6.94, 23.8.94, 6.9.94, 8.11.94, 15.11.94, 13.12.94, 26.3.96, 3.12.96, 22.9.97, 25.9.98, 25.7.99</p> <p><i>Ons Volk:</i> 17.10.95, 23.11.95, 14.12.95, 21.12.95, 7.1.97, 27.3.97, 10.4.97, 1.5.97, 12.5.97, 23.6.97, 30.6.97, 3.7.97, 7.7.97, 1.9.97, 4.9.97, 8.9.97, 5.2.98, 26.2.98, 11.3.98, 16.7.98</p> <p><i>Rand Post:</i> 4.3.98, 8.3.98, 23.3.98, 10.5.98, 13.5.98, 26.8.98, 28.12.98</p>	
kloof/-en (982) zoals (532) gooi(en) (694) opinie (1399) mooi (1227) mogenlijk (1220) bovenst (oor- treffende trap van boven) (324) geloven (629) groot (721) voor- (2292) boos (310) oompje (1379)	<p><u>soeppie, kloef, zoes, goei, oepienie</u> <u>moeie, moentlijk, boentoe, gloe, groet</u> <u>voer-, s/zoentoe, boes, oempie, boeland</u></p> <p><i>De Nieuwe Republikein:</i> 7.10.97</p> <p><i>De Pers:</i> 16.2.93, 15.7.97, 16.3.98 1.6.98, 28.3.99</p> <p><i>De Potchefstroomer:</i> 4.12.91</p> <p><i>De Volksstem:</i> 14.3.74, 9.4.88</p> <p><i>De Voortrekker:</i> 30.4.98, 15.2.99, 28.6.99</p> <p><i>Land en Volk:</i> 26.1.92, 15.3.92, 1.6.93, 21.6.94, 10.1.95</p> <p><i>Ons Volk:</i> 17.10.95, 21.12.95, 30.5.96, 1.9.97, 8.9.97, 11.3.98</p> <p><i>Rand Post:</i> 10.5.98</p>	<p>sopie, kloof, soos, gooi, opinie, mooie, moontlik boontoe, glo, groot voor- soontoe, boos, oom- pie, boland</p>

8.3.4.2 AFWISSELING VAN VORME MET OF SONDER DIE HALF-
VOKAAL

zeer/erg/ baie (182)	<p><u>baja/banje/baaijeng/bijan, ens.</u></p> <p>banje - Volop vanaf vroegste blaaie</p> <p>banja - Volop vanaf vroegste blaaie</p> <p>baing - Eerste maal <i>De Volksstem:</i> 4.6.85 - hierna volop</p> <p>banjan - <i>De Transvaalsche Argus:</i> 31.7.66, 14.8.66</p>	baie
-------------------------	---	------



A

B

C

- banjer - *De Nieuwe Republikein:*
18.5.94
De Transvaalsche Argus:
2.10.66
- banjac - *De Transvaalsche Argus:*
4.12.66
- baije - *De Transvaalsche Argus:*
29.7.68
- baijer - *De Transvaalsche Argus:*
29.7.68
- baaijing - *De Volksstem:* 13.12.73,
31.1.74
- baaijeng - *De Volksstem:* 17.1.74,
31.1.74
- banjang - *De Volksstem:* 28.8.75
- bajang - *De Transvaal:* 6.3.75
De Volksstem: 28.8.75
De Voortrekker: 15.7.98
Land en Volk: 28.9.98
- bainja - *De Pers:* 17.3.97
De Volksstem: 17.12.88
- baaije - *De Transvaalsche Argus:*
29.7.68
- *Land en Volk:* 13.10.92
- baiya - *Land en Volk:* 10.11.92
- bya - *Land en Volk:* 27.12.94
(drie maal)
- baja - *De Nieuwe Republikein:*
22.7.97, 28.10.97
De Voortrekker: 20.5.99
Land en Volk: 13.6.99
Ons Volk: 2.7.98
- bainje - *De Pers:* 17.3.97
De Volksstem: 17.12.88
Rand Post: 8.3.98,
10.5.98, 26.8.98
- baaija - *De Voortrekker:* 11.3.99
- baya - *De Nieuwe Republikein:*
21.6.99
De Pers: 27.6.99



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
Daniël	<u>Daainjel</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 11.3.68	Daniël
Gideon (671)	<u>Gidejon</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 18.12.66	Gideon
ei(eren) (506)	<u>ijers</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 19.7.73	eiers
liberaal (1110)	<u>lieberjaal</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 7.2.67	liberaal
moeilijkheid (1218)	<u>moeijelykheid</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 13.6.67	moeilikheid
poeder/poer (1547)	<u>poejers</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 31.1.74	poeiers
Pretoria	<u>Pertoorja</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 27.5.68 <i>De Voortrekker:</i> 30.8.99	Pretoria
rood rooi (= perk, las, droë rivier- dal wat na swaar reën weer water bevat) (1707, 1709)	<u>Rooijes</u> <i>De Voortrekker:</i> 31.12.98	rooies
spesiaal (1875)	<u>spesjaal</u> <i>De Voortrekker:</i> 22.7.98	spesiaal
vader (2150)	<u>vajer</u> <i>De Pers:</i> 2.6.92	vader

8.3.4.3 KONSONANTVARIANTE

8.3.4.3.1 [p] > [b] > [p]

proberen (1581)	<u>bebeer</u> <i>De Voortrekker:</i> 31.12.98, 15.2.99	probeer
hoop (815)	<u>hoob</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 17.7.66	hoop



8.3.4.3.2 [b] > [p] > [b]

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
bandiet(-en) (189)	<u>pandiete</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 25.1.95	bandiete
betalen/-ling (242)	<u>petaal/petaaling</u> <i>De Volksstem:</i> 13.12.73, 31.1.74, 21.1.74 <i>The Transvaal Advocate:</i> 15.8.74	betaal betaling
betekenen (242)	<u>peteken</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 19.7.73	beteken

8.3.4.3.3 [d] > [l] > [d]

dat (410)	<u>lat</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 25.1.95, 22.3.95, 5.4.95 <i>De Pers:</i> 30.3.98, 6.1.98, 30.5.99 <i>De Volksstem:</i> 9.10.75, 9.9.76, 30.9.76, 7.10.76 <i>De Voortrekker:</i> 30.4.98, 15.7.98, 3.9.98, 24.9.98, 19.10.98, 22.7.99, 23.8.99, 30.8.99, 2.9.99 <i>Land en Volk:</i> 23.8.94	dat
dat (410)	<u>laat</u> <i>De Volksstem:</i> 17.1.74, 31.1.74, 21.2.74, 14.3.74, 15.8.74, 17.4.75, 11.1.82 <i>De Voortrekker:</i> 11.3.99, 28.6.99, 5.7.99	dat
omdat (1299)	<u>omlat</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 25.1.95 <i>De Volksstem:</i> 9.10.75 <i>De Voortrekker:</i> 24.9.98	omdat



8.3.5 METATESIS

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
advocate (54)	<u>afferkaat/affercaat</u> <i>De Volksstem</i> : 5.9.74, 31.7.75 <i>The Transvaal Advocate</i> : 25.8.74	advokaat
Afrikaner (82)	<u>Aferkaners/Afferkaanders</u> <i>De Volksstem</i> : 19.2.78, 16.8.88	Afrikaners
Februari (544)	<u>Feberwari</u> <i>De Pers</i> : 2.6.92	Februarie
krediet (1034)	<u>kerdiet</u> <i>De Voortrekker</i> : 19.11.95	krediet
patriot (1493)	<u>paterjot</u> <i>De Pers</i> : 28.4.92, 2.6.92	patriot
plezier (1541)	<u>pelsiir</u> <i>De Pers</i> : 1.9.95	plesier
promotie (1587)	<u>permosie</u> <i>Land en Volk</i> : 26.10.93	promosie
proberen (1581)	<u>perbeer/pambeer</u> <i>De Pers</i> : 3.3.92, 31.3.92, 8.4.96, 1.6.98 <i>De Volksstem</i> : 26.3.91, 21.6.93 <i>Land en Volk</i> : 12.1.93, 21.9.93, 26.10.93 13.12.94, 26.3.96, 17.8.98, 17.5.99	probeer
predikant/ prediker (1572)	<u>perdikant</u> <i>De Transvaal</i> : 29.4.80	predikant
present (1574)	<u>persent</u> <i>De Potchefstroomer</i> : 12.2.92 <i>De Transvaalsche Argus</i> : 18.12.66, 27.5.68 <i>De Voortrekker</i> : 3.12.98 <i>The Transvaal Advocate</i> : 31.1.74	present
president (1575)	<u>persident</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 4.12.66	president



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
publizeren (1595)	<u>plebizee</u> <i>De Voortrekker:</i> 11.3.99	publiseer
Pretoria (1576)	<u>Pertoorja/Pettoria</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 27.5.68 <i>De Voortrekker:</i> 22.7.99, 30.8.99 <i>The Transvaal Advocate:</i> 25.8.74	Pretoria
Pretorius	<u>Pertoors/Pertors</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 7.2.67, 13.6.67, 4.7.67, 5.2.68, 1.4.68, 16.2.69, 16.3.69	Pretorius
secretaire (1796)	<u>sikkretaars/sekertaarsse/sakketaars</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 31.7.66, 29.7.68, 16.3.69	sekretaris
thesaurier (2041)	<u>tresorier</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 31.7.66, 24.11.68	tesourier

8.3.6 DIE OORGANG VAN [n] TOT [ŋ] IN DIE OMGEWING
VAN [r] + VOKAAL

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
doring (Nederlandse dialekte) doorn (Koenen 1974:299)	<u>doorn</u> <i>De Pers:</i> 15.7.97 <i>De Volksstem:</i> 17.1.74	doring
hoorn (Koenen 1974:537)	<u>hoorn/horens</u> <i>De Voortrekker:</i> 29.7.99 <i>Rand Post:</i> 29.9.98	horing
koring (Nederlandse dialekte) (Koenen 1974: 648)	<u>koorn/koren</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 8.3.95 <i>De Pers:</i> 15.8.99 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 18.9.66, 10.1.67, 4.7.67 <i>Land en Volk:</i> 25.7.98 <i>Ons Volk:</i> 7.7.97	koring



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
kussen (1060)	<u>kussen/-s</u> <i>Rand Post:</i> 26.8.98	kussing

8.3.7 RONDING

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
spelen (1868)	<u>speul/speuletjies/verspeul ens.</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 3.3.96, 19.9.99 <i>De Pers:</i> 5.1.93, 16.2.93 <i>De Potchefstroomer:</i> 18.3.92 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 18.9.66, 10.1.67, 4.7.67 <i>De Volksstem:</i> 13.12.73, 31.1.74, 15.8.74, 4.9.75, 7.10.76, 18.11.76, 26.2.84 <i>De Voortrekker:</i> 3.9.98, 14.9.98, 19.10.98, 11.3.99, 18.3.99, 7.6.99, 22.7.99, 30.8.99 <i>Land en Volk:</i> 26.1.92, 25.8.92, 24.10.92, 21.9.93, 31.5.94, 21.6.94, 5.7.94, 23.8.94, 8.11.94, 14.2.95, 14.11.95, 9.2.98, 16.3.98, 25.3.98, 25.5.98, 22.6.98, 25.7.99 <i>Ons Volk:</i> 16.11.95, 25.4.96, 30.5.96, 27.3.97, 1.5.97, 12.5.97, 16.6.97 <i>Rand Post:</i> 23.3.98, 10.5.98, 26.8.98 <i>The Transvaal Advocate:</i> 25.8.74	speel
tegen (2013)	<u>teun/hierteun/teunswordig, ens.</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 5.4.95, 26.6.96, 3.5.99, 7.6.99 <i>De Pers:</i> 18.12.92 <i>De Potchefstroomer:</i> 13.11.91, 18.3.92 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 31.7.66 <i>De Volksstem:</i> 17.1.74, 15.8.74, 31.7.75, 7.10.76, 11.1.82, 26.2.84, 23.4.88 <i>De Voortrekker:</i> 15.7.98, 19.10.98, 25.6.99, 5.7.99, 26.7.99, 23.8.99, 30.8.99	teen



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
	<i>Land en Volk:</i> 2.2.92, 29.3.92, 4.5.93, 13.12.94, 11.4.95, 18.4.95 <i>Ons Volk:</i> 23.11.95, 14.12.95, 1.5.97 <i>Rand Post:</i> 8.3.98, 22.3.98, 26.8.98	
veel (2175)	<u>veul/hoeveul/soveul/sofeul/zooveul</u> <i>De Lydenburger:</i> 31.5.97 <i>De Pers:</i> 10.3.92, 8.12.92, 18.2.92, 1.9.92, 8.4.96 <i>De Potchefstroomer:</i> 6.11.91 <i>De Transvaal:</i> 3.10.77 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 31.7.66, 4.12.66 <i>De Volksstem:</i> 3.10.73, 15.8.73, 19.2.78, 11.8.88, 16.8.88 <i>De Voortrekker:</i> 9.4.98, 31.9.98, 14.9.98, 31.12.98, 18.3.99, 10.6.99, 28.6.99, 22.7.99, 9.8.99 <i>Land en Volk:</i> 12.1.92, 2.1.93, 12.1.93, 26.1.93, 2.2.93, 16.2.93, 29.3.93, 19.4.93, 4.5.93, 1.6.93, 26.10.93, 23.8.94, 13.12.94, 14.2.95, 26.3.95, 8.8.95, 8.4.97 <i>Ons Volk:</i> 17.10.95, 23.11.95, 14.12.95, 11.4.96, 23.3.96, 20.3.97, 27.3.97, 23.6.97, 10.5.98 <i>Rand Post:</i> 4.3.98, 10.5.98, 13.5.98, 21.6.98, 26.8.98 <i>The Transvaal Advocate:</i> 25.8.74	veel
breken (333)	<u>breuk</u> (ww.) <i>De Potchefstroomer:</i> 18.3.92	breek
groetenis (716)	<u>groetneus</u> <i>De Volksstem:</i> 26.3.91	groetnis
scheren (geschoor) (1758)	(kaal) <u>gescheur</u> <i>De Pers:</i> 18.8.92	geskeer
immers (843)	<u>ummers</u> (herhaaldelik) <i>De Volksstem:</i> 3.10.73	immers



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
zevende (2436)	<u>zeuvende</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 4.12.66	sewende
medaillon (Fr. leenwoord) (1178)	<u>moedalje</u> <i>Land en Volk:</i> 16.2.98	medalje

8.3.8. SEMANTIESE AFWYKINGS

aanval (25)	<u>aanbei(j)e</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 5.2.68, 16.2.69 - "... van dat ik zoo met de aanbeie geplaag is in de hoof"; "... ik kryg weer de aanbeijen in de rechte schouder".	aanvalle
bedank - (as beleefde vorm vir "afdanken") (198)	<u>bedank</u> <i>De Pers:</i> 1.6.98 <i>De Transvaalsche Argus:</i> 5.2.68 <i>The Transvaal Advocate:</i> 19.7.73 - "... maar straf hullie, en bedank al de uitlanders ..."	afdank
verwerven bekomen (deftige styl- erlangen) (526)	<u>erlangen</u> <i>Ons Volk:</i> 23.6.97- "... dat het een plaatsje in uw blat dient te erlangen."	verdien
slecht (1820)	<u>leelyk</u> <i>De Pers:</i> 31.3.92 - "... medizyn ... het leelyk gesmaak ..."	sleg
overtuigd (1453)	<u>verkrag</u> <i>De Nieuwe Republikein:</i> 8.2.95 - "Kyk, neef Piet jy het my nou hee te mal verkrag ik is nou glad tegen hom."	oortuig



8.3.9 DIE VOORKOMS VAN [a] IN PLAAS VAN ANDER KLINKERS

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
alsjebliëft alstublief (133)	<u>assablief</u> <i>Land en Volk:</i> 3.12.94	asseblief
bezig (254)	<u>bezag</u> <i>Land en Volk:</i> 7.6.94	besig
baviaan (196)	<u>bobajane/babejaan</u> <i>De Volksstem:</i> 5.9.74 <i>Land en Volk:</i> 16.2.92	bobbejaan
betamelijk (242)	<u>batamelyk</u> <i>Ons Volk:</i> 23.6.97	betaamlik
danig (408)	<u>danag</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 17.7.66, 11.12.66, 28.8.66, 5.2.68	danig
dat is (410)	<u>das</u> <i>De Volksstem:</i> 15.8.74 (etlike kere)	dis
dieszelfde (434)	<u>datzelfde</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 1.7.68	dieselfde
dertig (422)	<u>dertag</u> <i>Land en Volk:</i> 13.12.94	dertig
geleren (624)	<u>galeer</u> <i>Land en Volk:</i> 29.3.92	geleer
kordaat (1020)	<u>kardaat</u> <i>De Pers:</i> 30.3.98	kordaat
kastig castig (363)	<u>kasta</u> <i>De Pers:</i> 30.5.99	kastig
constitutioneel (389)	<u>konstitusionele</u> <i>Land en Volk:</i> 21.9.93	konsti= tusionele
kasboek (929)	<u>kassaboek</u> <i>De Potchefstroomer:</i> 28.12.99	kasboek



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
alligator (131)	<u>lakwanen</u> <i>De Pers</i> : 20.10.97	likkewane
krokodil (1043)		
lastig (1087)	<u>lastag</u> <i>The Transvaal Advocate</i> : 31.1.74	lastig
machtig (1156)	<u>magtag/mastag/allekastag</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 28.8.66 <i>Land en Volk</i> : 18.4.95	magtig
malkaar mekaar (1162, 1187)	<u>makaar/agter makaar/bij makaar/ deurmakaar/ondermakaar/uitmakaar, Helpmakaar</u> <i>De Pers</i> : 2.6.92, 25.4.92, 16.2.93 <i>De Transvaalsche Argus</i> : 2.10.66, 1.4.68, 29.7.68, 24.11.68 <i>De Volksstem</i> : 13.12.93 <i>De Voortrekker</i> : 22.7.98, 31.12.98 <i>Land en Volk</i> : 12.1.92, 16.2.92, 8.3.92, 15.3.92, 6.10.92, 24.10.92, 21.9.93, 30.11.93, 13.12.94, 27.12.94, 14.2.95, 26.3.96, 24.11.97, 26.10.98, 9.11.98 <i>Rand Post</i> : 26.8.98, 27.9.98, 28.12.98 <i>The Transvaal Advocate</i> : 14.9.73, 9.8.73	mekaar
mijnheer (1205)	<u>maneer</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 7.2.67, 1.4.68, 16.2.69, 16.3.69 <i>De Volksstem</i> : 20.6.74, 26.3.91	meneer
mineralen (1208)	<u>manieralen</u> <i>De Volksstem</i> : 13.12.73	minerale
misschien (1212)	<u>maskien/maskie/masschie/maschie/ almaskie</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 2.10.67, 16.3.69 <i>De Volksstem</i> : 31.1.74, 28.8.75, 16.9.76 <i>The Transvaal Advocate</i> : 16.8.73	miskien



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
motto (1232)	<u>matto</u> <i>De Volksstem</i> : 14.3.74	motto
nieuwsgierig (1275)	<u>nieuwschierag</u> <i>De Voortrekker</i> : 20.5.98	nuuskierig
nodig (1277)	<u>nodag/noodag</u> <i>De Pers</i> : 30.3.98 <i>Ons Volk</i> : 16.6.97	nodig
omstandigheid (1312)	<u>omstandagheid</u> <i>Ons Volk</i> : 16.6.97	omstandighede
perceel (1504)	<u>parceele</u> <i>Land en Volk</i> : 1.3.92	persele
-achtig (1629)	<u>rooibekagtag</u> <i>De Pers</i> : 30.3.98	rooibekagtig
republiek (1665)	<u>Raappublik/Rapebliek</u> <i>De Volksstem</i> : 17.4.75	Republiek
onbekend in ABN (kebab?)	<u>sasaatie</u> <i>Land en Volk</i> : 4.5.93	sosatie
secretaris (1796)	<u>sekataars</u> <i>De Voortrekker</i> : 15.7.98	sekretaris
stemmigheid (1925)	<u>stemmagheid</u> <i>Ons Volk</i> : 16.6.97	stemmig
smous (1841)	<u>smaus</u> <i>De Transvaalsche Argus</i> : 28.8.66	smous
Zoeloes (2451)	<u>Sula/Soelas/Zula</u> <i>De Transvaal</i> : 3.10.77 <i>De Transvaalsche Argus</i> : 29.7.68 <i>The Transvaal Advocate</i> : 9.8.73	S/Zoeloe
tante(s) (2005)	<u>tanta(s)</u> <i>De Voortrekker</i> : 2.9.98 <i>Land en Volk</i> : 23.8.94, 9.11.98 <i>The Transvaal Advocate</i> : 31.1.74	tante(s)



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
slegs patrijs (1019)	<u>tarantaale</u> <i>De Voortrekker:</i> 3.12.98	tarentale
twistachtig twistgierig (2115)	<u>twistag</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 9.8.73	twistig
vagebond (2152)	<u>vagabonden</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 27.5.68	vabonde
verdrietig (2198)	<u>verdrietag</u> <i>The Transvaal Advocate:</i> 9.8.73	verdrietig
vinniger (2263)	<u>vinnagter</u> <i>De Pers:</i> 15.7.97	vinniger
-lemoen (1100)	<u>waterlamoen</u> <i>De Volksstem:</i> 13.12.73	waatlemoen
winderig (2388)	<u>windarig</u> <i>De Transvaalsche Argus:</i> 13.6.67	winderig

8.3.10 VOORNAAMWOORDPATRONE

De Nieuwe Republikein:

wat kan zowel naar persone als naar zaken vragen (2339) wat man wat vlees etc. in meer platte= taal ook na vraende aanw. vnwe. (410)	8.2.95: "... <u>wat</u> kandidaat bekend staat ..."; "wie <u>dat</u> gekies is ..."	... watter wie gekies is ...
zijn (2444)	<i>De Pers:</i> 18.8.92: "Ik kan Oom Klasie van Pretoria <u>zy</u> dinge iets vertel ..."	... se ...
... of ... (1293)	"Ek wonder <u>dat</u> die enkele ouwes wat <u>nog</u> daar is ..."	... of ...
Vgl. bo (2339)	2.6.92: "Op <u>wat</u> manier ..." <i>Ons Volk:</i> 1.5.97:	... watter ...
waarmede (2329)	"... <u>wat</u> hul ons mee bang maak."	... waarmee ...



8.3.11 VOORSETSELWYSIGINGE

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
	<i>De Nieuwe Republikein:</i>	
tegen (voor een gebeurtenis in verband met de tijd ...) (2013)	25.1.95: "hulle het nou <u>by</u> die tyd ..."	... teen ...
iemand de groetenis doen (716)	<i>De Pers:</i> 31.3.92: "groetneus <u>by</u> die ou vrouw ..."	... vir/aan ...
voor (2293)	"... <u>met</u> een paar dage zal ik ... kom kuier"	... vir ...
	<i>De Transvaalsche Argus:</i>	
"kwaad op mij" (1061)	10.2.67, 18.1.68, 16.2.69 "... is neef Pauwel ook <u>op</u> my kwaad"	... vir ...

8.3.12 WOORDESKAT

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
onderwijs (Koenen 1974: 922)	<i>De Lydenburger:</i> 3.5.98: "... bekwaam om Engels <u>te</u> <u>onderwys</u> ..."	... te doseer ...
malkaar/ malkander (Koenen 1974: 796)	<i>De Transvaalsche Argus:</i> 14.8.66: "malkander"; 2.10.66: "... om my geld te vraag die myn overleede ou neef <u>gelekateer</u> "	mekaar
rekenen (Koenen 1974: 1129)	7.2.67: "ze <u>zyfer</u> dat geen smous voor haar kon verneuk nie (herhaaldelik) <i>De Potchefstroomer:</i> 3.2.98 <i>De Volksstem:</i> 17.4.75: "Bij mij <u>sekse</u> /bij mij <u>six</u> " <i>Rand Post:</i> 22.3.98, 19.4.98	... reken ... by my kool
loopbaan (Koenen 1974: 773)	"Die man het stellig 'n <u>baantje</u> nodig", "... of die man ook 'n beter <u>baantje</u> gekrij het dan wat hij hier in Afrika gehad het" 27.9.98: "Nu grijp hij di lijn, en begint te <u>palm</u> "	loopbaan in te trek (Ander beteke= nis - in te palm = versamel)



8.3.13 WEGLATINGS: VOORWERP-, WEDERKERENDE
VOORNAAMWOORD-, VOORSETSEL-

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
"tot lid van de -raad verkies" (2211)	<i>De Lydenburger</i> : 3.5.98: "hulle jou School Commissie lid gekies het"	... hulle jou <u>tot/as</u> ...
ik herinner mij (784)	<i>De Nieuwe Republikein</i> : 8.2.95: "Ja dat is waar nou herinner my iets"	... herinner <u>ek</u> my iets ...
ik herinner mij (784)	<i>De Pers</i> : 28.2.92, 2.6.92: "Neef, dink nou herinner my iets"	<u>ek</u> dink ... onthou <u>ek</u> iets ...
ik zal u ... schrijven" (1784)	<i>De Transvaalsche Argus</i> : 28.8.66 <i>De Voortrekker</i> : 8.3.99: "... skryf mij tog as jou blief ..."	... skryf tog <u>aan/vir</u> my ...
de <u>menschen</u> ver= wonderden zich (Refl) (2244)	<i>De Transvaalsche Argus</i> : 18.9.66: "... ik is nie een mens wat hou om in die krant te schrywe.."; 4.12.66: "Ik is verwonder dat ..."	... wat <u>daarvan</u> hou ek verwonder <u>my</u> ...

8.3.14 WOORDORDE IN PREDIKAAT

8.3.14.1 ONTKENNING

... as een van die ontkenings= woorde weggelaat, is dit onder Nederlandse in= vloed gebeur ..." (Scholtz 1965: 24)	<i>De Nieuwe Republikein</i> : 25.1.95: "... daar wort <u>niks nie</u> gedoen nie" 8.2.95: "... weet jy <u>niks ni</u> van di uitslag van di veld= cornet verkiesing ..." 5.4.95: "dit <u>nie</u> die Landeros ze plek is <u>nie</u> om rond te gaan en om ver Baas Piet te zeh waar ... hy moet werk"	... <u>niks</u> gedoen <u>nie</u> ... weet jy <u>niks</u> van ... die uitslag <u>nie</u> ... <u>nie</u> die Landros se plek is om rond te gaan ... moet werk <u>nie</u>
	<i>De Transvaalsche Argus</i> : 11.12.66: "oom Martinus kan <u>nie</u> gelo <u>nie</u> wat een kracht" 4.7.67: "... ik verzekeer jou ik is <u>nie</u> goed <u>nie</u> as ik kwaai is ..."	... kan <u>nie</u> glo watter krag ... <u>nie</u> ... ek <u>nie</u> goed is as ek kwaad is <u>nie</u>



A

B

C

"dat hulle nie verder nie
mot laat opmaak en mislei van
oom Jan ..."

Rand Post: 8.3.98:

"dat hulle nie kon dink nie
dat 'n man eerlik ... voor 'n
saak kon strij ..."

21.6.98: "het hulle glad niet
noodig nie so bang te wees"

... hulle hulle
nie verder moet
taat ... lei
van oom Jan nie

dat hulle nie
kon dink ...
kan stry nie

... glad nie
nodig om so
bang te wees nie

8.3.14.2 PLASING VAN HULPWERKWOORD (MODALE)

"In moderne Ndls.
mag 'n hulpww. in
'n bysin nie deur
'n ander sinsdeel
van die daarop=
volgende infini=
tief geskei word
nie" (Scholtz
1965: 45)

De Pers: 1.6.98:

"lat die pos pad van Swaiser
Rainke naar Christiana moet
gemaak word

De Transvaalsche Argus: 10.1.67:

"dat ons voor hom verloor
zal"

10.1.67: dat hy nie lang meer
leef zal nie"

De Volksstem: 17.1.74:

"als hy net wou die nooientjies
laat staan ..."

De Voortrekker: 2.9.99:

"boere sal dan so skaars wees
lat mens sal 'n shilling
betaal om een te sien ..."

Land en Volk: 8.3.92.

"mors dood gemaker, net oor hy
de bondel goed wou vir hom
vat"

Ons Volk: 14.9.96:

"Hulle leer dat die duivel
in die dorpe woon en dat daar=
om die dorpe moet verlaat
worde."

20.3.97: "Jy praat net van
jou maat Joggie en hoe wil jy
met my maak ..."

Rand Post: 21.10.98:

"... hoe men een betoog niet
voeren moet"

... gemaak
moet word ...

... sal ver=
loor ...

... lank sal
leef

... net die
nooientjies
wou laat staan

... 'n sjieling
sal betaal ...

... vir hom
wou vat ...

... dat die
dorpe daarom
verlaat moet
word ...

... met my wil
maak ...

... nie moet
voer nie ...



A

B

C

28.12.98: "al die ander
burgers was daarvoor dat
die Kandidate al moet in
die kamer bly ...

... in die
kamer moet
bly ...

8.3.14.3 PLASING VAN HULPWERKWOORDE VAN TYD
(HET) EN DIE VERLEDE TYD

Ndl: "hij zou
geschoten hebben"
(Scholtz 1965:
21)

De Nieuwe Republikein: 8.2.95:

"Weet jy dan ni dat hy ...
onder di burgers het rond
gegaan?"

... rondge=
gaan het ...

"Jy zê dat Lakastanje het
rond gery."

... dat ...
rondgery het

De Transvaalsche Argus: 31.7.66:

"... dat R1000 al onder die
mense was versprey"

... versprei
was ...

10.1.67: "... wat ik daarzoo
al het geverneem"

... al verneem
het ...

Rand Post: 10.5.98:

"... wat die petitie het laat
teeken"

... laat teken
het

8.3.14.4 PLASING VAN SKAKELWERKWOORD

De Nieuwe Republikein: 5.4.95:

"... dit lyk ... of hy al
begin uitgebak te wort by die
publiek"

uitgebak begin
raak

8.3.14.5 PLASING VAN ANDER ELEMENTE

De Transvaalsche Argus: 7.2.67:

"... ik durf mos ni praat ni
van hom"

nie van hom
praat nie ...

Ons Volk: 1.9.97:

"di wereld ge darem ... syn
agterlyf ver ons nou"

... gee nou sy
agterlyf

De Pers: 31.3.92:

"... aan zoo een verkeerde
opvatting van wat waarlyk
gemeend is ten goede van
hom"

... wat vir
hom ten goede
bedoel is ...



A

B

C

De Volksstem: 11.10.88:

"... en andere ding, wat ik
zou wil graag ons Regeerings
manne op wys"

... waarop ...
ek ons manne ..
sou wil wys

8.3.14.6 ANDER GESEGDE IN PLAAS VAN VERWAGTE

hij geschoten
hebben
(Scholtz
1965: 21)

De Transvaalsche Argus: 4.7.67:

"... en zeker nooit weer gekom
is, om by oom Paul kos te
vraag ..."

... gekom het

Rand Post: 26.8.98:

"n Joodse winkelier wat rijk
geworde is deur die Afri-
kaanders"

ryk geword het

27.9.98: "... anders was hij
(as ni n swemmer) seker
verzuip"

het ... versuip

8.3.15 STATISTIEK

Die verskynsels wat deur 'n eenvoudige ewekansige steek=proef met behulp van 10 000 toevalsyfers aangewys is, is: 01 (Doen, Gaan, Sien, Slaan, Staan), 04 (Klankwisseling), 07 (Ronding), 09 (Die voorkoms van [a] in plaas van ander klinkers), 11 (Voorsetselwysiging) en 14 (Woordorde van/in die predikaat). Van eersgenoemde vier verskynsels word 'n verteenwoordigende syfer vir ATA (Algemene Transvaalse Afrikaans) voorgehou. Deur 'n sistematiese steekproef is die jare 1868, 1878, 1888 en 1898 aangewys.

Tabel 2 - Doen, Gaan, Sien, Slaan, Staan (Vgl. p. 181)

Jaar	ATA	ABA	ATA	ABA	ATA	ABA	ATA	ABA	ATA	ABA
	Doet	Doen	Gaat	Gaan	Ziet	Sien	Slaat	Slaan	Staat	Staan
1868	6	5	25	6	6	6	3	1	12	3
1878	2	-	8	1	3	2	2	2	2	1
1888	3	6	21	5	9	23	2	1	13	7
1898	36	27	74	41	37	55	18	8	43	36
Totaal	47	38	128	53	55	86	25	12	70	47



Die volgende afleidings kan van Tabel 2 gemaak word:

- . Behalwe die vorme ziet/sien is die vorme doet, gaat, slaat en staat identifiserend van die Transvaalse Afrikaans van die vorige eeu.
- . Die vorme doet, gaat, slaat en staat is nie besonder kenmerkend van huidige ABA nie, en is selfs stigmatiserend van die tydperk waarin hulle gebruik is. Dié vorme word vandag as substandaard beskou.
- . Die voorkoms van die woorde doet, gaat, slaat en staat teenoor die huidige ABA se doen, gaan, slaan en staan dui op die vernederlandsing wat in die 20ste eeu plaasgevind het.

Tabel 3 - Klankwisseling (Vgl. pp. 190, 193, 196)

Jaar	Neutralisasie		Vokaalwisseling		Vokaalverhoging	
	ATA	ABA	ATA	ABA	ATA	ABA
	[ə]	[a]	[ɔ]	[u]	[u]	[o]
1868	1	-	16	2	-	18
1878	4	-	4	-	11	7
1888	4	6	6	1	18	11
1898	33	13	11	2	184	121
Totaal	42	19	37	5	213	157

- . Die voorkoms van woorde met klanke soos onder ATA aangedui, naamlik [ə], [ɔ] en [u] in byvoorbeeld pertij/pertymaal, blom-/mot en oek/oer teenoor party, bloem-/moet en ook/oor is identifiserend van die Transvaalse Afrikaans van die vorige eeu.
- . In vergelyking met huidige Kaapse Afrikaans waar verhoging vry algemeen aangetref word, sien die



verhogingspatroon in Transvaalse Afrikaans daar anders uit. Die [o]-verhoging waarvan hier sprake is, is daar gelykmatiger versprei oor 'n groot aantal woorde. In die vroeë Transvaalse Afrikaans is die [o]-verhoging bykans beperk tot oer, oek en hulle variante.

- As die betrokke woorde waarvan hier sprake is met ABN en ABA vergelyk word, is dit weer eens duidelik dat daar 'n aanleuning by Nederlands plaasgevind het.

Tabel 4 - Ronding (Vgl. p. 203)

Jaar	ATA	ABA
	[ø:]	[e:]
1868	-	-
1878	7	1
1888	4	1
1898	93	27
Totaal	104	29

- Ook hierdie syfers toon aan dat daar 'n eie vorm (die geronde vorm) in vroeë Transvaalse Afrikaans bestaan het wat van die Nederlandse vorm, sowel as van huidige AB-Afrikaans verskil. Syfers dus wat op 'n vernederlandsing dui.
- Interessantheidshalwe kan genoem word dat die ronding van die -e (byvoorbeeld seuwe) 'n tipiese 17de-eeuse Suid-Hollandse kenmerk is. Daar kom dit naas sewe voor en illustreer die "stryd" tussen die volkstaal (seuwe) en die leestaalvorm (sewe) (Van Rensburg 1982). Ook Le Roux en Pienaar (1927) maak melding van die feit dat die een vorm vir party sprekers plat sal klink en die ander nie. Tans kom die geronde vorm nie meer in ABA voor nie: [ø:] × [e:].



Tabel 5 - Die voorkoms van [a] in plaas van ander klinkers (Vgl. p. 206)

Jaar	ATA	ABA
	[a]	Ander vokale
1868	18	12
1878	6	3
1888	17	3
1898	136	56
Totaal	177	74

- Die voorkoms van woorde waarin die [a] bo ander vokale gebruik word, onderskryf die identifikasie van dié vorm as tipies van die Transvaalse Afrikaans van die vorige eeu en dui op die vernederlandsing wat in die 20ste eeu plaasgevind het.

8.4 SPELLING EN SPELREÛLS SE AANLEUNING BY NEDERLANDS

8.4.1 SPELLING AS VOORBEELD VAN VERNEDERLANDSING

Hierdie aspek moet beoordeel word in die lig van die reeds-behandelde gegewens in 8.3. Aanvullend word nog enkele voorbeelde gegee wat nie by die genoemde verskynsels onder 8.3 tuishoort nie.

<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
vatten (2174)	(laat) <u>fat</u> <i>Rand Post: 27.9.98</i>	vat
welvaart (2366)	<u>welvaart</u> <i>De Transvaalsche Argus: 16.3.69</i>	welvaart
voor (2292)	<u>fer</u> <i>Rand Post: 27.9.98</i>	vir
vijg(en) (2260)	<u>feiden</u> <i>De Transvaalsche Argus: 16.3.69</i>	vye



<u>A</u>	<u>B</u>	<u>C</u>
vuur- (2323)	<u>firhoutjies/fuurhoutjes</u> <i>Rand Post: 27.9.98</i>	vuur-
vrind/ vriend (2318)	<u>frind/frindinne</u> <i>Rand Post: 27.9.98</i>	vriend/-in
vorm (2309)	<u>form</u> <i>De Transvaalsche Argus: 9.2.69</i>	vorm
veel (2176)	<u>feuls (geluk)</u> <i>De Voortrekker: 18.3.99</i>	veels
schrijven schreef (1785)	<u>geskryv</u> <i>De Transvaalsche Argus: 11.12.66</i>	geskryf
geloof (629)	<u>geloov</u> <i>De Transvaalsche Argus: 10.1.67</i>	geloof
familie (542)	<u>vamilie</u> <i>De Transvaalsche Argus: 2.10.66</i> <i>De Voortrekker: 22.7.99</i>	familie
fluks (557)	<u>vleuks/vluks</u> <i>De Nieuwe Republikein: 9.7.96</i> <i>De Transvaalsche Argus: 5.2.68</i>	fluks
flauw (553)	<u>vlouw</u> <i>De Transvaalsche Argus: 5.2.68</i>	flou
fout (562)	<u>vout(j)e</u> <i>De Transvaalsche Argus: 16.2.69</i> <i>Rand Post: 27.9.98</i>	fout(e)
fris (565)	<u>fris</u> <i>De Potchefstroomer: 18.3.92</i>	fris



8.4.2 DIE SPELREËLS AS VOORBEELD VAN VERNEDERLANDSING

8.4.2.1 INLEIDING

"Die grootste pyniging was die spelwyse"
(Nienaber 1982: 22).

In die voorafgaande gedeeltes is reeds op die vernederlandsing van Afrikaans gewys soos dit in die persoonlike briewe en die spelling¹⁾ daarin aangetref is. Die konsekwensies van die vernederlandsing is derhalwe in sowel die skryfwyse as die reëls en wette wat die skryfwyse bepaal, deurgevoer.

Hierdie afdeling sal hom dus in hoofsaak besig hou met die reëls en wette wat as grondslag van die skryfwyse lê en wat ook die vernederlandsing soos in die vorige afdelings uiteengesit, sou vertoon.

8.4.2.2 BEHOUDENDE AARD VAN SPELLING

Die mens is 'n konserwatiewe wese. Hy verander nie maklik aan die dinge waaraan hy gewoon geraak het nie. So sal 'n mens byvoorbeeld dinge wat deel van sy bestaan en wese geword het, onveranderd laat. Hierdie karaktertrek openbaar homself terdeë in sy skryfgewoontes.

So 'n konserwatisme blyk ook duidelik uit die Afrikaanse spelling. Namate die Standaardnederlands geleidelik deur nie-Standaardnederlands (=Afrikaans) as amptelike

1) Te Winkel 1879: 8 (par. 23) sê dat "... de wijze waarop eene taal geschreven wordt", die spelling heet. Hy voeg hieraan toe: "... ook het hoofdeel harer grammatica, dat de wetten en voorschriften bevat, waaraan men bij het schrijven gehoorzaamt, wordt de Spelling genoemd." Hier word met spelling bedoel die reëls vir die skryf van Afrikaans.



spreektaal in Suid-Afrika vervang is, het die skriftelike voorstellinge nie in dieselfde mate verandering getoon nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die konserwatisme van die skrywers hulle gedryf het om te behou waaraan hulle gewoon geraak het — in dié geval 'n Nederlandse skryftaaltradisie wat veral deur die Statebybel en die voorskrifte van leermeesters oorgelewer is.

8.4.2.3 NASIONALE AARD VAN SPELLING

Malan (1963 : 27) wys daarop dat elke taal sy eie klankstelsel besit waarop die spelling gebou kan word. Net soos daardie klankstelsel tot slegs die een taal behoort, so ook behoort sy spelling alleen tot hom. Dit beteken dus dat dié nie-standaardvorm van Nederlands (=Afrikaans)¹⁾ oor 'n klankstelsel wat reeds aan hom eie was, beskik het. Dit is dus logies dat sy spelling daarop gebou moes word en so absoluut sy eie gemaak moet word.

"Solank die skrifbeeld van 'n taal as deel van hierdie volkserfenis saam met die volkstaal omvorm word, sal spelling volkseie tradisie bly en sal dit 'n eie nasionale karakter ver=toon en behou" (Malan 1963 : 27).

In die ongerepte voortbestaan van die spreektaal in 'n groot gedeelte van die Kaapkolonie gedurende die 18de eeu, gebou op die fondament wat in die 17de eeu gelê is, is die oorsaak te vinde vir die taal wat aan die einde van die 19de eeu gepropageer sou word en waarvoor daar 'n spellingsistiem gesoek sou word. Hierdie nie-standaardtaal (Afrikaans) was klaar gevorm. Sy mag as spreektaal was reeds te sterk om verbreek te word. Al

1) Kloeke (1950 : 332) kom tot die gevolgtrekking dat die taal van die eerste nedersetters globaal geneem "uit hetzelfde hout was gesneden, dat karakteristiek is voor het latere Afrikaans".



wat gedoen moes word, was om die spreektaal 'n skryfvorm te gee, want 'n nie-standaardvorm van 'n taal het gewoonlik nie 'n skryfvorm nie. Dan het slegs afwerking en poleerwerk vir die toekoms gewag.

Malan (1963 : 92) wys daarop dat dié situasie so maklik anders daar kon uitgesien het: Indien die Nederlandse spelling gedurende die 17de eeu reeds vaste vorm besit het, indien onderwysgeriewe doeltreffend was om die spelings sisteem voort te dra en indien die bodemgesteldheid van so 'n aard was dat dit minder isolasie in die hand gewerk het, sou die spreektaal gedurende die 18de eeu beslis nie die magtige faktor wat mettertyd alles sou oorrompel, geword het nie — dan sou die GRA nooit met hul fonetiese (Afrikaanse) spelling vorendag gekom het nie, want dan sou die Nederlandse tradisie reeds te sterk gevestig gewees het. Dan sou ons ook nie die Afrikaanse taal in sy huidige vorm, ook skryfvorm, geken het nie, maar sou dit soveel nader aan die Nederlandse skryfvorm gestaan het dat nouliks van 'n afsonderlike skryftaal sprake sou gewees het.

8.4.2.4 NIE-STANDAARDNEDERLANDS (AFRIKAANS) AS SKRYFTAAL

Terwyl die nie-standaardtaal as spreektaal ongehinderd sy gang gegaan het, het die eerste pogings om dié voortstuwende spreektaal weer te gee sy kop begin uitsteek. Die vroegste aanduiding hiervan vind ons in die *Lied*¹⁾ van 1795.

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk vermeld, is die hele 19de eeu gekenmerk deur sporadiese pogings om die spreektaal weer te gee. Aanvanklik was een of ander bymotief

1) "*Die Lied is ... die oudste doelbewus in Afrikaans gestelde voortbrengsel en daarmee neem ons letterkunde in ons eie taalvorm sy aanvang*" (Nienaber 1942: xi).



daarby betrokke, byvoorbeeld om slawe/swartes te karakteriseer, om te wys op die lae funksie van die taalvorm òf om die spot daarmee te dryf. Later het godsdienstige oorwegings 'n rol gespeel en wou die mense die taal skryf en ter wille van die heil van die Kleurlinge in en om die Paarl die Bybel vertaal. Nóg later was daar diegene wat wou skryf om die spreektaal se ontwil ...

Om watter rede daar ook al gepoog is om die spreektaal weer te gee, is daar blyke van pogings van allerlei mense om bewus of onbewus 'n eie spellingsstelsel daar te stel: Boniface, Cooper, Meurant, die Voortrekkers en ander. Dit was dan veral diegene wat wou skryf om die spreektaal se ontwil dat die jaar 1874 so belangrik is. Dié jaar lei die eerste fase van 'n spellingsstelsel vir die nie-standaardtaal, Afrikaans, in met die brief van Hoogenhout aan S.J. du Toit waarin hy vra om "vaste regels hoe een mens mot spel" (Scholtz 1939 : 240-243).

8.4.2.4.1 Die Patriotsstelsel

Teen 1870 was Afrikaans reeds as spreektaal gevestig, terwyl dit ook in geskifte sy plek begin inneem het. Een van die kenmerkendste verskille tussen Afrikaanse geskifte van vóór en ná die tyd lê veral in die feit dat skrywers soos Meurant en Cooper 'n Nederlandse spelvorm gebruik het, teenoor skrywers soos Hoogenhout en Du Toit wat 'n eie kleding vir hul Afrikaanse geskifte gekies het (Malan 1963 : 154).

Daarom verbaas dit niemand dat Hoogenhout en Du Toit wat 'n eie voorkoms vir die Afrikaanse taal soek, op 25 November 1874 met die eerste spelreëls vorendag kom nie. Die sewe spelreëls wat S.J. du Toit opgestel het, was 'n bruikbare stelsel, omdat dit 'n nie-standaardtaal – wat gewoonlik nie geskryf word nie – se eerste skryftaalfase bestendig het.



Die reëls was (Eerste stadium):

- (i) Ons skryf soos ons praat.
- (ii) Eiename en vreemde woorde behou hulle spelling.
- (iii) z word vervang deur s (behalwe in gevalle onder (ii)).
- (iv) In oop lettergrepe word 'n klinker nooit verdubbel nie: *twé, só*.
- (v) Die wegval van 'n medeklinker word met 'n ' aangedui.
- (vi) Daar word vier e's erken: *e, é, ê, è*.
- (vii) Sch word vervang deur sk.

Dit wat die eintlike spelreëls betref soos dit in *De Zuid-Afrikaan* van 25 November 1874 gepubliseer is. Uit Hoogenhout en Du Toit se skryftaal het tog 'n aantal ongeskrewe reëls (Tweede stadium) voortgevloei wat skynbaar onnodig geag is om in die spelreëls opgeneem te word, aangesien dit reeds vry algemeen deur hul voorgangers gebruik is. Hulle was:

- (i) ch word met g vervang: *slag, tog, ensovoorts*.
- (ii) y word langs f behou. Gesien in die lig van Du Toit se skryf-soos-jy-praat-reël en sy poging om 'n eie, Afrikaanse spelling tot stand te bring, is dit eienaardig dat hy hom in dié geval nie van die Nederlandse voorbeeld losgemaak het nie daar vroeëre skrywers, onder andere Pannevis, vir hom al die weg gebaan het met woorde soos: foor, befordering, fan, ensovoorts (Nienaber en Nienaber 1941 : 70).



- (iii) d en t word op die woordeinde volgens die Nederlandse tradisie behou. Hoewel enkele afwykinge tog voorgekom het (wort), het Du Toit ook hier die historiese tradisie gehandhaaf.
- (iv) ij word met y vervang, maar ei word naas laasgenoemde teken behou. Alhoewel Du Toit dus reeds h eie, ingeslane Afrikaanse weg betree het, blyk die spore van h teruggryp na Nederlands ook in dié vroeë stadium reeds duidelik – h teruggryp wat selfs in die laaste kwart van die 20ste eeu nog lewend is. Selfs vandag nog word dié Nederlandse beginsel van onderskeiding tussen ei en y gehandhaaf, alhoewel hul reeds in Du Toit se tyd dieselfde uitspraak gehad het.
- (v) Stom w val weg, behalwe voor u: pou x ruw. Ook hierdie ongeskrewe reël het nog gedeeltelik aan die historiese tradisie vasgekleef ten opsigte van woorde soos ruw.
- (vi) au word ou.

Hierdie geskrewe en ongeskrewe reëls was h lofwaardige poging wat deurgevoer is in h tyd toe al wat Afrikaans was, verfoei is. Die grootheid van hierdie reëls lê dan ook in die suksesvolle deurvoering van die meeste daarvan om die basis van die huidige Afrikaanse spelling te vorm (Malan 1963 : 164).

Die wens wat skrywers soos Du Toit en Hoogenhout uitgespreek het, naamlik dat h spraakkuns saamgestel moet word, word verwesenlik in die uitgee van die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* in 1876 deur die GRA. Hierdie werk is later dan ook aangevul deur Du Toit se *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels* (1897).



Tot ongeveer 1896 het die Patriotspelling¹⁾ (behalwe die reeds behandelde reëls) nie veel van die Nederlandse voorskrifte verskil nie. Tot in hierdie stadium het die spellingstelsel, nieteenstaande sy aanvaarde fonetiese grondslag, in sy geheel ook nie van die latere VNS²⁾ verskil nie en is trouens baie spelvorme vasgelê waaraan later in die Akademiespelling erkenning verleen sou word, byvoorbeeld *almal*, *heeltemal*, *miskien*, *enigsins*, *affêre*, *amper*, *juistement*, *ensovoorts* (Malan 1963 : 168; ook Le Roux 1941 : 98).

Miskien juis as gevolg van die feit dat die spelling in hierdie stadium weinig van die latere VNS verskil het, het dit soveel algemene byval gevind en is dit so naastiglik nagevolg. Spoedig het egter ander wysiginge (stadium drie) gevolg wat die spellinggeskiedenis 'n ander verloop besorg het. Die meer ingrypende vereenvoudiginge watingetree het, was onder andere:

- (i) v word deur f vervang³⁾: *fan*, *feul*, *foorgestel* - 'n verandering wat nie alleen in die redaksionele kolomme nie, maar ook in die ander rubrieke deurgevoer is (Steyn 1931 : 14-15). In 'n kort gediggie gee Du Toit die lot van die letter V weer:

Nou fat jou goed, myn sussi V,
En trek na Holland o'er di sé
Want daar in Holland is jou huis
In Afrika is jy ni tuis" (in Nienaber 1940 : 35).

- (ii) y in plaas van ei: *waarhyd*, *gesky*.

- (iii) ek in plaas van ik.

1) Vergelyk ook: Lätti (1978).

2) Vereenvoudigde Nederlandse Spelling.

3) Vergelyk ook die *Patriotwoordeboek* (Van der Merwe 1968(b) : 161).



- (iv) ie-klank in geslote lettergrepe verdubbel: siin,
diip; terwyl i in oop lettergrepe voorkom:
briif x briwe.
- (v) Ten spyte van bogenoemde drastiese spellingher=
vormings het S.J. du Toit nooit die t vir d (aan
die einde van woorde) ingevoer nie.

S.J. du Toit se vertaling van Psalm 23 illustreer die toe=
passing van sy spelreëls:

"n Psalm van Dawid.

Jehowa is myn Herder; my ontbreek niks ni.

2. Hy laat my lê in 'n wy fan jeugdige gras Hy
ly my sutjiis langs waters om te rus.

3. Hy fersterk myn siil; Hy ly my in paje fan
geregtigheid om syns naams wil.

4. Al gaan ek deur di kloof fan doodskadewe,
ek frees geen kwaad ni, want U is met my;
uw knopkiri en wandelstok fetroos my.

5. U dek 'n tafel oor myn angesig foor di oog
van myn teenstander; U salf myn hoof met
oli; myn beker is o'erlopend fol.

6. Net goedhyd en barmhartigheid sal my volg al
myn lewensdage, en myn woning sal wees in
Jehowa's huis fer lange dage" (Raidt 1971 : 215).

'n Laaste opmerking: Hoogenhout en Du Toit was heel waar=
skynlik vertrouwd met die Nederlandse spellingstelsels
van Siegenbeek en De Vries/Te Winkel (Malan 1963 : 164).
Daarom het hulle seker besef dat 'n navolging van 'n fone=
tiese beginsel (skryf soos jy praat) hul nader aan hul
doel, dit wil sê 'n eie Afrikaanse taal met 'n eie Afri=
kaanse spelling sou bring. Die vraag bly egter onbe=
antwoord waarom hulle dit nie van die begin af ten volle
deurgevoer het nie — 'n deurvoering wat die Afrikaanse
taal nie Hollandse kloppe sou aangetrek het nie, maar hom
kaalvoet sy eie gang sou laat gaan het. Die rede lê



dalk opgesluit in een van twee moontlikhede: hulle wou òf nie te radikaal wees nie òf hulle was nie kundig genoeg nie.

8.4.2.4.2 Die sisteem van die A.T.V.¹⁾

Die toenadering van Nederlands (deur die Taalbonders) aan Afrikaans deur middel van die spelling is ongelukkig deur ds. S.J. du Toit as 'n bedreiging vir Afrikaans gesien (Malan 1963 : 177). Dit het 'n wig tussen die twee groepe (Nederlandse voorstanders en voorstanders van Afrikaans) ingedryf, waardeur die strewe na die erkenning van Afrikaans verflou het en die bereiking van die einddoel (eie kleeed vir Afrikaans) aansienlik vertraag is. (Vergelyk ook Du Plessis 1983 : 135 en verder.)

In hierdie stadium het die voorstanders van Afrikaans besef dat hulle die Afrikaanse taalstryd alleen kon voortsit onder die dekmantel van 'n ander kleeed. Die vereenvoudiging wat deur die Taalbonders in die Nederlandse spelling in Suid-Afrika aangebring is, het juis so 'n skuiling²⁾ gebied. Hierna het die voorstanders van Afrikaans gegryp.

Met die koms van De Waal en sy blad *De Goede Hoop* het ook 'n nuwe spellingstelsel in Afrikaans vorm begin aanneem.

Malan (1963 : 175) meld dat die Patriotnasmaak, sowel as die radikale aard van die Patriotspelling, soveel teenkanting in hierdie stadium ondervind het dat 'n meer konserwatiewe spelstelsel in Afrikaans die enigste moontlike uitweg was.

1) Afrikaanse Taalvereniging.

2) Vergelyk M.E.R. (1972 : 102) se beeld van die Yslandpapawertjie.



"So 'n stelsel sou in die omstandighede betreklik naby aan die V.N.S.¹⁾, wat toe reeds deur die Taalbonders aanvaar is, moes staan, want alleen hierdeur sou onnodige kritiek en teenkanting uitgeskakel word" (Le Roux 1941 : 99).

De Waal se werkywer is uiteindelik in die stigting van die A.T.V. vergestalt. 'n Kommissie is sommer dadelik benoem om die spelling te reël — dít was van die allergrootste historiese belang, want dit was die eerste aanstelling van 'n algemene spellingkomitee. Die eerste volledige stel Afrikaanse spelreëls sou die gevolg wees en die amptelike aanvaarding van die spelreëls deur 'n vereniging die resultaat.

In Desember 1907 het die Kommissie van die A.T.V. belas met die spellingkwessie die volgende stel spelreëls daargestel:

- (i) Teenoor die skryf-soos-jy-praat-beginsel van die Patriotters het die A.T.V. twee grondbeginsels gestel, naamlik (a) Respekteer die oog en (b) Respekteer die oor.

Die eerste beginsel formuleer hulle soos volg:

"Als die spelling van 'n woord te veel afwyk van die gebruiklike spelling, dan lyk so 'n woord onnodig vreemd en skok nie alleen die leser nie, maar kan ook misverstand veroorsaak. Daarom het ons probeer om so veel moegelik by die vereenvoudigde Nederlandse spelwyse te bly ..." (Ons Taal, 3 (3/4) Mrt./Apr. 1909 : 1-3).

Dit beteken dus dat die historiese beginsels gehandhaaf word vir sover dit met die V.N.S. ooreenstem — 'n stap terugwaarts, nader aan Nederlands dus.

1) Vergelyk: Buning (1930 : 16).



Die tweede beginsel lui soos volg:

"... Daarom het ons probeer om soveel moegelik n woord te spelle soals n beskaafde Afrikaner dit langsaam en bedaard uitspreek, dit wil sê; onse spelling trag om foneties te wees ..." (Ons Taal 3 (3/4) Mrt./Apr. 1909 : 1-3).

Die orige spelreëls wat voorgeskryf is, het in baie opsigte met die Du Toitspelling (Patriotsisteesm) ooreengestem. Hier word voorts gewys op bepaalde gevalle van vernederlandsing of gevalle waarin daar weer eens n stap terugwaarts geneem is:

- (i) ei is herstel naas y. Die radikale wysiging van 1897 is omvergewerp en daar is weer eens na die Nederlandse spelreël teruggegryp.
- (ii) Die Afrikaanse gebruik van f deur die Patriotters vir die Nederlandse onderskeiding f en y het ook in die slag gebly. Weer eens is y naas f, in navolging van die Nederlandse tradisie, herstel, alhoewel Afrikaans n enkele uitspraak vir hierdie klanke het.
- (iii) ik en ek is weer saam ingespan.
- (iv) Die reëls het ook bepaal dat d na n behou word, ofskoon dit nie in die Afrikaanse uitspraak bestaan het nie. Dit het wel nog in Nederlands voorgekom: kinders, ander, ensovoorts.
- (v) Gesien in die lig van reëls wat n sterk Afrikaanse rigting aangedui het, was die teruggryp na vorme soos: als, almal, naar, mijn onnodig behoudend.

Soos ook uit hierdie reëls blyk, is daar telkens na Nederlands teruggegryp. Desnieteenstaande is die sisteem van die A.T.V. toegepas, totdat die stelsel van die Akademie dit in 1915 sou vervang.



8.4.2.4.3 Die Akademieperiode

Hoewel die voorstanders van Nederlands reeds sedert 1897 daadwerklik op die voorgrond begin tree het en in hul strewe vir die behoud van Nederlands in Suid-Afrika in botsing met die voorstanders van Afrikaans gekom het, was dit eers vanaf die Tweede Vryheidsoorlog dat die stryd tussen dié twee taalgroepe geleidelik begin toeneem het (Malan 1963 : 193; Nienaber 1950 : 10).

Die Afrikanergeleedere was in drie verenigings gemobiliseer, naamlik die A.T.G. (in die Noorde), die A.T.V. (Suide) en Onze Taal (OVS - "*om te waak oor die belange van Hollands in die Vrystaat*") (Nienaber 1950 : 10-11). Om egter 'n eenheid van optrede te bewerkstellig, is die Suid-Afrikaanse Akademie op 2 Julie 1909 gestig.

'n Mens sou verwag dat die vasstelling van die spelreëls een van die eerste sake kon wees waarmee die Akademie hom sou besig hou. In werklikheid het die saak anders verloop. Die insig van De Waal, Preller en Postma om eers in hierdie stadium die ondersteuning aan die voorstanders van Nederlands toe te sê, in plaas van 'n eie Afrikaanse spellingsstelsel te bevorder, spreek boekdele. Die 1914-sitting lei egter die begin van die Akademie-spelling in toe die spelreëls (dieselfde as dié van die A.T.V.) voorgelê en met enkele veranderings/uitsonderings aanvaar is, naamlik:

- (i) Slot ee wat in afleidinge en samestellinge behou word (tweede);
- (ii) ij naas y word herstel;
- (iii) Die ê-klank word by woorde van vreemde herkoms as ai weergegee (affaire);
- (iv) Stom w word oral behou (vrouw, ruw);



- (v) jou en u naas jouw en uw; mijn, sijn, ik naas mij, sij, ek (Malan 1963 : 200).

Selfs in die reëls was ook hulle al weer méér behoudend as die A.T.V. In sy geheel bevredig dit die oog van die persoon wat die Nederlandse skryfwyse wou behou, hoewel die onderliggende beginsel van

"vir so ver moontlik, elke klank deur 'n aparte letter voor te stel en gin onnodige letters te gebruik nie"

getrou nagevolg is. Hierdeur het T.H. le Roux daarin geslaag om deur die Akademie 'n spellingsstelsel aangeneem te kry wat die Afrikaanse klanke navolg, hoewel dit onder die dekmantel van 'n skynbare Nederlandse voorkoms geskied het (Malan 1963 : 200).

Vanaf 1914 het die Akademie sporadies met nuwe uitgawes van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* vorendag gekom, en wel in die jare 1917, 1921, 1931, 1937, 1953 en 1964. Aangesien die jaar 1925 veral vir die onderhawige onderwerp, die vernederlandsing van Afrikaans, van belang is, staan ons 'n oomblik daarby stil:

- (i) Dit was die jaar waarin Afrikaans amptelik as landstaal naas Engels erken is.
- (ii) Dié erkenning het die kleed van hoëfunksietaal om Afrikaans gehang.
- (iii) Dit sou 'n tweede fase van vernederlandsing inlei, aangesien Afrikaans hom nie, as amptelike taal, altyd opgewasse gevoel het vir sy taak nie. Dit sou veroorsaak dat Afrikaans nouer aansluiting by Nederlands gaan soek het om die gapings wat daar was, te oorbrug of die Afrikaans wat as "plat" aangevoel is met 'n duidelik Nederlandse vorm te vervang.



Die Akademiespelling het inderdaad vanaf 1925 blyke van hierdie teruggryp na Nederlands gegee, net soos die A.T.V.-spelling na 'n behoudender gees ten opsigte van die spelling gesoek het. Dit het uitgeloop op die volgende besluite:

- (i) Daar is as grondbeginsel aanvaar dat daar nie onnodig van die V.N.S. afgewyk moes word nie — 'n beginsel wat selfs vandag in 1983 nog die basis van die Afrikaanse spelling vorm. En dit terwyl Afrikaans nooit ABN was nie!
- (ii) Met die Nederlandse behoud van die slot ee, sowel in afleidinge as samestellings, het die spelling noue aansluiting by Kolloewijn en die A.T.V. gekry, byvoorbeeld tweedens.
- (iii) Een van die mees omstrede gebruike in die Afrikaanse spelling is dié van die aanwending van i en ie vir die [i]-klank. In 1903 het die V.N.S. bepaal dat in Nederlandse en algeheel vernederlandste woorde die [i]-klank deur ie aangedui word, terwyl in oop binnelettergrepe van vreemde woorde die i behou word: individu. Die reëling van die Akademie het in hoofsaak met dié van die V.N.S. ooreengestem, en dit nie slegs ten opsigte van die Afrikaanse en verafrikaanste vreemdeoordegebruik nie, maar ook in vreemde- en leenwoorde. Malan (1963 : 282) vat dié reëling soos volg saam:

"Gedurende die eerste periode (1870 - 1908) het 'n voorskrif bestaan wat nooit weer daarna aanvaar of gebruik is nie; gedurende die tweede periode (1908 - 1940) het 'n Afrikaanse voorskrif gevolg wat in sekere opsigte in die V.N.S. gewortel het en in die derde (1940 tot vandag) is teruggeval op die Nederlandse stelsel."



Om saam te vat: 1870 - 1908: [i]-klank > ii in geslote en i in oop lettergrepe: briif x briwe; 1908 - 1940: [i]-klank > ie in geslote en i in oop lettergrepe: lief x ni/wi; 1940 tot vandag: [i]-klank > word in Afrikaans gewoonlik voorgestel deur ie: k^{ie}rie/k^{ie}rieket/nasie, terwyl i voor lang a en o, oe en eu staan: uniaal/spioen. Ook wanneer s tussen twee [i]-klanke te staan kom: divisie/posisie of wanneer die [i]-klank in 'n oop lettergreep voor 'n lang e staan: spasier, ensovoorts.

- (iv) ei x y: Daar is in Afrikaans geen verskil in uitspraak tussen ei en y nie. Om kultuurhistoriese redes wil ons nie onnodiglik van die Nederlandse spelling afwyk nie, daarom handhaaf ons die Nederlandse verskil tussen ei en y in ons spelling. Vir die Afrikaanssprekende wat weinig kennis van die Nederlandse taalgeskiedenis het, is dit 'n lastige onderskeiding wat in sy eie taal geen sin het nie. Die enigste werklike rede waarom daar vandag vir die onderskeiding ei x y bepleit kan word, is dié van betekenisonderskeiding. Woorde soos reis, rys, lei en ly, feit en fyt mag probleme oplewer. Dieselfde probleem word egter by sy (voornaamwoord) en sy (stof), bly (verheug) en bly (agterbly) deur middel van die sinsverband oorbrug. Máár:

"Weeg ons die waarde van betekenisonderskeiding deur spelling en die eenvoud by die aanleer en aanwending van 'n spellingstelsel teen mekaar op, dan moet, om praktiese redes laasgenoemde seëvier" (Malan 1963 : 289).

- (v) d x t: Aangesien die Patriotters met S.J. du Toit en Hoogenhout aan die spits 'n fonologiese skryfstelsel (skryf-soos-jy-praat) bepleit het, is dit eienaardig dat hulle nooit afgewyk het van die Nederlandse voorskrifte omtrent die gebruik van



d en t nie (Malan 1963 : 292). Die skrywers van die Tweede Beweging en hierna die Akademie het later in dieselfde spore gevolg. Vandag word dieselfde beginsels nagevolg as dié van die Nederlandse spellingsisteem, maar die wisseling d/t word oor die boeg van die beginsel van gelykvoermigheid gegooi.

- (vi) Konsonantverdubbeling: In Nederlands was die tradisie om die medeklinker te verdubbel as die voorafgaande klinker kort is, so oud as die taal self. Dit is dan juis om hierdie rede dat die skrywers in Suid-Afrika selde van hierdie gebruik afgewyk het. In die veldwagtersbriewe, die skryfwerk van die Voortrekkers, Boniface, Cooper, Klaas Waarzegger, die Eerste en Tweede Beweging se skrywers kom geen noemenswaardige afwykings in hierdie verband voor nie (Malan 1963 : 299). Daarom vind ons in die A.W.S. dié reël terug.
- (vii) Die skryfwyse van [f]: Net soos in Nederlands, bestaan daar twee tekens vir hierdie klank in Afrikaans, naamlik f en v. In Nederlands dui hulle egter verskillende klanke aan (f - stemloos, v - stemhebbend). Waarom S.J. du Toit en sy tydgenote met hul grondbeginsel van skryf-soos-jy-praat, nie uit die staanspoor met een van dié tekens weggedoen het nie, slaan 'n mens dronk. Hulle het dit immers met s en z, ch en g en sch en sk gedoen! Was die tradisie dalk te sterk? Hoe dit ook al sy, S.J. du Toit het vanaf Mei 1897 die f vir v gebruik, maar die A.T.V. het die saak in 1908 dadelik weer na die Nederlandse gebruik teruggevoer en dit word tans nog so gebruik. Ook hier, soos in die geval van ei x y, behoort met 'n gebruik gebreek te word wat in sy wese onafrikaans is, wat geen verband met die uitspraak



hou nie en wat weinig waarde ten opsigte van die etimologie besit. (Hierdie siening word ook deur Malan 1963 : 310 gehuldig.)

- (viii) Vreemde woorde: Die Afrikaanse skrywers het die Nederlandse voorbeeld nagevolg waar voorkeur aan die woord in 'n vreemde kleet gegee word. So het die G.R.A bepaal dat c, g, x en z in vreemde woorde behou word.

Met die eerste Akademiëreëls is slegs twee groepe woorde erken, naamlik dié wat heeltemal verafrikaans het, en dié wat nog vreemd is. Daarbenevens het hul die spelling van heelwat klinkers en medeklinkers ooreenkomstig die uitspraak verafrikaans.

"Dit doen hulle in sommige gevalle volgens die voorbeeld van die V.N.S. en andere volgens eie inisiatief" (Malan 1963 : 338).

Die A.W.S. van 1921 het die ingeslane weg van die Akademie nagevolg, en in 1931 is daar vir die eerste keer in die Afrikaanse spelreëls voorsiening gemaak vir 'n groep waarin wissel spellinge voorkom. Die verafrikaansing van vreemde woorde het tot plus-minus 1931 sterk verloop, maar vanaf 1937 is

"... die verafrikaansing van die spelvorm van baie vreemde woorde vertraag ... as gevolg van 'n beleid van teruggang deur die spel-lingkommissie ..." (Malan 1963 : 343).

Vergelyk:

<u>1914/1917</u>	<u>1921</u>	<u>1931</u>	<u>1937</u>	<u>1953</u>
applaus	applous	applous	applaus/ applous	applous
chef/ sjef	sjef	chef/ sjef	chef/ sjef	sjef
paviljoen	pawiljoen	paviljoen/ pawiljoen	paviljoen pawiljoen	paviljoen/ pawiljoen



- (ix) Die aanmeakaarskryf van woorde: Ook hier is die voorbeeld van die Nederlands nagevolg:

"Dit kan veral daaraan toegeskryf word dat samestellinge gereglementeer is deur die Nederlandse reëls waardeur Afrikaanse skrywers en lesers, sonder dat hulle selfs enige kennis van dié besondere reëls gedra het, hulle kon koppel aan die skrifbeeld uit die Nederlandse geskifte, veral die Nederlandse Bybel waarmee hulle oor die jare heen vertrouwd geraak het"
(Malan 1963 : 350).

Mettertyd het die eenheidsbegripgedagte van De Vries en Te Winkel (1879 : 113) werklik beslag gekry en sou dit plus-minus dertig jaar lank (tot 1953) as rigsnoer dien. Die Akademie breek in die A.W.S. van 1953 finaal met hierdie gedagte, maar die praktyk klou vandag nog hardnekkig hieraan vas.

8.4.2.5 SAMEVATTING

Nienaber (1982 : 22) se uitspraak "Die grootste pyniging was die spelwyse" kom eers tot sy reg in die lig van die voorafgaande bespreking.

Soos dit in der waarheid uit die bespreking geblyk het, het die nie-Standaardnederlands (Afrikaans) wat Standaardnederlands as spreektaal vervang het nie dieselfde ontwikkeling of dinamiese karakter in sy reëls en voorskrifte wat as grondslag van sy skryfwyse lê, getoon nie. Miskien was die opheffing tot amptelike taal te skielik en het die aanvanklike nie-standaardvorm nog nie oor die selfvertroue beskik om homself as skryftaal daar te stel nie. Hoe dit ook al sy, hierdie nie-Standaardnederlands (Afrikaans) het ook in sy skryfreëls en -wette na Nederlands teruggegryp (vergelyk ook Nienaber 1982 : 22) — 'n werkwyse waarvan die spore selfs vandag aan die einde van die 20ste eeu nog duidelik te sien is.

(Vergelyk Tabel 6 - 'n Oorsigtelike weergawe van die Afrikaanse spellingsstelsel (1870 - 1964) op p. 237.)



Tabel 6 - n Oorsigtelike weergawe van die Afrikaanse spellingsstelsel (1870 - 1964)

Patriotsstelsel	ATV-stelsel	Akademie-stelsel
<u>Eerste Stadium</u>		
1. Skryf soos jy praat	Nie onnodig van Nederlands afwyk nie*	Nie onnodig van Nederlands afwyk nie* (1914, 1917, 1921, 1937, 1953 en 1964)
2. <u>z</u> word deur <u>s</u> vervang	<u>s</u> vir <u>z</u> (Ook: <u>t</u> vir <u>th</u> , <u>f</u> vir <u>ph</u> , <u>kw</u> vir <u>qu</u>)	
3. Oop lettergreep: klinkers nie verdubbel nie: <u>twé</u> , <u>sé</u>	Geslote lettergreep - klinkers enkel: <u>twede</u> ; wel op die end <u>ee</u> <u> twee</u> *	1914; 1921: Slot <u>ee</u> in afleidings en samestellings behou* (1917 - enkel in afleidings: <u>twede</u> ; 1937: dieselfde as 1914 en 1921 met uitsondering: voor 'n volgende <u>e</u> - tot 1964)
4. Wegval van medeklinker - gebruik ': da'e	(a) Dae, oor, oë (b) Verdubbeling van medeklinkers voor kort medeklinker*	Konsonantverdubbeling volgens Nederlandse tradisie*
5. Vier e's: (a) en (b) gegé (c) pérd (lank, oop) (d) nê (kort, oop)		
6. Eiename en vreemde woorde behou spelling: <u>Homerus</u>		1914: <u>ai</u> om <u>ê</u> in vreemde woorde voor te stel: <u>populaire</u> (1917: <u>ai</u> deur <u>ê</u> voorgestel; 1937: Vreemde woorde volgens Nederlandse gebruik in drie groepe verdeel)*
7. <u>Sch</u> word <u>sk</u> (skoën)	<u>sk</u> in plaas van <u>sch</u> , <u>c</u> in vreemde woorde: <u>Civiele</u>	
<u>ONGESKREWE REELS SOOS BLYK UIT SKRYFTAAL</u>		
<u>Tweede stadium</u>		
8. <u>Ch</u> word <u>g</u> : slag, tog; <u>x</u> word <u>k</u> , <u>c</u> word <u>k</u> en <u>g</u> word <u>k</u> : eksamen, kwart	<u>g</u> vir <u>ch</u> ; waar <u>c</u> die k-klank verwerf het, word <u>k</u> geskryf: koerant	
9. <u>y</u> word langs <u>f</u> behou*		
10. <u>d/t</u> op end*: goed, het		
11. Stom <u>w</u> val weg, behalwe voor <u>u</u> : pou x ruw	Stom <u>w</u> val weg, maar na <u>u</u> , <u>eu</u> en <u>au</u> behou: getrou, eeuw*	1914: Stom <u>w</u> oral behou: vrouw* jouw, uw
12. <u>y</u> naas <u>ei</u> (<u>ij</u> verwerp)*		
13. <u>au</u> word <u>ou</u> : beskou		1914/1917: <u>au</u> ; 1921: <u>ou</u> ; 1931: <u>ou</u> ; 1937: <u>au</u> en <u>ou</u> ; 1953: <u>ou</u> (applaus/applous)
<u>Derde stadium</u>		
14. <u>ie</u> -klank > <u>ii</u> in geslote en <u>i</u> in oop lettergrepe: briif x briwe	<u>ie</u> -klank > <u>ie</u> in geslote (lief)* en <u>i</u> in oop lettergrepe (ni, wi) (1906: <u>ie</u> in geslote en oop lettergrepe)	<u>ie</u> -klank > <u>ie</u> aangedui; oop binnelettergrepe van vreemde woorde: <u>i</u> (<u>individu</u>)* (1937 - 1964)
15. <u>v</u> word deur <u>f</u> vervang: fan, feul	<u>v</u> word herstel naas <u>f</u> :* volk, Liefde (1908)	1914 - 1964: <u>v</u> en <u>f</u> *
16. <u>y</u> in plaas van <u>ei</u> : waarhyd	<u>ei</u> herstel naas <u>y</u> * (1906: <u>ei</u> en <u>ij</u>)*	1914: <u>ij</u> naas <u>y</u> *; 1917: <u>ei</u> , <u>ij</u> ; 1921: <u>ij</u> > <u>y</u> en <u>ei</u> (= 1964)
17. <u>almal</u> , <u>heeltemal</u> , <u>miskien</u> , <u>enigsins</u> , <u>affêre</u> , <u>Hollans</u> , <u>foliens</u> , <u>oek</u> , <u>mar</u> , <u>lat</u> , <u>an</u> , <u>o'er</u> , <u>da'e</u> , <u>o'e</u>	<u>almal</u> , <u>heeltemal</u> , <u>miskien</u> , <u>enigsins</u> , <u>affêre</u> , <u>oek</u> , <u>mar</u> , <u>aan</u> , <u>oor</u> , <u>dae</u> , <u>oë</u> , <u>hoofdoel</u> *, <u>hoofdbron</u> *, <u>woorde</u> *, <u>verswakt</u> * gebruik*, <u>dienst</u> *, <u>speel</u> *, <u>onder</u> *, <u>als</u> *, <u>naar</u> *, <u>mijn</u> *	1917: <u>as</u> , <u>almal</u> , <u>miskien</u> , <u>enigsins</u> (terug by Du Toitreeëls)
18. <u>syn</u> , <u>dyn</u> *		1914: <u>mijn</u> , <u>sijn</u> naas <u>mij</u> , <u>sij</u> * 1917: <u>my</u> , <u>sy</u>
19. <u>d</u> aan einde*; t.s.v. besluit; woordtji	behoud van <u>d</u> en <u>t</u> aan einde ooreenkomstig Nederlandse gebruik*	behoud van <u>d</u> en <u>t</u> aan einde ooreenkomstig Nederlandse gebruik 1914 - 1964)*
20. <u>ek</u> in plaas van <u>ik</u>	<u>ek</u> en <u>ik</u> * <u>d</u> en <u>n</u> behou t.s.v. feit dat dit nie in Afrikaanse uitspraak voorkom nie: <u>kinders</u> , <u>ander</u> *	1914: <u>ik</u> en <u>ek</u> * <u>d</u> en <u>n</u> behou (1914 - 1964)* t.s.v. Feit dat dit nie in Afrikaanse uitspraak voorkom nie Aanmeekaarskryf van woorde - Nederlandse voorbeeld* (1914 - 1953)

* Dui vernederlandsing aan



Hierdie tendens in die spelreëls en voorskrifte het hom ook in ander fasette vergestalt. So het die samestellers van die *Eerste Afrikaanse Skoolatlas* byvoorbeeld van dieselfde grondbeginsels uitgegaan as dié wat deur die opstellers van die Afrikaanse spelreëls gevolg is, naamlik om nie onnodig van die V.N.S. af te wyk nie. Die spelling van name en dorpe wat nie internasionalismes was nie, het 'n "eie" spelling gekry wat op "die uitspraak volgens die Nederlandse ortografie" (*Die Huisgenoot* VII, 79; Nov. 1922 : 289-299) berus het.

8.5 DIE TAAL VAN DIE BYBEL (EN GODSDIENSTIGE SANGBUNDELS) AS VOORBEELD VAN VERNEDERLANDSING

8.5.1 INLEIDING

Uit die briewekolomme van die Transvaalse koerante het dit duidelik geword dat daar wel mense was wat nie geskroom het om hul hand op papier te plaas en hul menings oor aktuele en persoonlike sake te lug nie. Hulle het formaliteit en konvensie oorboord gegooi en in 'n taal geskryf wat redelik na aan die spreektaal was.

Met die taal van die Bybel daarenteen, moes langsaam en met groot omsigtigheid te werk gegaan word. Omdat die kerk uit die aard van die saak konserwatief is en die Statebybel as die gesaghebbende Bybel beskou is, wou selfs oortuigde voorstanders (onder andere Langenhoven — vergelyk Nienaber en Heyl 1963 : 29; Scholtz 1980 : 22) — wat nie geskroom het om hul mening in die taal van die tyd op papier te lug nie — nie maklik van die Nederlandse Statebybel afsien nie; om nie eers van 'n vertaling van dié Bybel te praat nie! So verklaar Langenhoven byvoorbeeld in 1921:



"As die Hollandse Kerk my sou vraag om die Bybel, die psalm- en gesangeboek en die formuliere wat aan my hart geheilig is deur my vroegste herinneringe in Afrikaans oor te sit, dan sou ek dit ten ene male weier, al had ek die bekwaamheid daarvoor; en ek sou die voorstel (hoe onlogies ook) beskou as heiligskennd. Dit sou vir my smaak parodie wees" (Nienaber en Heyl 1963 : 29).

Godsdienstige oorwegings het mettertyd die belangrikheid van 'n Bybelvertaling onderstreep. So byvoorbeeld raak Pannevis dié aspek in *De Zuid-Afrikaan* (7 September 1872) aan. Hoogenhout sluit hierby aan en neem die standpunt in dat

"... die bruin mense Afrikaans mot geleer wort en die banja blanke wat nie 'n ander taal as Afrikaans kan verstaan nie" (Nienaber 1954 : 96).

Hierop maak hy 'n vertaling van Mattheüs gereed wat as bewys moes dien wat vir hierdie soort mense gedoen moet word. Dit moes daarom in gewone, eenvoudige Afrikaans oorgesit word, in 'n taal waarmee hulle vertrouwd is en wat vir hulle intiem klink; 'n taal waarin vreemde woorde en wendinge vervang moes word. Hoogenhout rig hom na die taal van die gewone mense, die volk (Nienaber 1954 : 96).

Dit was eers in 1875 dat enige amptelike besluite ten opsigte van die vertaling van die Bybel geneem is en toe was die besluit: die tyd was nog nie ryp nie! Alhoewel die mense toe al reeds lank in hul eie taal geskryf het (vergelyk die korrespondensiekolomme van die Transvaalse koerante), het die G.R.A. besluit dat die Bybel nie in daardie geskrewe vorm kon verskyn nie. Die vraag kan gevra word: Waarom nie? Omdat dit te "plat" is? Is dit dan "plat" omdat dit 'n eie vorm wég van Standaardnederlands was? Moes die bestaande vorm dan weer naderbeweeg na Nederlands toe?

In 1885 is ds. S.J. du Toit amptelik as Bybelvertaler aangestel. Hy het dadelik begin werk, maar ook hier was



die beswaar dat hy te na aan die volkstaal (Nienaber 1951 : 54; Nienaber 1940 : 68) gekom het,

"... dat sy skrifbeeld steeds verder van die ingeburgerde Hollandse skryftradisie afgewyk het en gevolglik 'n hindernis was vir die oog wat gewoond was aan die tradisionele skrifbeelde ..." (Pienaar 1943 : 188).

'n Ideale rede vir vernederlandsing het hom voorgedoen en is vergestalt in 'n Markusvertaling wat Hoogenhout die lig laat sien het. Nienaber (G.S.) 1943 : 96) meld dat Hoogenhout hierin van front verander het. Nou rig hy hom blykbaar tot die Afrikaner, veral die konserwatiewe Boere-aristokrasie. Omdat die Statevertaling 'n volksboek is, soek Hoogenhout hierdie keer nouer aansluiting by die Nederlandse Bybel. Hy gebruik 'n nuwe soort Afrikaans, 'n literêre, Nederlandsgekleurde taal wat 'n geleende waardigheid aangeneem het.

Dit was dan die twee pole waarbinne 'n vertaling van die Bybel hom sou moes inpas. Dit was volgens prof. G.S. Nienaber die kernprobleem. 'n Probleem wat nog

"... 'n geruime tyd (sal) duur vooraleer ons skryfstyl hom van die dubbele kragte losgemaak het en die ruspunt in sy eie aard gevind het (Nienaber 1954 : 97).

Die tweede tydperk ten opsigte van die Bybelvertaling en die stryd tussen volkstaal en Statebybeltaal het in 1914 met die lesing van B.B. Keet voor die A.T.V. aangebreek.

